# AGENDA

**Vier-en-Twintigste Vergadering (Sinodesitting) van die**

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
## SINODE HOËVELD

Saam
Op pad
Kyk • Luister • Getuig

**GEHOU IN MODIMOLLE**

**WEESGERUS VAKANSIEOORD**

**Sondag 25 tot Woensdag 28 Oktober 2026**

*Uit gemeentes, vir gemeentes, na die wêreld tot eer van God*

# VOORWOORD

Ons is dankbaar dat ons as Sinode Hoëveld vir ons vier-en-twintigste sinodesitting kan saamkom. Soms aanvaar ons dié voorreg en uitdaging om saam kerk te wees as vanselfsprekend. Om ’n sinode te wees, beteken immers om saam op pad te wees.

Die afgelope vier jaar het ons as gemeentes en ringe saam die koninkryk van God gesoek. Ons het mekaar tydens padberade ontmoet en gesels oor wat die Here in ons midde doen, wat ons leer en waar ons dit waag om saam met Jesus nuwe paaie te loop. Daar was verhale van vreugde en dankbaarheid, maar ook van hartseer, verlies en onsekerheid. Ons het soms van mekaar verskil en beleef hoe broos ons verhoudings kan wees. Tog bly ons saam bely dat Jesus Christus sy kerk vergader, beskerm en onderhou.

In hierdie agenda word sommige van die verhale vertel wat ons die afgelope vier jaar beleef het. Dit herinner ons aan die Here se getrouheid, maar nooi ons ook om vorentoe te kyk. Hoe kan ons as kerk in hierdie veranderende wêreld saam met Jesus teenwoordig wees in die gemeenskappe waar Hy ons geplaas het?

Ter voorbereiding op hierdie sinode het ons doelbewus geluister na die hoop, bekommernisse en verwagtings van ons gemeentes en ringe. Hierdie gesprekke het die ontwerpspan gehelp om die sinode in te rig as ’n ruimte vir ontmoeting, eerlike gesprek, aanbidding en onderskeiding. Dit het ook aanleiding gegee tot ons tema, **SAAM OP PAD: Kyk, luister, getuig**.

Die verhaal van die Emmausgangers in Lukas 24 het vir ons ’n besondere anker geword. Twee dissipels is op pad, teleurgesteld en onseker oor die toekoms. Jesus kom nader en loop saam met hulle, hoewel hulle Hom aanvanklik nie herken nie. Hy luister na hulle verhaal, lê die Skrif vir hulle uit, en uiteindelik gaan hulle oë oop wanneer Hy saam met hulle die brood breek. Wat my telkens in hierdie verhaal tref, is dat Jesus reeds saam met hulle op pad was, lank voordat hulle Hom herken het.

Dit is ook ons hoop vir hierdie sinode: dat ons in ons saamwees, gesprekke en aanbidding opnuut bewus sal word van die teenwoordigheid van die opgestane Here; dat ons oë sal oopgaan om raak te sien wat God in ons midde doen; en dat ons met groter aandag na God, mekaar en die wêreld rondom ons sal luister. Mag ons, soos die Emmausgangers, met nuwe moed en hoop terugkeer na die gemeentes en gemeenskappe waarheen Hy ons stuur, en aan die einde van hierdie paar dae saam getuig:

*“Was ons harte nie brandend in ons toe Hy met ons langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?”* (Lukas 24:32)

Genade en vrede
**Dr. Tom Smith**

# LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

Die gemeentes word in alfabetiese volgorde gelys. Beide primarii- en sekundi-lede verskyn op hierdie lys, met die *sekundi in kursiewe druk.*

**1. AAN-DIE-BERG**
Ds. LR Swanepoel

**2. ALBERTON-NOORD**
Vakant
Diak. T Botha
Diak. M Redelinghuys
*Oudl. P Redelinghuys*
*Diak. D Van der Westhuizen*

**3. ALBERTON-OOS**
Vakant
Ds. CA Du Plessis
Mnr. RS Frauendorf
*Mnr. CJ Pieterse*
*Me. EM Pieterse*

**4. ALBERTON-SUID**
Ds. N Strydom
Mnr. FC Schroeder
*Mnr. PB Wilken*
*Me. M Linde*

**5. ALBERTON-WES**
Ds. D Louw
Ds. G van Staden
Oudl. H van der Linde
Oudl. A Prinsloo
Diak. J van Aswegen
Oudl. L Swanepoel
*Oudl. N Marais*
*Oudl. D Scheepers*
*Oudl. S Strümpher*

**6. ANDREW MURRAY**
Ds. C Hugo
Ds. J van Straaten
Mnr. H Kocks
Me. K Ferreira
*Mnr. J van der Walt*
*Me. A Cheeseman*

**7. BALFOUR**
Geen afgevaardigdes

**8. BENONI-BENJAMIN**
Ds. HJ Claasen
Me. J Appelcryn
*Me. EE Loubser*

*Me. JJ Pretorius*

**9. BENONI-NOORD**
Vakant
Ds. PM Strydom
Mnr. L Retief
*Mnr. CA van der Merwe*

**10. BENONI-OOS**
Ds. JPA Jooste
Oudl. JAL Vermeulen
*Oudl. P van Greune*
*Oudl. JM Smit*

**11. BETHAL**

**12. BETHAL-OOS**
Ds. EJM Bergh
Mnr. HL Susan
*Mnr. R Smit*
*Mnr. JH Schoeman*

**13. BIRCHLEIGH**
Ds. L Viviers
Me. F Lourens
*Mnr. T Janse van Rensburg*
*Mnr. HD La Grange*

**14. BIRCHLEIGH-NOORD**
Vakant
Me. H Marais

**15. BOKSBURGPARK**
Ds. AM Hofmeyr
Mnr. GC Roets

**16. BOKSBURG-SUID**
Vakant
Mnr. DP Strydom

**17. BOKSBURG-WES**
Geen afgevaardigdes

**18. BONAEROPARK**
Ds. HG Holtzhausen
*Mnr. F Liebenberg*

**19. BRACKENDAL**
Ds. E Dreyer
Me. C Du Toit

**20. BRACKENHURST**
Ds. PF Coetzee
Oudl. H Prinsloo
*Oudl. LJ Grobler*
*Oudl. BN Terblanche*

**21. BRAKPAN**
Ds. N Grobbelaar
Mnr. JN Moolman
*Mnr. JM Wolmarans*
*Me. NMC Stassen*

**22. BRAKPAN-NOORD**
Geen afgevaardigdes

**23. BRAKPAN-OOS**
Ds. JC Burger
*Me. FE Muller*

**24. BRAKPAN-WES**
Geen afgevaardigdes

**25. BRENTHURST**
Vakant
Mnr. JC Voshd
*Mnr. AJ Botha*

**26. BRIXTON**
Ds. HA van Rooyen
Me. M Halgryn
*Mnr. PP Scholtz*

**27. BRYANSTON**
Ds. AD Niemandt
Oudl. CF Fürstenburg
*Oudl. SJ Kühn*

**28. CHARL CILLIERS**

**29. DALPARK**
Ds. H Pienaar
Dr. N Smit

**30. DALVIEW**
Geen afgevaardigdes

**31. DELMAS**
Ds. RH Stewart
Mnr. T Koorts
*Me. G Lombaard*

**32. DELMAS-WES**

**33. DIFFERENTIA**
Vakant
Ds. V Bouwer
Mnr. MR Brink
Me. GJ Brink
*Me. LJ Fick*
*Me. AMF Botha*
*Mnr. JJ Botha*

**34. DINWIDDIE**
Ds. CJ du Plessis
Me. SL Schouwstra

**35. DOMUS DEI**
Ds. Y Kok
Me. A Geldenhuys
*Ds. M Steenkamp*
*Mnr. C Gryffenberg*

**36. DUNNOTAR**
Geen afgevaardigdes

**37. EDENVALE**
Ds. PL Lombard
Oudl. M Steyn
*Diak. ECL van der Merwe*
*Diak. CS Contino*

**38. EDLEEN**
Vakant
Ds. MA Visser
Mnr. JB le Roex
*Mnr. A van Rensburg*

**39. EENDRACHT**

**40. EFFATA-VIR-DOWES**
Ds. J van Wyk

**41. ELSBURG**
Vakant
Ds. FT de Villiers
Mnr. W Jacobs
*Mnr. G Herbst*
*Me. T Janse van Rensburg*
*Mnr. A Janse van Rensburg*

**42. ELSBURG-SUID**
Dr. GJPJ van der Merwe
Me. L Nel
*Mnr. Q Nel*

**43. ELSPARK**
Ds. A du Plessis
Mnr. E Britz
*Mnr. J Oosthuizen*
*Mnr. B Klopper*

**44. EVANDER**
Ds. DS Meyer
Mnr. DW Stewart
*Mnr. FG Wolmarans*
*Me. E Meyer*

**45. FAIRLAND**

**46. FONTAINBLEAU**

Ds. J de Witt
Ds. S van Heerden
Dr. T Smith
Me. A Barker
Dr. H Gous

**47. FOREST HILL**

Ds. A Kloppers
Mnr. WJ Kruger
*Mnr. F Pansegrouw*

**48. GERMISTON-SUID**

**49. GREYLINGSTAD**

**50. GREYDENE**

Dr. C Naude
Mnr. NP Janse van Rensburg

**51. GROOTVLEI**

**52. HEIDELBERG**

Geen afgevaardigdes

**53. IMPALAPARK**

Dr. M Gertzen
Me. L Gertzen
*Me. S Kleingeld*
*Me. L Kirstein*

**54. JOHANNESBURG**

Ds. T-M Kotzé-Van Zyl
Mnr. AJ Fourie

**55. JUBILATE**

Ds. GC Nel
Ds. HO Niemandt
Diak. A Kleuver
Diak. JHA Nel
*Oudl. NRP Scholtz*
*Diak. SCP Bester*
*Oudl. E Groenewald*
*Diak. DD Smith*

**56. KEMPTON-HOOGLAND**

Ds. J Stoffberg
Ds. H van Vliet
Mnr. CJ Uys
Mnr. WH van Staden
*Me. T Munro*
*Me. R Pretorius*

**57. KEMPTON-KRAG**

**58. KEMPTON-KRUIN**
Vakant
Ds. M van Tonder
Ds. IJ van Niekerk
Me. A Visser
Me. D Smit
Me. C Gildenhuys
*Ds. M Marais*

**59. KEMPTONPARK-NOORD**
Geen afgevaardigdes

**60. KEMPTONPARK-OOS**
Ds. W Smal
Ds. AL Klopper
Mnr. CJ Liebenberg
*Mnr. ISP Davies*

**61. KENSINGTON**

**62. KIBLERPARK**
Ds. HN Berner
Me. P Smith
*Mnr. W Pretorius*
*Mnr. G de Beer*

**63. LAMBTON-GERMISTON**
Ds. HS Kotzé
Me. AAS Oosthuizen
*Me. KI Labuschagne*

**64. LIGBAKEN**
Dr. AL Compaan
Ds. DC Laubscher-Rheeder
Mnr. OJ Gouws
Mnr. CS Jansen
*Mnr. EAC Verseput*
*Mnr. PD Marais*

**65. MELVILLE KRUISGEMEENTE**
Ds. JD Krige
Mnr. M van Reenen
Mnr. PF Theron
*Mnr. PAJ Agenbag*

**66. MOOIFONTEIN**
Ds. CW Greeff
Mnr. JM Van Niekerk

**67. NIGEL**
Geen afgevaardigdes

**68. NIGEL-OOS**
Ds. R Jonker
Mnr. J Lombaard
*Me. R Lombaard*

**69. NIGEL-SUID**
Vakant
Mnr. PP Roos
Mnr. CS Engelbrecht
*Mnr. B Strydom*

**70. NORKEMPARK**
Ds. DG Jordaan
*Mnr. JJ Grobler*

**71. OMNIA PRIMROSEHEUWEL**
Ds. JJ McDuling
Me. K McDuling
*Mnr. A Botha*
*Me. G Geyer*

**72. PARKKRUIN FAMILIEKERK**
Ds. JPM Stapelberg

**73. PRESIDENTSOORD**
Ds. JH Barnard
Mnr. D Wassenaar

**74. PRIMROSE MOREWAG**
Geen afgevaardigdes

**75. PRIMROSE-OOS**
Vakant
*Mnr. H Oosthuizen*
Mnr. T Bezuidenhout

**76. RANDBURG**
Dr. L Nickols
Mnr. P Venter
*Mnr. N Crous*
*Me. C Welgemoed*

**77. RENSBURG**
Ds. QJ Schimper
Mnr. PA Vorster
*Me. AC Barnard*

**78. RYNFIELD**
Ds. C van Tonder
Me. B Lategan
*Me. M Zeelie*
*Mnr. M Bouwer*

**79. SECUNDA GOEDEHOOP**
Geen afgevaardigdes

**80. SECUNDA RONDEKERK**
Ds. E Pheiffer
Ds. HG Stopforth
Mnr. JJ Willemse
Mnr. PD Lubbe

Mnr. NG Schneider
*Me. R Van Zyl*
*Me. A Strydom*
*Mnr. E Du Toit*

**81. SECUNDA-OOS**
Ds. DJF de Jongh
Ds. T de Jongh
Mnr. DT Longland
Me. EG Longland
*Mnr. ME Neethling*
*Mnr. JW Steyn*

**82. SELECTIONPARK**
Ds. S van Tonder

**83. SONHOOGTE**
Ds. JH Windell
Me. A Nagel
*Mnr. S van der Walt*

**84. SPRINGS-NOORD**
Ds. J Bezuidenhout
*Mnr. J Jordaan*
*Me. A Botes*

**85. SPRINGS-OOS**
Geen afgevaardigdes

**86. STANDERTON**
Ds. W de Beer
Mnr. H Pretorius
*Mnr. B Beyneveldt*

**87. STANDERTON-SUID**

**88. STANDERTON-WES**

**89. STRUBENVALE**

**90. SUIKERBOSRAND**
Ds. DROV Fourie
Mnr. VD Eriksen
*Mnr. FJ Botha*
*Mnr. SJ Pretorius*

**91. SUNDRA**
Ds. JA Benadie
Oudl. J van der Nest

**92. SUNWARDPARK**
Ds. DC Human
Ds. SJ Roos
Vakant
Mnr. AL Koekemoer
Mnr. C Cilliers

Mnr. MJB Engelbrecht
*Me. Z Shamrock*
*Mnr. BF Jansen van Vuuren*
*Mnr. B Hoffman*
*Mnr. J van der Walt*
*Mnr. JNDK Herman*
*Me. AC Loots*

**93. TRIOMF**
Dr. BJ Pieters
Mnr. FC Mienie
*Me. M Mienie*

**94. VAN DYKPARK**
Vakant
Ds. RF Geyser
Mnr. P Stopforth
*Me. FE van Loggerenberg*

**95. VERWOERDPARK**
Ds. G Muller
Me. L Venter
*Mnr. J Venter*

**96. WATERVAL**
Me. R Meyer

**97. WELBEKEND**
Vakant
Me. T Brown
Me. C Human

**98. WELTEVREDEN**
Ds. HC Wessels
Dr. JC Du Plessis
Ds. WH Pretorius
Oudl. AE Boer
Oudl. SJS Britz
Me. RG Schutte
Me. LA Viljoen
Mnr. R White
Mnr. A Viljoen
Mnr. DE De La Harpe
*Mnr. DP Marais*
*Mnr. WDJ Pienaar*
*Me. C Van der Schyff*
*Me. J van Jaarsveld*
*Mnr. JJ Fourie*

**99. WITFIELD**
Dr. P Kruger
Mnr. JF Steenkamp
*Mnr. PD Badenhorst*

**100. WITFIELD-WES**

**101. ZESFONTEIN**
Mnr.  DJ Vosloo
*Mnr. DJL Basson*

**102. Besoekers**

**103. Waarnemers**
Mnr. CJ Coertse – Parkkruin Familiekerk

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN** | **14** |
| **2.** | **PROGRAM VIR DIE SINODESITTING** | **21** |
| **3.** | **IN MEMORIAM-VERSLAG** | **25** |
| **4.** | **VERSLAG VANAF DIE SINODALE DIENSKOMMISSIE (SDK)** | **28** |
| 4.1 | Bylaag 4.1 – Tutela verslag aan Sinode Hoëveld | **42** |
| 4.2 | Bylaag 4.2 – Effata-vir-Dowes | **55** |
| 4.3 | Bylaag 4.3 – Melville Ekhaya Studentebediening | **57** |
| 4.4 | Bylaag 4.4 – Portefeulje Kerkverband en Ekumene | **61** |
| 4.5 | Bylaag 4.5 – Algemene Taakspan Ekumene | **65** |
| 4.6 | Bylaag 4.6 – Portefeulje Diensgetuienis en Gemeenskapsbetrokkenheid | **71** |
| 4.7 | Bylaag 4.7 – Portefeulje Jeug en gesinsbediening | **75** |
| 4.8 | Bylaag 4.8 – Portefeulje Kerkraad- en leierstoerusting | **79** |
| 4.9 | Bylaag 4.9 – Portefeulje Predikantstoerusting en -versorging | **80** |
| 4.10 | Verslag van die Ouditkomitee | **81** |
| 4.11 | Geouditeerde finansiële state 2025–2026 | **83** |
| **5.** | **VERSLAG VAN DIE PORTEFEULJE HULPBRONNE** | **107** |
| 5.1 | Bylaag 5.1 – Sinodale Begroting 2026–2027 | **121** |
| 5.2 | Bylaag 5.2 – Verslag van Kritiese Syfers aan SDK | **123** |
| 5.3 | Bylaag 5.3 – Bystandsfonds | **126** |
| **6.** | **VERSLAG VAN DIE REGSKOMMISSIE** | **128** |
| 6.1 | Bylaag 6.1 – Wysigings van Bepalings Sinode Hoëveld | **138** |
| **7.** | **TEOLOGIESE OPLEIDING: VERSLAG VAN KURATORIUM TRANSVAAL** | **170** |
| **8.** | **TEOLOGIESE OPLEIDING: VERSLAG VAN KURATORIUM VRYSTAAT** | **176** |
| **9.** | **TEOLOGIESE OPLEIDING: VERSLAG VAN KURATORIUM WES-KAAPLAND** | **179** |
| **10.** | **BESKRYWINGSPUNTE** | **182** |
| 10.1 | Beskrywingspunt 1 | **183** |

# 1. Verslag van die Ontwerpspan aan die Sinode 2026

## DEEL A: DIE ONTWERP VAN DIE SINODE

### 1. Inleiding: ’n Sinode van ontmoeting en onderskeiding

Die vier-en-twintigste Sinode van die NG Kerk Hoëveld vind plaas in ’n tyd waarin ons as kerk met groot veranderinge en nuwe uitdagings gekonfronteer word. Terselfdertyd sien ons in ons gemeentes talle tekens van God se werk en nuwe moontlikhede vir die toekoms.

Die Ontwerpspan het daarom van die begin af met ’n belangrike vraag gewerk: Hoe kan ons ’n sinodesitting ontwerp waar ons as kerk werklik saam na God en mekaar luister, ons onderlinge verbondenheid versterk en met nuwe hoop en roeping na ons gemeentes terugkeer?

Die Sinode het uiteraard belangrike formele verantwoordelikhede. Ons moet verslag doen, besluite neem en persone verkies om die werk van die kerk voort te sit. Ons glo egter dat die manier waarop ons hierdie werk doen, net so belangrik is. Die Sinode bied ook ’n geleentheid om saam te aanbid, mekaar se verhale te hoor, verhoudings te versterk en biddend oor ons roeping te onderskei.

### 2. Die Ontwerpspan en sy werkswyse

Die Sinodale Dienskommissie (SDK) het ’n Ontwerpspan saamgestel om die Sinode, wat van 25 tot 28 Oktober 2026 by Weesgerus buite Modimolle plaasvind, te beplan. Die SDK het vier persone aangewys en die ringskommissies versoek om elk ’n verteenwoordiger te benoem. Twaalf van die dertien ringe het gehoor gegee; die Ring van Standerton het nie ’n verteenwoordiger benoem nie. Ds. Wouter van Wyk, wat aanvanklik deur die SDK aangewys is, het aan die Ontwerpspan onttrek omdat hy na ’n gemeente in ’n ander sinode beroep is. Ds. Christo du Plessis en Chris du Plessis is as kundige lede vir multimedia gekoöpteer en ds. Henri Pretorius om die aanbiddingspan te verteenwoordig. Dr. Pieter Kruger is ook gekoöpteer nadat hy die benoeming as Algemene Kantoorbestuurder aanvaar het.

Die Ontwerpspan is soos volg saamgestel:

| Naam | Verteenwoordiging |
|---|---|
| Dr. Tom Smith | SDK, voorsitter |
| Ds. Michelle van Tonder | SDK |
| Ds. Hannes Windell | SDK |
| Me. Amanda Dry | Sinodale Kantoor, sekretariaat |
| Ds. Natalia Strydom | Ring van Alberton |
| Ds. Carla van Tonder | Ring van Benoni |
| Ds. Jeanine Stoffberg | Ring van Birchleigh, SDK |
| Ds. Hendrien van Vliet | Ring van Birchleigh, sekundus |
| Ds. Stefan Roos | Ring van Boksburg |
| Ds. Nico Grobbelaar | Ring van Brakpan |
| Ds. Stefan van Tonder | Ring van Delmas |
| Ds. Etienne Pheiffer | Ring van Evander |
| Ds. Alida du Plessis | Ring van Germiston |
| Ds. Riaan Jonker | Ring van Heidelberg |
| Ds. Carli Hugo | Ring van Johannesburg |
| Ds. Deon Holtzhausen | Ring van Kemptonpark |
| Ds. Rudi Swanepoel | Ring van Linden |
| Ds. Danielle Laubscher-Rheeder | Ring van Turffontein |
| Ds. Christo du Plessis | Adviserend, media |
| Chris du Plessis | Adviserend, media |
| Ds. Henri Pretorius | Adviserend, aanbiddingspan |
| Dr. Pieter Kruger | Sinodale Kantoor |

Om die verskillende aspekte van die Sinode te beplan, is die werk tussen vier taakspanne verdeel:

i. Program, sprekers en liturgie
ii. Dekor
iii. Sosiale media en tegnologie
iv. Steunspan en Notule

Hierdie taakspanne het saamgewerk sodat die program, die vergaderruimte, die tegniese ondersteuning en die praktiese reëlings almal die doel van die Sinode dien.

**3. Ons het begin deur te luister**

Predikante en kerkraadslede is eers deur middel van 'n vraelys genooi om hulle ervarings van vorige sinodesittings, hulle verwagtings en hulle bekommernisse oor die komende Sinode te deel. Hierdie terugvoer is aangevul deur luistergesprekke tydens die padberade met die ringe. Ons is dankbaar dat terugvoer uit al dertien ringe ontvang is.

Vyf verwante temas het telkens na vore gekom en die rigting van die ontwerp bepaal:

i. **Ons kies verbondenheid:** Ons wil saam kerk wees, met respek vir verskille en ruimte vir genade.
ii. **Ons leer om saam te luister:** Ons wil God, mekaar en die werklikheid van ons gemeenskappe ernstig neem.
iii. **Ons bou aan vertroue:** Ons het eerlike, menswaardige gesprek nodig waarin mense gehoor word.
iv. **Ons laat geloof grondvat:** Wat ons saam onderskei, moet gemeentes in hulle roeping en bediening dien.
v. **Ons leef met hoop vorentoe:** Ons wil met moed en verwagting oor die volgende seisoen dink.

Hierdie vyf bewegings het 'n riglyn vir die Ontwerpspan geword en ons deurgaans herinner dat die Sinode meer behoort te wees as die afhandeling van 'n agenda.

**4. SAAM OP PAD: Lukas 24 en die tema van die Sinode**

Lukas 24:13–35, die verhaal van die Emmausgangers, gee aan hierdie verlangens 'n Bybelse raamwerk.
Twee dissipels stap met teleurstelling en vrae. Jesus kom nader en loop saam. Hy luister na hulle verhaal, open die Skrifte en word uiteindelik aan die tafel herken. Daarna keer hulle terug om te vertel wat hulle beleef het.

Hierdie beweging van saam op pad wees, kyk, luister, herken en getuig nooi ons om die sinodesitting as 'n geestelike én kerklike reis te verstaan. Die verhaal laat ons ook nadink oor hóé ons as kerk saam vergader: ons wil ruimte maak om na mekaar se verhale te luister, saam vanuit die Skrif te onderskei en die teenwoordigheid van die opgestane Here in ons saamwees te herken.

Teen hierdie agtergrond is die tema vir die Sinode geformuleer:

**SAAM OP PAD: KYK, LUISTER, GETUIG**

Die tema vra van ons om met oop oë na die kerk en die wêreld te kyk, met aandag na die Woord en na mekaar te luister, en weer ons roeping as getuies van die opgestane Here op te neem.

Prof. Stephan Joubert sal ons tydens die Sinode vanuit hierdie Skrifgedeelte begelei. Die teks en tema verbind die aanbidding, die gesprekke en die sake op die agenda met mekaar.

**5. Die ontwerp van die program**

Die program volg die tema as 'n beweging: op Maandag **KYK**, op Dinsdag **LUISTER** en op

Woensdag **GETUIG**.

Aanbidding is nie 'n aparte item op die program nie, maar loop as 'n draad deur die hele sitting. Skriflesing, gebed, sang en stilte word met die sake van die vergadering verweef, sodat ons onthou dat ons in afhanklikheid van die Here vergader en saam sy wil onderskei. Die Sinode se formele verantwoordelikhede kry steeds die nodige tyd, maar die manier waarop ons dit hanteer, kan self 'n geloofspraktyk van luister en onderskeiding wees.

Ons wil voorkom dat die Sinode hoofsaaklik uit 'n opeenvolging van verslae en aanbiedings bestaan. Omdat die verslae reeds in die Agenda beskikbaar is, kan ons tydens die sitting meer tyd bestee aan wat dit vir ons gemeentes en gemeenskappe beteken.

Daarom word verskillende vorme van deelname afgewissel. Sommige sake word in die groot vergadering hanteer, terwyl tafelgesprekke, kleiner groepe en persoonlike nadenke ruimte bied vir meer stemme. Ons ervaring is dat mense anders luister en deelneem wanneer hulle in kleiner groepe met mekaar gesels. Hierdie gesprekke wil help om mekaar beter te verstaan en die onderskeiding en besluitneming van die Sinode te dien.

Ons wil ook saam kuier en mekaar beter leer ken. Informele gesprekke tydens etes en ander geleenthede is 'n belangrike deel van die saamwees, en ons hoop dat nuwe verhoudings oor hierdie paar dae gebou en bestaande verhoudings versterk sal word.

Op Dinsdagaand bedien Koos van der Merwe ons met sang en van sy gedigte. Ná 'n dag van luister en gesprek is dit 'n geleentheid om saam tot rus te kom en deur woord en musiek aangeraak en bemoedig te word.

Die Sinode sluit op Woensdag af met die viering van die Nagmaal. Dit herinner ons aan die Emmausgangers wat Jesus by die breek van die brood herken het en daarna teruggekeer het om te getuig.

## 6. Waarom Weesgerus?

Die SDK het besluit om die Sinode in 'n eilandsituasie by Weesgerus te hou. Ons is bewus daarvan dat hierdie besluit vrae by gemeentes opgeroep het, veral oor die koste, die reisafstand en die aanvang van die Sinode op Sondagmiddag.

Die keuse hou egter direk verband met die soort ontmoeting wat ons wil moontlik maak. Wanneer ons vir die duur van die Sinode op een terrein saam is, ontstaan daar meer ruimte vir ontmoeting, informele gesprek en die bou van verhoudings. Weesgerus gee ons ook die geleentheid om saans en tussen die sessies saam te kuier en mekaar beter te leer ken – iets wat selde gebeur wanneer almal ná elke sittingsdag huis toe ry. Daar is ook minder onderbrekings en afleidings, sodat ons met groter aandag aan die werk van die Sinode kan deelneem. Die Oostelike en Noordelike Sinodes, wat reeds by Weesgerus vergader het, het dit ook positief ervaar.

Ons hoop dat gemeentes en ringe waar moontlik saam sal reis. Só kan die ontmoeting en gesprek reeds op pad na Weesgerus begin.

## 7. Ons verwagting omtrent die Sinode

Ons kom uit verskillende gemeentes en kontekste, met verskillende ervarings, vrae en verwagtings. Tog deel ons 'n gemeenskaplike roeping om as kerk van Jesus Christus in ons gemeenskappe teenwoordig te wees.

Ons hoop dat hierdie Sinode vir ons as predikante en kerkraadslede 'n geleentheid sal wees om opnuut te ontdek dat ons saam op pad is met die opgestane Here.

Ons gebed is dat ons ná hierdie paar dae met nuwe verbondenheid, groter begrip vir mekaar en hernude hoop na ons gemeentes sal terugkeer.

Die verhaal van die Emmausgangers eindig immers nie by die tafel nie. Hulle staan op en keer terug na Jerusalem om te vertel wat hulle beleef het.
*Mag dit ook van ons waar wees.*

## DEEL B: PRAKTIESE EN KERKORDELIKE REËLINGS

### 8. Afgevaardigdes en geloofsbriewe

Volgens Bepaling 33.1.1 mag elke gemeente net soveel kerkraadslede (ouderlinge of diakens) na die Sinode afvaardig as die getal predikantsposte waaroor die gemeente beskik. Elke gemeente kan dus 'n predikant (of sekundus) en 'n kerkraadslid (of sekundus) vir elke predikantspos afvaardig.

Sinode Hoëveld bestaan uit 101 gemeentes, waarvan die meeste een predikantspos het. Volgens die gegewens wat gemeentes verskaf het, is daar tans 123 predikantsposte, waarvan 27 vakant is.

Met die skryf van hierdie verslag was daar steeds geloofsbriewe uitstaande. Altesaam 68 gemeentes het geloofsbriewe ingedien en 11 gemeentes het aangedui dat hulle nie afgevaardigdes na die Sinode stuur nie. Volgens die geloofsbriewe wat ontvang is, is 71 dienende predikante, 10 sekundi vir predikantsposte en 78 kerkraadslede afgevaardig. Die lys van afgevaardigdes verskyn elders in die Agenda.

Verskeie persone is as besoekers genooi na die vergadering en sal deelneem aan die program van die Sinode:

i. Dr. Nioma Venter en dr. Dewyk Ungerer (Algemene Sinode)
ii. Ds. Jaco Botha (Hugenote Kollege) en dr. Wicus van der Merwe (Hoof Kerklike Opleiding Kuratorium Universiteit van Pretoria)
iii. Me. Trienie Troschie (Tutela)
iv. Me. Yolande Fredericks (Abraham Kriel Bambanani)
v. Dr. Diederick Basson en me Colette de Wet (Argief)
vi. Mnr. Eben de Klerk (Sinode Hoëveld Eiendomme (Pty.) Ltd
vii. Le Roux Schoeman (Kerkbode)

Persone wat as waarnemers die Sinode bywoon en as sodanig aangemeld is by die Sinode mag nie aan die formele werksaamhede van die Sinode deelneem nie. Waarnemers mag nie aan enige stemming deelneem nie.

#### 8.1 Verlof

'n Afgevaardigde wat 'n sessie nie kan bywoon nie, moet asseblief 'n verlofvorm by die Inligtingstoonbank invul en inhandig. Indien die persoon deur 'n sekundus vir daardie tydperk vervang word, moet dit so in die teenwoordigheidslys en notule aangedui word.

### 9. Tegnologie tydens die Sinode

Die Sinode maak op verskillende maniere van tegnologie gebruik om deelname, kommunikasie en besluitneming te ondersteun.

#### 9.1 Stemprosedure

Stemming vir die samestelling van die moderatuur, die SDK en die afgevaardigdes na die Algemene Sinode sal deur middel van Mentimeter hanteer word. Die gebruik daarvan sal tydens die tafeloriëntering verduidelik en gedemonstreer word.
Ds. Christo Nel en ds. Carli Hugo sal as amptelike stemtellers optree om toesig oor die stemproses te hou.

#### 9.2 WhatsApp-gemeenskap

'n WhatsApp-gemeenskap (community), NG Kerk Sinode Hoëveld, is gestig om afgevaardigdes voor en tydens die Sinode op hoogte te hou met praktiese inligting, programveranderinge en kennisgewings. Afgevaardigdes word vriendelik versoek om

vooraf aan te sluit.

Skandeer die stippel-kode (QR) met jou foon se kamera of met WhatsApp:

NG KERK SINODE HOËVELD

WhatsApp group

Of, as jy die Agenda elektronies lees, kliek op hierdie skakel:
https://chat.whatsapp.com/IinMM86kDMG8IFm0NPEiRv

**10. Agenda**

Die Agenda is saamgestel uit die verslae en beskrywingspunte wat ontvang is. Dit is elektronies aan gemeentes versprei om aan afgevaardigdes beskikbaar te stel, in ooreenstemming met die besluit van die Sinode van 2022:

BESLUIT 22/SS/2022

Die Sinode besluit dat alle Agendas van die Sinodebyeenkoms voortaan slegs elektronies beskikbaar gestel moet word aan alle afgevaardigdes. Dit is duur om agendas te laat druk en daarmee saam is dit vermorsing van papier wat onnodige druk op die omgewing plaas.

Afgevaardigdes word versoek om die Agenda vooraf deeglik te bestudeer, sodat die tyd tydens die Sinode vir gesprek en besluitneming gebruik kan word.

**11. Prosedure in verband met voorstelle tydens die Sinode**

Om te voorkom dat besluite onvoorsiene gevolge het, het vorige Sinodes riglyne neergelê vir die hantering van voorstelle tydens die sitting.

**11.1 Voorstelle met finansiële implikasies**

Die Sinode van 2018 het die volgende besluit geneem:

BESLUIT 03/SS/10/2018

Dat alle voorstelle met enige addisionele koste-implikasies eers na die Tydelike Kommissie vir Fondse verwys word vir kommentaar alvorens die Sinode dit finaal goedkeur.

In navolging van die praktyk van die Sinode van 2022 beveel die Ontwerpspan aan:

**AANBEVELING 01/OWS/2026**

Die Sinode wys as Tydelike Kommissie vir Fondse afgevaardigdes aan wat lede van die uittredende Sinodale Kommissie vir Fondse was. Die uittredende Portefeuljeleier Sinodale Hulpbronne tree op as voorsitter.

**11.2 Voorstelle met kerkregtelike implikasies**

Die Sinode van 2018 het ook die volgende besluit geneem:

BESLUIT 03/SS/10/2018

Dat alle voorstelle met kerkregtelike implikasies eers na die Tydelike Regskommissie verwys moet word vir kommentaar voordat die Sinode dit finaal goedkeur.

In navolging van die praktyk van die Sinode van 2022 beveel die Ontwerpspan aan:

**AANBEVELING 02/OWS/2026**
Die Sinode wys as Tydelike Regskommissie afgevaardigdes aan wat lede van die uittredende Sinodale Regskommissie was. Die nuutverkose aktuarius tree op as voorsitter.

## 12. Aanwysing van kommissies en verteenwoordigers van die Sinode

As ’n reël ontbind die kommissies van die Sinode tydens die sitting, en wys die Sinode nuwe kommissies aan wat gedurende die volgende termyn vir die uitvoering van sy besluite en beleid verantwoordelik is. Dieselfde geld vir die verteenwoordigers wat deur die Sinode aangewys word.

### 12.1 Bepalings van die NG Kerk Sinode Hoëveld

Die volgende bepalings word as riglyne vir die samestelling van kommissies gebruik:

i. **Sinodale Dienskommissie:** Die Sinodale Dienskommissie bestaan uit die moderatuur, soveel portefeuljeleiers as wat die Sinode bepaal, en drie kerkraadslede (ouderlinge of diakens) wat nie die bevoegdheid van predikant het nie (Bepaling 35.2.1). (In die verslag van die SDK en die Regskommissie is daar 'n voorstel oor die aanvul van die SDK).
ii. **Sinodale Regskommissie:** Die Sinodale Regskommissie bestaan uit tien lede, met die aktuarius as lid en voorsitter. Die Regskommissie het geoordeel dat dit wenslik kan wees dat ringe persone identifiseer om op die Sinodale Regskommissie te dien (Bepaling 35.3.1).
iii. **Sinodale Kommissie vir Fondse:** Die Sinodale Kommissie vir Fondse bestaan uit een verteenwoordiger, met ’n sekundus, uit elke ring en ander lede soos deur die geldende bepalings voorgeskryf. Die Portefeuljeleier Sinodale Hulpbronne is ook lid van die kommissie (Bepaling 35.3.2.4).
iv. **Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge:** Die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge bestaan gewoonlik uit die Portefeuljeleier Sinodale Hulpbronne, die Kantoorbestuurder en drie kundiges. Die aktuarius is ampshalwe ’n lid.

### 12.2 Verteenwoordigers van die Sinode

Volgens Bepaling 35.3.5 wys die Sinode verteenwoordigers in die volgende strukture aan:

i. Kuratorium, Teologiese Fakulteit, Pretoria: vier lede.
ii. Proponentskommissie, Teologiese Fakulteit, Pretoria: vier lede, op aanbeveling van die Kuratorium.
iii. Kieskollege, Teologiese Fakulteit, Pretoria: volgens Bepaling 5.2.1.
iv. Kuratorium, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch: een lid.
v. Proponentskommissie, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch: een lid, op aanbeveling van die Kuratorium.
vi. Kuratorium, Proponentskommissie en Kieskollege, Teologiese Fakulteit, Bloemfontein: een lid.
vii. Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys: een lid.
viii. Bybelgenootskap van Suid-Afrika: twee lede.
ix. Bepaling 35.3.8 gee aan die Sinode ook die bevoegdheid om ander kommissies, soos nodig, aan te wys. Dit sluit onder meer ’n In memoriam-kommissie van drie lede in.

## 13. Verteenwoordigers op die Algemene Sinodale Moderamen (ASM)

Volgens die ASM-reglement wys elke samestellende Sinode vyf verteenwoordigers aan om op die ASM te dien. Dit is ’n wysiging: voorheen het die moderatuur outomaties as die Sinode se verteenwoordigers gedien.

**AANBEVELING 03/OWS/10/2026**
Die Sinode wys die moderatuur aan as die Sinode se verteenwoordigers op die ASM en versoek die SDK om so gou moontlik ná die Sinode ’n vyfde verteenwoordiger aan te wys.

**14. Die Tydelike Kommissie vir Kommissies**

Die assessor van die Sinode tree gewoonlik as sameroeper van die Tydelike Kommissie vir Kommissies op. Hierdie kommissie lê voorstelle oor die samestelling van kommissies en die Sinode se verteenwoordigers aan die vergadering voor vir goedkeuring.

**15. Aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode**

Volgens Bepaling 35.3.7 wys die Sinode ook afgevaardigdes na die volgende Algemene Sinode aan.

Artikel 38 van die Kerkorde (2023) bepaal die samestelling van die Algemene Sinode. Elke samestellende Sinode wys twintig afgevaardigdes aan (38.3) en daarbenewens ’n proporsionele getal uit ’n moontlike 160 afgevaardigdes (38.4). Volgens voorlopige berekeninge kan Sinode Hoëveld dus 37 afgevaardigdes aanwys – ’n gelyke getal predikante en kerkraadslede.
Die versoek is dat minstens tien afgevaardigdes jonger as 40 jaar moet wees en dat die afvaardiging uit ’n gelyke aantal predikante en kerkraadslede moet bestaan.
Die aanwysing van afgevaardigdes sal tydens die Sinode plaasvind.

**16. Die Notulekommissie**

Die Notulekommissie is soos volg saamgestel:

i. Ds. Etienne Pheiffer, leier
ii. Ds. Phillip Coetzee
iii. Ds. Lafras Lombard
iv. Ds. Hendrien van Vliet
v. Oudl. Frikkie Schroeder
vi. Ds. Stefan Roos
vii. Ds. Gerhard van Staden

**17. Die Steunspan**

Lede vir die Steunspan is uit Fontainebleau Gemeenskapskerk en die NG Gemeente Jubilate gewerf. Moontlik sal nog lede bygevoeg word. Ds. Danielle Laubscher-Rheeder en ds. Alida du Plessis is versoek om die Steunspan te koördineer en as skakels te dien met die Inligtingstoonbank, die Notulespan en die Ontwerpspan.

Die Steunspan sal die praktiese verloop van die Sinodesitting ondersteun en help om ’n gasvrye en goed georganiseerde omgewing vir afgevaardigdes te skep.

**18. Uitstallers en borge**

Borgskappe is van CLF en Efficient Financial Services ontvang. Die finale lys van uitstallers word nog deur die Sinodale Kantoor bevestig.

## 2. Program van die Sinodesitting 2026

### WERKSKEMA HOËVELD SINODE 2026

**SAAM OP PAD — Kyk • Luister • Getuig**

**SONDAG 25 OKTOBER 2026**

**SAAM OP PAD**

*"Jesus kom nader en loop saam met hulle."*

| Tyd | Werkskema |
|---|---|
| 14:00–16:30 | **AANKOMS EN REGISTRASIE**<br>• Registrasie, kamers, tee/koffie en tegniese gereedmaak |
| 16:30–18:00 | **SAAM OP PAD**<br>• Tafeloriëntering en kennismaking<br>• Saamwees-maniere, Godstories en die Emmaus-ankerreis |
| 18:00–19:00 | **AANDETE** |
| 19:15–20:45 | **OPENING VAN DIE SINODE**<br>• Geestelike opening — ds. Hannes Windell<br>• Konstituering en In Memoriam<br>• Ankerteks, tema, aanbidding en gebed |
| 20:45 → | **INFORMELE KUIER** |

## MAANDAG 26 OKTOBER 2026

### KYK
*"Waaroor loop julle so met mekaar en redeneer?"*

| Tyd | Werkskema |
|---|---|
| 07:00–08:00 | **TEE/KOFFIE EN BESKUIT** |
| 08:00–11:30 | **SESSIE 1**<br>KYK — geïntegreerde liturgiese uur met prof. Stephan Joubert (08:00–08:55), gevolg deur 5 minute oorgangstyd<br>Verkiesing van Moderator en Assessor<br>Die verhaal van Hoëveld — SDK/Dagbestuur<br>Jeug- en Gesinsbediening — Vanessa Bouwer<br>Breër NG Kerk — dr. Nioma Venter en dr. Dewyk Ungerer<br>Tafelgesprekke en comfort break<br>Godstories uit Hoëveld |
| 11:30–12:30 | **NOENMAAL**<br>Ná brunch word die notule van die dag gesirkuleer |
| 12:30–14:00 | **SESSIE 2**<br>Teologiese opleiding en die Kuratoria — Jaco Botha en Wicus van der Merwe<br>Predikantetoerusting en -versorging — Etienne Pheiffer<br>Tafelgesprekke en comfort break<br>Verkiesing van Aktuarius |
| 14:00–14:20 | **TEE/KOFFIE** |
| 14:20–16:00 | **SESSIE 3**<br>Stilte en tafelonderskeiding<br>Verkiesing van Skriba<br>Nominasies van drie SDK-kerkraadslede<br>Melville Studentekerk en Effata-bediening — terugvoer |
| 16:00–16:20 | **TEE/KOFFIE**<br>Ná teetyd word die notule van die dag goedgekeur |
| 16:20–18:00 | **SESSIE 4**<br>KYK DIEPER — ses portefeulje-wegbreeksessies<br>Mentee en verkiesingsuitslae<br>Onderskeidende gesprek: Wat bring God onder ons aandag? |
| 18:00–19:00 | **AANDETE** |
| 19:15–20:20 | **AANDAANBIDDING EN GEBED**<br>Prof. Stephan Joubert (19:15–20:00), gevolg deur 5 minute oorgangstyd<br>Gebed vir die nuwe leierskap |
| 20:20 → | **SAAMWEES** |

## DINSDAG 27 OKTOBER 2026

### LUISTER

*"Was ons harte nie brandend in ons toe Hy die Skrifte vir ons uitgelê het nie?"*

| Tyd | Werkskema |
|---|---|
| 07:00–08:00 | **TEE/KOFFIE EN BESKUIT** |
| 08:00–11:30 | **SESSIE 1**<br>LUISTER — geïntegreerde liturgiese uur met prof. Stephan Joubert (08:00–08:55), gevolg deur 5 minute oorgangstyd<br>Gemeenskapsbetrokkenheid en Diensgetuienis — Schalk van Heerden, met Tutela en Abraham Kriel Bambanani (09:00–10:10)<br>Tafelgesprekke en comfort break<br>Mentee — nominasies vir die ses portefeuljeleiers open (10:10)<br>Argief — Diederick Basson en Collette de Wet<br>Lidmaat- en leiertoerusting — Natalia Strydom<br>Luister en onderskei — tafelgesprek |
| 11:30–12:30 | **NOENMAAL**<br>Ná brunch word die notule van die dag gesirkuleer<br>Nominasies vir die ses portefeuljeleiers sluit 12:30 |
| 12:30–14:00 | **SESSIE 2**<br>Ekumene en kerkverband — Michele van Tonder<br>Sinodale Regskommissie — Verslag I<br>Mentee en formele besluitneming<br>Mentee — verkiesing van die ses portefeuljeleiers (13:45–14:00), met onmiddellike uitslag |
| 14:00–14:20 | **TEE/KOFFIE** |
| 14:20–16:00 | **SESSIE 3**<br>Anje / GRAPE — Luister na Suid-Afrika<br>Onderskeidende gesprek oor armoede en die Suid-Afrikaanse werklikheid<br>Hoëveld 2026–2030 — eerste onderskeiding<br>Voorstelling van die ses nuwe portefeuljeleiers, met gebed |
| 16:00–16:20 | **TEE/KOFFIE**<br>Ná teetyd word die notule van die dag goedgekeur |
| 16:20–18:00 | **SESSIE 4 — HULPBRONNE, BEGROTING EN OUDIT**<br>Een geïntegreerde blok (16:20–17:55) in hierdie volgorde:<br>Hulpbronne — Pieter Kruger<br>Finansies en begroting<br>Ouditkomitee<br>Achterberg Maatskappy<br>Mentee en formele besluitneming |
| 18:00–19:00 | **AANDETE** |
| 19:30–21:00 | **FEES / VERMAAK — KOOS VAN DER MERWE** |

## WOENSDAG 28 OKTOBER 2026

### GETUIG

*"Hulle verduidelik toe wat op die pad gebeur het."*

| Tyd | Werkskema |
|---|---|
| 07:00–08:00 | **TEE/KOFFIE EN BESKUIT** |
| 08:00–10:30 | **SESSIE 1**<br>GETUIG — geïntegreerde liturgiese uur met prof. Stephan Joubert (08:00–08:55), gevolg deur 5 minute oorgangstyd<br>Sinodale Regskommissie — Verslag II en uitstaande sake<br>Aanwysing van die nuwe Sinodale Regskommissie<br>Algemene Sinode-afvaardiging en ander aanwysings en verkiesings<br>Kommissie vir Kommissies — finale verslag<br>Uitstaande sake en finale besluite |
| 10:30–11:30 | **SESSIE 2 — GETUIG EN WORD GESTUUR**<br>Wat het op die pad gebeur?<br>Nuwe Moderator — SAAM OP PAD van hier af<br>Nagmaal en Sending |
| 11:30 | **SINODE VERDAAG** |

## 3. In Memoriam-verslag aan die Sinode Hoëveld 2026

Hierdie verslag bevat inligting oor die leraars en emeriti wat in die afgelope reses oorlede is. Ons noem slegs die persone wat in hulle laaste gemeente in die Sinode Hoëveld werksaam was. Aangesien die In Memoriam-kommissie tans nie funksioneer nie, is die verslag kursories van aard met inligting uit die Jaarboeke van die NG Kerk. Waar die Jaarboeke wel In Memorium-sketse van die persone bevat, word die jaartal aangedui.

### 1. Dienende leraars

**Dr Paul Joubert (BA, BD, MA, PhD, MA Gesinsterapie)**
*(7 November 1972 – 19 Junie 2026)*
Legitimasie: 1997
Ordening: 1999
Gemeentes bedien:
1999 – Gweru en Bulawayo
2005 – Selectionpark
2021 – Wakkerstroom
2023 – Alberton-Noord
Tot en met dr Joubert se afsterwe was hy as streekverteenwoordiger verbonde aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

### 2. Emeriti

**Ds Willem Jacob Botha Cloete (BA, BTh)**
*(27 Mei 1938 – 11 Januarie 2025)*
Legitimasie: 1969
Ordening: 1970
Gemeentes bedien:
1970 – Wellington
1973 – Griekwastad
1977 – Suid-Rand
1997 – Emeritaat

**Ds Johannes Lodewicus Coetzee (BA)**
*(9 Augustus 1929 – 10 Februarie 2022)*
Legitimasie: 1954
Ordening: 1955
Gemeentes bedien:
1955 – Johannesburg-Suid
1994 – Emeritaat

**Ds Albertus (Bertie) Driescher**
*(6 Julie 1938 – 28 September 2025)*
Legitimasie: 1963
Ordening: 1964
Gemeentes bedien:
1964 – Vergenoeg Kenia
1965 – Witbank-Suid
1969 – Pinetown
1974 – Kemptonpark-Suurfontein (nou Edleen)
2000 – Emeritaat
Hierna het ds Bertie as pastorale hulp by Garsfonteinpark (nou Lux Mundi) en Bronkhorstspruit gedien.

**Ds Pieter Dumas (BA Hons, BTh)**
*(5 Oktober 1947 – 25 Mei 2022)*
Legitimasie: 1981
Ordening: 1983
Gemeentes bedien:
  1964 – Germiston
  1992 – Demissie
('n In Memoriam-skets verskyn in die Jaarboek 2023.)

**Ds Johannes Jochemus (Hannes) Gildenhuys (BA, BTh)**
*(27 Mei 1947 – 22 Februarie 2024)*
Legitimasie: 1972
Ordening: 1973
Gemeentes bedien:
  1973 – Montclair
  1979 – Prins Albert
  1981 – Vanderbijlpark-Suid
  1983 – SAUK
  1998 – Linden
  2007 – Emeritaat

**Ds William Hodges Keyter (MA)**
*(12 November 1930 – 23 Augustus 2024)*
Legitimasie: 1957
Ordening: 1958
Gemeentes bedien:
  1958 – Werkkringe Dundee-Glencoe
  1965 – Primrose-Môrewag
  1972 – Tembisa (asook Lekaneng)
  1984 – NGK PSD STvl (Opdrag Sending en Evangelisasie)
  1996 – Emeritaat

**Dr Gideon Kok (BA, BD, MDiv, PhD, Nas Dipl Polisie-admin)**
*(13 Maart 1955 – 2 April 2025)*
Legitimasie: 1990
Ordening: 1991
Gemeentes bedien:
  1991 – Randburg (Kapelaan SAPD)
  1994 – Mondeor
  2019 – Emeritaat
  Dr Gideon het as skriba op die moderamen van die Suid-Transvaalse Sinode gedien en het 'n belangrike rol gespeel om die sinode se missionale roeping tot kerkwees te versterk.
('n In Memoriam-skets verskyn in die Jaarboek 2026.)

**Ds Christiaan Coenraad (Chris) Myburgh (BA, Nagr Dipl Teol)**
*(25 April 1932 – 16 April 2026)*
Legitimasie: 1962
Ordening: 1963
Gemeentes bedien:
  1963 – Amersfoort
  1966 – Randpoort
  1970 – Langlaagte
  1974 – Sonhoogte

1978 – Witfield-Wes
1997 – Emeritaat

**Ds Daniël Stephanus (Danie) Oosthuizen (BA, Nagr Dipl Teol)**
*(30 April 1951 – 6 April 2026)*
Legitimasie: 1975
Ordening: 1976
Gemeentes bedien:
1976 – Germiston-Suid
1982 – Culembeeck
1993 – Primrose-Oos
2016 – Emeritaat
Sedertdien het ds Danie in ’n vastetermynpos by Primrose-Oos gedien en daarna, tot en met sy afsterwe, as pastorale hulp by Boksburg-Wes.
Ds Danie het op die SDK gedien as Portefeuljeleier Sinodale Hulpbronnebestuur en was betrokke by die totstandkoming van die besigheidsmaatskappye Achterbergh Oase (Pty) Ltd en Sinode Hoëveld Properties (Pty) Ltd.

**Dr Salomon Theodorus (ST) Potgieter (BA, BD, MTh, DD)**
*(30 Junie 1955 – 30 April 2025)*
Legitimasie: 1980
Ordening: 1983
Gemeentes bedien:
1983 – Louisvale
1988 – Belville-Uitsig
2004 – Alberton-Oos
2020 – Emeritaat
(’n In Memoriam-skets verskyn in die Jaarboek 2026.)

**Dr Samuel Marthinus (Sampie) van Vuuren (BA, BA Hons, MA, DLitt et Phil)**
*(20 Desember 1930 – 28 November 2025)*
Legitimasie: 1955
Ordening: 1956
Gemeentes bedien:
1956 – Wespoort
1960 – Suid-Rand
1968 – Cottesloe (Studenteleraar)
1971 – Witfield
1999 – Emeritaat

**Ds Jacobus Johannes (Koos) Verster (BA, BTh, MTh)**
*(14 Februarie 1942 – 6 Desember 2022)*
Legitimasie: 1977
Ordening: 1978
Gemeentes bedien:
1978 – Durban
1981 – Standerton
2002 – Emeritaat
(’n In Memoriam-skets verskyn in die Jaarboek 2024.)

**Aanbeveling 01/IM/2026**
Die Sinode dank die Here vir die predikante se bediening en bid vir hulle naasbestaandes.

# 4. Verslag van die Sinodale Dienskommissie (SDK) Oktober 2022 – Oktober 2026

## 1. Inleiding

Dit is vir ons as Dagbestuur 'n voorreg om namens die Sinodale Dienskommissie (SDK) verslag te doen oor die vier jaar sedert die Sinode van Oktober 2022. Ons doen dit met dankbaarheid, maar ook met nederigheid. Dit was nie 'n eenvoudige termyn nie. Die kerkverband het op verskillende plekke onder druk gekom, gemeentes en Ringe het verander, en die kapasiteit vir sinodale werk het kleiner geword. Tog het die Here ons telkens mense gegee wat bereid was om te luister, verantwoordelikheid te neem en saam verder te beweeg.

Ons vertel daarom hieronder nie net wat gedoen is nie. Ons probeer ook vertel wat ons gehoor het, waarvoor ons dankbaar is, waar ons nie kon voltooi wat ons gehoop het nie, en wat ons aan die volgende termyn toevertrou. As Sinode is ons op reis om Jesus as Heer te volg en deur die Gees gevorm te word as dissipels wat 'n verskil in die wêreld maak. Hierdie verslag is daarom geskryf uit gemeentes, vir gemeentes, na die gemeenskap tot eer van God.

### 1.1 Samestelling van die SDK

| Naam | Rol |
|---|---|
| Dr. TJ [Tom] Smith | Voorsitter |
| Ds. J [Jeanine] Stoffberg | Aktuarius |
| Ds. JH [Hannes] Windell | Skriba |
| Ds. M [Michelle] van Tonder | Portefeuljeleier: Ekumene en Kerkverband |
| Ds. S [Schalk] van Heerden | Portefeuljeleier: Gemeenskapsbetrokkenheid en Diensgetuienis |
| Ds. V [Vanessa] Bouwer | Portefeuljeleier: Jeug- en Gesinsbediening |
| Ds. N [Natalia] Strydom | Portefeuljeleier: Lidmaat- en Leierstoerusting |
| Ds. E [Etienne] Pheiffer | Portefeuljeleier: Predikantetoerusting en -versorging |
| Dr. P [Pieter] Kruger | Portefeuljeleier: Sinodale Hulpbronne |
| Oudl. GJ [Ida] Brink | Kerkraadslid |
| Oudl. OJ [Jan] Gouws | Kerkraadslid |
| Oudl. A [Alta] Visser | Kerkraadslid |
| Ds. P [Phillip] Coetzee | Voorsitter: Tutela — adviserend |

### 1.2 Die pad wat die SDK geloop het

Ná die Sinode van 2022 het dr. Johan Botha as voorsitter en dr. Tom Smith as ondervoorsitter gedien, met ds. Jeanine Stoffberg as aktuarius en ds. Hannes Windell as skriba. Dr. Pieter Kruger en ds. Etienne Pheiffer het deur die volle termyn dieselfde portefeuljes gelei, en hulle kontinuïteit was 'n groot bate.

Dr. André Bartlett het Kerkverband en Ekumene gelei totdat hy in Februarie 2024 geëmeriteer en uit die sinodale gebied verhuis het. Ons is dankbaar vir sy jare se werk en vir die strategiese proses waaraan hy 'n belangrike bydrae gelewer het. In 2024 het ds. Michelle van Tonder die portefeulje oorgeneem en die werk verder gevoer.

Ds. Rudi Swanepoel het Lidmaat- en Leierstoerusting en Gemeentebegeleiding gelei tot Junie 2024. Die SDK het daarna die werk in twee verdeel: ds. Natalia Strydom het Lidmaat- en Leierstoerusting geneem en ds. Izak du Toit het Gemeentebegeleiding behartig.

Dr. Johan Botha het op 31 Augustus 2024 uitgetree toe hy diens aanvaar het as Uitvoerende Amptenaar van die Oostelike Sinode. Die SDK het met groot waardering van sy leiding in die eerste helfte van die termyn afskeid geneem. Op advies van die Sinodale Regskommissie het dr. Tom Smith, tot dan ondervoorsitter, die voorsitterskap oorgeneem tot hierdie Sinode ’n nuwe moderator verkies. Ons bepalings maak nie daarvoor voorsiening dat ’n nuwe ondervoorsitter tussen sinodesittings verkies word nie, en die SDK het dus die res van die termyn sonder ’n ondervoorsitter gewerk.

Ds. Yolandi Kok is in September 2024 as bykomende lid van die Dagbestuur aangewys. Sy het vroeg in 2025 bedank, en daarna is geen verdere lede tot die Dagbestuur gekoöpteer nie. Die Dagbestuur het dus die laaste deel van die termyn met drie lede gewerk.

In Februarie 2025 het ds. Waldo Niemandt en ds. Yolandi Kok as portefeuljeleiers bedank. Ons is dankbaar vir wat hulle in Jeug- en Gesinsbediening en Gemeenskapsbetrokkenheid opgebou het. Ds. Izak du Toit het Februarie 2025 na Jeug- en Gesinsbediening geskuif, terwyl ds. Schalk van Heerden Gemeenskapsbetrokkenheid en Diensgetuienis oorgeneem het. Gemeentebegeleiding het daarna nie weer ’n afsonderlike leier gehad nie en is as ’n verantwoordelikheid van die SDK as geheel hanteer. In Februarie 2026 het ds. Vanessa Bouwer, na ds. Izak du Toit se vertrek, die leiding van Jeug- en Gesinsbediening oorgeneem, en die werk verder gevoer.

Vier van die ses portefeuljes het dus in die loop van die termyn van leier verwissel, en die voorsitterskap van die SDK het halfpad oorgegaan. Dat die werk deur al hierdie oorgange heen kon voortgaan, sê iets van die bereidwilligheid van mense om in te tree waar daar ’n behoefte was.

### 1.3 Ander aanwysings

Die SDK het in die loop van die termyn ook lede op die Ouditkomitee en op die direksies van Abraham Kriel Bambanani en Pro Ekklesia Nutsbehuisingsmaatskappy aangewys. Ons is dankbaar vir elkeen wat bereid was om hierdie dienste te lewer.

## 2. Ons opdrag en werkswyse

Die SDK voer die opdragte van die Sinode uit. Die Sinode van 2022 het ’n nuwe portefeuljestruktuur goedgekeur wat die klem verskuif het na die toerusting en begeleiding van gemeentes, predikante en Ringe. Ons het met ses portefeuljes gewerk:

- Ekumene en Kerkverband;
- Gemeenskapsbetrokkenheid en Diensgetuienis;
- Jeug- en Gesinsbediening;
- Lidmaat- en Leierstoerusting, saam met Gemeentebegeleiding;
- Predikantetoerusting en -versorging;
- Sinodale Hulpbronne.

Die portefeuljes is nie by die sitting self gevul nie, maar deur die portefeuljeleiers in oorleg met die Ringe en die SDK aangevul. Die bedoeling was dat mense uit gemeentes en Ringe mede-eienaars van die werk word.

Die eerste deel van die termyn het daarom gefokus op die vertaling van die Sinode van 2022

se besluite na 'n werkbare praktyk. Die nuwe portefeuljestruktuur is gevestig, portefeuljeleiers is in oorleg met die Ringe en die SDK aangevul, en die opdragte oor strategie, gemeentebegeleiding, lidmaat- en leierstoerusting, studentebediening en missionale bediening is verder uitgewerk. Die SDK het nie al hierdie opdragte op dieselfde manier of teen dieselfde tempo kon uitvoer nie, maar dit het die rigting van die termyn bepaal.

Naas die portefeuljes vorm die werk van die aktuarius en die Sinodale Regskommissie 'n wesenlike deel van die SDK se werksaamhede. Ds. Jeanine Stoffberg het as aktuarius en voorsitter van die Regskommissie deur die volle termyn advies gegee oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en die sinodale bepalings, Ringskommissies en kerkrade bygestaan, en die SDK gehelp om die moeilike kerkregtelike vrae van hierdie termyn te hanteer. Die Regskommissie doen in 'n afsonderlike verslag oor sy werksaamhede verslag. Ons is dankbaar vir haar werk.

Die SDK het gereeld vergader om terugvoer van die portefeuljes te ontvang. Die Dagbestuur het tussenin gewerk en die sake hanteer wat nie kon wag nie.

## 3. Die strategiese reis

### 3.1 Waarheen ons wou beweeg

Die Sinode van 2022 het gevra dat 'n duidelike strategiese plan met doelwitte geformuleer word, sodat die begroting sinvol beplan en bestuur kan word. Dr. André Bartlett het sy opdrag oor die strategiese proses in November 2022 afgehandel, en die SDK het daarop voortgebou.

In Januarie 2023 het die SDK 'n volle dag saam deurgebring om na die terugvoer van die Sinode te luister en dit saam te verwerk. Elke portefeulje het sy planne op die tafel gesit, waarna die hele SDK daaroor kon gesels en saam kon onderskei. Die gesprek is gevoer aan die hand van die drie ritmes van In Pas — ontdek en vier, luister en onderskei, waag en eksperimenteer — en aan die hand van die sinode se leuse: "uit gemeentes, vir gemeentes, na die gemeenskap tot eer van God".

Uit hierdie gesprek het drie strategiese prioriteite na vore gekom. Die eerste was om gemeentes te begelei, te bemagtig en by te staan in die toerusting van lidmate, veral jeuglidmate en gesinne, asook gemeenteleiers en predikante. Die tweede was om die kommunikasie tussen gemeentes en die kerkverband te versterk. Die derde was om te help dat die ringstrukture binne die sinodale gebied meer effektief funksioneer.

Hierdie prioriteite moes die Hoëveld Sinode help om meer vaartbelyn en aanpasbaar, en minder burokraties, te wees. Dit het verder ingesluit dat gemeentes toegerus word om missionaal in hulle gemeenskappe betrokke te raak, dat hulle gehelp word om diversiteit te akkommodeer en meer inklusief te wees, en dat hulle ondersteuning ontvang om die aanpassings te maak wat deur nuwe omstandighede vereis word.

Die SDK het van vroeg af geoordeel dat gemeentebegeleiding nie net op die terrein van een portefeulje hoort nie, maar dat die kundigheid van al die portefeuljes daarby benut moet word. Die SDK wou nie bloot meer aktiwiteite aanbied nie, maar gemeentes help om hulle roeping te onderskei, leiers toe te rus en met groter vrymoedigheid in hulle gemeenskappe teenwoordig te wees.

Kommunikasie het gedurende die termyn 'n al hoe belangriker deel van die SDK se werk geword. Die sinode het deur ringskriba-kommunikasie, nuusbriewe, WhatsApp-groepe, video's, webinare en inhoud op Facebook en YouTube probeer om gemeentes en Ringe beter ingelig en verbind te hou. Hierdie kanale het dit moontlik gemaak om toerusting, uitnodigings en inligting vinniger te versprei, maar dit het ook gewys dat kommunikasie 'n duidelike verantwoordelikheid en volhoubare struktuur nodig het. Die sinode se

webblad, ngkhoeveld.co.za, vorm saam met hierdie kanale ’n belangrike toegangspunt tot nuus, toerusting en geleenthede. Die behoefte is daarom nie net aan meer inhoud nie, maar aan ’n eenvoudige kommunikasiesisteem met ’n vaste ritme, duidelike verantwoordelikhede en kanale wat gemeentes werklik bereik.

### 3.2 Saam met die Ringe

Die derde prioriteit — om nader aan die Ringe te beweeg — het waarskynlik die duidelikste vrug gedra.

In Februarie 2023 het die SDK ’n aanlyngesprek met die Ringskommissies gehou om toeligting oor die strategie te gee. In Augustus 2023 het ’n byeenkoms gevolg wat deur twaalf lede van die SDK en nege en twintig verteenwoordigers van Ringe bygewoon is, met al die Ringe verteenwoordig. Dit het goeie momentum gelewer: daar was werklike dialoog, en die SDK het die Ringe se stem op ’n manier gehoor wat in die vorige termyn met Covid-19 nie moontlik was nie.

In Maart 2024 het ’n toerustingsgeleentheid vir Ringskommissies gevolg, met aandag aan kerkvisitasie, kommunikasie, voortgesette bedieningsontwikkeling, ons gemeenskaplike roeping, en die kwessies rondom gemeentes wat uit die verband tree. Die Portefeulje Kerkverband en Ekumene het hierdie prioriteit daarna verder gedra. Die portefeuljeleier het persoonlike gesprekke met die voorsitters en skribas van die Ringe gevoer en sewe van die veertien Ringe se ringsittings bygewoon. Die portefeulje het ook toerusting vir ringskribas en gemeenteskribas gereël — ’n aanlyngeleentheid op 26 Junie 2025 waar die skriba, die aktuarius en die Argief die take, vorms en formate van die skriba-rol behandel het. Dit is goed bygewoon, en ’n opname is beskikbaar gestel aan die wat nie kon inskakel nie. Hierdie werk word in die verslag van die Portefeulje Kerkverband en Ekumene verder behandel.

In Junie 2026 is ’n Ringsleiersforum gehou waar die voorsitters en skribas van die Ringe saam met die SDK vergader het. By hierdie geleentheid is die tema van die sinodesitting voorgelê en insette van die Ringe gevra. Die openheid van daardie gesprek is bemoedigend, en dit wys hoe ver die verhouding tussen die SDK en die Ringe in vier jaar gevorder het.

### 3.3 Padberade

Om die gesprek met die Ringe vol te hou, het die SDK besluit om padberade in die verskillende streke te hou. Die padberade was nie bloot besoeke of inligtingsessies nie. Hulle is ingerig as ruimtes waar Ringe saam kon vier wat God doen, kon luister na die Woord, die gemeente en die gemeenskap, en kon vertel waar hulle iets nuuts probeer het en wat hulle daaruit geleer het. ’n Padberaad het dus ruimte gebied om verhoudings te bou, begrip te bevorder, toerusting te doen en saam oor die volgende tree te onderskei. Die gesprekke is telkens deur drie vrae gerig: Watter geleenthede skep God vir die Ring om roepingsgetrou te wees? Wat bekommer die Ring in hierdie seisoen? En hoe kan Ringe in die Sinode mekaar se vennote wees? Hierdie vrae het die padberade gehelp om van verslaggewing na luister, onderskeiding en gesamentlike beweging te beweeg. Ons kon ook saam bid.

| Datum | Ringe | Plek |
|---|---|---|
| Februarie 2025 | Alberton, Germiston, Turffontein | NG Gemeente Alberton-Suid |
| Maart 2025 | Johannesburg, Linden | NG Gemeente Aan die Berg |

| | | |
|---|---|---|
| Junie 2025 | Brakpan, Benoni, Birchleigh, Boksburg, Kemptonpark | NG Gemeente Jubilate |
| Augustus 2025 | Delmas, Evander, Standerton, Heidelberg | NG Gemeente Delmas |

*Die padberaad vir die Ring van Heidelberg kon, ná verskeie pogings om ’n datum te kry, nie realiseer nie.*

Die gesprek oor gemeentebegeleiding het ook aansluiting gevind by In PAS. ’n In PAS-webinaar is op 14 Junie 2023 aangebied en aan gemeentes en Ringe gekommunikeer. Die webinaar is op die Hoëveld Sinode se YouTube-kanaal beskikbaar gestel. Die fokus was op roepingsgetroue gemeentes en op die vraag hoe gemeentes hulle roeping prakties kan onderskei en uitleef. In PAS het daarmee saam met die gemeentefasiliteringsopleiding deel geword van die SDK se poging om gemeentes toe te rus.

**3.4 Die oorgang na ’n meer geïntegreerde werkswyse**

Die SDK het in Februarie 2025 ’n wegbreek gehou waar die portefeuljes saam kon beplan en waar daar ruimte was om oor die sinode se roeping te droom. Dit was ’n waardevolle geleentheid wat die spanne aan mekaar verbind het.

In verskeie portefeuljes het alles vlot verloop en is ’n goeie ritme gevestig. Uit die termyn kom daar egter een uitdaging duidelik na vore, en dit is belangrik dat die Sinode daarvan kennis neem.

Die sinode het in die afgelope dekade nie meer predikante in sinodale diens nie. Die werksaamhede van die sinode maak staat op die kapasiteit van predikante wat naas ’n volle gemeentebediening ’n portefeulje lei en deel is van spanne. Dit vra baie, en in sommige portefeuljes was die las swaar. Dit beteken ook dat die werk op ’n klein groep rus: wanneer een persoon uitval of bedank, verloor ’n portefeulje maklik momentum. Hierdie termyn het dit meer as een keer gewys. Die vraag hoe kapasiteit losgemaak kan word sodat die werkslas deur meer predikante gedra word, is ’n belangrike een vir die Sinode.

**3.5 Wat ons oor die termyn geleer het**

Die afgelope vier jaar het ons opnuut geleer dat verhoudingswerk gereelde teenwoordigheid vra en nie net formele vergaderings nie. Ons het ook geleer dat gemeentebegeleiding nie aan een portefeulje behoort nie, maar die kundigheid van die hele SDK nodig het. Die werk het verder gewys hoe beperk vrywillige kapasiteit kan wees en hoe maklik momentum verlore gaan wanneer een persoon uitval. Kommunikasie vra meer as goeie bedoelings: dit vra verantwoordelikheid, ritme en eenvoudige sisteme. Laastens het ons geleer dat oorgange vroeg beplan moet word sodat institusionele kennis nie saam met mense vertrek nie.

## 4. Die werk van die Dagbestuur

**4.1 Wie en hoe**

Tot Augustus 2024 het die Dagbestuur bestaan uit dr. Johan Botha (voorsitter), dr. Tom Smith (ondervoorsitter), ds. Jeanine Stoffberg (aktuarius) en ds. Hannes Windell (skriba). Ná dr. Botha se uittrede het dit bestaan uit dr. Tom Smith, ds. Jeanine Stoffberg en ds. Hannes Windell, met ds. Yolandi Kok wat van September 2024 tot vroeg in 2025 as bykomende lid gedien het. Die Dagbestuur het gereeld deur die termyn ontmoet, soms in persoon en later grootliks aanlyn.

Lede van die Dagbestuur was ook betrokke by gesprekke met die Ouditkomitee, met die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier noordelike sinodes, met

verteenwoordigers van die VGKSA, en met verskeie Ringskommissies en kerkrade.

### 4.2 Kerkverband

Die vrae rondom kerkverband het die grootste deel van die Dagbestuur se aandag gevra. Ons het deurgaans probeer om eerder te luister as om te veroordeel, en om die deur oop te hou.

Die Sinode van 2022 het gevra dat 'n taakspan die Sinode adviseer oor die interpretasie en toepassing van Artikel 37. Die Sinodale Regskommissie het daarmee begin, met inagneming van die werk wat die Algemene Taakspan Regte reeds gedoen het. Ná die besluite van die Algemene Sinode van 2023 het die landskap egter verander, en die taakspan se oorspronklike opdrag moes heroorweeg word.

In Augustus 2023 het die SDK 'n stigtingsverklaring van 'n Koinonia Ring van Standerton ontvang. Die Dagbestuur het in November 2023 met verteenwoordigers van die Ringskommissie gesprek gevoer oor die Ring se betrokkenheid by die Koinonia-groep. Die verteenwoordigers het aangedui dat hulle steeds lede van die Sinode Hoëveld is en graag lede van die NG Kerk wil bly, maar die vryheid soek om hulle van die Algemene Sinode te distansieer. 'n Verdere ontmoeting het in April 2024 gevolg.

In Februarie 2025 het die Dagbestuur die Ringe van Evander en Standerton besoek. Die gesprek met die Ring van Evander was met die Ringskommissie en die plaaslike predikant, die ander gemeentes van die Ring van Evander is later in die termyn besoek.

Die gesprek met die Ring van Standerton het op Sondag 2 Februarie 2025 by die NG Gemeente Charl Cilliers plaasgevind, met leraars en kerkraadslede van die gemeentes teenwoordig. Die Ringskommissie het die leiding geneem, en die verteenwoordigers van die SDK het toeligting gegee oor die kerkregtelike posisie. Die gesprek was nie maklik nie, maar dit was belangrik dat dit gevoer is.

Wat die opskorting van kerkverband betref: die kerkrade van die NG Gemeentes Kempton-Krag en Mooifontein het in Januarie 2024 aktes van opskorting uitgereik, en later in 2024 die gemeentes Eendracht, Evander, Secunda-Goedehoop en Charl Cilliers. Die NG Gemeente Mooifontein het sy akte weer teruggetrek en onderneem om sinodale bydraes te betaal. Die NG Gemeente Evander het sy besluit oor die opskorting van kerkverband in 2026 teruggetrek. Die Aktuarius van die Algemene Sinode het aangedui dat die Kerkorde nie voorsiening maak dat 'n kerkraad kerkverband opskort nie. Die kerkregtelike hantering van hierdie sake word verder behandel in die verslag van die Sinodale Regskommissie.

Die gesprekke met kerkrade het soos volg verloop. In Mei 2024 was die Dagbestuur in gesprek met lede van die kerkraad van die NG Gemeente Sunwardpark — 'n positiewe en opbouende gesprek. In Junie 2025 is dit opgevolg met 'n verdere gesprek met die predikante en verteenwoordigers van daardie kerkraad, en daarna met 'n brief aan die kerkraad en die Ringskommissie.

In dieselfde maand het die Dagbestuur ook met die kerkrade van die NG Gemeentes Eendracht, Evander en Secunda-Goedehoop in gesprek getree.

*'n Gesprek met die kerkraad van die NG Gemeente Brakpan-Noord is verskeie kere probeer reël, maar dit kon nie realiseer nie.*

### 4.3 Die verhouding met die VGKSA

Om die verhouding met die VGKSA te verdiep, was van die begin af een van die SDK se doelstellings. 'n Gesprek het in Oktober 2023 by die Sinodale Kantoor plaasgevind tussen verteenwoordigers van die SDK en van die VGKSA se Suidelike Sinode. Dit was

’n goeie ontmoeting.

Die breër byeenkoms tussen die SDK, verteenwoordigers van die Ringe en die VGKSA se plaaslike sinode, wat daarop moes volg, is verskeie kere beplan, maar dit was elke keer moeilik om ’n datum te vind wat vir albei kante werk. Ons kon dit ongelukkig nie binne hierdie termyn laat realiseer nie. Dit bly ’n belangrike doelstelling wat in die volgende termyn aandag verg.

### 4.4 Ringe en gemeentes

Verskeie Ringe het in die termyn kleiner geword en na groter samewerking begin soek. Die Ringe van Birchleigh en Kemptonpark het reeds saamgewerk en ander Ringe verkeer in soortgelyke omstandighede. Die SDK het geoordeel dat samewerking kan voortgaan, terwyl elke Ring afsonderlik besluit of daar kombinasie moet plaasvind.

Die Sinode van 2022 het bepaal dat die SDK die samesmelting van die Ringe van Kemptonpark en Birchleigh kon goedkeur sodra albei Ringe gereed was. Albei Ringe het in 2026 besluit om voortaan as een ring saam te funksioneer. Omdat die groepering van gemeentes tot Ringe deur die Sinode bepaal word, word die nuwe ringsindeling vir bevestiging aan hierdie Sinode voorgelê.

Die SDK het ook aandag gegee aan die oorgange in gemeentes waar predikante emeriteer. ’n Beduidende aantal predikante in die sinodale gebied bereik in hierdie en die volgende termyn aftree-ouderdom, en dit is belangrik dat gemeentes begelei word om daardie oorgange goed te bestuur. Die plek en aanwending van diensleraars het eweneens aandag gekry, en dit is in die toerusting van Ringskommissies ingewerk.

### 4.5 Gemeentebegeleiding en fasilitering

Die SDK het van die begin af geoordeel dat nuwe mense toegerus moet word om fasilitering in gemeentes te doen. In Augustus 2023 het drie lede van die SDK die gemeentefasiliteringsopleiding in Bloemfontein bygewoon, met die oog daarop om ’n span saam te stel uit hulle, uit die Diensgroep Brugbediening, en uit persone wat vroeër as fasiliteerders gewerk het.

Met die bedanking van twee van daardie leraars uit die SDK, en met die voorsitter se oorskuif na die voorsitterskap, het hierdie inisiatief momentum verloor. Dit bly egter een van die drie strategiese prioriteite waarop die Sinode in 2022 besluit het, en die behoefte daaraan het nie afgeneem nie. Die SDK dra dit met ’n aanbeveling aan hierdie Sinode oor sodat dit in die volgende termyn opgeneem kan word.

### 4.6 Hulp in tyd van nood

Ná die brand in ’n gebou in Marshalltown, Johannesburg, in September 2023, het die Dagbestuur die reëling oor die sinode se Rampfonds uitgebrei sodat dit ook vir sulke gevalle aangewend kan word, en R25 000 aan MES beskikbaar gestel vir hulp aan die mense wat deur die brand geraak is. MES het reeds oor daardie naweek huisvesting aan ongeveer vyftig mense verskaf. Gemeentes en individue kon ook tot die fonds bydra.

## 5. Ons plek in die breër kerkverband

Die Sinode Hoëveld is deel van 'n groter geheel, en daarom is ons predikante ook betrokke by die werksaamhede van die Algemene Sinode.

### 5.1 Die Algemene Sinode en die ASM

Die Algemene Sinode het van 15 tot 20 Oktober 2023 by Birchwood, Boksburg, vergader. Die Sinode Hoëveld was verteenwoordig deur sewentien predikante en sewentien kerkraadslede met sekundi. Die Dagbestuur het voor die tyd 'n gesprek met die afgevaardigdes gereël sodat hulle mekaar kon ontmoet en die agenda saam kon

verken.

Die Sinode wys vyf verteenwoordigers aan wat op die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) dien. In September 2024 is die afvaardiging soos volg vasgestel: dr. Tom Smith, ds. Jeanine Stoffberg, ds. Hannes Windell, ds. Yolandi Kok en ds. Waldo Niemandt, met ds. Michelle van Tonder en oudl. Alta Visser as sekundi. Ná die bedankings van ds. Kok en ds. Niemandt het ds. Van Tonder en oudl. Visser primarii geword.

Die voorsitter van die SDK dien ampshalwe op die Dagbestuur van die ASM en is ampshalwe lid van die Sinodale Ouditkomitee. Dr. Johan Botha het hierdie rol tot Augustus 2024 vervul, waarna dr. Tom Smith dit oorgeneem het. Dit beteken dat die Sinode Hoëveld deurlopend teenwoordig was waar die besluite van die breër kerkverband voorberei word.

## 5.2 Predikante uit ons sinode in die breër verband

'n Aantal persone uit die Sinode Hoëveld het in hierdie termyn op taakspanne en kommissies van die Algemene Sinode gedien. Ons is dankbaar vir elkeen wat hierdie werk naas 'n volle bediening gedra het:

Algemene Taakspan Regte — ds. Jeanine Stoffberg
Algemene Taakspan Predikantesake — ds. Etienne Pheiffer, ds. Jeanine Stoffbergh en ds. Hannes Windell
Algemene Taakspan Ekumene — ds. Michelle van Tonder
Algemene Taakspan Evangelisasie — ds. Dirk Human
Algemene Taakspan Missionale Diakonaat — ds. Yolandi Kok en ds Phillip Coetzee
Algemene Kuratorium — ds. Hannes Windell en dr. Tom Smith
Algemene Sinode In Pas — dr. Tom Smith
Algemene Taakspan Ekologie — ds. Alida du Plessis
Algemene Taakspan Miga 6:8 — ds. Rudi Swanepoel en ds. Schalk van Heerden
Algemene Taakspan Fondse en Bates — dr. Pieter Kruger en oudl. Thoben Koorts
Algemene Sinode Ouditkomitee — dr. Pieter Kruger
Algemene Taakspan Leer en Aktuele sake — ds. Henk Kotze
Algemene Taakspan VBO — dr. Tom Smith.

Die Sinode word ook verteenwoordig op die Kuratoria en Proponentskommissies van die teologiese fakulteite. Dr. André Bartlett, ds. Deon Louw, dr. Hannes Reinecke en dr. Tom Smith het op die Proponentskommissie van die Kuratorium by die Universiteit van Pretoria gedien. Dr. Jannie Theron, met ds. Jeanine Stoffberg as sekundus, het gedien by die Kuratorium en Proponentskommissie van die Universiteit van die Vrystaat. Ds. Hannes Windell was betrokke by die Kuratorium en Proponentskommissie van die Universiteit van Stellenbosch. Vakatures in hierdie liggame het in die termyn ontstaan, toe persone verhuis het en of weens siekte onttrek het. So is ds. Jaco de Witt op die Kuratorium en die Proponentskommissie by die Universiteit van Pretoria. Dr. Smith en ds. Windell het in Mei 2025 die Algemene Kuratorium se vergadering by eMseni bygewoon.

In die ekumeniese verband dien dr. Marius Gertzen namens die Sinode by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se Gauteng-streek, waar hy in 2024 as tweede ondervoorsitter verkies is. Dit is 'n posisie van betekenis, en dit hou die NG Kerk se stem in daardie gesprek.

## 5.3 Die Gesamentlike Sinodale Kommissie

Die SDK het deur die termyn kontak behou met die Noordelike Sinode, Sinode Goudland en die Oostelike Sinode deur die Gesamentlike Sinodale Kommissie. Twee ontmoetings in 2023 het gehelp om te sien hoe die ander sinodes hul werksaamhede organiseer, en

dit het duidelik geword dat die sinodes met vrug meer met mekaar kan saamwerk.
Die Willie Theron-gebou, wat aan die NG Kerk van Transvaal behoort het, is in 2024 formeel aan die VGKSA geskenk. Dit het uitvoering gegee aan 'n reëling wat reeds lank in die praktyk bestaan het. Die Gesamentlike Sinodale Kommissie is egter steeds besig om die oorblywende sake af te handel.

Die SDK se betrokkenheid by die breër kerkverband was egter nie net 'n saak van verteenwoordiging nie. Die Algemene Sinode se vergadering in Oktober 2023, die daaropvolgende Herderlike Brief en die ASM-kommunikasie van Februarie 2024 het gesprekke oor roeping, 'n missionale kerkorde, die kerkverband en die pastorale hantering van moeilike verskille na die sinodes en gemeentes teruggebring. Lede van die Hoëveld het ook aan gesprekke met die Algemene Taakspan Regte deelgeneem. Hierdie betrokkenheid het die SDK gehelp om die gesprekke in die breër kerkverband nie bloot as besluite van buite te ontvang nie, maar dit binne die Hoëveld se eie roeping en verhoudings te help verwerk.

## 6. 'n Aanbeveling: 'n SDK wat al die ringe verteenwoordig

Een van die duidelikste lyne deur hierdie termyn is die beweging nader aan die Ringe: die gesprekke met die Ringskommissies, die toerusting, die padberade, die besoeke aan ringsittings en die Ringsleiersforum. Uit daardie werk kom 'n vraag na vore wat die SDK graag aan hierdie Sinode wil voorlê.

Die SDK word tans saamgestel uit die moderamen, die portefeuljeleiers en drie kerkraadslede. Hierdie samestelling verseker dat die werk gedoen word, maar dit verseker nie dat elke Ring 'n stem om die tafel het nie. In die praktyk was daar deur hierdie termyn Ringe wat glad nie op die SDK verteenwoordig was nie.

Die SDK het hierdie saak op 15 September 2026 bespreek en in beginsel goedgekeur dat aan die Sinode voorgelê word dat die SDK uitgebrei word met lede uit die Ringe wat nie verteenwoordig is nie. Die gedagte werk soos volg:

i. Die Sinode verkies eers soos gewoonlik die moderatuur – die moderator (voorsitter), die assessor ( ondervoorsitter), die skriba en die aktuarius – en wys die portefeuljeleiers en die drie kerkraadslede aan.
ii. Daarna word vasgestel watter Ringe nie deur hierdie aanwysings verteenwoordig word nie.
iii. Elkeen van daardie Ringe kry die geleentheid om 'n verteenwoordiger op die SDK te nomineer. Die Ring besluit self wie dit is, en kan die nominasie jaarliks hersien, sodat die geleentheid binne die Ring kan roteer en by die Ring se eie omstandighede kan pas.

So 'n uitbreiding sou beteken dat elke Ring in die Sinode Hoëveld 'n stem by die SDK se tafel het, en dat die kommunikasie tussen die sinode en die Ringe nie van 'n paar mense afhang nie. Dit bou voort op presies dit wat in hierdie termyn die beste gewerk het.

Die voorgestelde uitbreiding is daarop gerig om Ringe wat nie deur die moderamen, die portefeuljeleiers of die kerkraadslede verteenwoordig word nie, ook by die SDK se werk te betrek. Hierdie lede sal volle stemreg hê. Elke sodanige Ring nomineer self sy verteenwoordiger en kan die nominasie jaarliks hersien. 'n Verandering van hierdie aard vereis 'n wysiging van die bepalings oor die SDK se samestelling; dit word in die verslag van die Sinodale Regskommissie hanteer.

Die SDK het die Dagbestuur versoek om die voorstel vir hierdie Sinode te formuleer, en dien die Sinode met 'n aanbeveling hieronder.

## 7. DIE SINODALE KANTOOR

Die Sinodale Kantoor bly die ruggraat van die sinode se werksaamhede. Die SDK wil sy waardering uitspreek vir die diens wat ds. Hannes Windell as Kantoorbestuurder gelewer het, en vir die stabiliteit wat dit deur 'n termyn van baie verandering gebring het.

Die SDK het reeds in 2024 begin beplan vir die oorgang na 'n nuwe Kantoorbestuurder. Ds. Windell se ooreenkoms is verleng sodat daar behoorlik voorberei kon word, met die uitdruklike doel dat institusionele kennis oorgedra word eerder as verlore gaan.

Dr. Pieter Kruger is aangestel as die nuwe Kantoorbestuurder. Daar is 'n oorgangstydperk vanaf 1 Oktober 2026 tot einde Desember 2026 waarin dr. Kruger en ds. Windell saam sal werk. Die SDK gaan ook met 'n konsultant saamwerk om die kantoor se funksionering te belyn, sodat die nuwe bedeling op 'n stewige grondslag begin.

Die aanstelling van 'n kommunikasiebeampte is deur die termyn bespreek. Die saak staan tans oor totdat die ondersoek na die personeelsituasie afgehandel is. Gegewe dat kommunikasie een van die drie strategiese prioriteite is, dien die SDK hierdie Sinode met 'n aanbeveling daaroor.

## 8. Organisasies waarby die Sinode betrokke is

### 8.1 Sinode Hoëveld Properties (Pty) Ltd en Achterbergh Oase (Pty) Ltd

Een van die betekenisvolste stappe van hierdie termyn was die herstrukturering van die sinode se eiendomsbelange.

Die Direksie van Achterbergh Oase (Pty) Ltd het in 2023 aangedui dat die perseel aansienlike herstelwerk nodig het. Ná gesprekke met die Ouditkomitee, die sinode se ouditeure en die Direksie van Achterbergh Oase (Pty) Ltd het die SDK besluit om 'n eiendomsmaatskappy te stig en die Achterbergh-eiendom daaraan oor te dra. Die Direksie is deel van die gesprek en besluitneming oor hierdie proses. Sinode Hoëveld Properties (Pty) Ltd is in Desember 2023 geregistreer en die oordrag is in 2024 afgehandel.

Die belangrike punt is dat die Sinode nie eienaarskap prysgegee het nie — die Sinode is die aandeelhouer van die maatskappy. Die struktuur bring die sinode se eiendom op 'n gesonde besigheidsgrondslag, met behoorlike direksietoesig, terwyl die waarde daarvan by die kerk bly. Dit is 'n wins vir die sinode en vir die geslagte wat na ons kom. 'n Afsonderlike verslag oor die maatskappy word tydens die Sinode gelewer.

### 8.2 Tutela

Tutela het 'n moeilike termyn gehad. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het in 2023 'n beduidende besnoeiing van subsidies aan nie-regeringsorganisasies aangekondig, wat ingrypende gevolge vir Tutela en sy takke sou hê. Tutela het in 2026 by die SDK om oorbruggingskapitaal aansoek gedoen; dit was uiteindelik nie nodig nie, omdat 'n ooreenkoms oor subsidie gesluit is en die Departement betalings gemaak het. Dit is 'n voorreg om te sien hoe Tutela in hierdie omstandighede voortgaan om maatskaplike diens te lewer en te innoveer in hierdie tye. 'n Afsonderlike verslag word in die agenda opgeneem. (Bylaag 4.1)

### 8.3 Abraham Kriel Bambanani

Die SDK het deur die termyn goeie kontak met die Direksie van Abraham Kriel Bambanani behou. Die Dagbestuur, saam met Tutela, het in Julie 2026 met verteenwoordigers van die organisasie gesprek gevoer. Hierdie gesprek het deel gevorm van 'n goeie en konstruktiewe gesprek met Tutela en Pro Ekklesia oor moontlike samewerking en die wyse waarop die verskillende vennote mekaar in diens van die kerk se roeping kan ondersteun.

**8.4 Effata en die bediening aan Dowes**

In die verslag van Sinodale Hulpbronne word verwys na die Effata Ondersteuningspan. Ds. Jaco van Wyk se verslag is aangeheg as Bylaag 4.2.

**8.5 Studentebediening**

Die Sinode van 2022 het die SDK versoek om ’n taakspan vir studentebediening saam te stel. Die SDK het daarom besluit om die bediening aan te hou ondersteun, onder meer deur die ondersteuning van die Melville Ekhaya-studentebediening en die Echo-huis. Die bediening het in die loop van die termyn ontwikkel tot ’n belangrike ruimte waarin die Sinode se strategiese prioriteite rondom jongmense, dissipelskap en missionale gemeentewees konkreet gestalte kry. ’n Afsonderlike verslag (Bylaag 4.3) oor die bediening is ingevoeg.

Die verhaal van die SDK kan nie losgemaak word van die mense wat die portefeuljes gedra het nie. Sommige leiers het die volle termyn gedien; ander het later oorgeneem en moes werk voortsit wat reeds begin is.

Die portefeuljeverslae wat volg, vertel daarom nie net wat elke huidige leier self gedoen het nie, maar ook wat gedurende die volle termyn in die betrokke werkveld gebeur het. Ons lees hierdie verslae met waardering vir die mense wat die werk begin het, vir diegene wat dit voortgesit het, en vir die gemeentes en Ringe wat saam daaraan vorm gegee het.

**9. Verslae van die Portefeuljes**

Elke portefeuljeleier vertel hieronder wat in die portefeulje gebeur het sedert Oktober 2022. Waar ’n portefeulje in die loop van die termyn van leier verwissel het, word die volle termyn wel gedek.

**9.1 Ekumene en Kerkverband**

*Ds. Michelle van Tonder. Vorige leier: dr. André Bartlett.*

Die Portefeulje hanteer die verhouding met die VGK, verteenwoordiging by die SARK, die hervitalisering van Ringe en gesprekke met Ringskommissies.
Kyk na Bylaag 4.4 (Verslag) en 4.5 (Teologie vir Ekumene).

**9.2 Gemeenskapsbetrokkenheid en Diensgetuienis**

*Ds. Schalk van Heerden. Vorige leier: ds. Yolandi Kok.*

Werksaamhede en instansies wat in die Portefeulje se diensterrein tuishoort is Tutela, Abraham Kriel Bambanani, MES, die 16 Dae van Aktivisme en die reeks gesprekke oor hoop.
Kyk na Bylaag 4.6.

**9.3 Jeug- en Gesinsbediening**

*Ds. Vanessa Bouwer. Vorige leiers: ds. Waldo Niemandt en ds. Izak du Toit.*

Die Portefeulje se fokus is ondersteuning aan gemeentes ten opsigte van Jeug- en gesinsbediening. In die termyn is daar onder andere Kinderkonferensies gereël. Vir 'n terugskou en die droom oor die bediening kyk na Bylaag 4.7.

**9.4 Lidmaat- en Leierstoerusting**

*Ds. Natalia Strydom. Vorige leier: ds. Rudi Swanepoel.*

Die Portefeulje se fokus was op kerkraads- en leierstoerusting en die begeleiding van

gemeentes deur oorgang. Meer inligting is in Bylaag 4.8.

**9.5 Predikantetoerusting en -versorging**
*Ds. Etienne Pheiffer.*

Die Portefeulje wat fokus op die toerusting en versorging van Predikante gee 'n kykie in sy werksaamhede in Bylaag 4.9.

**9.6 Sinodale Hulpbronnebestuur**
*Dr. Pieter Kruger.*

’n Afsonderlike verslag oor Sinodale Hulpbronne word in die agenda opgeneem.

**10. Ander verslae**

10.1 Ouditkomiteeverslag (Bylaag 4.10)
10.2 Geouditeerde finansiële state 2025–2026 (Bylaag 4.11)
10.3 Die volgende verslae word elders in die agenda opgeneem: Abraham Kriel Bambanani; Sinode Hoëveld Properties (Pty) Ltd.; Sinodale Hulpbronnebestuur; die Sinodale Regskommissie; en die verslae van die Kuratoria.

**11. Verslag van die Skriba en Kantoorbestuurder**

Die bekwame en deeglike werk van die Notulespan tydens die Sinode van 2022 het dit vir die verkose skriba makliker gemaak om die notule (Handelinge) van die Sinode 2022 af te handel. Na die goedkeuring deur die SDK is die Handelinge aan gemeentes uitgestuur.
Die Sinode se besluit dat die Agenda voortaan nie in gedrukte formaat aan afgevaardigdes verskaf sal word nie, het ook implikasies vir die verskaffing van die Handelinge aan gemeentes en afgevaardigdes. Dit beperk die toeganklikheid tot die Handelinge vir kerkkantore en gemeentes. Hieroor moet verder besin word.

Na afloop van die Sinode hanteer die Skriba ook die skribaat van die Sinodale Dienskommissie. Die Skriba was opnuut dankbaar vir die mense met wonderlike gawes wat die Here aan die Kerk gee. Die samewerking van die lede van die SDK en onderlinge ondersteuning van mekaar het die termyn maklik gemaak. Die wisseling van personeel in die SDK het nuwe uitdagings en aanpassing gebring. Dit was egter ook opwindend om die nuwe perspektiewe wat nuwe lede gebring het, te verwelkom.
Hoewel aanlynvergaderings allerlei voordele inhou soos 'n vinnige bymekaarkom en makliker besluitneming, het die SDK verkies om meestal in persoon te vergader om verhoudings te bou en vir beter onderlinge kommunikasie.

Die Sinodale Kantoor ondervind dikwels dat kerkrade en ringe nalaat om besluite wat geneem word soos die beroeping, die bevestiging of die emeritaat van leraars en ooreenkomste oor die samewerking of eenwording van gemeentes aan die skriba te kommunikeer. As die inligting vroegtydig aan die Skriba of die Sinodale Kantoor deurgegee word, kan dit prosesse in die Sinodale Kantoor en verslaggewing vergemaklik.

Die Kantoorbestuurder en die Persoonlike Assistent ondersteun meestal Portefeuljeleiers wanneer versoeke in die verband ontvang word. Heelwat Portefeuljeleiers het egter in die afgelope termyn administratiewe verantwoordelikheid vir hul eie portefeuljes geneem. Hoewel dit dikwels vir hulle die prosesse vergemaklik, beskik die Sinodale Kantoor dus slegs tot 'n beperkte mate oor verslae, ander materiaal en notules van die verskillende portefeuljes.
Die Kantoor werk hartlik saam met mnr. André Britz en die personeel van Accounting Services wat as onafhanklike kontrakteur die werk van 'n finansiële beampte doen. Besondere dank aan hom en sy span.

Die Kantoor ontvang en hanteer navrae oor verskillende sake en sover moontlik word met die beskikbare bronne en kennis antwoorde en advies gegee. Navrae onder andere oor die Pensioenfonds en Mediese Fonds kan slegs tot op 'n sekere vlak hanteer word en word dikwels na die verantwoordelike persone by die instansies verwys.
Hoewel hier nie aan al die aspekte van die werksaamhede van die Sinodale Kantoor aandag gegee kan word nie, wil ek tog vermeld dat die proses om aansoek te doen om predikante as huweliksbevestigers aan te stel baie uitdagings aan die personeel stel. Hoewel ons Kantoor gereeld met die betrokke kantoor van Binnelandse Sake opvolg, is dit 'n baie tydsame proses om sodanige registrasies deur te voer. Dit is egter nie net 'n saak wat in ons streek uitdagend is nie en daarom het verteenwoordigers van die Algemene Sinode ook die saak met Binnelandse Sake opgeneem.

Kontak met ds. Paul Grobler (Noordelike Sinode), ds. Rehan Rheeder (Noordelike Sinode), ds. Francois Retief (Oostelike Sinode tot 2024), dr. Johan Botha (Oostelike Sinode) en ds. Anton Mieny (Goudland Sinode) oor sake van gemeenskaplike belang in die noordelike gebied (vroeër Transvaal-provinsie) was baie waardevol. Hoewel daar baie ooreenkomste tussen die werk van persone in rolle soortgelyk aan die Kantoorbestuurder is, is elkeen se konteks uniek. Hierbenewens het die Algemene Sinode ook die laaste paar jaar geleenthede geskep vir die saamkoms van saakgelastigdes en skribas van die verskillende sinode. Nie net word waardevolle verhoudings geskep nie, maar dit kan net lei tot verdere en verbeterde samewerking.

Aan die einde van die termyn, nie net as Skriba nie maar ook as Kantoorbestuurder, droom ek dat die Sinodale Dienskommissie en al die Portefeuljes die gemeentes sal help om op alle vlakke meer diensbaar te wees sodat God se koninkryk in elke gemeenskap waar hulle is, sal kom. Mag die Kantoor en die personeel steeds voortgaan om kerkkantore te ondersteun.

## 12. Aanbevelings

**<u>AANBEVELING 01/SDK/10/2026</u>**
Die Sinode neem kennis van die verslag van die Sinodale Dienskommissie en spreek sy dank uit teenoor almal wat in die termyn in die portefeuljes, kommissies en taakspanne gedien het.

**<u>AANBEVELING 02/SDK/10/2026</u>**
Die Sinode keur die besluite van die Ringe van Kemptonpark en Birchleigh om as een ring saam te funksioneer, goed; bepaal dat die gemeentes wat voorheen deel van die twee Ringe gevorm het, voortaan een ring vorm; bepaal dat die naam van die saamgevoegde ring Die Ring van Kempton Park sal wees; bepaal dat die afgevaardigdes van die saamgevoegde ring tydens die sinodesitting as ringsvergadering byeenkom om die ring te konstitueer en ’n ringskommissie aan te wys; en bepaal dat die geloofsbriewe van die betrokke afgevaardigdes na die Sinode ook vir hierdie ringsvergadering geldig is.

**<u>AANBEVELING 03/SDK/10/2026</u>**
Die Sinode versoek die nuwe SDK om gemeentebegeleiding as ’n strategiese prioriteit op te neem en ’n span fasiliteerders op te bou wat gemeentes kan bystaan, veral met die oog op die oorgange in gemeentes waar predikante emeriteer en gemeentes kleiner word.

**<u>AANBEVELING 04/SDK/10/2026</u>**
Die Sinode versoek die nuwe SDK om die gesprek en samewerking met die VGKSA voort te sit en ’n ontmoeting tussen die SDK, verteenwoordigers van die Ringe en die VGKSA se plaaslike sinode te reël.

**<u>AANBEVELING 05/SDK/10/2026</u>**
Die Sinode versoek die nuwe SDK om die aanstelling van ’n kommunikasiebeampte te oorweeg ten einde die strategiese prioriteit van kommunikasie met gemeentes en Ringe te

ondersteun.
**AANBEVELING 06/SDK/10/2026**
Die Sinode versoek die nuwe SDK om die padberade voort te sit as ’n gereelde ruimte vir gesprek tussen die sinode, die Ringe en gemeentes.

**AANBEVELING 07/SDK/10/2026**
Die Sinode keur in beginsel goed dat die Sinodale Dienskommissie uitgebrei word met verteenwoordigers uit die Ringe wat nie deur die aanwysing van die moderamen, die portefeuljeleiers en die kerkraadslede verteenwoordig word nie; bepaal dat elke sodanige Ring self sy verteenwoordiger nomineer en die nominasie jaarliks kan hersien; bepaal dat hierdie lede volle stemreg het; en versoek die Sinodale Regskommissie om die nodige wysigings aan die bepalings oor die samestelling van die Sinodale Dienskommissie voor te lê.

**AANBEVELING 08/SDK/10/2026**
Die Sinode besluit om die huidige portefeuljestruktuur, soos deur die Sinode van 2022 goedgekeur, te behou met die oog op kontinuïteit in die uitvoering van die Sinode se opdragte en die verdere ontwikkeling van die strategiese prioriteite.

Dr. Tom Smith
Voorsitter: Sinodale Dienskommissie

Ds. Hannes Windell
Skriba: Sinodale Dienskommissie

# BYLAAG 4.1

## VERSLAG VAN TUTELA AAN DIE SINODE HOËVELD

### 1. INLEIDING

Dit is vir Tutela ’n voorreg om aan die Sinode verslag te doen oor die voortgaande werksaamhede van die organisasie, maar ook om opnuut stil te staan by die verhouding tussen Tutela en die kerk waaruit ons ons bestaansreg te danke het.

Tutela is nie bloot ’n organisasie wat toevallig vanuit ’n kerklike tradisie ontstaan het nie. Ons verstaan onsself as die professionele arm van die barmhartigheidsdiens van die kerk, gebore uit die kerk, gevorm deur die kerk en steeds deel van die kerk se roeping om met pastorale barmhartigheid na mense in nood om te sien.

Die kerk se barmhartigheidsdiens het nog altyd ’n geestelike én praktiese dimensie gehad. Die barmhartigheidsdiens is die operasionalisering van die kerk se diakonale roeping om betrokke te wees by nood, insluitende maatskaplike nood, en om dit deur personeel, fondse, dienste, inrigtings en vakkundigheid gestalte te gee.

Hierdie verslag wil daarom nie slegs ’n statistiese verslag van dienste wees nie. Dit wil ook ’n herbesinning oor identiteit, roeping en verhouding wees.

### 2. ONS GESKIEDENIS: GEBORE UIT DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSROEPING

Die verhaal van Tutela begin lank voor die naam Tutela bestaan het.
Die barmhartigheidsbediening van die kerk het oor dekades ontwikkel vanuit die oortuiging dat die kerk nie onverskillig teenoor mense in nood kan staan nie. Die vroeë strukture van die barmhartigheidsdiens het uiteindelik gelei tot die ontwikkeling van meer gespesialiseerde diensorganisasies wat professionele maatskaplike dienste kon lewer.

In die geskiedenis van die Hoëveldse barmhartigheidsbediening het die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (SKDB) ’n koördinerende, inspirerende en organiserende rol vervul. Die Sinode beskryf die SKDB se roeping as die organisering, inspirasie en koördinering van barmhartigheidsdiens binne die kerkverband.

Die Sinode beklemtoon dat Tutela se dienslewering binne ’n breër netwerk van kerklike en nasionale welsynsorganisasies geplaas is, om duplisering te voorkom en groter impak te verseker.

**Belangrikste punte:**

- **Samewerking en netwerkvorming:** Tutela werk saam met strukture soos die **KMDR** en **NAWONGO** om kerklike maatskaplike dienste te koördineer, beleid en wetgewing te beïnvloed en toegang tot nasionale en internasionale befondsing en forums te bevorder.
- **Goeie bestuur:** Dienslewering moet volgens beginsels van volhoubaarheid, duidelike rolle, verantwoordelike leierskap, deursigtigheid en verantwoordbaarheid plaasvind.
- **Rentmeesterskap:** Besture en direkteure het ’n fidusiêre verantwoordelikheid om die organisasies en bates wat aan hulle toevertrou is, verantwoordelik te bestuur.
- **Risiko en nakoming:** Oudit, risikobestuur, interne beheer en voldoening aan wetlike vereistes vorm ’n integrale deel van volhoubare dienslewering.
- **Pro Ekklesia:** Die nutsmaatskappy is deur die Sinode/SKDB geskep om eiendomme en fasiliteite vir sorgbehoewende persone te beveilig en te bestuur, insluitend fasiliteite vir bejaardes.
- **Bejaardesorg:** Die Tuistes vir Bejaardes het vanuit die Ringe ontstaan, maar die omvang daarvan het aanleiding gegee tot groter sinodale toesig en die beveiliging van eiendomme deur Pro Ekklesia.
- **Toesig en aanspreeklikheid:** Direkteure van Pro Ekklesia moet nie net die maatskappy se belange nie, maar ook die volhoubaarheid en risiko’s van die betrokke beheerrade in ag neem en aan die SKDB verslag doen.

**Die kernboodskap vir Tutela/Sinode**

**Kerklike barmhartigheidsdiens is nie bloot dienslewering nie; dit is die kerk se professionele, verantwoordbare en volhoubare uitvoering van haar diakonale roeping.**




Die ontwikkeling van die diensorganisasies het vervolgens plaasgevind omdat sommige vorme van dienslewering eenvoudig te omvangryk en professioneel geword het om deur gemeentes alleen verrig te word. Die Sinode stel dit duidelik dat Tutela en verwante diensorganisasies geskep is om rings- en sinodale barmhartigheidsprojekte te bemagtig om, binne die etos en karakter van die NG Kerk, binne statutêre voorskrifte en in noue samewerking met Ringe, doeltreffende en koste-effektiewe barmhartigheidsdienste te lewer.

Dit is ’n belangrike beginsel. Die ontwikkeling van ’n professionele diensorganisasie het dus nie beteken dat die kerk se barmhartigheidsdiens beëindig is nie. Inteendeel: die professionele diensorganisasie is ontwikkel om die kerk se roeping moontlik te maak in ’n veranderende samelewing waarin maatskaplike dienslewering toenemend gespesialiseerde kennis, professionele registrasie, wetlike nakoming, bestuur en risiko-bestuur vereis het.

Die Sinode beskryf ook hierdie besondere verhouding baie duidelik: kerklike diensorganisasies wat die barmhartigheidsbediening organiseer, is in die eerste instansie kerklike organisasies en hierdie kerklike binding onderskei hulle van ander welsynsorganisasies, selfs ander Christelike welsynsorganisasies.

- Dit is binne hierdie ontwikkeling dat NGBD uiteindelik die naam **Tutela** aangeneem het.

- Die naam het verander. Die strukture het verander. Die wetlike en professionele omgewing het verander. Die behoeftes van die gemeenskap het verander.
- Maar ons roeping het nie verander nie:
  - Om met barmhartigheid, professionaliteit en verantwoordelikheid na mense in nood om te sien.

**3. DIE MANDAAT VAN DIE KERK**

Die Sinode bied 'n besonder belangrike vertrekpunt vir die verstaan van Tutela se plek binne die kerk.

Die Sinode het aangedui dat die SKDB verantwoordelik is om die barmhartigheidsdienste van die kerk te koördineer, te inspireer en te organiseer. Die diensorganisasies moes vervolgens die kerk se barmhartigheidsprojekte en sinodale ondernemings bemagtig om professionele en koste-effektiewe dienste te lewer waar die omvang daarvan nie deur gemeentes alleen hanteer kan word nie.

Die Sinode stel verder Tutela instaat om as diensleweringsorganisasie ondersteuningsdienste te lewer op die gebied van:

- vakkundige ondersteuning;
- bestuurs- en administratiewe ondersteuning;
- professionele supervisie;
- risiko-bestuur;
- professionele maatskaplike dienslewering;
- en ander ondersteuningsdienste wat nodig is om kerklike maatskaplike dienste volhoubaar te lewer.

Die doel was dus nooit bloot om dienste namens die kerk oor te neem nie. Die doel was om die kerk te ondersteun en saam die roeping van heling in die kerkomgewing te bevorder op alle vlakke en self op 'n professionele wyse.

Hierdie beginsel bly vir Tutela belangrik:

- Ons wil nooit wegbeweeg van die kerk nie.
- Ons wil juis opnuut verstaan hoe ons, as professionele diensarm, nader aan die kerk kan beweeg en die kerk se barmhartigheidsroeping in die huidige Suid-Afrikaanse konteks kan ondersteun.

## 4. TUTELA VANDAG

Die wêreld waarin Tutela vandag funksioneer, verskil aansienlik van die wêreld waarin die oorspronklike strukture van die kerklike barmhartigheidsdiens ontwikkel het.
Die behoefte aan professionele maatskaplike dienste het egter nie verdwyn nie, dit het groter en meer kompleks geword.
Tutela se huidige visie is om gemeenskappe van uitnemendheid deur sorg te skep. Ons missie is om as gemeenskapsgebaseerde NPO met ’n groep outonome organisasies en programme voorkomende, intervensie- en nasorgdienste aan mense in materiële, sosiale en geestelike nood te lewer, ongeag ras, geslag of godsdiens. Ons kernwaardes sluit diensbaarheid, deelname, geregtigheid en integriteit in.




**Ons huidige diensmodel bestaan uit vier breë dienspilare:**




### 4.1 Kapasiteitsbou

Tutela ondersteun bestuurstrukture, diensorganisasies, personeel, vrywilligers en gemeenskapsvennote deur opleiding, mentorskap, bestuursontwikkeling, professionele ontwikkeling, strategiese denke en sosiale innovasie.

Gedurende die verslagjaar is onder meer opleiding in Trauma en Veerkragtigheid, die Kinderwet, kind-versorger-verhoudings, sosiale innovasie, kommunikasie in maatskaplike werk, aanneming en

ander terreine aangebied. Altesaam 138 nuwe vaardighede is deur die verskillende opleidingsaktiwiteite ontwikkel.

Tutela ondersteun ook bestuursrade en vrywilligers met kennis en vaardighede om goeie bestuur, aanspreeklikheid en voldoening te bevorder.

### 4.2 Vroeë intervensie en voorkoming

Die doel van hierdie diens is om probleme so vroeg moontlik aan te spreek, families te versterk en die behoefte aan latere statutêre ingryping te verminder. Programme sluit onder andere in:

- **Kerklike maatskaplike dienste**
- **Skoolmaatskaplike werk**;
- Kinderbeskerming en bewusmaking;
- Aanlynveiligheid;
- Boeliegedrag;
- Substansmisbruik;
- Gesinsgeweld;
- Ouerleiding;
- “Protective behaviours”;
- Trauma en veerkragtigheid;
- Gemeenskapsontwikkeling;
- Armoedeverligting.

Ons lewer hierdie dienste by gemeentes, in skole, in gemeenskappe:

**41 Gemeentes stap reeds saam met ons hierdie pad:**

- deur kerklike maatskaplike dienste aan die gemeente,
- die gemeentes wat saam met ons dienste, projekte en ondersteuning by die skole en gemeenskappe lewer.

**Tutela lewer dienste aan 17 skole. Ons gemeentes se kinders en hulle maats ontvang die vrug van die dienste!**

Gedurende die verslagjaar is onder meer **24 105** kinders in skole bereik en is omvangryke bewusmakings- en gesinsondersteuningsdienste gelewer.

**2710 Nuwe aanmeldings van kinders wat beskerming nodig het**

### 4.3 Professionele maatskaplike dienslewering

Professionele maatskaplike werk vorm die hart van Tutela se dienslewering op ‘n holistiese wyse aan die wat dit die nodigste het en waar min mense wil betree.

Dienste sluit onder andere in bejaardesorg en -beskerming, kinderbeskerming, gesinsbewaring, hereniging, pleegsorg, aanneming, armoedeverligting, geslagsgebaseerde geweld, substansmisbruik, aanneming en alternatiewe sorg. Die dienste word gelewer binne die raamwerk

van toepaslike wetgewing, insluitende die Kinderwet en Wet op Ouer Persone.
Professionele supervisie aan ons maatskaplike werkers is ’n belangrike komponent van hierdie diens. Gedurende die jaar is onder meer 350 supervisiesessies aangeteken.

### 4.4 Employee Agility Program

**1437 Older person cared for in our elderly care facilities.**

Tutela erken dat diegene wat vir ander sorg, self ondersteuning nodig het.
Die Employee Agility Program fokus daarom op interne en eksterne werknemerwelstand, ondersteuning van maatskaplike diensprofessionele en die ontwikkeling van volhoubare ondersteuningstrukture.

Gedurende die verslagjaar is **196** personeel bemagtig deur opleiding en ondersteunings dienste.

## 5. DIE OMVANG VAN TUTELA SE HUIDIGE BEDIENING

- Tutela se huidige diensstruktuur sluit die provinsiale kantoor, 11 Gesinsorg kantore, 2 Kinder en Jeugsorgsentrums en 7 fasiliteite vir ouer persone in. Tutela is by 41 gemeentes en 17 skole aktief betrokke met professionele maatskaplike dienste.
- Gedurende die 2025-2026 verslagjaar is **meer as 61 181 begunstigdes** bereik. Dit sluit kinders, volwassenes, jongmense en ouer persone in.

Die impak van hierdie werk is nie bloot in getalle meetbaar nie. Agter elke getal staan ’n mens:

- ’n kind wat beskerm is;
- ’n gesin wat ondersteuning ontvang het;
- ’n ouer persoon wat met waardigheid versorg is;
- ’n maatskaplike werker wat deur ’n moeilike saak begelei is;
- ’n vrywilliger wat ’n verskil gemaak het;
- ’n gemeente wat ’n hand uitgesteek het;
- en ’n gemeenskap waar hoop weer sigbaar geword het.




## 6. DIE HUIDIGE UITDAGING: ’N NUWE REALITEIT

Tutela staan tans voor ’n belangrike oorgang.
Die vermindering van NPO-subsidies deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bring ’n fundamentele verandering in die organisasie se finansiële realiteit. Tutela het daarom ’n

omkeerstrategie begin om groter langtermyn-onafhanklikheid van staatsbefondsing te ontwikkel.

Hierdie strategie sluit in:

- sosiale innovasie;
- handelsmerkontwikkeling en bemarking;
- diversifikasie van fondsinsameling;
- ontwikkeling van nuwe dienste;
- strategiese vennootskappe;
- en die ontwikkeling van volhoubare inkomstegeleenthede.
- Hierdie verandering skep egter ook ’n geleentheid.

Dit dwing Tutela om weer dieper te vra:

- Wie is ons?
- Waarvoor bestaan ons?
- Wie is ons vennote?
- En hoe kan ons saam met die kerk se barmhartigheidsroeping in die volgende geslagte dien?

## 7. TUTELA DIEN OOK MET NEDERIGHEID

Dit is op hierdie punt dat Tutela ook met nederigheid teenoor die Sinode wil staan.

- Ons wil erken dat daar tye was waarin ons verhouding met van ons gemeentes nie so naby, duidelik of doelbewus was as wat dit behoort te wees nie.
- Daar was tye waarin die praktiese werklikheid van professionele dienslewering, wetlike vereistes, befondsingsdruk en organisatoriese ontwikkeling veroorsaak het dat ons meer vanuit die perspektief van die organisasie as vanuit die perspektief van die kerk se roeping begin dink het.
- Daar was ook tye waarin kommunikasie met sommige gemeentes as onvoldoende ervaar was vanuit ons etiese kode van konfidensialiteit, waar verwagtinge nie duidelik uitgespreek is nie, waar ons nie genoegsaam na mekaar geluister het nie, of waar die afstand tussen kerk en diensorganisasie groter geword het as wat goed was vir die bediening.
- **Vir hierdie oomblikke vra Tutela die Sinode opreg om verskoning.**
- Nie omdat professionaliteit, goeie bestuur of wetlike nakoming verkeerd is nie, dit is noodsaaklik.
- Maar omdat professionaliteit nooit die plek van roeping mag inneem nie.
- Ons wil nie ’n professionele organisasie wees wat toevallig uit die kerk ontstaan het nie.
- Ons wil ’n **professionele kerklike diensarm** wees wat haar professionaliteit gebruik om die kerk se roeping beter te dien.

- Ons vra daarom verskoning vir enige oomblik waarin ons optrede of kommunikasie die indruk kon skep dat Tutela van die kerk af wegbeweeg het.

## 8. ’N HERNUDE VERBINTENIS AAN DIE KERK

Tutela wil vandag nie slegs terugkyk nie. Ons wil vorentoe kyk. Ons wil die verhouding tussen die Sinode, Ringe, gemeentes en Tutela opnuut verstewig, nie noodwendig deur eenvoudig die strukture van die verlede te probeer herhaal nie, maar deur die beginsels van die oorspronklike verhouding nuut te vertaal vir die kerk en samelewing van vandag.

Dit is duidelik dat die kerklike diensorganisasie haar diens binne die etos en karakter van die NG Kerk en *in* noue samewerking *met* die kerk se strukture lewer. Ons wil daarom:

1. **meer doelbewus met die Sinode kommunikeer** oor Tutela se identiteit, strategie en uitdagings; ons wil graag saam droom en ons gesamentlike visie herontdek en versterk.
2. **meer doelbewus met Ringe en gemeentes saamwerk** rondom plaaslike behoeftes en barmhartigheidsprojekte;
3. **gemeentes toerus** waar die behoefte bestaan, om op hulle eie vlak sterker barmhartigheidsbedieninge te ontwikkel;
4. **ons professionele kundigheid beskikbaar stel** waar gemeentes en Ringe dit benodig;
5. **saam met die kerk nuwe projekte ontwikkel** rondom kinders, gesinne, jongmense, ouer persone en gemeenskappe;
6. **opleiding en kapasiteitsbou** gebruik om die kerk se barmhartigheidsdiens te versterk;
7. **meer gereeld terugvoer te gee** oor die impak van die kerk se betrokkenheid by Tutela;
8. en saam te ondersoek hoe die kerk en Tutela in ’n veranderende Suid-Afrika **nuwe vorme van barmhartigheidsdiens** kan ontwikkel.

Ons wil nie die vraag vra:

“Wat kan die kerk vir Tutela doen?”

nie.

Ons wil saam die vraag vra:

**“Wat vra God in hierdie tyd van Sy kerk, en hoe kan ons saam aan daardie roeping gestalte te gee?”**

## 9. VENNOOT, EIENAAR OF EEN?

Tutela wil ook doelbewus ’n belangrike verskuiwing in ons eie denke maak.

- Die kerk is vir Tutela nie slegs 'n finansiële ondersteuner, 'n historiese eienaar of 'n belanghebbende nie.
- **Die kerk is Tutela en Tutela is die kerk.**

En daarom wil Tutela ook sê:

**"Ons wil saam omgee."**

## 10. ONS DANK AAN DIE HOËVELD SINODE

Tutela wil op hierdie geleentheid opreg dankie sê:

- Dankie aan die Sinode Hoëveld.
- Dankie aan die Ringe.
- Dankie aan die gemeentes.
- Dankie aan predikante, ouderlinge en diakens.
- Dankie aan lidmate.
- Dankie aan almal wat oor baie jare gebid, gegee, gebou, bestuur, gedien en saamgestap het.
- Dankie vir geboue en fasiliteite.
- Dankie vir finansiële ondersteuning.
- Dankie vir mense wat op bestuursrade dien.
- Dankie vir mense wat kos, klere, komberse, fondse, tyd en kundigheid gee.
- Dankie vir gemeentes wat steeds hulle deure oopmaak vir Tutela.
- Dankie aan diegene wat dalk nie altyd saamgestem het nie, maar steeds in gesprek gebly het.
- Dankie vir die feit dat Tutela vandag steeds bestaan en steeds diens kan lewer.

Die jaarverslag van Tutela sê dat meer as **61 181** mense gedurende die verslagjaar deur Tutela se dienste bereik is. Daardie getal behoort nie aan Tutela nie.

**Dit vertel ook die verhaal van 'n kerk wat oor baie dekades geweier het om weg te kyk van mense in nood.**

## 11. 'N NUWE SEISOEN VAN SAMEWERKING

Tutela en die kerk het 'n opwindende toekoms:

- God is reeds daar.
- Die samelewing verander.
- Die kerk verander.
- Die welsynsektor verander.
- Befondsingsmodelle verander.



- Wetgewing verander.
- Die behoeftes van mense verander.

Daarom moet ons ook "*reformeer*" (innoverende verandering na waar God is).

- Maar verandering beteken nie dat ons ons identiteit verloor nie.
  **Inteendeel.**
- Dit kan beteken dat ons weer ontdek waarom ons bestaan.
- Ons glo dat die antwoord nie noodwendig daarin lê om Tutela groter te maak nie.
- Die antwoord kan wees om Tutela meer doelgerig te maak.
- Meer kerklik waar dit behoort te wees.
- Meer professioneel waar dit nodig is.
- Meer verbind met gemeentes.
- Meer relevant tot die behoeftes van gemeenskappe.
- Meer volhoubaar.
- Meer innoverend.
- En steeds, deur alles heen, meer gefokus op elke mens wat God voor ons plaas, elkeen wat God na Sy beeld geskape het.

## 12. VOORGESTELDE NUWE SAMEWERKINGSRAAMWERK

Tutela sien uit om saam met die Sinode en gemeentes te bly gesels oor 'n praktiese samewerkingsraamwerk. Hierdie gesprek kan onder andere fokus op:

### 12.1 Kerklike barmhartigheidsdiens

- Wat beteken barmhartigheidsdiens vandag vir 'n gemeente, Ring, Sinode en professionele diensorganisasie?

### 12.2 Gemeentelike bemagtiging

- Hoe kan Tutela gemeentes help om weer sterker toegerus te wees vir barmhartigheidsdiens?

### 12.3 Professionele ondersteuning

- Waar het gemeentes en Ringe toegang nodig tot maatskaplike werk, opleiding, supervisie, bestuur, risiko-bestuur en ander kundigheid?

### 12.4 Gesamentlike projekte

Watter nuwe projekte kan saam ontwikkel word rondom:



- kinders en jeug;
- gesinne;
- ouer persone;
- armoede;
- substansmisbruik;
- gesinsgeweld;
- geestesgesondheid en veerkragtigheid;
- beskerming teen mishandeling;
- gemeenskapsontwikkeling;
- en werknemerwelstand?

**12.5 Kommunikasie**

- Hoe kan Tutela gereeld en doelbewus aan die Sinode en Ringe verslag doen oor die impak van die kerk se betrokkenheid?

**12.6 Volhoubaarheid**

- Hoe kan kerk en Tutela saam nuwe finansiële en sosiale ondernemings ontwikkel wat die langtermyn-barmhartigheidsdiens ondersteun?

## 13. TUTELA SE VERBINTENIS

Tutela verbind haar daartoe om in die nuwe seisoen:



- Nader te luister.
- Meer gereeld te kommunikeer.
- Meer doelbewus saam te werk.
- Ons professionele kundigheid te deel.
- Die kerk se identiteit en roeping te respekteer.
- Wetlike en professionele standaarde te handhaaf.
- Deursigtig en verantwoordbaar te wees.
- Nuwe oplossings te ontwikkel.
- En altyd die mens in nood in die middel van ons diens te hou.

Ons wil hê dat wanneer ’n gemeente aan Tutela dink, die eerste gedagte sal wees:

**“Dit is een van die maniere waarop die kerk vandag professioneel gestalte gee aan haar roeping van barmhartigheid.”**

## 14. SLOT

Tutela is **ineengeweef** met die kerk se barmhartigheid.

- Ons het oor dekades innoverend verander (gereformeer).
- Ons naam het verander.
- Ons strukture het verander.
- Ons diensmodelle het verander.
- Ons professionele verantwoordelikhede het verander.
- Maar ons rede vir bestaan, het nie verander nie:
  - **om hoop te bring waar daar nood is;**
  - **om waardigheid te beskerm waar mense kwesbaar is;**
  - **om families te versterk waar hulle gebroke is;**
  - **om kinders te beskerm;**
  - **om ouer persone met waardigheid te versorg; en**
  - **om die kerk se barmhartigheid sigbaar te maak in ’n gebroke wêreld.**

Tutela staan daarom vandag met nederigheid, maar ook met hoop, voor die Sinode Hoëveld. Ons sê:

- **Ons is gebore uit die kerk.**
- **Ons is gevorm deur die kerk.**
- **Ons is steeds deel van die kerk se barmhartigheidsroeping.**
- En ons wil, met die hulp van die Here, **saam met die kerk ’n nuwe hoofstuk skryf.**
- Nie terug na presies wat was nie.
- Maar vorentoe, met die wysheid van ons geskiedenis, die professionaliteit van vandag en die geloof dat God ons ook vir die toekoms toerus.

***DIE EER BEHOORT AAN GOD.***

***Tutela*** OMGEE BRING HOOP

**BYLAAG 4.2**

# *Nederduits Gereformeerde Gemeente Effata-vir-Dowes*

**25 September 2026**

**Verslag van Effata-vir-Dowes**
**Hoëveld Sinode 2026**

Eerstens wil ek die Here dank vir hierdie besondere geleentheid om die gemeente se welstand aan die Sinode Hoëveld te beskryf. Dit vir my ŉ wonderlike voorreg om die Here te kan dien met my hande en hart. Ek kan met opregtheid getuig van die Here se teenwoordigheid die afgelope jare in ons wydverspreide gemeente. Hy, as Koning van ons Kerk, het Sy absolute onvoorwaardelike liefde vir dowes getoon. Ek dank ook die Here vir Sy wonderlike seëninge die afgelope tyd ten spyte van baie uitdagings. Tweedens wil ek die Ring van Kemptonpark en Sinode Hoëveld dank vir hulle hulp en ondersteuning die afgelope jare. Verder dank ek die Here vir die voorreg om reeds 14 jaar (15 Januarie 2026) in diens van die gemeente te wees. Dit is my voorneme om vir die komende jare steeds die dowes nog met God se liefde te bedien.

**Geestelike stand van die gemeente**

Die geestelike stand van die gemeente Effata-vir-Dowes is baie dieselfde as die vorige jare – baie lidmate word ouer, sterf af en trek weg. Kerkbywoning en kontaktyd is baie beperk omdat ons slegs eenmaal ŉ maand bymekaar kom. Ons eie lidmaatgetalle het bietjie afgeneem, maar daar is baie meer dowes, wat nie lidmate is nie, wat gereeld die dienste bywoon of volg. Potchefstroom se getalle het definitief gegroei. Bywoning was gewoonlik tussen 5–15 maar die afgelope tyd was ons meer as 30. Mense is honger vir Jesus se liefde.

Alhoewel Vanderbijlpark ook ŉ paar mense bygekry het, is daar ŉ uitdaging. Die omgewing waar ek diens hou het baie agteruitgegaan en ondervind gereeld kragonderbrekings. Ek het vir myself ŉ 500W-inverter aangekoop om my te help met kragvoorsiening. Die inverter is net genoeg vir my skootrekenaar en dataprojektor, wat benodig word om my preke visueel aan te bied. Dit is nodig aangesien dowes nie sonder visuele materiaal kan klaarkom nie. Vir elke erediens word tweetalige visuele materiaal voorberei (vir Vanderbijlpark, Potchefstroom en die Thembilami Care Centre, ŉ Max Ordman Association-tehuis vir dowe bejaardes te Lombardy-Oos). Ek preek op hierdie punte in Afrikaans en SASL (South African Sign Language) vir die Engelssprekende dowes. Vir nou is daar ongelukkig nog baie dialekte in gebaretaal. Die huidige goedgekeurde gebaretaal (SASL) is amptelik ŉ 12de taal.

Baie dinge het verander die afgelope jare. Met hartseer kan ek noem dat die wit, Afrikaanssprekende dowes ouer en minder word. Daar is ook verskonings en klagtes (brandstof of munisipale probleme) waarom hulle nie die kerk bywoon nie. Maar, tog sal hulle opdaag vir ŉ verjaarsdagpartytjie wat kilometers ver is en die dag daar deurbring.

Ek probeer om hierdie dowes nog te akkommodeer deur kort geestelike boodskappies aan hulle te stuur. Ons Facebook (Effata vir Dowes) en Whatsapp Broadcast-groep se "luisteraars/kykers" word meer (210 Afrikaanse dowes en 90 Engelse dowes). Sommige mense vra my soms laat op ŉ Sondag of die boodskap nog op pad is. Dit wys vir my dat hulle belangstel om na die dienste te kyk of "luister".

Ons beskik ook oor TikTok (Persoonlike blad). Met die video-bediening stuur ek kort, 3-minute geestelike boodskappe uit op Dinsdae en Donderdae. Boodskappe word afsonderlik in Afrikaans en

in Engels (SASL) opgeneem. Ek kry nogals baie terugvoering van die dowes asook horende mense. Antwoorde op vrae en oordenkings word ook gestuur.

Daar is nie gemeentes is vir dowes in die Vrystaat, Limpopo, Noord-Wes, Mpumalanga, Noord-Kaap, en Oos-Kaap nie. In die Wes-Kaap is 2 gemeentes in Bellville en Worcester. Wat my bestaande aanlynbediening betref, skakel dowes in die Noord-Kaap, Vrystaat, Durban en dwarsoor Suid-Afrika in – selfs tot in Nieu-Seeland, Engeland en Kanada word dowes bereik met die Evangelie in hulle eie taal.

Die realiteit waarmee ons sit, is dat ons lidmate en nie-lidmate ouer word en minder word. Dowes trek na ouetehuise en 'n paar "verlaat" ons a.g.v. ouderdom of siekte. Ons kry gereeld besoekers wat kom en gaan by die samekomste. Elke Sondag preek ek op verskillende plekke – Effata-vir-Dowes is eintlik maar 'n "kerk op wiele".

Tans is daar nog 4 preekpunte waarvan Potchefstroom een van die grootste groepe is:
- 1ste Sondag – NG Vanderbijlpark-Wes – (4 tot 15 blanke dowes)
- 2de Sondag – NG Grimbeeckpark (Potchefstroom) – (5 tot 30 nie-blanke dowes)
- 2de laaste Sondag – NG Weltevreden (Roodepoort) – (4 tot 10 blanke dowes)
- Laaste Sondag om 9h30 – Thembilami Ouetehuis (Edenvale) (15–25 bejaarde blanke dowes)
- NG Germiston-Oos het weggeval a.g.v. siekte en ouderdom. Die besluit was geneem in daardie groep (4 blanke dowes).

Ek het besef dat daar baie dowes is wat sonder Jesus doodgaan. Bid asb. vir hierdie dowes.

**Planne vir die toekoms**
Die toekoms van Effata is maar onseker. Die gemeente funksioneer meer in die agtergrond van die kerklike omgewing. Die onderskeie groepe waarna verwys is, funksioneer elkeen ook op hulle eie. Daarom is baie mense nie vertroud met die gemeente vir dowes nie. Voor EOS (Effata Ondersteuningspan) in werking getree het, het oom Paul Frylinck (vorige saakgelastigde en hoofouderling) gereeld briewe aan gemeentes gestuur om ons gemeente se posisie te verduidelik. Die briewe was (vir myself) soos bedel-briewe en daarom is dit mettertyd gestop. Dit het waarskynlik negatiewe implikasies gehad deurdat baie gemeentes in die Hoëveld Sinodale streek minder aan Effata vir Dowes blootgestel is. Dit is ook die geval in ander sinodale streke. Meer blootstelling sou die gemeente se bediening en finansiële ondersteuning moontlik bevorder het.

Dit is my voorneme om die gemeente Effata-vir-Dowes meer bekend te stel aan gemeentes deur korrespondensie en video-opnames van ons gemeentebediening. Ek wil graag ook gemeentes besoek en versoek dus preekgeleenthede om mense bloot te stel aan ons gemeente, ook met die versoek om moontlike finansiële hulp of ander hulp te oorweeg. (Dit raak ook my persoonlik.)

**Finansies**
Finansieel gaan dit nie goed met die gemeente nie aangesien dankoffers baie min is. Verlede jaar 2025 se dankoffers was net oor die R1200. Alhoewel dowes self graag finansieel wil voorsien moet onthou word dat hulle ook oor beperkte middele en werksgeleenthede beskik.
Maar ons is dankbaar vir die skenkings en ondersteuning van individue en gemeentes, die Ring van Kemptonpark asook die Sinode Hoëveld (wat tot die grootste deel van my vergoeding bydra). 'n Woord van dank aan mnr. André Britz vir sy hulp ten opsigte van die gemeente se geldsake. Maar ek glo dat God baie met min kan doen.

As dit die Here se wil is, sal die gemeente voortgaan om diensbaar te wees. Prys die Here.
Tot eer van Sy Naam.
Ds. Jaco van Wyk

# Bylaag 4.3

## Verslag aan die Hoëveld Sinode van die NG Kerk

## Melville Ekhaya Studentebediening

Melville Kruisgemeente | Verslagtydperk: 2023 tot Augustus 2026

### 1. Inleiding

Hierdie verslag gee terugvoer aan die Hoëveld Sinode oor die ontwikkeling van die Melville Ekhaya-studentebediening en die Melville Echo-huis gedurende 2023–2026. Die bediening het vanuit ’n aanvanklike fokus op studente ontwikkel tot ’n breër eksperiment in missionale gemeentewees binne ’n veranderende stedelike konteks.

Die oorspronklike strategie het die veranderende studentekonteks rondom Aucklandpark en die Universiteit van Johannesburg (UJ) in ag geneem. Die studentekorps en koshuise het toenemend verskil ten opsigte van taal, kultuur, ras en sosio-ekonomiese agtergrond. Die strategie het daarom ’n bediening voorgestel wat luister, onderskei en aanpas, eerder as om bloot bestaande studentebedieningsmodelle te herhaal.

Die Sinode het befondsing toegeken, hoewel nie die volle bedrag waarvoor aansoek gedoen is nie. Hierdie ondersteuning het ruimte geskep om die bediening verder te ontwikkel en kapasiteit daarvoor te bou. Die terugblik is nie ’n reguit groeiverhaal nie: daar was ’n tydperk van sterk deelname, ’n latere afname en voortdurende aanpassing. Die kernvraag is dus wat deur die bediening geleer is en hoe dit by die oorspronklike bedoeling aansluit.

### 2. Die oorspronklike strategie en sinodale ondersteuning

Die strategie het vier bewegings as deel van die bediening se teorie van verandering benoem:

- ***Behoort*** (Belong): deel word van ’n geloofsgemeenskap.
- ***Bemeester*** (Become): groei as volgelinge van Jesus.
- ***Bemagtig*** (Empower): jongmense toerus om betekenisvolle en volhoubare lewens te lei.
- ***Beweeg*** (Engage): deelneem aan God se sending in die wêreld.

Die strategie is as ’n aanpasbare prototipe bedoel. Die besonderhede van implementering sou verander namate die gemeente luister, leer en onderskei. Die ontwikkeling van die bediening oor die afgelope drie jaar is dus nie noodwendig ’n afwyking van die oorspronklike plan nie; aanpassing was deel van die uitgangspunt.

Die sinodale ondersteuning het ’n praktiese basis gebied vir die voortgesette bediening en kapasiteitsbou, onder meer deur die internskap. Die waarde daarvan lê nie net in aktiwiteite nie, maar ook in die verhoudings, leerervarings en gedeelde bediening wat ontwikkel het.

### 3. Ontwikkeling van die bediening 2023–2026

#### 3.1 Vestiging en verhoudingsbou

In 2023 het die fokus geval op die hervestiging van Ekhaya, persoonlike verhoudings met koshuise en die ontwikkeling van kommunikasiekanale. Persoonlike kontak was ’n belangrike manier om studente te bereik. Die gemeente se voertuig is gebruik om studente tussen koshuise en byeenkomste te vervoer; hierdie praktiese ondersteuning het later met meer gereelde deelname saamgehang.

#### 3.2 Groei en momentum in 2024

In 2024 het die oggenddiens momentum gekry en het groepe koshuisstudente begin deelneem. Op sommige Sondae het studente uit koshuise die meerderheid van die erediensbywoning uitgemaak.

Ekhaya Connect, ‘n saam-eet en Bybelstudie geleentheid, het ’n gereelde Donderdagaand-byeenkoms geword. Die bediening het ook uitgereik na geloofsvorming, lewensvaardighede, pastorale ondersteuning, sosiale geleenthede en leierskapsontwikkeling.

Gedurende hierdie tydperk het studente belydenis van geloof afgelê en is hulle gedoop. ’n Student het die waarde van die geloofsgemeenskap só verwoord: “Church is the only place where I feel alive, where I can breathe.” Hierdie getuienis het die belang van behoort en gemeenskap in die studente se lewens beklemtoon.

**3.3 Herbesinning en aanpassing in 2025**
In 2025 het die studentebywoning van die Ekhaya-erediens afgeneem: waar daar in 2024 ongeveer 20–30 studente per diens was, was dit in 2025 ongeveer 5–15. Die afname het onder meer saamgehang met veranderinge in koshuisplasing en minder toegang tot sekere groepe studente. Formele werkswinkels het ook nie dieselfde aantrekkingskrag gehad nie; studente se programme was reeds te vol.
Hierdie ervaring het die bediening aangespoor om aannames te herevalueer en die onderskeid tussen getalle en getrouheid duideliker te maak. Die bediening verstaan hierdie ontwikkeling as ’n voortgaande eksperiment waarvan die prototipe aanpassing en verdere onderskeiding vra.

**3.4 Die rigting in 2026**
In die eerste helfte van 2026 het die fokus sterker op verhoudings, dissipelskap en die inoefening van geloofspraktyke geval. Die bediening wil nie bloot ’n attraksionele model volg nie, maar getroue getuies van God se Koninkryk vorm. Die internskap, Echo-huis en integrasie met die gemeente het belangrike energiepunte in die bediening gebly. Ekhaya Connect bring studente en Echo-inwoners saam om te eet en Bybelstudie te doen; ‘n groep van die UJ-studente help ook met die voorbereiding van die maaltyd. Verdere klem word geplaas op sosiale geleenthede soos staproetes en deelname aan kampe en uitreike.

**4. Ekhaya en Echo as geïntegreerde bediening**

Die Echo-huis is ’n integrale deel van die breër student- en jongmensbediening, nie bloot ’n residensiële projek daarby nie. Die huis word as ’n doelbewuste gemeenskap verstaan, in samewerking met die wyer Echo-familie in Johannesburg en Pretoria. Die jongmense wat daar woon, is in verskillende lewensfases: sommige studeer of werk, sommige soek werk en ander probeer ná moeilike omstandighede hulle lewens stabiliseer. Die Melville Echo-huis huisves gemiddeld tussen 15 en 20 jongmense.

Die doel is om ’n gemeenskap te vorm waarin jongmense saam leef, glo en dien. ’n Weeklikse maaltyd, huissamekoms en Bybelstudie, deelname aan Ekhaya Connect en gemeenskapsuitreike vorm deel van hierdie gedeelde lewe. Die huis bied ook pastorale en diakonale ondersteuning: jongmense is gehelp met toegang tot rehabilitasie, werksoek, die stabilisering van studies en lewensomstandighede, en ’n veilige ruimte om te herstel.

Verskeie jongmense wat te oud geword het om in die Abraham Kriel-kinderhuis te bly, is in die Echo-huis ontvang. In 2024 het ‘n jong persoon by die oggenddiens opgedaag nadat sy gehoor het sy moet haar woonstel verlaat; sy is na die Echo-gemeenskap uitgenooi en het deelgeword van ‘n gemeenskap – in plaas daarvan dat sy net ‘n kospakkie en gebed ontvang het. Sy het later getuig hoe die Here se liefde vir die eerste keer vir haar tasbaar en sigbaar geword in die manier waarop sy hier ontvang is (alhoewel sy nie ‘n woord Afrikaans verstaan nie – woon sy gereeld die Afrikaanse eredienste ook by). Hierdie voorbeelde wys hoe praktiese hulp met behoort en gemeenskapslewe verbind word.

Ekhaya en Echo se verbinding het in die praktyk verdiep. Ekhaya-studente en Echo-inwoners neem saam aan gemeentelike en sosiale aktiwiteite deel; Afrikaanse jongmense raak by die Engelse Ekhaya-diens betrokke; en spontane interaksie tussen die Afrikaanse gemeente en die Ekhaya-

gemeenskap neem toe. Die internskap help spesifiek om die verhouding tussen Echo en die studentebediening te versterk.

## 5. Missionale transformasie en ’n veranderende gemeente

Die ontwikkeling van die bediening raak aan ’n groter vraag as hoe om meer studente by ’n diens te kry: hoe lyk gemeentewees wanneer ’n gemeente luister na en deelneem aan God se sending binne ’n veranderende gemeenskap? Die mense wat rondom Melville Kruisgemeente woon, studeer en werk, verteenwoordig toenemend verskillende tale, kulture, rasse en sosio-ekonomiese agtergronde. Alhoewel ons twee eredienste hou, funksioneer ons toenemend as een gemeente, wat gereeld feesdienste soos, Paasfees, Pinkster en Koor-dienste saam vier.

Die bediening probeer nie bloot ’n program vir ander mense skep nie. Dit vra hoe die bestaande gemeente self gasvryheid kan beoefen, sodat mense uit die omliggende konteks volwaardig deel kan word van die liggaam van Christus. In dié sin funksioneer Ekhaya/Echo as ’n prototipe vir ’n meer geïntegreerde bedieningsmodel binne ’n NG gemeente.

Hierdie prototipe is nie ’n voltooide model wat sonder meer elders gekopieer kan word nie. Dit is ’n praktiese ruimte waarbinne ondersoek word hoe studente, jong werkendes en ander jongmense saam met die bestaande gemeente kan leef en dien; hoe Afrikaans en Engels binne een geloofsgemeenskap ruimte kan vind; en hoe pastorale sorg, diakonaat en dissipelskap met mekaar verbind kan word.

## 6. Missionale betrokkenheid en leierskap

Die bediening het ook buite die onmiddellike gemeentegrense beweeg. Die bediening het deelgeneem aan Botswana-uitreike na Inalegolo en MES-uitreike. Echo het ’n uitreik na Ottosdal en verskeie sopuitreike onderneem, saam met ander gemeenskapsinisiatiewe. Echo het ’n pretdag met speletjies, kos en aktiwiteite vir kinders uit die gemeenskap aangebied; studente het deelgeneem. Echo het daarna verantwoordelikheid vir kinderaktiwiteite tydens die gemeente se basaar aanvaar. Na onlangse “plons-geleenthede” word verdere betrokkenheid by die gemeenskap en skole ondersoek.

### 6.1 Die vier strategiese bewegings in die praktyk

Die ontwikkeling van die bediening sluit aan by die vier bewegings in die oorspronklike strategie. ***Behoort*** word bevorder deur verhoudingsbou, gedeelde maaltye en die Echo-gemeenskap. ***Bemeester*** kry gestalte in Bybelstudie, dissipelskap en geloofspraktyke. ***Bemagtig*** word sigbaar in die internskap, die studentekerngroep en gedeelde verantwoordelikheid deur gemeentelede. *Beweeg* kom na vore in uitreike en deelname aan die lewe van die omliggende gemeenskap.
Kapasiteitsbou en gedeelde leierskap is verdere opbrengste. Die internskap het in verskeie jare bygedra tot die bediening; in 2026 vervul Zama Sibeko ’n belangrike rol in studentebediening en die verbinding met Echo. ’n Klein kerngroep studente (Bedieningsraad) help met die organisering. Echo se daaglikse bediening word grootliks deur twee gemeentelede met ondersteuning van die leraar gedra. Dit dui op gedeelde verantwoordelikheid tussen leraar, gemeentelede en jongmense.

## 7. Belangrikste leerpunte

1. Gemeenskap self is ’n belangrike vorm van bediening. Gedeelde maaltye, gesprek, geloofsvorming en deelname aan mekaar se lewe kan ’n dieper basis vir betrokkenheid bied as ’n afsonderlike program.
2. Praktiese struikelblokke maak saak. Die 2024-ervaring wys dat iets prakties soos vervoer deelname kan versterk.

3. Bywoningsyfers is betekenisvol, maar vertel nie die hele verhaal nie. Die afname in 2025 moet erken word, terwyl ontwikkeling in dissipelskap, leierskap, gemeenskap en diens ook in ag geneem word.
4. ’n Bedieningsmodel moet aanpasbaar bly. Die oorspronklike strategie het leer en onderskeiding ingesluit; die ervaring bevestig die behoefte daaraan.
5. Integrasie verg meer as gesamentlike geleenthede. Dit vra gedeelde verhoudings, deelname en gemeenskapslewe.
6. Die veranderende demografie vra nuwe maniere van kerkwees waarin mense uit verskillende taal-, kulturele en rasse-agtergronde werklik kan deelneem en behoort.

**8. Uitdagings en vooruitsig**

Die bediening staan voor verskeie uitdagings. Volhoubare kapasiteit bly belangrik omdat die studentebediening en gemeentebediening grootliks op die beskikbare leraar- en vrywilligerskapasiteit steun. Die waarde van die internskap is duidelik, maar die voortsetting daarvan is afhanklik van befondsing. Die bediening moet ook voortgaan om te onderskei hoe om studente in ’n veranderende universiteits- en studentekultuur te bereik, en hoe om die verskillende gemeenskappe in die gemeente se lewe te integreer.
Die Echo-huis vra voortgesette pastorale, organisatoriese en praktiese ondersteuning. Die bediening moet die balans behou tussen onmiddellike ondersteuning, die vorming van ’n doelbewuste gemeenskap en langtermyn-dissipelskap. Die uitdaging is om hierdie werk volhoubaar te dra terwyl die model verder ontwikkel.
Die vooruitsig is om voort te gaan met verhoudingsbou, geloofspraktyke en dissipelskap; Ekhaya en Echo se samewerking te verdiep; jongmense se leierskap en deelname te ondersteun; en die gemeente se betrokkenheid by die omliggende gemeenskap te versterk. Verdere ontwikkeling behoort steeds deur luister, evaluering en aanpassing begelei te word.

**9. Samewerking met die Hoëveld Sinode**

Die ondersteuning wat reeds ontvang is, het ruimte geskep vir die gemeente om die oorspronklike strategie in die praktyk te toets en daarop te leer. Die ervaring dui daarop dat samewerking met die Sinode waardevol bly, veral waar dit kapasiteit vir die bediening help bou en ’n gesprek oor missionale gemeentewees binne ’n veranderende stedelike konteks moontlik maak.
Melville Ekhaya en Echo bied nie ’n afgeronde antwoord vir ander gemeentes nie. Dit bied ’n konkrete leerproses wat met die kerkverband gedeel kan word: ’n gemeente het ’n veranderende konteks raakgesien, ’n aangepaste bediening probeer, op die uitkomste gereflekteer en die model verder ontwikkel.

**10. Slot**

Melville Ekhaya het oor 2023–2026 vanuit ’n fokus op studentebediening ontwikkel tot ’n breër praktyk van geïntegreerde bediening, doelbewuste gemeenskap en missionale betrokkenheid. Die groei van 2024, die afname in 2025 en die verdere aanpassing in 2026 behoort saam gelees te word as deel van ’n voortgaande leerproses.
Ons is dankbaar vir die Hoëveld Sinode se ondersteuning. Dit het nie net ’n reeks studentebedieningsaktiwiteite moontlik gemaak nie, maar ruimte geskep vir Melville Kruisgemeente om saam met studente en jongmense te leer hoe die kerk in ’n veranderende stedelike konteks missionaal kan leef. Ons bede is dat die gemeente deur Ekhaya en Echo, in Christus en deur die werking van die Heilige Gees, liefde en gasvryheid sal uitleef en saam met die stad heel sal word.

# Bylaag 4.4

## TERUGVOER VAN PORTEFEULJE KERKVERBAND EN EKUMENE AAN DIE HOËVELD SINODE IN SITTING 25–28 OKTOBER 2026 TE WEESGERUS, MODIMOLLE

### 1. INLEIDING

Die portefeulje Kerkverband en Ekumene (KVE) het ten doel om die onderlinge verbondenheid van gemeentes, ringe en die breër kerkverband te versterk, asook om ekumeniese verhoudinge te bevorder.

Die beeld van ’n tapisserie bied ’n gepaste raamwerk vir hierdie roeping: elke gemeente vorm ’n draadjie daarvan, terwyl elke ring deel vorm van ’n groter geheel en prentjie van God se Koninkryk. In die Kerkverband en in Ekumeniese verhoudinge is gemeentes en kerke aan mekaar verbind om saam hierdie groter prentjie te vorm en te vertoon. Dit sluit aan by Jesus se gebed in Johannes 17:21:

> “*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*”

Die KVE-portefeulje fokus daarom daarop om gemeentes en ringe te ondersteun, te bemagtig, na mekaar te laat luister en geleenthede vir ontmoeting, gesprek en leer te skep, sodat elke deel van die kerkverband sy plek en rol binne die groter geheel kan verstaan en uitleef.

### 2. KERKVERBAND

#### 2.1. Hervitalisering van Ringe

Die 2018 dokument oor die hervitalisering van die ringe is gedurende hierdie afgelope termyn deur die SDK en KVE portefeulje deurgewerk. ‘n Groot gedeelte van die werksaamhede wat deur die KVE-portefeulje gedoen is, is gegrond op die behoeftes en voorstelle wat deur hierdie dokument uitelig is.

Binne die SDK is daar ook gereeld aandag gegee aan die behoeftes en funksionering van ringe en talle gesprekke, besoeke het plaasgevind. Meer inligting hieroor word in die Dagbestuur verslag vervat.

*Die hervitalisering van die ringe bly ’n belangrike fokus binne die SDK en KVE-portefeulje.*

#### 2.2. Persoonlike gesprekke

Tydens die termyn is gepoog om ten minste een persoonlike gesprek, aanlyn of in persoon, met elke ringsvoorsitter en/of ringskriba te voer. Die doel hiervan was om die behoeftes en verwagtinge van die ringe ten opsigte van die KVE-portefeulje beter te verstaan. Die gesprekke was sinvol en doeltreffend om die behoeftes van ringe te verstaan en binne die KVE portefeulje voor te beplan.

#### 2.3. Besoeke aan Ringsittings

Gedurende die termyn is besoek afgelê by 7 van die 14 ringsittings.
Die ontvangs was oorwegend positief en die besoeke het geleentheid gebied vir kennismaking, gesprek oor die portefeulje en die kommunikasie van die doel en fokus daarvan. Hier en daar is kommer uitgespreek oor kommunikasie aan en vanaf “die Sinode”. Hierdie terugvoer is aan die SDK en Sinodale kantoor deurgegee.

Die besoeke het verder die diversiteit van die gemeentes binne die sinode en die eie aard, styl en kultuur van die onderskeie ringe beklemtoon.

*Voortgesette besoeke aan ringsittings behoort 'n fokuspunt en doelwit binne die KVE-portefeulje te bly.*

### 2.4. Versterking van onderlinge verhoudinge

Daar is 'n duidelike behoefte by talle leraars, gemeenteleiers en/of personeellede van gemeentes waar daar nie meer 'n voltydse leraar is nie, aan geleenthede om te klankbord, informeel saam te wees, gesprek te voer en by mekaar te leer.

Vir 2025 en 2026 is 'n bedrag deur die KVE-portefeulje begroot om ringe te ondersteun met verskillende geleenthede wat daarop gerig is om onderlinge verhoudinge te versterk. Sommige ringe het hiervan gebruik gemaak deur onder andere 'n dinee te hou, 'n spreker te reël of 'n informele kuiergeleentheid te organiseer.

Die versterking van die kerkverband is afhanklik van doelbewuste investering in verhoudinge. Die Predikante SAAMkoms van Augustus 2026 was hiervan 'n prominente voorbeeld en hoogtepunt.

### 2.5. Ringsleiersforum en skakeling met Ringskommissies

Die portefeulje het voortgebou op die gesprekke met Ringskommissies wat vroeër in die termyn plaasgevind het deur aanlyn gesprekke wat in November 2022 en Februarie 2023 gevoer is.

Op 14 Augustus 2023 het 'n byeenkoms tussen die SDK en verteenwoordigers van die ringe plaasgevind, met goeie deelname en dialoog.

Op 2 Junie 2026 het nog 'n gesprek met die Ringskommissies plaasgevind. Die fokus was onder meer op inligting rondom die komende sinodesitting en die verdere hantering van die verslag oor die hervitalisering van die ringe.

Die openheid vir gesprek en bespreking dra by tot beter kommunikasie en wisselwerking tussen die SDK, die Sinodale kantoor en die ringsgemeentes.

*Hierdie waardevolle en deursigtige wyse van kommunikasie behoort 'n fokuspunt en doelwit binne die KVE-portefeulje te bly.*

### 2.6. Bemagtiging van Skribas

Op 26 Junie 2025 is 'n aanlyn opleidingsgeleentheid vir die ringskribas en gemeenteskribas aangebied. Ds. Hannes Windell, Ds. Jeanine Stofberg en me. Collette de Wet van die Argief het elk 'n aanbieding gelewer oor die take, vorms en formate wat met die onderskeie rolle verband hou. Die geleentheid is goed bygewoon. 'n Opname is ook aan skribas gestuur wat dit nie kon bywoon nie of wat die inhoud later weer wou raadpleeg.

## 3. EKUMENE

### 3.1. Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (Gauteng)

Tydens die termyn is Dr. Marius Gertzen deur die KVE-portefeulje aangewys om spesifiek verantwoordelikheid te neem vir die ekumeniese been van die KVE-portefeulje.

Dr. Gertzen is in 2024 as die 2de Ondervoorsitter van die SARK Gauteng verkies. In hierdie rol vervul hy 'n belangrike verteenwoordigende funksie namens die NG Kerk en die Hoëveld Sinode en

word hy gereeld by belangrike gesprekke en besluite betrek.

Hierdie betrokkenheid bied ’n belangrike geleentheid vir die NG Kerk, en spesifiek die Hoëveld Sinode, om sigbaarheid en ’n stem binne die breër Christelike gemeenskap in Gauteng en Suid-Afrika te handhaaf. Die verhoudinge en samewerking is oorwegend positief.

### 3.2. Algemene Taakspan Ekumene

Die Algemene Sinode het ’n Taakspan Ekumene byeengeroep met ’n verteenwoordiger uit elke sinodale streek om saam te dink oor ’n voorstel aan die Algemene Sinode 2027 rakende die NG Kerk se ekumeniese verhoudinge en aktiwiteite.

’n Dokument rakende die teologiese begronding van ekumene word aan die streeksinodes gestuur vir insae en terugvoer voordat die verslag aan die Algemene Sinode 2027 voorgelê word. Kyk Bylaag 4.5

### 3.3. Ekumene op Internasionale vlak

’n Paar gemeentes in die Oosrand-omgewing het tydens die vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Suid-Afrika in Junie 2025 as gashere vir lede van die Wêreldraad van Kerke opgetree. Die besoekers het verskillende gemeentes besoek en by sommige gemeentes ook eredienste gelei. Hierdie was ‘n verrykende en positiewe ekumeniese ervaring vir die gemeentes en besoekers wat daarby betrokke was.

### 3.4. Ekumene op Nasionale vlak

Skakeling met ander kerke en kerkfamilies was deel van die breër ekumeniese fokus.

’n Gesprek het in Oktober 2023 by die Sinodale Kantoor plaasgevind tussen verteenwoordigers van die SDK en van die VGKSA se Suidelike Sinode. Dit was ’n goeie ontmoeting.

Die breër byeenkoms tussen die SDK, verteenwoordigers van die Ringe en die VGKSA se plaaslike sinode, wat daarop moes volg, is verskeie kere beplan, maar dit was elke keer moeilik om ’n datum te vind wat vir albei kante werk. Dit kon ongelukkig nie binne hierdie termyn laat realiseer nie. Dit bly ’n belangrike doelstelling wat in die volgende termyn aandag verg.

### 3.5. Ekumene op plaaslike vlak

Gemeentes is gedurende die termyn aangemoedig om op plaaslike vlak met ander kerke en denominasies kontak te maak. Selfs ’n eerste stap, soos om saam koffie te drink en oor die uitdagings en geleenthede in die plaaslike omgewing te gesels, kan ’n betekenisvolle beginpunt wees.

Die bedoeling is dat ekumeniese verhoudinge plaaslik en organies ontwikkel vanuit die uitdagings en geleenthede van elke gemeenskap.

## 4. SAMEVATTENDE FOKUSPUNTE VIR DIE VOLGENDE TERMYN

*4.1 Voortgesette besoeke aan ringsittings en doelbewuste persoonlike skakeling met ringsleiers.*
*4.2 Voortgesette geleenthede vir verhoudingsbou, klankbord en toerusting binne die ringe.*
*4.3 Volgehoue en deursigtige kommunikasie tussen die SDK, Sinodale kantoor en ringsgemeentes.*
*4.4. Die hervitalisering van die ringe bly ’n belangrike fokus binne die SDK en KVE-portefeulje.*
*4.5. Verdere opvolg van ekumeniese skakeling met VGKSA en ander kerkfamilies.*

*4.6. Betrokkenheid by die proses van die Algemene Taakspan Ekumene met die oog op die Algemene Sinode 2027.*
*4.7. Aanmoediging van plaaslike ekumeniese verhoudinge wat organies vanuit gemeenskappe ontwikkel.*

Ds. Michelle van Tonder
Kerkverband en Ekumene-portefeulje

Bylaag 4.5




# HOEKOM EKUMENE?

**JESUS BID SELF IS EENHEID**

**JOHANNES 17**

## ’N KONSEP-BELEIDSDOKUMENT - TEOLOGIE VIR EKUMENE

**’n Missionaal-ekklesiologiese raamwerk vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk se ekumeniese roeping en werksaamheid**

## 1 AGTERGROND

Hierdie konsep dokument vir ‘n teologie vir die ekumene, bou bewustelik voort op ‘n Ekumeniese Beleid soos deur die Algemene Sinode in die tydperk 1990–1994 aanvaar. Terwyl dié eertydse beleid steeds die basis vorm vir die teologiese en ekklesiologiese grondslag vir die NG Kerk se verstaan van ekumene - veral ten opsigte van die eenheid van die kerk, die verhouding tussen eenheid en waarheid, en die onderskeiding tussen verskillende vorme en grade van ekumeniese betrokkenheid – poog die huidige konsep om relevant te wees deur ontwikkeling wat oor drie dekades in die kerk en in die wêreld plaasgevind het, te verreken.

Die afgelope dertig jaar toon ingrypende verandering. Sedert 1998 is die NG Kerk weer tot verskeie ekumeniese liggame toegelaat. Belangrike teologiese ontwikkeling het plaasgevind, veral rondom ’n missionale verstaan van die kerk se identiteit en roeping, met verrykende implikasies vir en ‘n verstaan van ekumeniese deelname. Hierdie konsep behoort gelees te word as ’n voortsetting, verdieping en operasionalisering van die Ekumeniese Beleid van 1990–1994.

## 2 DOEL EN REIKWYDTE VAN ‘N TEOLOGIESE BELEID

2.1 Hierdie beleid gee rigting aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) se verstaan en beoefening van ekumene as ’n wesenlike uitdrukking van kerkwees.

2.2 Die beleid dien as teologiese raamwerk waarbinne:
- ekumeniese verhoudinge oorweeg en beoefen word;
- lidmaatskap van ekumeniese liggame geëvalueer word;
- besluite oor ekumeniese betrokkenheid geneem word op plaaslike, sinodale en internasionale vlak.

2.3 Ekumene word in hierdie beleid verstaan as geïntegreer in die identiteit, roeping en bediening van die NG Kerk, en nie as ’n addisionele of erger nog, ‘n opsionele aktiwiteit nie.

## 3 TEOLOGIESE GRONDSLAG VIR EKUMENE

### 3.1 Bybelse grondslag

3.1.1 Die NG Kerk erken dat die roeping tot ekumene diep in die Skrif geanker is.

3.1.2 In ooreenstemming met Jesus Christus se gebed vir eenheid (Johannes 17:21) word die eenheid van die kerk verstaan as onlosmaaklik verbind aan die geloofwaardigheid van haar getuienis in die wêreld.

3.1.3 Ekumeniese eenheid is nie ’n doel in sigself nie, maar staan in diens van God se sending (missio Dei).

3.1.4 Die beeld van die kerk as liggaam van Christus (1 Korintiërs 12; Efesiërs 4) vorm die normatiewe raamwerk vir ekumene:
- eenheid word erken as gawe én opdrag;
- diversiteit van gawes en roepinge word bevestig;
- groei na volwassenheid in Christus word as gesamentlike proses verstaan.

3.1.5 Geen plaaslike gemeente of denominasie word as die volle beliggaming van die kerk van Christus beskou nie; kerke het mekaar nodig om die volheid van die liggaam sigbaar te maak.

### 3.2 Trinitariese grondslag

3.2.1 Die NG Kerk bely dat die diepste grondslag vir ekumene in die lewe van die Drie-enige God self geleë is.

3.2.2 In ooreenstemming met Artikel 2 van die Kerkorde (2023) verstaan die NG Kerk haarself as:
- geroep deur God Drie-enig;
- opgebou deur die Heilige Gees;
- gestuur om die bediening van versoening en die heil van Christus te verkondig.

3.2.3 Die Drie-eenheid word verstaan as 'n gemeenskap van liefde, selfprysgawe en wederkerigheid, wat 'n eenheid-in-diversiteit beliggaam.

3.2.4 Ekumeniese kerkwees:
- verwerp sowel uniformiteit as fragmentasie;
- gee ruimte vir veelheid binne gemeenskap;
- weerspieël die verhoudingsaard van God se eie lewe.

3.2.5 Ekumene word derhalwe verstaan as teologiese deelname aan die lewe en sending van God, en nie bloot as organisatoriese samewerking nie.

**3.3 Christus as Hoof van die kerk**

3.3.1 Alle ekumeniese betrokkenheid word gefundeer in die belydenis dat Jesus Christus die Here en Hoof van die kerk is.

3.3.2 Hierdie belydenis vereis gehoorsame navolging en nie slegs leerstellige instemming nie.

3.3.3 Ekumeniese betrokkenheid word daarom gekenmerk deur:
- afstanddoening van mag, oorheersing en selfhandhawing;
- die beoefening van dienende, onderskeidende en verhoudingsmatige gesag;  'n bereidheid om saam te luister, te leer en verandering te omhels.

3.3.4 Ekumene word verstaan as 'n praktyk van dissipelskap waarin getrouheid aan Christus prioriteit geniet bo institusionele selfbehoud.

## 4 EKUMENE EN DIE EKKLESIOLOGIE VAN DIE NG KERK

4.1 Die NG Kerk erken dat 'n gereformeerde identiteit noodwendig 'n ekumeniese ingesteldheid impliseer.

4.2 Ekumene word as 'n belydenissaak verstaan (NGB, Artikel 27).

4.3 Die NG Kerk erken die historiese en teologiese veelvormigheid van die wêreldwye kerk en die verskillende aksente wat in Christelike tradisies ontwikkel het.

4.4 'n Missionale ekklesiologie lê aan hierdie beleid ten grondslag, waarin die kerk verstaan word as:
- 'n gestuurde gemeenskap;
- teken, instrument en voorsmaak van die koninkryk van God;  'n dinamiese beweging eerder as 'n statiese instelling.

4.5 Ekumene word derhalwe beoefen op alle vlakke van kerkwees:
- plaaslik;
- denominasioneel;
- plaaslik- en wêreldwyd, met elke vlak in diens van die ander.

## 5 EKUMENE BINNE DIE MISSIO DEI

5.1 Die NG Kerk bely dat ekumene voortvloei uit die missio Dei:
- die Vader stuur die Seun;
- die Vader en die Seun stuur die Gees;
- die Drie-enige God stuur die kerk.

5.2 Ekumeniese eenheid word verstaan as die gevolg van deelname aan God se sending en nie as 'n voorafvereiste daarvoor nie.

5.3 Ekumeniese betrokkenheid word beoefen waar kerke:
- saam luister na God se Woord;
- saam onderskei waar God aan die werk is;
- saam handel in gehoorsaamheid aan God se roeping.

5.4 Ekumene word derhalwe verstaan as 'n dinamiese, onderskeidende proses eerder as 'n vaste struktuur.

## 6 EKUMENIESE LIGGAME EN TEOLOGIESE BYDRAES

### 6.1 Wêreldraad van Kerke

6.1.1 Die NG Kerk erken die bydrae van die Wêreldraad van Kerke tot die ontwikkeling van 'n teologiese raamwerk vir ekumene.

6.1.2 Die klem op [1]*reseptiewe ekumene* word aanvaar as 'n benadering wat:

- wedersydse ontvangs van gawes bevorder;
- identiteit respekteer;
- eenheid verstaan as 'n proses van groei en bekering.

### 6.2 Gereformeerde ekumeniese liggame

6.2.1 Gereformeerde ekumeniese liggame (waaronder die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke) beklemtoon ekumene as koinonia: 'n gemeenskap van belydenis, onderskeiding en hervorming.

6.2.2 Die beginsel van *ecclesia reformata, semper reformanda* word normatief geag vir ekumeniese betrokkenheid.

6.2.3 Ekumene word hier verstaan as 'n reformatoriese praktyk wat:

- selfondersoek stimuleer;
- gehoorsame vernuwing moontlik maak;
- verdieping van gereformeerde identiteit bevorder.

### 6.3 Nasionale en plaaslike ekumene

6.3.1 Plaaslike ekumene word verstaan as die eerste en mees konkreet beleefde gestalte van ekumene**.**

6.3.2 Die eenheid van die kerk word nie eers sigbaar in wêreldliggame nie, maar in die daaglikse getuienis van Christelike gemeentes wat 'n gemeenskap deel**.**

6.3.3 Om hierdie rede verbind die NG Kerk haar daartoe om plaaslike ekumene te bevorder deur:

**6.3.3.1 Verhoudingsbou**

Gemeentes ontwikkel doelbewus verhoudinge met ander Christelike gemeentes in dieselfde gemeenskap.

**6.3.3.2 Gesamentlike getuienis**

Waar moontlik getuig gemeentes saam deur:

- gesamentlike gebedsgeleenthede;
- samewerking in diakonale en ander projekte;
- gesamentlike optrede in tye van krisis of nood.

**6.3.3.3 Reseptiewe ingesteldheid**

Plaaslike ekumene word beoefen vanuit 'n houding van luister en leer, waarin gemeentes mekaar se gawes, spiritualiteite en bedienings erken.

**6.3.3.4 Respek vir verskille**

Eenheid word nie verstaan as uniformiteit nie. Verskille in leer, liturgie en kerkordelike praktyk word eerbiedig, sonder om gemeenskap en samewerking prys te gee.

**6.3.3.5 Kenotiese praktyk**

Plaaslike ekumene word gekenmerk deur dienende leierskap, self-prysgawe en die prysgawe van magsposisionering, ter wille van die gemeenskap se welstand.

## 7 TEOLOGIESE SPANNINGSLYNE

7.1 Die NG Kerk erken dat die volgende spanninge inherent is aan missionale kerkwees:

---

[1] **Sharing and Learning, Bible, Mission, and Receptive Ecumenism 2021 -** *Receptive ecumenism*) is 'n relatief nuwe ekumeniese benadering wat in die Wêreldraad van Kerke (WCC)-verband ontwikkel en gepubliseer is — veral sedert 2014 — as 'n alternatiewe metode vir ekumeniese betrokkenheid wat nie net fokus op strukturele samewerking of debat nie, maar op wedersydse leer en ontvangs van ander kerke se gawes**.**

- eenheid en diversiteit;
- leer en lewe;
- plaaslik en globaal.

7.2 Hierdie spanninge word nie as mislukkings beskou nie, maar as ruimtes vir geloofsonderskeiding en groei.

7.3 Die ekumeniese pad vereis volgehoue geduld, nederigheid en volwasse onderskeiding eerder as vinnige konsensus.

## 8 METODOLOGIESE RIGLYNE VIR EKUMENIESE BETROKKENHEID

8.1 Ekumeniese betrokkenheid word beoefen as ’n onderskeidende, missionale en kenotiese proses (‘n bewuste pad van self-ontlediging en self-prysgawe ter wille van gehoorsaamheid, verhouding en nuwe moontlikhede).

8.2 Die volgende beginsels rig ekumeniese praktyk:
- hermeneutiese nederigheid;
- luister en wedersydse leer;
- kontekstuele sensitiwiteit;
- volgehoue onderskeiding van die Drie-enige God se werk.

8.3 Praktiese samewerking - areas waar kerke reeds saam kan werk – word bevorder, eerder as op areas van voortdurende meningsverskil.

8.4 Doelbewuste pogings tot intergenerasionale dialoog word bevorder - betrek jonger Christene wat moontlik minder geïnvesteer is in historiese denominasionale verdelings.

8.5 Die proses van ekumeniese betrokkenheid word opsigself as deel van die kerk se getuienis verstaan.

## 9 PRAKTIESE IMPLIKASIES

9.1 Hierdie beleid vind konkrete gestalte:
- in plaaslike gemeentes wat ekumenies saamwerk;
- in denominasionale leiding, insluitend formele ooreenkomste wat fasiliterend en dienend optree;
- in teologiese opleiding waarin ekumene vormend en integraal geïntegreer word.

## 10 GEVOLGTREKKING

Ekumene is uiteindelik ’n belydenis dat die kerk nie aan haarself behoort nie, maar aan die Drie-enige God wat haar stuur om as teken van versoening, hoop en eenheid in ’n verdeelde wêreld te leef.

In hierdie gehoorsame deelname ontdek die kerk haar identiteit telkens opnuut – nie deur selfhandhawing nie, maar deur gemeenskap; nie deur beheer nie, maar deur vertroue; nie ten koste van haar belydenis nie, maar juis deur dit dieper en ryker te laat klink saam met ander.

‘Die NG kerk sal meer as ooit te vore sy ekumeniese roeping ernstig moet opneem. Want in die mate waarin hy daarmee erns maak, sal ook sy eie geloofwaardigheid groei – nie net as kerk nie, maar met name as kerk wat steeds vorder op die weg van sy eie heiligheid en dus op die weg van groter diensvaardigheid’ Johan Heyns (Kerkbode 17 Oktober 2024)

## BIBLIOGRAFIE


1. Bosch, D.J. (1991). Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission. Maryknoll: Orbis Books.
2. Gassmann, G. (2001). “What is Faith and Order?” World Council of Churches Faith and Order Paper No. 184. Geneva: WRK Publications.
3. Jakobsson, P., Jukko, R. & Kristenson, O. (eds.) 2021. *Sharing and Learning: Bible, Mission and Receptive Ecumenism*. Geneva: World Council of Churches Publications.

4. Kinnamon, M. & Cope, B.E. (eds.) (1997). The Ecumenical Movement: An Anthology of Key Texts and Voices. Geneva: WRK Publications.
5. Kerkverbandverslag 2019
6. Lossky, N. et al. (eds.) (2002). Dictionary of the Ecumenical Movement. 2nd Edition. Geneva: WRK Publications.
7. McGrath, A.E. (2013). Christian Theology: An Introduction. 5th Edition. Oxford: Wiley-Blackwell.
8. Nederlandse Geloofsbelydenis
9. Niemandt, N & Meiring, PGJ 2013, Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk
10. Raiser, K. (1991). Ecumenism in Transition: A Paradigm Shift in the Ecumenical Movement? Geneva: WRK Publications.
11. Tanner, M. (2009). "What is Faith and Order?" World Council of Churches Commission on Faith and Order. Geneva: WRK Publications.
12. Vischer, L. (ed.) (1963). A Documentary History of the Faith and Order Movement 1927-1963. St. Louis: Bethany Press.
13. VOLF, M. 1998. "The Trinity is our social program": The doctrine of the Trinity and the shape of social engagement. *Modern Theology,* 14(3):403-423.
14. World Council of Churches (2013). The Church: Towards a Common Vision. Faith and Order Paper No. 214. Geneva: WRK Publications.
15. World Communion of Reformed Churches (2017). The Accra Confession: Covenanting for Justice in the Economy and the Earth. Geneva: WGGK Publications.

# BYLAAG 4.6

## DIENSGETUIENIS EN GEMEENSKAPSBETROKKENHEID
## Sinode Hoëveld (2026 verslag)

**1 Oorsig**

Die portefeulje was gelei deur Yolandi Kok en daarna Schalk van Heerden.
Die volgende elemente vorm deel van Diensgetuienis:
Tutela, Diakonaat, Rampe, Vroeë Kinderontwikkeling (VKO), Evangelisasie, Ekologie, Publieke Getuienis (waaronder versoening en gender).
Ekumene word nie tans hier gelys nie, alhoewel daar 'n natuurlike of logiese oorvleueling is.
Tutela dien hul eie verslag in en die werksaamhede word dus nie hier gedupliseer nie.

**2 Kerngedagte**

Na afloop van hierdie termyn kan ons notuleer dat hierdie portefeulje nog nie na wense traksie in die Sinode se gemeentes gekry het nie en dat dit veral nog nie ontgin is as 'n strategie om eenheid te bevorder en kerkdeelname te verhoog nie.

Dit beteken dat hierdie sake nie 'n "nice to have" is nie, maar deel is om ons kernbestaan te suiwer en te energeer. Dit is dan presies waar die verskeie areas in hierdie portefeulje ons help om 'n missionale kerk te wees en nie net 'n kerk wat uitreike doen nie.

**3 Voorstel**

a) Hierdie portefeulje en ons Sinode moet presies uitvind wat ons gemeentes als doen in hierdie velde. Vandaar kan 'n weg vorentoe gebaan word.
   Daar was 'n poging om dit aan die gang te kry deur belofte van oorkondes en selfs prysgeld, maar dit het misluk. 'n Alternatiewe kommunikasiemodel sal ontwikkel moet word.
b) Vanuit bogenoemde kan 'n leergemeenskap ontwikkel word. Die leergemeenskap kan gemeentes bystaan om mekaar se inisiatiewe te ondersteun.

**4 Kommunikasie en skakeling tussen gemeentes**

Die aangepasde strategie wou deur middel van erkenning en oorkondes, 'n databasis en netwerk opbou van wat gemeentes doen. Die versoek is via die kantoor en sosiale media sirkuleer en geen terugvoer is ontvang nie.

**5 Tutela**

Tutela se historiese omvorming speel steeds 'n belangrike rol in die kernidentiteit van die organisasie, die samewerking met gemeentes, die realiteite van fondswerwing en die pad vorentoe. Die volgende sake dien as eksistensiële voorbeelde:

- Wie word bedien, wie is 'ons mense'? Almal op meriete van armoede, historiese geregtigheid (redress) of wit Afrikaanssprekendes wat ons lidmate weerspieël? Daar is soms 'n diskrepansie oor hoe die leiers en gemeentelede oor hierdie sake voel.
- Statutêre werk en werk gefokus op weerlose kinders in huisgesinne teenoor 'n breër strategie wat verby 'maatskaplik' na 'n totale spektrum van diakonaat en ontwikkeling werk (en so posisioneer).

**6 Diakonaat**

Die kerk se grootste welsyn en burgerlike rol blyk diakonaat te wees en dit sluit veral VKO en voeding in. Daar is ook 'n groot en mooi fokus op kinderhuise, maar ook hier sal gemeentes moet besin oor hoe volhoubare samewerking lyk en hoe verhoudings gekoester met Abraham Kriel Bambanani (AKB) en met Tutela. Talle gemeentes werk in vennootskap met kleuterskole of ander organisasies. 'n Voorbeeld is MES se 10 Days of Hope, wat ook deur die Sinode finansieël ondersteun was. 10 Dae van Hoop / 10 Days of Hope vind vanaf 23 Junie tot 2 Julie

2023 plaas. 10 Days of Hope vind ook in Junie 2024 plaas.

**7 Rampe**

Die READY SA-netwerk waarby die kerk inskakel bied ook 'n ideale netwerk vir ons Sinode se gemeentes. Daarby koördineer Ringe om tydig te reageer. Samewerking in hierdie termyn het reaksie ná vloede en 'march and march' ingesluit. 'n Belangrike vraag ontstaan: Wat doen ons om proaktief nie net gereed te wees vir rampe nie, maar om waarskynlikheid een weerloosheid te verminder.

**8 Ekologie**

Ons gemeentes blyk oorweldig te wees deur interne uitdagings van die bediening en daarna die druk van sosiale uitdagings. Dit is vir ons moeiliker om ons skepping te hoor en ook ons Skepper, jeens sy skepping. Die ekologie bied 'n ideale geleentheid om samewerking te bevorder omdat die natuur 'n neutrale raakpunt bied vir mense wat dalk oor baie ander dinge verskil. Voorbeelde kan insluit: renosterbewaring, skoonmaakgeleenthede, water, herwinning, ens. Ook kinders kan maklik betrek word.

**9 Publieke Getuienis: Versoening**

Die hoogtepunt was die ondersteuning aan en deelname in TEASA (The Evangelical Alliance of South Africa) se 16 Junie erediens in die gebou van Regina Mundi Katolieke kerk in Soweto. Ons het selfs vir Dr Theuns Eloff gekry om daar te praat vanuit 'n Afrikaner perspektief.

Die vals narratief van 'n wit volksmoord veroorsaak groot skade en verdeeldheid in Suid-Afrika en ons Sinode het 'n skrywe gerig wat braaf opgestaan het vir die waarheid, in 'n tyd wat dit nodig was. Sedertdien het meeste erken (bv. Kallie Kriel) dat daar nie 'n wit volksmoord in Suid Afrika is nie. Die kerk was deel van daardie proses. Sedertdien het die fokus geskuif na 'n breër veldtog wat praat van 'white persecution' en vra vir selfbeskikking. Die kerk en ons Sinode sal wys wees om uit te klaar of ons lidmate en kerk ook hunker na selfbeskikking bo 'n geïntegreerde Suid-Afrika. Die antwoord is nie voor die hand liggend nie.

Ons Sinode het nou met die Taakspan Miga 6:8 vir Versoening en Geregtigheid saamgewerk. Twee voorbeelde:

- Ons het nou saamgewerk met die *Kerk en Samelewing*-viering in Pretoria. Dit is jammer dat meer gemeentes nie die relevansie van *Kerk en Samelewing* sien in 2026 nie.
- Ons was ook deel van Ds. Mikal Barnes (Oosterlig) se boekklub en besprekings. Hierdie is 'n kosbare hulpbron vir leraars en gemeentelede. Die titel is 'Disrupting the Divide'.

**10 Publieke Getuienis: Gender**

Terwyl hierdie verslag geskryf word, is die land geruk deur die moorde aan die Oos-Rand, en ons hele land vra opnuut vrae oor GBV (Geweld teen vroue) en die weerloosheid van vroue. Wat is ons kerk se reaksie? Iets soos 'Thursdays in Black' skep bewusmaking. Ons kan egter verder gaan: hoe verminder ons die probleem sistemies? Wat het vroue nodig (bv. vervoer, werksgeleenthede, ens.) en wat moet mans doen en hoe moet seuns anders georiënteer word? Tot hierdie doel het die Sinode Ds. Ben Marais se projek *Ambassadors Football* ondersteun en die gesprek oor veiligheid wat GGG (geslagsgebaseerde geweld), landelike veiligheid insluit moet aanhou om aandag te geniet. Die geïntegreerdheid van die oorsake van misdaad wys dat selfs iets soos GRAPE en basiese-inkomste-geregtigheid.

Ons kan dalk noem dat selfdegeslagsienings steeds verskil en ten spyte van sekere groeperinge wat baie sterk voel oor die saak, blyk dit dat die kerk (gemeentes) dalk moeg is en wil aanbeweeg. Ons kan nie tans sê hoe hoog op die prioriteitslys hierdie saak is nie.

**11 Evangelisasie**

Die Algemene Sinode en Excelsus doen goeie werk en van ons gemeentes kon daarby inskakel. Dit sluit VBO-aanlynwerkswinkels in. Ons sien raak dat ons vermoë om in Suid-Afrika te evangeliseer sterk geïmpakteer word deur ons 'publieke getuienis' insake geregtigheid en versoening. Ons kan nie oor die goeie nuus praat in abstraksie indien ons nie die Goeie Nuus uitleef nie, en dit sluit sosio-ekonomiese realiteite in.

Deel van publieke getuienis in ons tyd het ook te make hoe die kerk haar skaar by mense in krisis. Buiten die oorlog in Oekraïne was die warmste gesprek rondom Palestina en Israel. Behalwe vir een of twee uitsonderings het die Sinode nie sterk hierin opgetree nie.

## 12 Ander

1. 19 Junie 2023: Die "Help ons hulp?" – Zoomgesprek is gevoer met Leona Pienaar van MES en De la Harpe le Roux oor hoe gemeentes 'n impak op hul gemeenskap kan maak. Die opname van die gesprek is op die Sinode se YouTube-kanaal geplaas.
2. 5 September 2023: Die Dagbestuur neem kennis dat Abraham Kriel Bambanani se Direksie 'n nuwe voorsitter aangewys het, mnr. Vusi Dlamini, en besluit om hom en mnr. Paul Momsen te nooi om die SDK op 27 November 2023 te ontmoet. (Bron: Notule SDK-DB, 5 September 2023, punt 6, Besluit 05/SDK-DB/09/2023.)
3. September 2023: Die Dagbestuur brei die Rampfonds-reëling uit en besluit om R25 000 aan MES oor te betaal vir hulpverlening aan slagoffers van die brand in 'n residensiële gebou in Marshalltown, Johannesburg. Hierdie saak is deur die Dagbestuur hanteer, nie deur die portefeulje nie. (Bron: Notule SDK-DB, 5 September 2023, Besluite 06/SDK-DB/09/2023 en 07/SDK/09/2023.)
4. 4 Junie 2024: Die SDK ontmoet die voorsitter van die Direksie van Abraham Kriel Bambanani. Mnr. Momsen stel mnr. Dlamini voor, wat 'n oorsig gee oor sy akademiese en professionele loopbaan en sy betrokkenheid by AKB. Mnr. Momsen doen 'n kort aanbieding oor die werk van Abraham Kriel Bambanani.
5. 'n Konferensie oor sosiale innovasie, entrepreneurskap en besighede in Oktober 2024 in Wellington gehou word; en dat 'n kursus oor ontwerpdenke van 14 tot 16 Oktober 2024 aangebied word. (Bron: SDK-notule, 3 September 2024, punt 6.5.)
6. 3 September 2024: Die SDK besluit om die SKF te versoek om die begroting aan te pas sodat die portefeulje 3 persone kan borg om aan die konferensie oor sosiale innovasie deel te neem.
7. 25 November 2025: Ds. Van Heerden dui aan dat hy die aanwysing as die Sinode se verteenwoordiger op Tutela se Bestuur nie kan aanvaar nie. Die SDK wys Ds. Phillip Coetzee aan tot met die Sinode 2026, met die vryheid om 'n SDK-lid na vergaderings te nooi.
8. "Gemeentes en geslagsgebaseerde geweld" is 'n video van ongeveer 43 minute wat deel van dieselfde groep vorm.
9. 16 Dae van Aktivisme teen geslagsgebaseerde geweld, November–Desember 2023. 'n Video- en reelreeks met Ds. Yolandi Kok se inleiding, gevolg deur Dr. Marius Gertzen, Dr. Johan Botha, dr. Liesl Nickols, Dr. Tom Smith, Ds. Rudi Swanepoel, Ds. Jeanine Hepburn, Ds. Michelle van Tonder, Cathrine Zimotsi van Tutela, Trienie Drotskie en Deon Louw. Dit is die reeks waarna die opdrag as die "GGG-reeks" verwys. (Bron: oorsig van die Sinode se Facebook-blad, saamgestel September 2026.)
10. "10 Gesprekke oor HOOP", 28 Junie tot 7 Julie 2024. 'n Zoom-reeks gekoppel aan MES se 10 Days of Hope in Hillbrow. Die sessies en hul aanbieders: Haweloses met Tshepo; Community Mapping met ds. Schalk van Heerden; Teologie van Hoop met dr. Pieter Kruger; Geslagsgebaseerde geweld met Rethie van Niekerk; Kinderbeskerming met Tutela; en Vroeë kinderontwikkeling met Little Seeds. (Bron: Facebook-oorsig, September 2026.)
11. Dit beteken die "10 Dae van Hoop" wat in die notule van 5 Maart 2024 vir Junie 2024 aangeteken is, wás MES se projek in Hillbrow, en die Sinode se bydrae met die genoemde gespreksreeks.

12. Ander inskrywings van die portefeulje: die Dink Getuienis-Zoomgesprek met ds. Schalk van Heerden van Betereinder (2023); Tutela se jeug-koffieklub in Alberton (2023); WinterHope (2024); Tutela se Algemene Jaarvergadering (2025); en 'n gebedsdag in Soweto op 22 Junie 2025. (Bron: Facebook-oorsig, September 2026.)
13. Ons portefeulje was ook aktief by die ekumensiese biddag van 2025 in Soweto by Grace Bible Church.
14. Aktief betrokke by die Taakspan Miga 6:8 se suurdeeg veldtog: *Geseënd is die vredemakers* en *Ons Suffer Saam* in Mei 2025.

Ds Schalk van Heerden

# BYLAAG 4.7

**Verslag van die Portefeulje Jeug- en Gesinsbediening**
**Verslagtydperk: Oktober 2022 – Oktober 2026**

## Tema: Ons daag op vir een

### 1. Inleiding

Jeug- en Gesinsbediening is ’n belangrike deel van die kerk se roeping. Dit gaan oor meer as programme, byeenkomste en getalle. Dit gaan oor kinders, jongmense en gesinne wat binne die geloofsgemeenskap raakgesien, verwelkom, begelei en ondersteun word. Hierdie verslag bied ’n kort terugblik op die werk van die portefeulje sedert 2022, maar fokus veral op die geleenthede en moontlikhede wat vir die volgende vier jaar voorlê.

My hoop is dat ons as Hoëveld Sinode saam sal ontdek hoe ons gemeentes kan ondersteun om ruimtes te skep waar kinders, jongmense en gesinne tuis is, in geloof kan groei en kan beleef dat hulle ’n betekenisvolle plek in die kerk het.

### 2. ’n Kort terugblik: 2022–2025

#### 2.1 Onder leiding van ds. Waldo Niemandt

Gedurende ds. Waldo Niemandt se leierskap is daar veral aandag gegee aan die toerusting en ondersteuning van gemeentes binne die breër veld van Jeug- en Gesinsbediening. In die tyd ná die COVID-19-pandemie het die behoefte aan volhoubare ondersteuning, bruikbare hulpbronne en beter netwerke sterker na vore gekom. Die portefeulje het op vyf terreine gefokus: kinderbediening, tienerbediening, jongvolwassenebediening, gesinsbediening en skoolbediening.

’n Belangrike hoogtepunt was die Kinderkonferensie wat op 11 November 2023 by NG Jubilaté aangebied is. Meer as 60 persone het die geleentheid bygewoon, waartydens onder andere aandag gegee is aan kreatiewe Bybelvertelling en praktiese toerusting vir kinderbediening. Daar is ook oor verdere moontlikhede besin, waaronder ondersteuning aan gesinne, betrokkenheid by tienerbediening, bediening aan jongvolwassenes en die versterking van verhoudings tussen gemeentes en skole.

Nie al die beplande inisiatiewe het gerealiseer nie, maar die werk gedurende hierdie tydperk het die belangrikheid van toerusting, samewerking en die voortdurende heroorweging van gemeentes se veranderende behoeftes beklemtoon.

#### 2.2 Onder leiding van ds. Izak du Toit

Onder leiding van ds. Izak du Toit is daar op die bestaande werk voortgebou. Terselfdertyd het die behoefte ontstaan om opnuut na die rigting en doel van die portefeulje te kyk. Ek was self by die vergaderings gedurende hierdie tydperk betrokke en kon deel wees van gesprekke oor waarheen die portefeulje op pad is, wat gemeentes nodig het en hoe ons mekaar beter kan ondersteun.

Een van die belangrikste inisiatiewe gedurende hierdie tyd was die Kinderkonferensie, met die tema “Wanneer Lego en Liturgie ontmoet”, aangebied deur ds. Anriette de Ridder op 27 September 2025. Dit was ’n geleentheid om mense wat by kinderbediening betrokke is, toe te rus en met mekaar in verbinding te bring. ’n Paar nuwe lede het ook by die portefeulje betrokke geraak en gehelp om die opleiding te organiseer. Dit was baie suksesvol en 'n goeie oggend.

Ds. Izak het verder doelbewus probeer om verhoudings binne die Sinode te versterk. ’n Informele pizza-ete is gereël waarvoor betrokkenes uit verskillende gemeentes genooi is.

Hoewel nie almal die uitnodiging aanvaar het nie, het die geleentheid ruimte geskep om mekaar beter te leer ken en oor Jeug- en Gesinsbediening te gesels. Hierdie inisiatiewe het 'n belangrike vertrekpunt geskep vir die pad vorentoe: voordat ons nuwe programme en projekte beplan, moet ons weer met mekaar in verbinding tree, na mekaar luister en saam onderskei.

**3. Die oorgang in 2026**

Ek het die verantwoordelikheid as portefeuljeleier gedurende November/Desember 2025 by ds. Izak du Toit oorgeneem. Die afgelope jaar was vir my grootliks 'n tyd van oriëntering. Ek moes my plek binne die portefeulje vind en terselfdertyd my akademiese studies afhandel. Gevolglik het daar gedurende 2026 nie nuwe, formele portefeulje-inisiatiewe onder my leiding plaasgevind nie.

Ek wil dit eerlik erken, sonder om die waarde van hierdie oorgangstyd te onderskat. Dit het my die geleentheid gegee om na te dink oor die verantwoordelikheid wat aan my toevertrou is en oor die rigting waarin ek graag saam met ander wil beweeg.

Ek is intussen ook deur die Ring van Boksburg op die Ringskommissie gekoöpteer as portefeuljeleier vir Jeugbediening. Ek sien hierin 'n geleentheid om die verbinding tussen die plaaslike gemeente, die Ring en die Sinode te versterk en om beter te verstaan hoe ondersteuning op hierdie verskillende vlakke mekaar kan aanvul.

**4. Luister en onderskei: Waar staan ons as gemeentes?**

Een van my grootste gewaarwordings binne die kerk is dat Jeug- en Gesinsbediening soms hoofsaaklik verbind word aan gemeentes met groot getalle kinders en jongmense. Wanneer 'n gemeente min of geen kinders in die erediens het nie, kan die gevoel maklik ontstaan dat Jeug- en Gesinsbediening nie meer werklik op daardie gemeente van toepassing is nie. Ek verstaan dat gemeentes verskillende omstandighede, uitdagings en hulpbronne het. Tog glo ek dat ons versigtig moet wees om die belangrikheid van hierdie bediening aan getalle te meet.

**Want wat as daar net een kind is?**
Wat as daar net een gesin is wat ondersteuning nodig het? Wat as daar grootouers in 'n gemeente is wat 'n belangrike rol in hulle kleinkinders se geloofsvorming speel? Wat as daar nie kinders op 'n Sondagoggend in die kerkgebou is nie, maar wel kinders en jongmense in die gemeenskap rondom die kerk? Ek glo dat Jeug- en Gesinsbediening nie eers begin wanneer ons genoeg kinders het om 'n groep te vorm nie. Dit begin wanneer ons die kind, die jongmens of die gesin raaksien wat reeds daar is.

In my eie gemeente probeer ons vanuit hierdie oortuiging leef:
**Ons daag op vir een.**
Ons doen dit nie omdat die getalle indrukwekkend is nie, maar omdat elke kind, elke jongmens en elke gesin vir God kosbaar is. Hierdie oortuiging wil ek graag binne die Hoëveld Sinode help vestig. Ek droom van 'n portefeulje wat nie slegs gemeentes met gevestigde jeugbedieninge ondersteun nie, maar wat ook saam met kleiner gemeentes, verouderende gemeentes en gemeentes wat onseker is waar om te begin, nuwe moontlikhede ontdek.

Dit beteken nie dat elke gemeente dieselfde programme moet aanbied nie. Dit beteken dat ons saam moet vra: "Wie is die kinders, jongmense en gesinne wat God reeds aan ons sorg toevertrou het, binne en buite ons gemeentes?" En "hoe kan ons getrou teenwoordig wees in hulle lewens?"

**5. Ons droom vir die volgende vier jaar**

Die idee sal wees om nie met 'n volledige lys programme en projekte na die nuwe termyn te kyk voordat ons behoorlik na ons gemeentes geluister het nie. Die behoeftes van gemeentes verander.

Wat ’n paar jaar gelede gewerk het, is nie noodwendig vandag steeds die beste antwoord nie. Dit is belangrik dat die portefeulje se visie en werksaamhede in gesprek met gemeentes ontwikkel.

Ek sien drie belangrike bewegings vir die volgende vier jaar:

**5.1 Ons luister**

Een van die eerste prioriteit sal wees om weer met die gemeentes van die Hoëveld Sinode in verbinding te tree; met predikante, jeugpredikante, jeugleiers, mentors en ander persone wat by kinder-, jeug- en gesinsbediening betrokke is, te gesels.

Hierdie gesprekke moet nie bloot daarop fokus om vas te stel watter programme gemeentes aanbied nie. Dit is belangrik dat die volgende gehoor word:

- Wat gebeur reeds in gemeentes wat ons kan vier?
- Watter uitdagings beleef gemeentes ten opsigte van kinders, jongmense en gesinne?
- Watter behoeftes bestaan waar daar min of geen georganiseerde jeugbediening is nie?
- Watter drome leef reeds by mense wat met kinders en jongmense werk?
- Hoe kan die Sinode gemeentes op ’n praktiese en betekenisvolle manier ondersteun?

Ek glo ons moet eers luister voordat ons besluit wat ons volgende gaan doen.

**5.2 Ons verbind**

Die tweede prioriteit is om verhoudings en kommunikasie binne die portefeulje te versterk. Die bestaande kontaknetwerke moet hersien word en die WhatsApp- en e-posgroepe moet op gedateer word, sodat ons weer makliker met mekaar kan kommunikeer, hulpbronne kan deel en mekaar kan ondersteun. Daar moet beoog word om vroeg in 2027 ’n informele saamkuiergeleentheid, moontlik weer rondom ’n ete, te reël waar mense uit verskillende gemeentes mekaar kan ontmoet.

Op die manier kan voortgebou word op die gedagte wat reeds onder ds. Izak se leiding begin vorm het: dat verhoudings die grondslag van samewerking is. Ons hoef nie altyd by ’n formele vergadering te begin nie. Soms begin betekenisvolle samewerking wanneer mense saam om ’n tafel sit, mekaar se stories hoor en ontdek dat hulle nie alleen met hulle uitdagings en drome staan nie.

My hoop is dat hierdie kontak mettertyd tot ’n sterker netwerk sal groei waarin gemeentes nie net ondersteuning van die Sinode ontvang nie, maar ook mekaar se hulpbronne, ervaring en kreatiwiteit kan benut.

**5.3 Ons daag op**

Die derde prioriteit is om saam met gemeentes te ontdek hoe ons prakties en volhoubaar teenwoordig kan wees in die lewens van kinders, jongmense en gesinne. Die portefeulje moet gemeentes ondersteun om te werk met die mense en moontlikhede wat reeds aan hulle toevertrou is. Vir een gemeente kan dit beteken dat ’n bestaande kinder- of tienerbediening verder toegerus word. Vir ’n ander kan dit beteken dat daar begin word met ’n eenvoudige geloofsgesprek tussen grootouers en kleinkinders, of dat ’n verhouding met ’n plaaslike skool opgebou word.

Dit kan ook beteken dat gemeentes saamwerk waar een gemeente nie op sy eie die kapasiteit het om ’n bediening te ontwikkel nie. Die doel is nie om elke gemeente by dieselfde model te laat inpas nie, maar om saam te ontdek wat binne elke konteks moontlik en getrou aan ons roeping is.

**Ons wil nie net vra hoeveel kinders ons bereik nie, maar ook of die kinders wat reeds daar is, werklik raakgesien word.**

**6. Van gedeelde drome na 'n gedeelde visie**

Nadat ons na gemeentes geluister en die bestaande verhoudings versterk het, moet daar saam met die betrokkenes 'n duidelike visie en missie vir die portefeulje ontwikkel word.
Hierdie visie moet nie alleen geformuleer word en dan aan gemeentes voorgelê word nie, dit moet groei uit die gesprekke, ervarings, behoeftes en drome van die mense wat reeds in die bediening staan. Hieruit kan ons saam besluit watter vorme van toerusting, ondersteuning, samewerking en nuwe inisiatiewe die grootste waarde sal toevoeg.

Dit kan onder andere geleenthede vir praktiese opleiding, die deel van bruikbare hulpbronne, mentorskap, ondersteuning aan ouers en grootouers, en samewerking tussen gemeentes insluit. Hierdie moontlikhede is egter nie 'n voorafbepaalde program nie. Dit is vertrekpunte vir verdere gesprek en onderskeiding.

My wens is dat ons oor vier jaar nie net sal kan terugkyk na 'n lys aktiwiteite wat plaasgevind het nie, maar dat ons sal kan getuig van verhoudings wat versterk is, gemeentes wat ondersteuning ontvang het en kinders, jongmense en gesinne wat 'n groter gevoel van behoort binne die kerk beleef.

**7. Slot: Ons daag op vir een**

Wanneer ek oor die toekoms van Jeug- en Gesinsbediening binne die Hoëveld Sinode droom, droom ek nie in die eerste plek van groter getalle, groter byeenkomste of meer programme nie.
Ek droom van gemeentes wat kinders en jongmense raaksien.
Ek droom van ouers en grootouers wat ondersteun word in hulle rol as geloofsvormers.
Ek droom van predikante, jeugleiers en mentors wat weet dat hulle nie alleen staan nie.
Ek droom van kleiner gemeentes wat nie voel dat hulle te min kinders het om deel te wees van Jeug- en Gesinsbediening nie.
En ek droom van 'n Sinode waar ons mekaar help om kinders, jongmense en gesinne nie net by die kerk se aktiwiteite te betrek nie, maar hulle as 'n wesenlike deel van die geloofsgemeenskap te erken.
My hoop vir die volgende vier jaar is dat ons saam sal luister, saam sal onderskei en met geloof en moed nuwe moontlikhede sal ontdek.
Want ons roeping begin nie eers wanneer daar baie is nie.
**Ons daag op vir een.**

Dankie
Ds. Vanessa Bouwer

# BYLAAG 4.8

## Verslag: Kerkraad- en Leierstoerusting

Gedurende die afgelope jaar is 'n reeks toerustingsvideo's ontwikkel en versprei met die doel om kerkraadslede en gemeentelike leiers toe te rus vir hul bediening. Die uitgangspunt van die reeks was die besef dat baie kerkraadslede in leierskapsrolle dien sonder formele toerusting, terwyl die kerk toenemend behoefte het aan gesonde, Bybelse en praktiese leierskap.

Die eerste video het die agtergrond en motivering vir die reeks verduidelik en die vraagstuk van 'n leierskapstekort binne die kerk aangespreek. Hierdie video is 292 keer gekyk.

Die tweede video, aangebied deur Prof. Stephan Joubert, het gefokus op die Bybelse verstaan van dissipelskap en leierskap. Hierdie aanbieding het groot belangstelling gewek en is 636 keer gekyk.

Die derde video, deur Dr. Tom Smith, het die tema van dissipelskap verder verdiep en praktiese riglyne gebied vir die vorming van dissipels. Hierdie video het 188 kyke ontvang.

Die vierde video, aangebied deur Ds. Jeanine Hepburn, het kerkraadslede toegerus rondom die relevante kerkordelike bepalings, met besondere verwysing na die voorbereidings vir die opkomende Sinodesitting.

Die vyfde video, deur Ds. Hannes Windell, het gefokus op die administratiewe verantwoordelikhede rondom die ampte van kerkraadslede en het 90 kyke ontvang.

Die sesde video, aangebied deur Dr. Roedolf Botha, het praktiese riglyne gebied vir konflikhantering binne die kerk en het 60 kyke ontvang.

Die laaste video voor die Sinodesitting bou voort op hierdie temas en fokus op die wese van geestelike leierskap: om mense só te begelei dat hulle geestelik groei, bereid word om opofferings vir die Koninkryk te maak, en te verstaan dat konflik dikwels deel is van die proses van transformasie. Die video beklemtoon dat gesonde leiers nie konflik bloot probeer vermy nie, maar dit gebruik as 'n geleentheid vir geestelike groei en volwassenheid.

Die reeks het oor die afgelope jaar 'n wye verskeidenheid temas aangespreek, waaronder Bybelse leierskap, dissipelskap, kerkorde, administrasie, konflikhantering en transformerende leierskap. Die doel was deurgaans om kerkraadslede beter toe te rus vir hul roeping en hulle te ondersteun om met groter vertroue, wysheid en geestelike volwassenheid leiding in die plaaslike gemeente te neem.

As ek een tema moes kies vir die volgende fase van hierdie toerusting dan is dit onder die volgende hooftema: **"Hoe lei ons mense deur verandering sonder om hulle te verloor?"**
Ek sê dit omdat dit die punt is waar baie gemeentes tans vassteek. Gemeentes ervaar verandering rondom lidmaatskap, finansies, kultuur, tegnologie en generasieverskille. Kerkraadslede voel dikwels dat hulle die spanning tussen tradisie en vernuwing moet hanteer, maar ontvang min toerusting hiervoor. 'n Reeks oor verandering sal dus nie net relevant wees nie, maar ook direk aansluit by vorige video's oor dissipelskap, konflik en transformerende leierskap.

Ds. Natalia Strydom
NG Alberton-Suid
Portefeulje: Leierskaptoerusting

# BYLAAG 4.9

## VERSLAG VAN PORTEFEULJE PREDIKANTETOERUSTING EN -VERSORGING SINODE HOËVELD

Die Portefeulje het gedurende die verslagtydperk predikante bedien binne die volgende raamwerk:

**1 BEDIENINGSVOLTAP**

Jaarlikse Predikante Retreat is na Pinkster onder leiding van ds Barry van der Merwe gehou. Mosaïek Origins Sentrum en later Padre Pio Retreat Sentrum is as venues gebruik om elke retreatganger ‘n atmosfeer van rustigheid en geloofsverfrissing te skep.

Die Vroue-Predikante is op ‘n afsonderlike retreat by Padre Pio Retreat sentrum bedien. ‘n Laat-ontbyt is ook vir die dames gereël met Amore Bekker wat as spreker opgetree het. Dit was ‘n dankie sê-geleentheid vir hulle besondere impak in die bediening.

**2 BEDIENINGSVREUGDE**

Verskeie wegbreke in die natuur is gereël onder andere Wathaba Staproete en Visrivier maar albei moes weens swak belangstelling gekanselleer word.

**3 BEDIENINGSONTWIKKELING**

Nege predikante het oor ‘n tydperk drie jaar vir die Geloofsreis vir Predikante ingeskryf. Hierdie geleenthede is in samewerking met die Sinode Goudland by die ATKV Buffelspoort aangebied. Elkeen getuig dat hierdie reis hulle bediening verryk het.

**4 BEDIENINGSONDERSTEUNING**

Die begroting het voorsiening gemaak dat predikante ruim gesubsidieer kon word om verskeie geleenthede by te woon.
Die Portefeulje het die eenmanvertoning *Reünie* tydens die Predikante Lentekonferensie 2025 geborg.

**5 TEN LAASTE**

Kommunikasie van alle aktiwiteit is via die Ringskriba’s aangestuur.

Nadenke vraag: Op watter manier kan hierdie portefeulje met Excelsus hande vat om predikante meer effektief toe te rus en in die bediening te begelei?

Ds. Etienne Pheiffer

# BYLAAG 4.10

## Verslag van die Ouditkomitee
## NG Kerk Sinode Hoëveld – 25 tot 28 Oktober 2026

### 1. INLEIDING

Die Ouditkomitee is 'n komitee van die NG Kerk Sinode Hoëveld wat uit onafhanklike lede bestaan. Volgens die Handves van die Ouditkomitee is dit die komitee se taak om die Sinodale Dienskommissie (SDK) by te staan:

- Sodat die SDK toesig kan hou oor
  - Die kwaliteit en integriteit van die Sinode se jaarlikse finansiële state;
  - Die sinode se voldoening aan etiese, wetlike en regulatiewe vereistes;
  - Die eksterne ouditeure se kwalifikasies, onafhanklikheid en prestasie;
- Sodat die SDK 'n ingeligte oordeel kan vel oor
  - Die sinode se interne ouditfunksie;
  - Die sinode se risikoprofiel;
  - Die redelikheid van die jaarlikse begroting;
- En sodat die SDK 'n evaluasie kan maak van
  - Die mate waarin die sinode se bates beveilig is en
  - Die strategiese plan en bestuursproses.

### 2. SAMESTELLING

Die Ouditkomitee bestaan uit:

- mnr. Johan [J] Massyn – voorsitter (onafhanklike – heraanstelling 2024 tot 2027);
- ds. Gerhard [GJ] Koen – kerkregkundige (onafhanklike – heraanstelling 2024 tot 2027);
- mnr. Daniel [DL] Hugo – (onafhanklike – aangestel 2025-2028)
- ds. Hannes [JH] Windell – Kantoorbestuurder – sekretaris (sonder stemreg).

Die volgende persone (sonder stemreg] woon die vergaderings van die Ouditkomitee by:

- mnr. André Britz – finansiële beampte – sonder stemreg [Accounting Services];
- dr. Pieter Kruger – Portefeulje Sinodale Hulpbronne;
- dr. Tom [TJ] Smith – voorsitter van die SDK;
- mnr. Thoben [T] Koorts – voorsitter van die SKF.

Mnr. Deon Malherbe en mnr. Anton Ferreira wat ook lede van die Ouditkomitee was, het tydens die termyn uitgetree. Mnr. André Prakke wat in 2024 as lid aangewys, is oorlede. Dr. Johan Botha was ook toe hy voorsitter van die SDK was, lid maar is vervang deur dr. Tom Smith.
Die Ouditkomitee vergader minstens 3 keer per jaar ter wille van die uitvoering van sy funksies en verantwoordelikhede.

### 3. WERKSAAMHEDE

#### 3.1 Aanstelling van die Ouditeure
Die Ouditkomitee het in 2022-2023 'n proses gevolg om ouditeure aan te stel vir die jaarlikse oudit en het besluit om The Ashton Group CA (SA) Inc. by die SDK aan te beveel as ouditeure. Daar word jaarliks hieroor besin en The Ashton Group CA (SA) Inc. was ook die ouditeure vir die afgelope jaar. Elke jaar voordat die oudit-proses aan die gang gesit word, lê die ouditeure die ouditplan aan die Ouditkomitee voor vir beoordeling.

#### 3.2 Beoordeling van die Begroting
Die Ouditkomitee behandel jaarliks die begroting wat deur Begrotingskomitee saamgestel word. Dit

het die Sinodale Kommissie vir Fondse daarop gewys dat die versuim van gemeentes om Sinodale Bydraes te betaal 'n groot risiko vir die volhoubaarheid van sinodale werksaamhede inhou.

### 3.3 Die Geouditeerde Finansiële State van die NG Kerk Sinode Hoëveld

Die Ouditkomitee bestudeer jaarliks die Geouditeerde Finansiële State van die Sinode en indien hul tevrede is, beveel hulle dit aan by die Sinodale Kommissie vir Fondse en die Sinodale Dienskommissie vir goedkeuring.
Die Geouditeerde Finansiële State vir 2025-2026 is as Bylaag 3.10.1 aangeheg.

### 3.4 Advies aan die Sinodale Dienskommissie

Die Ouditkomitee het op versoek van die Sinodale Dienskommissie advies gegee oor die stigting van Sinode Hoëveld Eiendomme (Pty) Ltd. en die aandeelopsies.

### 3.5 Risikobeleid en -beoordeling

Die Ouditkomitee is deurentyd besig om die Sinode se risiko's te beoordeel. In die termyn is daar ook begin met die hersiening van die Risikobeleid. Tans word daar gewerk aan die vereenvoudiging van die Risikobeleid. Die proses is nog aan die gang en die Ouditkomitee wag tans insette in van die Sinodale Kommissie vir Fondse en die Sinodale Dienskommissie.

## 4. SLOTOPMERKINGS

Die Ouditkomitee oordeel dat hoewel daar verskeie risiko's bestaan, die Sinodale Kommissie vir Fondse en die Sinodale Dienskommissie goeie beheer en bestuur uitoefen.

Mnr. Johan Massyn
Voorsitter

Ds. Hannes Windell
Sekretaris

# BYLAAG 4.11

**Geouditeerde finansiële state 2025–2026**

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD**

(Registration number PBO - 930006906)

Annual financial statements

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD
(Registration number: PBO - 930006906)
Annual Financial Statements for the year ended 28 February 2026

## General Information

| | |
|---|---|
| **Country of incorporation and domicile** | South Africa |
| **Nature of business and principal activities** | The Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld reviews the financial activities of the NG Kerk congregations in the region and works mainly in the South of Gauteng and Mpumalanga |
| **Members** | Rev. dr. TJ Smith<br>Rev. V Bouwer (appointed 1 February 2026)<br>Rev. IS deV du Toit (resigned 31 January 2026)<br>Rev.dr. P Kruger<br>Rev. E Pheiffer<br>Rev. J Stoffberg<br>Rev. N Strydom<br>Rev. S van Heerden (Appointed 1 April 2025)<br>Rev. M van Tonder<br>Rev. JH Windell<br>Eld. GJ Brink<br>Eld. OJ Gouws<br>Eld. A Visser |
| **Registered office** | 56 Gladiator Road<br>Rhodesfield<br>Kempton Park<br>1619 |
| **Auditors** | The Ashton CA (SA) Group Inc.<br>Chartered Accountants (SA)<br>Registered Auditors |

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD

(Registration number: PBO - 930006906)
Annual Financial Statements for the year ended 28 February 2026

## Index

The reports and statements set out below comprise the annual financial statements presented to the members:


| | Page |
|---|---|
| Audit Committee Report | 3 - 4 |
| Synodal Service Commission's Responsibilities and Approval | 5 |
| Synodal Service Commission's Report | 6 |
| Independent Auditor's Report | 7 - 8 |
| Statement of Financial Position | 9 |
| Statement of Comprehensive Income | 10 |
| Statement of Changes in Equity | 11 |
| Statement of Cash Flows | 12 |
| Accounting Policies | 13 - 15 |
| Notes to the Annual Financial Statements | 16 - 21 |
| The following supplementary information does not form part of the annual financial statements and is unaudited: | |
| Detailed Income Statement | 22 - 23 |

## Audit Committee Report

This report was prepared by the Audit Committee of the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld appointed for the 2026 financial year.

Members of the Audit Committee

The members of the Audit Committee are:

| Name | Qualification |
|---|---|
| Johan Massyn | B. Com CA(SA) |
| Gerhard Koen | BA Diploma Theology; BA Hons Psychology |
| Daniel Hugo | B. Com Hons Actuarial Sciences (appointed 1 June 2025) |

**Audit Committee meetings**

The Audit Committee fulfils the duties set out in Article 94 (7) of the Non- Profit Organisation Act of South Africa by holding regular meetings with key stakeholders and by giving the external auditors unlimited access.

The Audit Committee held 4 scheduled meetings. The meetings were held on 28 March 2025, 20 June 2025, 31 August 2025 and 10 April 2026. The Audit Committee discussed the audit process at the meeting held after financial year end, 10 April 2026.

**Audit Committee Activities**

The Audit Committee is pleased to submit this report regarding the current reporting date ended 28 February 2026 to the Synodal Services Commission (SSC) of the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld.

The Audit Committee's responsibilities include those in terms of the Audit Charter, as well as additional responsibilities as set out by the SSC.

During the current reporting period, the Audit Committee has undertaken the following responsibilities:

**With regards to the external auditors and external audit**

The Ashton CA(SA) Group Inc. has been appointed as the external auditors for the current financial year;

Ensure that the appointment of the external auditors meet the legislative requirements;

Review and evaluate the external audit process and conclude that the process is satisfactory;

Review the external auditor's report to obtain reasonable assurance that the accounting records have been adequately maintained at all times;

Review and approval of Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld's policy for non-audit services provided by the external auditors during the reporting period. It has been confirmed that the independent auditors did not provide any non-audit services in the year under review.

Consideration of any reportable irregularities identified by the external auditors and was reported in terms of the Auditing Profession Act, 26 of 2005, and confirms that no such event occurred;

Findings and recommendations from the external auditors were reviewed and ensured no unresolved issues or concerns existed between the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld and the external auditors in connection with the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld.

**With regards to the financial statements and accounting practice**

Confirm the going concern principle as the basis for appropriate preparation of the annual financial statements; and

Consideration of accounting policies, practices, and internal controls of the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld and is satisfied that it was appropriately applied in all material aspects relating to IFRS for SME's excluding business combinations, modified for entity specific accounting policies.

# Audit Committee Report

Assess the adequacy and effectiveness of Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld's compliance performance;

All significant compliance risks have been reported to the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld and the process has been monitored to rectify these issues;

Ensure controls are in place for receiving and resolving complaints in terms of applicable legislation regarding accounting policies, the internal audit of Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld, the content and audit of Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld's financial statements, the internal financial controls of the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld or any related issues. (including internal, anonymous complaints from employees or any other person).

**Conclusion**

The Audit Committee is satisfied that they have complied with all statutory requirements as well as requirements as required by the SSC as mandated.

The Audit Committee is satisfied that in all aspects, the financial and internal controls are appropriate and that no interruptions occurred that could have led to substantial losses for the Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Hoëveld.

The Audit Committee reviewed the financial statements on 7 August 2026 and submitted it to the SSC for approval.

On behalf of the audit committee

**J Massyn**
**Chairman Audit Committee**

## Synodal Service Commission's Responsibilities and Approval

The members of the SSC are required by the Church Order of the Dutch Reformed Church, to maintain adequate accounting records and are responsible for the content and integrity of the annual financial statements and related financial information included in this report. It is their responsibility to ensure that the annual financial statements fairly present the state of affairs of the synod as at the end of the financial year and the results of its operations and cash flows for the period then ended, in conformity with the International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities excluding business combinations, modified for entity specific accounting policies. The external auditors are engaged to express an independent opinion on the annual financial statements.

The annual financial statements are prepared in accordance with the International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities excluding business combinations, modified for entity specific accounting policies and are based upon appropriate accounting policies consistently applied and supported by reasonable and prudent judgements and estimates.

The members acknowledge that they are ultimately responsible for the system of internal financial control established by the synod and place considerable importance on maintaining a strong control environment. To enable the members to meet these responsibilities, the Synodal Service Commission sets standards for internal control aimed at reducing the risk of error or loss in a cost effective manner. The standards include the proper delegation of responsibilities within a clearly defined framework, effective accounting procedures and adequate segregation of duties to ensure an acceptable level of risk. These controls are monitored throughout the synod and all employees are required to maintain the highest ethical standards in ensuring the synod's business is conducted in a manner that in all reasonable circumstances is above reproach. The focus of risk management in the synod is on identifying, assessing, managing and monitoring all known forms of risk across the synod. While operating risk cannot be fully eliminated, the synod endeavours to minimise it by ensuring that appropriate infrastructure, controls, systems and ethical behaviour are applied and managed within predetermined procedures and constraints.

The members are of the opinion, based on the information and explanations given by management, that the system of internal control provides reasonable assurance that the financial records may be relied on for the preparation of the annual financial statements. However, any system of internal financial control can provide only reasonable, and not absolute, assurance against material misstatement or loss.

The members have reviewed the synod's cash flow forecast for the year to 28 February 2027 and, in the light of this review and the current financial position, they are satisfied that the synod has or has access to adequate resources to continue in operational existence for the foreseeable future.

The external auditors are responsible for independently auditing and reporting on the synod's annual financial statements. The annual financial statements have been examined by the synod's external auditors and their report is presented on pages 7 - 8.

The annual financial statements set out on pages 9 to 21, which have been prepared on the going concern basis, were approved by the members on 9 October 2026 and were signed on its behalf by:

**Rev. dr. TJ Smith** | **Rev. JH Windell**

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD

(Registration number: PBO - 930006906)
Annual Financial Statements for the year ended 28 February 2026

## Synodal Service Commission's Report

The members have pleasure in submitting their report on the annual financial statements of NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD for the year ended 28 February 2026.

### 1. Review of financial results and activities

The annual financial statements have been prepared in accordance with International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities excluding business combinations, modified for entity specific accounting policies. The accounting policies have been applied consistently compared to the prior year.

Full details of the financial position, results of operations and cash flows of the synod are set out in these annual financial statements.

### 2. Auditors

The Ashton CA (SA) Group Inc. continued in office as auditors for the synod for 2026.

### 3. Events after the reporting period

The members are not aware of any material event which occurred after the reporting date and up to the date of this report.

### 4. Going concern

The annual financial statements have been prepared on the basis of accounting policies applicable to a going concern. This basis presumes that funds will be available to finance future operations and that the realisation of assets and settlement of liabilities, contingent obligations and commitments will occur in the ordinary course of business.

### 5. Liquidity and solvency

The members have performed the required liquidity and solvency tests required by the Church Order of the Dutch Reformed Church.

The annual financial statements set out on page 9 to 21, which have been prepared on the going concern basis, were approved by the Syndal Service Commission on 9 October 2026, and were signed on its behalf by: Dr. Tom Smith

**Approval of annual financial statements**

ASHTONEDGE
REGISTERED AUDITORS AND ACCOUNTANTS

51 Lebombo Street
Ashlea Gardens
Pretoria
0181

+27 12 460 3050
edge@ashton.co.za
Website: ashton.co.za

406 Herolds Bay Road
George
Western Cape
6530

PO Box 1620
Groenkloof
Pretoria
0027

## Independent Auditor's Report

**To the Members of NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD**

**Opinion**

We have audited the annual financial statements of NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD (the synod) set out on pages 9 to 21, which comprise the statement of financial position as at 28 February 2026, statement of comprehensive income, statement of changes in equity and statement of cash flows for the year then ended, and the notes to the annual financial statements, including a summary of significant accounting policies.

In our opinion, the annual financial statements present fairly, in all material respects, the financial position of NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD as at 28 February 2026, and its financial performance and cash flows for the year then ended in accordance with the accounting basis in note 1 to the annual financial statements.

**Basis for Opinion**

We conducted our audit in accordance with International Standards on Auditing. Our responsibilities under those standards are further described in the Auditor's Responsibilities for the Audit of the Annual Financial Statements section of our report. We are independent of the synod in accordance with the Independent Regulatory Board for Auditors' Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code) and other independence requirements applicable to performing audits of annual financial statements in South Africa. We have fulfilled our other ethical responsibilities in accordance with the IRBA Code and in accordance with other ethical requirements applicable to performing audits in South Africa. The IRBA Code is consistent with the corresponding sections of the International Ethics Standards Board for Accountants' International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards). We believe that the audit evidence we have obtained is sufficient and appropriate to provide a basis for our opinion.

**Emphasis of Matter**

**Other Information**

The members are responsible for the other information. The other information comprises the information included in the document titled "NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE HOËVELD annual financial statements for the year ended 28 February 2026", which includes the Synodal Service Commission's Report and Audit Committee Report as required by the Church Order of the Dutch Reformed Church and the supplementary information as set out on pages 22 to 23. The other information does not include the annual financial statements and our auditor's report thereon.

Our opinion on the annual financial statements does not cover the other information and we do not express an audit opinion or any form of assurance conclusion thereon.

In connection with our audit of the annual financial statements, our responsibility is to read the other information and, in doing so, consider whether the other information is materially inconsistent with the annual financial statements or our knowledge obtained in the audit, or otherwise appears to be materially misstated. If, based on the work we have performed, we conclude that there is a material misstatement of this other information, we are required to report that fact. We have nothing to report in this regard.

Directors: A Robberts - CA(SA) RA | HJ Windell - CA(SA) RA | W Delport - CA(SA) RA | CE Möller - CA (SA) RA
Associated Professionals: TC Moyo - B COM CTA SAIPA | A Dalyell - BCOM CIMA (HONS) SAIPA

The Ashton CA (SA) Group Inc. trading as AshtonEdge | Registration No: 2016/109731/21
Prac. No: 902161 | VAT No: 4020273290 | TAX No: 9001471284

CORE ASSOCIATES | AUDIT & ACCOUNTING

SAICA

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
YOUR WEALTH

the future · now

## Independent Auditor's Report

**Responsibilities of the Members for the Annual Financial Statements**

The members are responsible for the preparation and fair presentation of the annual financial statements in accordance with the International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities excluding business combinations, modified for entity specific accounting policies, and for such internal control as the members determine is necessary to enable the preparation of annual financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error.

In preparing the annual financial statements, the members are responsible for assessing the synod's ability to continue as a going concern, disclosing, as applicable, matters related to going concern and using the going concern basis of accounting unless the members either intend to liquidate the synod or to cease operations, or have no realistic alternative but to do so.

**Auditor's Responsibilities for the Audit of the Annual Financial Statements**

Our objectives are to obtain reasonable assurance about whether the annual financial statements as a whole are free from material misstatement, whether due to fraud or error, and to issue an auditor's report that includes our opinion. Reasonable assurance is a high level of assurance, but is not a guarantee that an audit conducted in accordance with International Standards on Auditing will always detect a material misstatement when it exists. Misstatements can arise from fraud or error and are considered material if, individually or in the aggregate, they could reasonably be expected to influence the economic decisions of users taken on the basis of these annual financial statements.

As part of an audit in accordance with International Standards on Auditing, we exercise professional judgement and maintain professional scepticism throughout the audit. We also:

- Identify and assess the risks of material misstatement of the annual financial statements, whether due to fraud or error, design and perform audit procedures responsive to those risks, and obtain audit evidence that is sufficient and appropriate to provide a basis for our opinion. The risk of not detecting a material misstatement resulting from fraud is higher than for one resulting from error, as fraud may involve collusion, forgery, intentional omissions, misrepresentations, or the override of internal control.
- Obtain an understanding of internal control relevant to the audit in order to design audit procedures that are appropriate in the circumstances, but not for the purpose of expressing an opinion on the effectiveness of the synod's internal control.
- Evaluate the appropriateness of accounting policies used and the reasonableness of accounting estimates and related disclosures made by the members.
- Conclude on the appropriateness of the members' use of the going concern basis of accounting and based on the audit evidence obtained, whether a material uncertainty exists related to events or conditions that may cast significant doubt on the synod's ability to continue as a going concern. If we conclude that a material uncertainty exists, we are required to draw attention in our auditor's report to the related disclosures in the annual financial statements or, if such disclosures are inadequate, to modify our opinion. Our conclusions are based on the audit evidence obtained up to the date of our auditor's report. However, future events or conditions may cause the synod to cease to continue as a going concern.
- Evaluate the overall presentation, structure and content of the annual financial statements, including the disclosures, and whether the annual financial statements represent the underlying transactions and events in a manner that achieves fair presentation.

We communicate with the members regarding, among other matters, the planned scope and timing of the audit and significant audit findings, including any significant deficiencies in internal control that we identify during our audit.

WDelport 09/10/2026

**The Ashton CA (SA) Group Inc.**
**W Delport**
**Director**
**Chartered Accountants (SA)**
**Registered Auditor**

## Statement of Financial Position as at 28 February 2026

| Figures in Rand | Note(s) | 2026 | 2025 |
|---|---|---|---|
| **Assets** | | | |
| **Non-Current Assets** | | | |
| Property, plant and equipment | 2 | 9 611 216 | 9 151 742 |
| Other financial assets | 3 | 28 427 375 | 27 091 703 |
| | | **38 038 591** | **36 243 445** |
| **Current Assets** | | | |
| Accounts receivable | 5 | 513 077 | 481 116 |
| Cash and cash equivalents | 6 | 129 900 | 317 036 |
| | | **642 977** | **798 152** |
| **Total Assets** | | **38 681 568** | **37 041 594** |
| **Equity and Liabilities** | | | |
| **Equity** | | | |
| Accumulated surplus | | 21 745 803 | 22 176 129 |
| Other non-distributable reserves | | 3 284 097 | 2 093 304 |
| | | **25 029 900** | **24 269 433** |
| **Liabilities** | | | |
| **Non-Current Liabilities** | | | |
| Retirement benefit liability | 4 | 11 558 000 | 10 606 000 |
| **Current Liabilities** | | | |
| Accounts payable | 7 | 295 668 | 414 161 |
Die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge hou toesig oor die diensverhoudinge van die personeel in die Sinodale Kantoor en gee, indien daartoe versoek, advies aan kerkrade oor diensverhoudinge met administratiewe en ander personeel. Die SKDV verseker ook dat die werksomstandighede by die Sinodale Kantoor aan die vereistes van toepaslike wetgewing voldoen.
Kerkregtelike advies oor predikante en hul diensooreenkomste word na die Aktuarius verwys.

### 13.2 Die wisseling van Personeel

Die SKDV het besluit om nie die tydelik-deeltydse pos van die administratiewe assistent, me. Anna-Marie Bosch te verleng nie. Sy het diens verlaat aan die einde van Februarie 2023.

Me. Louise Joubert wat die Persoonlike Assistent van die Algemene Kantoorbestuurder was, het op 31 Maart 2024 met vervroegde pensioen uit diens getree. Na onderhoude het die SKDV me. Amanda Dry aangestel as Persoonlike Assistent. Sy het diens aanvaar op 22 April 2024.

Me. Christinah Luzipho wat sedert die Sinodale Kantoor na Rhodesfield geskuif het as skoonmaker en algemene werker in diens was, het op 31 Desember 2025 met pensioen uit diens getree. Na onderhoude het die SKDV me. Benzile Ndlovu as skoonmaker en algemene werker aangestel. Sy het op 5 Januarie 2026 diens aanvaar.

Omdat ds. Windell se diensooreenkoms met die Sinode 31 Desember 2026 verstryk, het die SDK besluit om die pos van Algemene Kantoorbestuurder bekend te stel en te vul. Die SDK het in oorleg met die SKDV 'n deeglike proses gevolg en die Aanstellingskomitee wat uit lede van die SDK en die SKDV bestaan het, het die aansoeke oorweeg, onderhoude gevoer en 'n aanbeveling aan die SDK gemaak.

Die SDK het dr. Pieter Kruger benoem in die pos as Algemene Kantoorbestuurder. Hy het die benoeming aanvaar en sal vanaf 1 Oktober 2026 saam met ds. Windell werksaam wees.

### 13.3 Opleidingsgeleentheid

Die SKDV het besluit om na die verskyning van die Bestuursgids vir Diensverhoudings 2022 'n opleidingsgeleentheid aan te bied. Die geleentheid is eers op 21 Junie 2025 gehou en mnr. Willie Hills, 'n prokureur, wat 'n lid van die Algemene Taakspan Predikantesake is het die opleiding aangebied. Die opleiding is bygewoon deur persone wat betrokke is by die Diensverhoudingskommissies van gemeentes.

## 14. Effata ondersteuningspan

Die doel van die Effata Ondersteuningspan is om die NG Gemeente Effata vir Dowes en die leraarspaar by te staan.

Die Effata Ondersteuningspan (EOS) bestaan uit die volgende lede:

| | |
|---|---|
| Ds. Deon [HG] Holtzhausen | Voorsitter: (Ring van Kemptonpark) |

| | |
|---|---|
| Dr. Pieter [P] Kruger | Ondervoorsitter (Portefeuljeleier: Sinodale Hulpbronne) |
| Ds. Jaco [JJ] van Wyk | Leraar NG Gemeente Effata |
| Mev. Santie [Santie] van Wyk | Skriba NG Gemeente Effata |
| Ds. Jan [JH] Oberholzer | Hoof: DCMA (Projekleier) / Leraar De la Bat gemeente Bellville |
| Me. Louise [L] Duvenhage (tot Maart 2024)<br>Me. Amanda [A] Dry (vanaf April 2024) | Sekretaresse (PA van die Algemene Kantoorbestuurder) |
| Oudl. Alta [A] Visser | Kerkraadslid SDK en Ringskriba (Ring van Kemptonpark) |
| Mnr. André [A] Britz | Accounting Services (Finansies) |
| Ds. Hannes [JH] Windell | Algemene Kantoorbestuurder (ex officio) |

EOS het twee keer in 2023 vergader en een keer in 2025. Daar was ook gesprekke tussen die voorsitter, ds. Van Wyk, dr. Kruger, mnr. Britz en ds. Windell. ‘n Verslag van Effata-vir-Dowes verskyn elders in die agenda.

## 15. Mediese Fonds en Subsidiekomitee

Die lede van die MFSK is:

| | |
|---|---|
| Dr. Pieter [P] Kruger | Voorsitter (Portefeuljeleier: Sinodale Hulpbronne) |
| Ds. Hannes [JH] Windell | Kantoorbestuurder |
| Dr. Hannes [CJ ] Reinecke | SKF-Lid (uitgetree 2024) |
| Mnr. Frikkie Schroeder | SKF-Lid (aangewys 2025) |
| Me. Louise [L] Duvenhage (tot 2023)<br>Me. Amanda [A] Dry (vanaf 2024) | Sekretaris – PA van die Kantoorbestuurder |
| Mnr. André [A] Britz | Accounting Services CC – op uitnodiging |
| Me. Veronica [V] Stuurman<br>Me. Susan [S] Dauth | Bestmed verteenwoordiger – op uitnodiging. |
| Me. Elrene [E] Marais<br>Me. Chantell [C] Mokoteli | Alexander Forbes |

Die Mediese Fonds en Subsidiekomitee (MFSK) vergader een maal per jaar. Tydens die vergadering gee die Sinodale Kantoor terugvoering oor die mediese fondssubsidies wat aan emeriti en pensioenarisse betaal word. Sedert 2022 woon Bestmed en Alexander Forbes se verteenwoordigers die vergadering by en gee terugvoering oor lede se gebruik van die Fonds en verskaf inligting oor wysigings aan die Fonds se pakkette en premie-aanpassings. (Bestmed is die mediese skema met wie die NG Kerk Sinode Hoëveld ‘n ooreenkoms het om as groep by Bestmed in te skakel. Sedert 1 Maart 2022 tree Alexander Forbes as die tussenganger tussen die lede en Bestmed op.)

Die Mediese Fonds en Subsidiekomitee gee advies aan die SKF oor die moontlike aanpassing aan die subsidie vir emeriti en pensioenarisse. Hieronder is vergelykende syfers van die getal emeriti en pensioenarisse en die totale maandelikse subsidie:

| Datum | Getal emeriti en pensioenarisse wat subsidie ontvang | Maandelikse bedrag* | Verhoging toegestaan |
|---|---|---|---|
| 01 Januarie 2023 | 87 | R 160 836 | 4.5% |
| 01 Januarie 2024 | 82 | R163 864 | 5.5% |
| 01 Januarie 2025 | 76 | R159 825 | 5% |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 01 Januarie 2026 | 66 | R146 833 | 5% |

*Die maandelikse bedrag kan wissel.

Ongelukkig was daar tydens die laaste vergadering 'n fout met die getal persone wat die databasis aangedui het vir subsidie van die MFSK op 30 Oktober 2025 vir betaling in 1 Januarie 2026. Die syfer is van 66 gewysig tot 68. Die subsidiebedrag was dus ook hoër. Dit is belangrik om daarop te let dat wanneer naasbestaandes die Kantoor in kennis stel van die afsterwe van 'n emeritus of pensioenaris, die subsidie aan die persoon gewoonlik met die volgende betaling gestaak word, mits daar nie 'n afhanklike is nie.

## 16. Vergoedingskomitee

Die Vergoedingskomitee (voorheen – die Spesiale Vergoedingskomitee) word aangewys na afloop van die sinodesittings en word saamgestel om besluite en aanbevelings te maak oor die betalings vir die uitkoop van tyd van die lede van die SDK, tariewe van diensverskaffers aan die Sinode en die traktementskale van predikante. Laasgenoemde word jaarliks van die Algemene Taakspan Predikantesake en die Algemene Taakspan vir Fondse en Bates ontvang.

| | |
|---|---|
| Dr. Pieter [P] Kruger | Voorsitter – (Portefeuljeleier: Sinodale Hulpbronne) |
| Ds. Hannes [JH] Windell | Sekretaris – (Algemene Kantoorbestuurder) |
| Mnr. Hennie [H] Bernhardt | Lid van SKDV |
| Me. A [Alta] Visser | Lid van SDK (kerkraadslid) |
| Mnr. A [André] Britz | Finansiële beampte - Onafhanklike Kontrakteur (Accounting Services cc) |

Die Vergoedingskomitee vergader jaarliks, gewoonlik laat in November.

## 17. Diensgroep Kommunikasie

Die Diensgroep Kommunikasie bestaan uit die volgende lede:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | dr. Nico [N] Smit |
| Ondervoorsitter | dr. Marius [M] Gertzen |
| Portefeuljeleier Sinodale Hulpbronne | dr. Pieter [P] Kruger |
| Voorsitter van die SDK | dr. Tom [TJ] Smith |
| Skriba van die Sinode/ Kantoorbestuurder | ds. Hannes [JH] Windell |
| Sekretaresse | me. Louise [L] Duvenhage (tot Maart 2024) |
| Persoonlike Assistent | me. Amanda [A] Dry (vanaf April 2024) |
| Lid | ds. Yolande [Y] Kok (bedank 2025) |
| Lid | ds. Jaco [JJ] de Witt |
| Lid | ds. Christo [CJ] du Plessis |

Die Diensgroep Kommunikasie verseker dat daar doeltreffende kommunikasie sal wees tussen die Sinode en gemeentes en probeer gemeentes behulpsaam wees om inligting oor aksies en gebeure in gemeentes in die Sinode te versprei.

## 18. Die Diensgroep Argief

Hoewel die Regulatiewe Kode voorsiening maak vir 'n Diensgroep Argief het sodanige diensgroep nie gefunksioneer nie. Afgevaardigdes van die Argief bring gedurende November 2026 besoek aan die sinodale kantoor om aandag te verleen met die organisering van die plaaslike argief en argivering van relevante dokumente.

## Bylaag 5.1

# SINODE HOËVELD

### KONTANT- BEGROTING OPSOMMING 2026 2027

**Periode 1/3/26 – 28/2/27**

| | 2026 begroot huidige 2025/26 BEGROTING Jaar | 2025 werklik huidige 2025/26 BEGROTING Jaar | 2027 begroot nuwe 2026/27 BEGROTING Jaar |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Sinodale Bydraes | 6 880 628 | 7 102 425 | 7 068 000 |
| Hulpfonds bydraes | 158 594 | 142 229 | 140 600 |
| Administratiewefooi | 19 200 | 19 895 | 19 200 |
| Rente & dividende ontvangbaar | 1 037 610 | 951 597 | 1 307 840 |
| Huur inkomste | 283 344 | 267 189 | 283 344 |
| Ander | 0 | 0 | 0 |
| **Totale Inkomste** | **8 379 376** | **8 483 335** | **8 818 984** |
| **UITGAWES** | | | |
| **Sinodale verpligte Uitgawes** | | | |
| Sinodale bedryfskoste | 3 022 269 | 2 976 236 | 3 403 370 |
| Verpligting aan breër kerkverband | 1 710 755 | 1 710 755 | 1 863 243 |
| Medies uitgawes - Emeriti Predikante | 1 833 184 | 1 762 176 | 1 801 997 |
| **Subtotaal Verpligte Uitgawes** | **6 566 208** | **6 449 167** | **7 068 609** |
| **Verkose Leierskap** | | | |
| Maandelikse honoraria | 403 260 | 321 600 | 417 374 |
| Reiskoste, verversings & byeenkomste | 16 000 | 3 677 | 16 000 |
| Projekte | 45 000 | 7 499 | 30 000 |
| Regskommissie | 30 000 | 3 455 | 25 000 |
| Sitting - Sinode Hoëveld | 0 | 125 000 | 0 |
| **Subtotaal Verkose Leierskap** | **494 260** | **461 231** | **488 374** |
| **Strategiese Fokusareas** | | | |
| Portefeulje - Sinodale Hulpbronnebestuur | 41 750 | 16 866 | 39 250 |
| Portefeulje - Lidmaatbemagtiging & Leierskapstoerusting | 20 000 | 12 500 | 10 000 |
| Portefeulje - Gemeentebegeleiding | 20 000 | 0 | 20 000 |
| Portefeulje - Jeug- en Gesinsbediening | 57 000 | 17 796 | 57 000 |
| Portefeulje - Predikante versorging & toerusting | 139 000 | 97 956 | 134 000 |
| Portefeulje - Kerkverband & Ekumene | 33 000 | 11 838 | 41 000 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Portefeulje - Gemeenskapsbetrokkenheid & Diensgetuienis | 155 000 | 19 500 | 155 000 |
| **Subtotaal Strategiese Fokusareas** | **465 750** | **176 456** | **456 250** |
| **<u>Sinode toekennings</u>** | | | |
| Dowes - Effata | 420 000 | 442 500 | 450 000 |
| Studentebediening - Melville | 380 000 | 380 000 | 380 000 |
| MES | 150 000 | 150 000 | 150 000 |
| Bydrae hulppredikant - JHB middestad | 60 000 | 60 000 | 60 000 |
| Transoranje Instituut | 20 000 | 20 000 | 20 000 |
| Diensgetuienis - Tutela werksaamhede | 378 000 | 378 000 | 378 000 |
| **Subtotaal Maandelikse Toekennings** | **1 408 000** | **1 430 500** | **1 438 000** |
| **Subtotaal Strategiese Fokusareas** | **1 873 750** | **1 606 956** | **1 894 250** |
| **Totale Uitgawes** | **8 934 218** | **8 517 354** | **9 451 233** |
| **Verwagte Surplus / (Tekort) bedryfsbegroting voor Voorsienings** | **(554 842)** | **(38 601)** | **(632 249)** |
| MIN: Voorsienings | 1 623 594 | 494 000 | 494 000 |
| MIN: Waardevermindering | 110 000 | 110 000 | 110 000 |
| **Finale jaareind SURPLUS / (TEKORT) bedryfsbegroting** | **(2 288 436)** | **(642 601)** | **(1 236 249)** |

# Bylaag 5.2

## Stand van finansiële posisie

# SINODE HOËVELD

**Kwarttaalikse verslagdoening aan die SDK:** **Datum:** **01/03/26 tot 31/08/26**

**Kritiese Bestuurs-inligting tov Sinode se finansies** **Sleutel:**

| | |
|---|---|
| **negatief** | (rooi) |
| **besorg** | (geel) |
| **positief** | (groen) |

**1. <u>SINODE KONTANTVLOEI</u>**

| **Besonderhede** | **2026/2027**<br>**Huidig JTD** | **2025/2026**<br>**Vorige JTD** |
|---|---|---|
| Kontant begin van jaar 1/3/26 | 129 473 | 316 589 |
| Plus Surplus / (-Tekort ) | 54 236 | 88 860 |
| Kontant oorplasing uit / (in) reserwes | 250 000 | (100 000) |
| Kontant beskikbaar einde van periode 31/08/26 | 433 709 | 305 449 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

**2. <u>SINODE INKOMSTE</u>**

| **Besonderhede** | **2026/2027**<br>**Huidig JTD** | **2025/2026**<br>**Huidig JTD** |
|---|---|---|
| Wat beloop die kontant inkomste? | 4 877 137 | 4 913 005 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

**3. <u>SINODE UITGAWES</u>**

| **Besonderhede** | **2026/2027**<br>**Huidig JTD** | **2025/2026**<br>**Huidig JTD** |
|---|---|---|
| Wat beloop die kontant uitgawes? | 4 822 901 | 4 824 145 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

## 4. SINODE SURPLUS (TEKORT) VIR PERIODE

| Besonderhede | 2026/2027 Huidig JTD | 2025/2026 Huidig JTD |
|---|---|---|
| Wat is die huidige stand? | 54 236 | 88 860 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

## 5. SINODE PERSONEELKOSTE

| Besonderhede | 2026/2027 Huidig JTD | 2025/2026 Huidig JTD |
|---|---|---|
| Wat beloop die personeelkoste? | 723 810 | 693 934 |
| Aantal personeel op betaalstaat? | 4 | 4 |
| Personeelkoste as % van inkomste? | 15% | 14% |
| Koste per personeellid - gemiddeld? | 22 619 | 21 685 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

## 6. SINODE BELEGGINGS / RESERWES / KONTANT

| Besonderhede | 2026/2027 Huidig JTD | 2025/2026 Huidig JTD |
|---|---|---|
| Wat is die huidige bedrag van die beleggings & kontant? | 22 237 805 | 21 655 514 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

## 7. SINODE UITSTAANDE SINODALE BYDRAES

| Besonderhede | 2026/2027 Huidig JTD | 2025/2026 Huidig JTD |
|---|---|---|
| Wat is die huidige bedrag uitstaande? | 12 339 612 | 10 388 219 |
| Hoeveel gemeentes is uitstaande? | 45 | 42 |
| Hoeveel gemeentes het ons in totaal in streek? | 100 | 103 |
| Hoeveel gemeentes betaal 100% | 55 | 61 |
| Hoeveel gemeentes betaal gedeeltelik? | 24 | 21 |
| Hoeveel gemeentes betaal NUL? | 21 | 21 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

**8. SINODE NETTO BATE WAARDE**

| Besonderhede | 2026/2027 Huidig JTD | 2025/2026 Huidig JTD |
|---|---|---|
| Wat is die huidige netto bate waarde? | 24 803 640 | 25 938 722 |

| | huidige JTD | huidige JTD |
|---|---|---|
| Wat is die algemene neiging? | | |
| Wat is ons posisie tov vorige jaar? | | |
| Wat is die verwagting vir volgende 3 - 6 maande? | | |

**9. SINODE BALANSSTAAT - RATIOS**

| | 2026/2027 Huidig JTD | 2025/2026 Huidig JTD |
|---|---|---|

Wat is huidige Finansiële verhoudings (ratios)?

| | werklik | doelwit |
|---|---|---|
| - Likiditeits verhouding | 2,4 | >1.5 |
| - Vuurproef verhouding | 1,2 | >1.0 |
| - Solvabaliteit verhouding | 2,8 | >1.5 |
| - Werkskapitaal verhouding tov lopende kontant | 0,4 | >3.0 |
| - Werkskapitaal verhouding (3x mnde) tov reserwes | 6,8 | >6.0 |

**10. SINODE ALGEHELE OPSOMMING**

| | tans | tans |
|---|---|---|
| Kontantvloei | | |
| Inkomste | | |
| Uitgawes | | |
| Netto surplus (Tekort) | | |
| Reserwes / beleggings | | |
| Likiditeit | | |
| Netto batewaarde | | |

| **Opmerkings by opsomming:** |
|---|

| |
|---|
| Gemeentes onder druk & gevolglike wanbetaling |
| Gemeentes se nie-betaling agv finansies/dolering |
| Sinode se bydraes aan ander instansies/onderhoud |
| Agv redes genoem bo by inkomste & uitgawes |
| Oorhoofs nog gesond, gebruik v reserwes positief |
| Lopende kontant onder druk |
| Redelik sterk en positief |

# Bylaag 5.3

## Die Bystandsfonds

### 1. Agtergrond

Versoeke vir hulpverlening volgens onderstaande scenario's sal oorweeg word teen die agtergrond van die bestaande **Beleid vir Hulpverlening** en 'n maksimum van R500 000 sal per finansiële jaar uit die Bystandsfonds beskikbaar gestel word.
'n Gemeente wat uit die Bystandsfonds gehelp is, sal nie binne twee jaar weer in aanmerking kan kom vir hulp uit die Bystandsfonds nie.

### 2. Moontlike scenario's vir hulpverlening aan gemeentes

Alle aansoeke van gemeentes vir bystand uit die Bystandsfonds moet in oorleg met die Ring of Ringskommissie geskied. Die kerkraad dien in oorleg met die Ring of Ringskommissie 'n aansoek in en dui die redes en die doel vir aanwending van die fondse aan.

#### 2.1 Hulp/bystand aan gemeentes met finansiële druk

'n Gemeente kan aansoek doen vir 'n maksimum van R20 000. Die geld hoef nie terugbetaal te word nie.

#### 2.2 Hulp of bystand aan 'n gemeente wat bediening wil uitbrei.

'n Gemeente kan aansoek doen vir 'n maksimum van R50 000 vir die uitbreiding van die bediening in 'n gemeente. So 'n aansoek moet vergesel word van 'n basiese plan oor die voordeel van die bediening in die gemeente asook hoe die gemeente oordeel die bediening na die hulp kan finansier.
50% van die bedrag moet volgens 'n reëling met die gemeente na 6 maande aan die Fonds terugbetaal word. Die oorblywende 50% word vrygestel van terugbetaling.

#### 2.3 Hulp of bystand aan 'n gemeente wat inkomste wil verhoog

'n Gemeente wat 'n projek wil loods om inkomste te verhoog kan aansoek doen vir 'n maksimum van R50 000. Die aansoek moet vergesel word van 'n besigheidsplan wat die doel en omvang van die projek beskryf. 'n Kontantvloeistaat moet aangeheg word van hoe die fondse aangewend gaan word en hoe die terugbetaling gemaak gaan word.
Binne drie maande van die betaling van die bydrae aan die gemeente moet 75% van die bedrag terugbetaal word. Die oorblywende 25% word vrygestel van terugbetaling.

#### 2.4 Hulp of bystand vir oorbruggingsfinansiering

Indien 'n gemeente tydelik oorbruggingsfinansiering benodig bv. Wanneer gewag word vir die oorbetaling van koopsom by die verkoop van eiendom of met die aansoek van 'n oortrokke fasiliteit of verband.
'n Kerkraad kan aansoek doen vir 'n maksimum van R100 000 vir oorbruggingsfinansiering. Die kerkraad moet tydens die aansoek 'n deeglike verduideliking gee ten einde die Sinode in staat te stel om die Sinode se risiko te bepaal by die beoordeling van die versoek.
'n Administrasiefooi van 10% kan gehef word en die geld moet binne 3 maande terugbetaal word. (Indien omstandighede dit vereis kan die tydperk onderhandel word.)

### 3. Krisis- of rampfonds

Soos ondervind is met Covid-19 en tevore met plaaslike krisisse of rampe, is bewys dat die Sinode 'n Krisis- of Rampfonds moet daarstel vir gemeentes wat geraak word deur buitengewone plaaslike of nasionale krisisse of rampe.
Die Sinode kan jaarliks op die laaste dag van Februarie R75 000 in die Fonds stort en gemeentes kan tot die Fonds bydra. 'n Gemeente wat so 'n bydrae maak kan 50% daarvan as korting op sy Sinodale bydrae ontvang.

’n Gemeente wat vir hulp uit die Krisis- of Rampfonds aansoek doen, kan ’n maksimum toekenning van R25 000 uit die Fonds kry wat nie terugbetaalbaar is nie.

**4. Hulpverlening aan gemeentes uit medemenslikheid**

Wanneer ‘n gemeente 'n behoefte aan hulpverlening uit medemenslikheidsoorwegings beleef, kan die gemeente aansoek doen vir ’n maksimum van R10 000, wat nie terugbetaalbaar is nie.

## 6. Verslag van die Sinodale Regskommissie

### Aan die vier-en-twintigste gewone Sinode van die NG Kerk Sinode Hoëveld 25–28 Oktober 2026

### 1. OPDRAG

Die Aktuarius en die Sinodale Regskommissie doen ingevolge die aanvullende bepalings van die NG Kerk Sinode Hoëveld verslag van hul werksaamhede gedurende die reses sedert die gewone sinodesitting van Oktober 2022.

Die Aktuarius verstrek op aanvraag advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en sinodale bepalings, hou rekord van skriftelike advies en dien as voorsitter van die Sinodale Regskommissie.

Die Sinodale Regskommissie bestudeer voorgestelde wysigings aan die sinodale bepalings, gee kerkregtelike en toepaslike regsadvies aan kerkvergaderinge en ampsdraers, en tree as gevolmagtigde appèlliggaam van die sinode op.

### 2. PERSONEEL EN SAMESTELLING

Die samestelling van die Sinodale Regskommissie het gedurende die verslagperiode ingrypend verander. Die volgende persone het gedurende die verslagperiode as lede, ampsdraers of regsadviseurs gedien:

| | |
|---|---|
| Ds. Jeanine Stoffberg | Voorsitter (Aktuarius) |
| Dr. JS Botha | Lid (Ondervoorsitter) tot sy vertrek uit die sinodale gebied |
| Ds. JH Windell | Lid (Skriba) |
| Dr. M Gertzen | Lid |
| Ds. GJ Koen | Lid |
| Mnr. V van Dyk | Lid |
| Dr. CJ Reinecke | Lid tot sy vertrek uit die sinodale gebied |
| Ds. PJ Kotze | Lid tot sy vertrek uit die sinodale gebied |
| Adv. ds. GH Meyer | Lid (en regsadviseur) tot sy afsterwe |
| Dr. JD Theron | Lid tot sy uittrede weens mediese ongeskiktheid |
| Ds. L Lombard | Lid sedert 2025 |
| Ds. C Nel | Lid sedert 2025 |
| Ds. H van Vliet | Lid sedert 2025 |
| Ds. C Hugo | Lid sedert 2026 |

#### 2.1 Verliese en veranderinge

Adv. ds. Gerrie Meyer, wat as lid en regsadviseur 'n besondere bydrae tot die werksaamhede van die Regskommissie gelewer het, is gedurende die verslagperiode oorlede. Die Regskommissie bring met dankbaarheid hulde aan hom vir sy kundigheid, toewyding en diens aan die kerkverband.

Dr. Jannie Theron moes weens mediese ongeskiktheid na 'n ernstige tref-en-trap-ongeluk uit die werksaamhede van die Regskommissie tree. Die Regskommissie spreek sy waardering uit vir sy diens en betreur die omstandighede wat tot sy uittrede aanleiding gegee het.

Ds. Pieter Kotze en dr. Johan Botha het die sinodale gebied verlaat. Dr. Botha het op 1 September 2024 diens by die Oostelike Sinode aanvaar. Die Regskommissie bedank hulle vir hul diens en bydrae.

Hierdie verliese en vertrekke het meegebring dat die Regskommissie, wat ingevolge die

sinodale bepalings uit tien lede moet bestaan, op ’n stadium uit slegs vyf lede bestaan het. Die beperkte ledetal het die kommissie se kapasiteit beïnvloed en onder meer daartoe gelei dat die hersiening van die Hoëveldse bepalings aanvanklik uitgestel moes word.

Die SDK is versoek om ds. Lafras Lombard, ds. Christo Nel en ds. Hendrien van Vliet as lede of sekundi aan te wys. Die SDK het ds. Lombard, ds. Nel en ds. Van Vliet gedurende 2025 as lede aangewys. In Maart 2026 is die SDK ook versoek om ds. Carli Hugo as lid aan te wys.

## 3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 2022

### 3.1 Studie oor Artikel 37

Die Sinode het met Besluit 23/2022 opdrag gegee dat ’n studiegroep of taakspan aangewys word om die Sinode met advies oor die uitleg en toepassing van Artikel 37 van die Kerkorde te bedien. Die Sinode het bepaal dat die taakspan uit die dagbestuur van die Moderamen, die Regskommissie, verteenwoordigers van gemeentes en die portefeulje Kerkverband en Ekumene moes bestaan.

Die Regskommissie het in November 2022 verteenwoordigers aangewys om aan die taakspan deel te neem en aanbeveel dat verteenwoordigers van dolerende ringe en gemeentes ook by die proses betrek word. Dolerende gemeentes is gedurende 2023 na ’n gespreksgeleentheid oor Artikel 37 genooi.

Gedurende die verslagperiode het verdere ontwikkelinge op algemene sinodale vlak plaasgevind. Die Algemene Sinode het in 2023 Artikel 32 van die Kerkorde gewysig om voorsiening te maak vir ’n proses waarvolgens gemeentes kan aansoek doen om by ’n ander sinode in te skakel. Die vasstelling van die prosedure is aan die ASM, in oorleg met die Algemene Taakspan Regte, opgedra.

Die ASM het die Algemene Taakspan Regte verder versoek om twee onafhanklike regsmenings oor die kerkordelike en gemeenregtelike posisie van gemeentes wat die kerkverband opskort of wil verlaat, in te win. Die regsmenings is deur die Algemene Taakspan Regte verwerk tot ’n verslag en advies wat gedurende Februarie 2024 deur die ASM behandel is.

Die advies het bevestig dat Artikel 37 aan ’n samestellende sinode die bevoegdheid verleen om uit die algemene sinodale verband te tree. ’n Individuele gemeente of ring beskik nie oor dieselfde kerkordelike bevoegdheid nie. Die Kerkorde maak ook nie voorsiening vir die eensydige “opskorting” van kerkverband deur ’n gemeente of ring nie.

Die advies het verder bevestig dat ’n besluit om kerkverband op te skort nie die betrokke gemeente se kerkordelike, kontraktuele of finansiële verpligtinge beëindig nie. Gemeentes wat sodanige besluite neem, bly aan die Kerkorde, kerklike besluite en die opsig van die bevoegde kerkvergaderinge onderworpe.

In die lig van hierdie ontwikkelinge het die Regskommissie op 15 Maart 2024 met Besluit 01/SRK/03/2024 die SDK versoek om te besluit dat die plaaslike studieopdrag oor Artikel 37 nie verder uitgevoer hoef te word nie. Die SDK het daarna besluit dat die werk van die taakspan gestaak kon word, aangesien die aangeleenthede wat deur die opdrag geraak is reeds deur die prosesse rondom Artikel 32 en die regsadvies van die Algemene Taakspan Regte hanteer is.

### 3.2 Studie oor die metode van dolering

Die Sinode het met Besluit 24/2022 die Regskommissie versoek om te ondersoek in watter mate die metode van dolering aan die Woord, die grondbeginsels van die Kerkorde en die vereistes van natuurlike geregtigheid voldoen. Dr. Jannie Theron, dr. Hannes Reinecke en dr.

Marius Gertzen is in November 2022 aangewys om die studie te onderneem.

Die studiegroep het ’n skriftelike verslag voltooi waarin dolering aan die hand van die drie vereistes in die sinodale opdrag beoordeel is. In die verslag is onder meer daarop gewys dat dolering nie as ’n selfstandige kerkordelike proses in die Kerkorde gereël word nie en dat die bestaande kerkordelike weë vir beswaar, hersiening en appèl eers behoorlik benut behoort te word.

Die verslag beklemtoon verder die belangrikheid van voorafgaande gesprek, die aanhoor van verskillende standpunte en billike besluitnemingsprosesse. Optrede waarin besluite geneem of verhoudings opgeskort word sonder voldoende gesprek en sonder dat belanghebbendes aangehoor word, kan met die beginsels van natuurlike geregtigheid bots.

Die verslag het bevind dat dolering nie as ’n selfstandige proses in die Kerkorde gereël word nie. Gemeentes en lidmate wat beswaar teen kerklike besluite het, word aangemoedig om die bestaande kerkordelike weë vir beswaar, gravamen, hersiening en appèl te volg en om deur gesprek en billike kerklike prosesse na ’n oplossing te soek.

Die verslag is gedurende 2023 deur die Regskommissie behandel. Die Regskommissie het die opdrag daarna as afgehandel beskou en bepaal dat die verslag as verwysingsdokument gebruik kon word.

### 3.3 Wysiging en hersiening van die bepalings

Die Sinode het met Besluit 27/2022 wysigings aan die bepalings van die NG Kerk Sinode Hoëveld goedgekeur. Ná die publikasie van die Kerkorde 2023 het verdere hersiening nodig geword om die sinodale bepalings met die gewysigde Kerkorde in ooreenstemming te bring en leemtes, teenstrydighede en verouderde verwysings in die bestaande bepalings aan te spreek.

Die Regskommissie het die sinodale bepalings gedurende die verslagperiode hersien en die hersiening tydens ’n werksvergadering op 31 Julie 2026 afgehandel. Die voorgestelde wysigings word in **Bylaag 6.1** uiteengesit en vir oorweging en goedkeuring aan die Sinode voorgelê.

### 3.4 Samestelling van ringe

Die Sinode het met Besluit 30/2022 bepaal dat die SDK die samesmelting van die Ringe van Kemptonpark en Birchleigh kon goedkeur sodra albei ringe gereed was.

Die Ringe van Kemptonpark en Birchleigh het tydens hul onderskeie ringsvergaderings in 2026 besluit om voortaan as een ring saam te funksioneer. Die besluite van die twee ringe gee uitvoering aan die voorneme wat reeds tydens die Sinode van 2022 aanvaar is.

Aangesien die groepering van gemeentes tot ringe ingevolge Artikel 29 van die Kerkorde deur die Sinode bepaal word, word die nuwe ringsindeling vir bevestiging aan die Sinode voorgelê. Ná bevestiging daarvan moet die afgevaardigdes van die saamgevoegde ring tydens die sinodesitting vergader om die ring te konstitueer en, ingevolge Artikel 31.10 van die Kerkorde en die toepaslike sinodale bepalings, ’n ringskommissie aan te wys. Die formele aanbevelings hieroor verskyn onder punt 6.3.

## 4. WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE

### 4.1 Vergaderings

Die Sinodale Regskommissie het gedurende die verslagperiode 10 vergaderings gehou. Dit sluit agt gewone vergaderings, een spesiale vergadering en een werksvergadering op 31 Julie 2026, waartydens die sinodale bepalings hersien is, in.

**4.2 Tugondersoeke en ondersoekliggame**

Die Regskommissie was gedurende die verslagperiode betrokke by en behulpsaam met die samestelling van tug- en ondersoekliggame en die aanwysing van kundige lede en verteenwoordigers van die sinode ingevolge die toepaslike reglemente.

Die Regskommissie het ook versoeke van ander sinodes hanteer en, waar nodig, sake na ander bevoegde kerklike liggame verwys. Verskeie tug- en ondersoekprosesse waarby die Regskommissie betrokke was, is gedurende die verslagperiode afgehandel.

Vanweë die vertroulike aard van hierdie verrigtinge word geen verdere besonderhede oor die betrokke persone, gemeentes, ringe of aangeleenthede in hierdie verslag vermeld nie.

**4.3 Appèlsake**

Die Regskommissie het op versoek van die Noordelike Sinode 'n appèlliggaam saamgestel. Die appèlliggaam kon nie met die hantering van die appèl voortgaan nie omdat noodsaaklike dokumente nie aan die appèlliggaam beskikbaar gestel is nie. Die Noordelike Sinode is dienooreenkomstig ingelig.

Die aangeleentheid word tans verder deur die Noordelike Sinode, in oorleg met die Aktuarius van die Algemene Sinode, hanteer. Aangesien die proses nog nie afgehandel is nie, word geen verdere besonderhede of uitkoms vermeld nie.

**4.4 Gemeentes wat kerkverband opskort of verbreek**

Die Regskommissie het kennis geneem dat NG Gemeentes Charl Cilliers, Secunda-Goedehoop en Eendracht gedurende die verslagperiode sogenaamde "aktes van opskorting" ingedien het, waarin hulle aangedui het dat hulle hul kerkverband of bande met meerdere vergaderinge opskort. NG Gemeentes Mooifontein en Kempton-Krag het later hul onderskeie besluite oor die opskorting van kerkverband teruggetrek.

NG Gemeente Evander het op 19 Julie 2026 besluit om sy sogenaamde opskorting van bande met meerdere vergaderinge op te hef en weer aan die werksaamhede van die Ring van Evander deel te neem. Die gemeente het nie daarmee sy besware teen bepaalde besluite van meerdere vergaderinge laat vaar nie, maar terselfdertyd verklaar dat hy 'n "dispuut met meerdere vergaderinge" het.

Die SDK het op 15 September 2026 kennis geneem dat die verklaring nie die spesifieke kerkvergadering aandui waarmee die dispuut bestaan nie en nie aan die vereistes vir 'n gravamen of beswaarskrif voldoen wat deur die Sinode ontvang en na die Algemene Sinode deurgestuur kan word nie. Die SDK het verder kennis geneem dat die aangeleentheid nie in sy huidige vorm deur die SDK of die Sinode hanteer kan word nie en het die Aktuarius versoek om die Ringskommissie oor die verdere hantering daarvan te adviseer. Die Ring word gevolglik bygestaan om van die kerkraad 'n duidelike formulering van die betrokke kerkvergadering, die bestrede besluit of handeling, die aard van die beswaar en die verlangde uitkoms te verkry.

Die Algemene Sinodale Moderamen het gedurende Februarie 2024, op grond van advies van die Algemene Taakspan Regte en twee onafhanklike regsmenings, bevestig dat 'n gemeente nie kerkordelik of gemeenregtelik bevoeg is om sy kerkverband eensydig op te skort nie. So 'n besluit beëindig nie die gemeente se kerkordelike, kontraktuele of finansiële verpligtinge teenoor die kerkverband nie.

Nadat NG Gemeente Charl Cilliers gedurende 2025 aangedui het dat die gemeente alle bande met die NG Kerk verbreek, het die Regskommissie die kerkordelike en gemeenregtelike implikasies daarvan ondersoek. Dit het onder meer die posisie van die gemeente as regspersoon, die individuele lidmaatskap van die gemeentelede, die posisie van die leraar, die gemeentelike eiendom en die gebruik van die naam van die NG Kerk ingesluit.

Die Regskommissie het die Ring van Standerton versoek om die aangeleentheid ingevolge sy kerkordelike verantwoordelikheid te ondersoek en te hanteer en het aangebied om kundige lede beskikbaar te stel om die Ring met die ondersoek en verslagdoening by te staan. Die Regskommissie het ook kennis geneem dat die Ring van Standerton homself as die Ring van Koinonia aandui. Hierdie benaming en status word nie deur die SDK erken nie en verander nie die Ring van Standerton se kerkordelike posisie of verantwoordelikhede as 'n ring van die Sinode Hoëveld nie.

Nadat voldoende terugvoer aanvanklik nie ontvang is nie, het die Regskommissie die SDK in Maart 2026 geadviseer om met die Ringskommissie in gesprek te tree. Die Regskommissie het verder besluit dat, indien die Ringskommissie nie aan die proses sou deelneem nie, die SRK of SDK 'n ander ringskommissie moes versoek of 'n kommissie moes aanwys om die aangeleentheid te hanteer. Die moontlike toepassing van Artikel 22.2 of Artikel 22.3 van die Kerkorde 2023 is in hierdie verband vermeld.

Die Rings- en Pre-Advieskommissie van Standerton het op 21 Augustus 2026 verslag gedoen nadat verteenwoordigers van die Ring op 11 Augustus 2026 met die dagbestuur van Charl Cilliers Gemeente vergader het. Volgens die verslag was daar ten tyde van die stemming 176 belydende lidmate op die gemeentelys. Van hierdie lidmate het 160 ten gunste van die verbreking van alle bande met die NG Kerk gestem, een lidmaat het daarteen gestem en 15 lidmate het nie gestem nie. Die kerkraad het die uitslag op 23 Junie 2025 bekragtig en besluit dat die gemeente voortaan as Charl Cilliers Gemeente bekend sou staan.

Die Ringskommissie het aangedui dat hy nie bewus is van persone wat daarop aanspraak maak dat hulle die oorspronklike NG gemeente of regspersoon voortsit nie. Die Ring het verder aangedui dat hy nie by die administratiewe afhandeling betrokke sou raak tensy hy uitdruklik daarom versoek word nie. Die kerkraad het 'n prokureur aangestel om die tegniese en administratiewe aangeleenthede te hanteer.

Hierdie standpunt is nie versoenbaar met die Ring se verantwoordelikhede ingevolge Artikel 31.2, 31.3 en 31.8 van die Kerkorde 2023 nie. Die Ring se verantwoordelikheid vir opsig oor gemeentes, advies en hulp aan kerkrade en opsig oor ampsdraers is nie afhanklik van 'n versoek deur die betrokke kerkraad of groepering nie. Indien die ontbinding van die oorspronklike gemeente ter sprake kom, moet dit ooreenkomstig Artikel 31.4 en die ander toepaslike kerkordelike bepalings hanteer word. Die aangeleentheid is reeds formeel deur die Regskommissie na die Ring verwys vir ondersoek en hantering.

Dr. Bennie Marais het intussen, voordat hy 'n beroep na 'n gemeente binne 'n ander sinode aanvaar het, sy lidmaatskap na 'n ander NG gemeente oorgeplaas. Sy lidmaatskap en bediening bly gevolglik binne die kerkverband van die NG Kerk, en sy persoonlike kerkordelike status vorm nie meer deel van die onafgehandelde aangeleenthede rakende Charl Cilliers nie. Die terugvoer van die Ringskommissie handel nie al die kerkordelike en gemeenregtelike vrae af wat deur die Regskommissie geopper is nie. Hoewel 'n groot meerderheid ten gunste van die verbreking van kerkverband gestem het, was die besluit nie eenparig nie. Die stemming beëindig ook nie vanself die lidmaatskap van persone wat nie persoonlik aangedui het dat hulle die NG Kerk verlaat nie.

Die status en voortbestaan van die oorspronklike NG gemeente as regspersoon, die posisie van die lidmate wat nie ten gunste van uittrede gestem het nie en die beheer en hantering van die gemeentelike bates is gevolglik nog nie finaal uitgeklaar nie. Die afwesigheid van 'n formele aanspraak deur lidmate dat hulle die oorspronklike NG gemeente wil voortsit, kan nie sonder verdere ondersoek as afstanddoening van hul lidmaatskap of ander regte beskou word nie.
Die terugvoer het bevestig dat die aangeleentheid nie as afgehandel beskou kon word nie. Die saak en die Ring se verslag is gevolglik op 15 September 2026 aan die SDK voorgelê vir verdere besluitneming.

**Besluite van die SDK op 15 September 2026**
Die SDK het op 15 September 2026 kennis geneem van die ontwikkelinge rakende Charl Cilliers Gemeente en die verslag van die Rings- en Pre-Advieskommissie van Standerton van 21 Augustus 2026. Die SDK het bevestig dat die kerkordelike en gemeenregtelike posisie van die oorspronklike NG gemeente as regspersoon, die individuele lidmaatskap van die gemeentelede en die beheer en hantering van die gemeentelike bates nog nie finaal uitgeklaar is nie.

Die SDK het met Besluit 08/SDK/09/2026 bevestig dat die Ring van Standerton ingevolge Artikel 31.2, 31.3 en 31.8 van die Kerkorde 2023 ’n kerkordelike verantwoordelikheid het om die aangeleentheid te ondersoek en te hanteer. Hierdie verantwoordelikheid is nie afhanklik van ’n verdere versoek deur Charl Cilliers Gemeente of enige ander belanghebbende nie. Enige moontlike ontbinding van die gemeente moet ooreenkomstig Artikel 31.4 en die ander toepaslike kerkordelike bepalings hanteer word.

Met Besluite 09 en 10/SDK/09/2026 het die SDK die Ring van Standerton versoek om teen die einde van Januarie 2027 ’n volledige ondersoek af te handel en ’n gemotiveerde verslag, met alle tersaaklike dokumentasie, aan die eerste vergadering van die SDK in 2027 en die Sinodale Regskommissie voor te lê. Die ondersoek moet minstens handel oor die geldigheid en gevolge van die besluite wat geneem is; die formulering van die stembrief en die inligting wat vooraf aan lidmate beskikbaar gestel is; die individuele lidmaatskapstatus van die gemeentelede; die voortbestaan, samestelling en beheer van die oorspronklike gemeente as regspersoon; die eienaarskap, beheer en moontlike oordrag van die gemeente se roerende en onroerende bates; en die gebruik van die naam, administratiewe identiteit, bankrekeninge en ander registrasies van die oorspronklike NG gemeente.

Met Besluit 11/SDK/09/2026 is die Ring verder versoek om alle tersaaklike notules, korrespondensie, lidmaatsregisters, stembriewe, uitslae, finansiële rekords, eiendomsdokumente en ander toepaslike dokumentasie aan die SDK en die Sinodale Regskommissie beskikbaar te stel.

Met Besluit 12/SDK/09/2026 het die SDK besluit om, indien nodig, die proses in oorleg met die Sinodale Regskommissie te begelei, onafhanklike regsadvies in te win en die nodige stappe te doen om die regte van alle betrokke lidmate en die bates en regspersoonlikheid van die gemeente te beskerm totdat die aangeleentheid finaal uitgeklaar is.

Besluit 13/SDK/09/2026 bepaal dat, indien die Ring van Standerton nie binne die voorgeskrewe tydperk aan die opdrag uitvoering gee nie, die SDK op advies van die Sinodale Regskommissie ingevolge Artikel 22.2 van die Kerkorde 2023 sal handel. Omdat die Sinode slegs periodiek vergader, word ’n uitdruklike mandaat met die nodige prosedurele waarborge vir optrede ingevolge Artikel 22.2 en 22.3 onder punt 6.4 aanbeveel.

### 4.5 Sinode 2026 – geloofsbriewe
Die Aktuarius en die skriba van die Regskommissie het gedurende die week van 21 September 2026 die ingediende geloofsbriewe nagegaan. Oor die geldigheid van die geloofsbriewe en enige uitstaande sake word afsonderlik aan die Sinode verslag gedoen.

### 4.6 Sinode 2026 – beskrywingspunte
Die Regskommissie het gedurende die verslagperiode een dokument van NG Standerton-Suid ontvang wat as ’n beskrywingspunt aangebied is. Na beoordeling daarvan is bevind dat die dokument in die vorm waarin dit ingedien is, nie aan die toepaslike kerkordelike vereistes vir ’n ontvanklike beskrywingspunt voldoen nie.

Die indiener is skriftelik hiervan in kennis gestel en is die geleentheid gebied om die dokument reg te stel of verder toe te lig. Die SDK het op 15 September 2026 kennis geneem dat die

dokument nie aan die vereistes vir ’n beskrywingspunt voldoen nie en die skriba versoek om die saak op te volg. Geen gewysigde beskrywingspunt is ontvang nie en die dokument word gevolglik nie in sy huidige vorm as ’n ontvanklike beskrywingspunt voor die Sinode geplaas nie.

**4.7 Moontlike vorming van ’n teologies-kategoriale ring**

Tydens ’n gesprek in Julie 2025 tussen verteenwoordigers van die SDK en verteenwoordigers van NG Gemeentes Eendracht, Evander en Secunda-Goedehoop is die moontlikheid geopper dat die Hoëveldse Sinode, na die voorbeeld van die Vrystaatse Sinode, ’n teologies-kategoriale ring vir die betrokke gemeentes vorm.

Die Regskommissie het die kerkordelike moontlikheid daarvan ondersoek en die SDK geadviseer dat die Kerkorde nie ’n afsonderlike kategorie van teologies-kategoriale ringe erken nie. Ingevolge Artikel 29 van die Kerkorde word naburige gemeentes deur die Sinode tot ringe gegroepeer. Die SDK beskik nie oor die bevoegdheid om self ’n nuwe ring saam te stel of die bestaande ringsindeling te verander nie.

Geen formele skriftelike aansoek of kerkraadsbesluite oor die vorming van so ’n ring is gedurende die verslagperiode ontvang nie. Geen voorstel in dié verband word gevolglik aan die Sinode voorgelê nie.

**4.8 Siklus van gewone sinodesittings**

Artikel 34 van die Kerkorde bepaal dat die sinode ten minste elke vier jaar en, sover moontlik, in die jaar ná die gewone vergadering van die Algemene Sinode vergader.

Die huidige vergadersiklus van die Sinode Hoëveld bring mee dat wysigings wat tydens die Algemene Sinode van 2023 aan die Kerkorde aangebring is, eers tydens die sinodesitting van 2026 in die sinodale bepalings verreken word. Die Algemene Sinode vergader egter reeds weer in 2027, met die gevolg dat die sinodale bepalings kort ná hul goedkeuring moontlik weer hersien sal moet word.

Om die vergadersiklus van die Sinode Hoëveld met dié van die Algemene Sinode te belyn, behoort die volgende gewone sinodesitting in 2028 plaas te vind. Dit sal die Sinode in staat stel om die besluite en kerkordewysigings van die Algemene Sinode van 2027 tydig in sy bepalings en reglemente te verreken. Die formele aanbeveling verskyn onder punt 6.5.

**4.9 Uitbreiding van die Sinodale Dienskommissie**

Die SDK het op 15 September 2026 die moontlikheid bespreek om sy samestelling uit te brei sodat elke ring op die SDK verteenwoordig kan word, ook waar ’n ring nie reeds deur ’n lid van die Moderatuur, ’n portefeuljeleier of ’n kerkraadslid verteenwoordig word nie.

Met Besluit 14/SDK/09/2026 het die SDK in beginsel goedgekeur dat ’n voorstel hieroor aan die Sinode voorgelê word. Die Dagbestuur is met Besluit 15/SDK/09/2026 versoek om die voorstel vir die Sinode te formuleer. Die uitbreiding vereis ’n ooreenstemmende wysiging van die bepalings oor die samestelling van die SDK.

## 5. WERKSAAMHEDE VAN DIE AKTUARIUS

### 5.1 Aktes van bevestiging

#### 5.1.1 Leraars

Aktes van bevestiging is gedurende die verslagperiode aan die volgende leraars uitgereik:

Ds. Johannes Andries Benadie
Ds. Johan Bezuidenhout
Ds. Auke Louis Compaan

Ds. Daniël Jacobus Francois de Jongh
Ds. Trunette de Jongh
Ds. Alida du Plessis
Ds. Andrew Murray Hofmeyr
Ds. Jan Adriaan Jonker
Ds. Peter Kotze
Ds. Jakob Daniel Krige
Ds. Olga Ludwick-Venter
Ds. Willem Hendrik Pretorius
Ds. Stefan Johannes Roos
Ds. Quinten Schimper
Ds. Roy Henré Stewart
Ds. Lizette Viviers
Ds. Stefan Welthagen

**5.1.2 Diensleraars**

Aktes van bevestiging is gedurende die verslagperiode aan die volgende diensleraars uitgereik:
Ds. Johanna Catharina (Carina) Burger
Ds. Leon Heinrich Coetzee
Ds. Jacobus Petrus Albertus Jooste
Ds. Jakob Daniël Krige
Ds. Rudolph Lubbe
Ds. Gerhard van Staden

**5.2 Navrae en skriftelike advies**

Die Regskommissie het gedurende die verslagperiode 'n verskeidenheid kerkordelike aangeleenthede ondersoek en hanteer en, waar nodig, advies aan gemeentes, ringe en sinodale strukture verskaf. Die belangrikste sake het die volgende ingesluit:

- die bediening van emeriti wat die ouderdom van 70 jaar bereik het;
- die herstel van bevoegdheid van persone wat bevoegdheid binne 'n ander kerkverband verkry en verloor het;
- die beroeping van persone in vastetermynposte;
- die opstel en kerkordelike beoordeling van kombinasie-ooreenkomste;
- die betaling van sinodale bydraes;
- die kerkordelike posisie en benutting van diensleraars en bedienaars;
- die samestelling van die Sinodale Dienskommissie, die waarneming van die voorsitterskap en die aanvulling van vakatures tussen sinodesittings;
- die geldigheid van kerkraadsbesluite;
- die kerkordelike posisie van gemeentes wat die kerkverband opskort, die kerkverband verlaat of by 'n ander sinode wil inskakel;
- die posisie van lidmate, ampsdraers en gemeentelike eiendom wanneer 'n gemeente of kerkraad aandui dat bande met die NG Kerk verbreek word;
- die moontlike vorming van 'n teologies-kategoriale ring;
- die toepassing van Artikel 22 van die Kerkorde in gevalle waar kerkrade disfunksioneel raak of 'n ring nie sy verantwoordelikheid teenoor 'n gemeente nakom nie;
- die toepassing van Artikel 32 van die Kerkorde en die voorgeskrewe proses vir aansoeke in dié verband;
- die kerkordelike betekenis en implikasies van dolering, met besondere aandag aan Artikel 37 van die Kerkorde; en
- die uitleg en toepassing van die Kerkorde en sinodale bepalings in diverse gemeentelike, rings- en sinodale aangeleenthede.

Die Aktuarius het gedurende die verslagperiode 29 formele skriftelike kerkregtelike adviese opgestel en haar ook beskikbaar gestel vir konsultasie en gesprek met gemeentes en ringe.

**5.3 Algemene Taakspan Regte**

Die Aktuarius het aan die werksaamhede van die Algemene Taakspan Regte deelgeneem, waar sy onder meer by die hantering van verskeie tug- en appèlsake betrokke was.

## 6. AANBEVELINGS

### 6.1 Verslag en werksaamhede

**6.1.1** Die Sinode neem kennis van die verslag en van die werksaamhede van die Aktuarius en die Sinodale Regskommissie gedurende die reses.

**6.1.2** Die Sinode neem kennis van die uitvoering en afhandeling van die opdragte van die Sinode van 2022 betreffende Artikel 37 en die metode van dolering.

**6.1.3** Die Sinode neem kennis van die personeelverliese en kapasiteitsbeperkings wat die werksaamhede van die Sinodale Regskommissie beïnvloed het en spreek sy waardering uit teenoor die lede en adviseurs wat gedurende die verslagperiode diens gelewer het.

### 6.2 Hersiening van die sinodale bepalings

**6.2.1** Die Sinode keur die voorgestelde wysigings aan die bepalings van die NG Kerk Sinode Hoëveld, soos uiteengesit in **Bylaag 6.1,** goed.

### 6.3 Samestelling van die Ring van Kempton Park

**6.3.1** Die Sinode keur die besluite van die Ringe van Kemptonpark en Birchleigh om as een ring saam te funksioneer, goed.

**6.3.2** Die Sinode bepaal dat die gemeentes wat voorheen deel van die Ringe van Kemptonpark en Birchleigh gevorm het, voortaan een ring vorm.

**6.3.3** Die Sinode bepaal dat die naam van die saamgevoegde ring Die Ring van Kempton Park is.

**6.3.4** Die Sinode bepaal dat die afgevaardigdes van die saamgevoegde ring tydens die sinodesitting as ringsvergadering byeenkom om die ring te konstitueer en ’n ringskommissie aan te wys.

**6.3.5** Die Sinode bepaal dat die geloofsbriewe van die betrokke afgevaardigdes na die Sinode ook vir hierdie ringsvergadering geldig is.

### 6.4 Charl Cilliers Gemeente en die Ring van Standerton

**6.4.1** Die Sinode neem kennis van Besluite 08 tot 13/SDK/09/2026 betreffende Charl Cilliers Gemeente en die voortgaande ondersoek deur die Ring van Standerton.

**6.4.2** Die Sinode bevestig die opdrag aan die Ring van Standerton en die voorgeskrewe tydperk waarbinne daaraan uitvoering gegee moet word.

**6.4.3** Die Sinode magtig die Sinodale Dienskommissie om namens die Sinode, op advies van die Sinodale Regskommissie, die bevoegdhede van die meerdere vergadering ingevolge Artikel 22.2 en, waar nodig, Artikel 22.3 van die Kerkorde 2023 uit te oefen.

**6.4.4** Die Sinode bepaal dat nie-nakoming van die opdrag aanleiding kan gee tot ’n ondersoek, maar nie sonder meer ’n bevinding van onvermoë of wanbestuur daarstel nie.

**6.4.5** Die Sinode bepaal dat die Sinodale Dienskommissie, voordat enige stap ingevolge Artikel 22.2 of 22.3 geneem word:

- **6.4.5.1** die Ring skriftelik van die beweerde onvermoë of wanbestuur en die moontlike optrede in kennis stel;
- **6.4.5.2** die Ring en ander regstreeks belanghebbende partye ’n redelike geleentheid gee om skriftelike vertoë te rig en aangehoor te word;
- **6.4.5.3** alle tersaaklike feite en vertoë oorweeg;
- **6.4.5.4** op advies van die Sinodale Regskommissie ’n gemotiveerde bevinding maak; en
- **6.4.5.5** enige ingryping beperk tot wat redelik en noodsaaklik is om die onvermoë of wanbestuur reg te stel.

**6.4.6** Die Sinode bepaal dat die Sinodale Dienskommissie ’n volledige rekord van die proses en besluite hou en aan die volgende gewone vergadering van die Sinode daaroor verslag doen.

**6.5 Siklus van gewone sinodesittings**

**6.5.1** Die Sinode besluit dat die volgende gewone vergadering van die Sinode Hoëveld, behoudens buitengewone omstandighede, in 2028 gehou word en dat daaropvolgende gewone sinodesittings, sover moontlik, elke vier jaar in die jaar ná die gewone vergadering van die Algemene Sinode plaasvind.

**6.6 Uitbreiding van die Sinodale Dienskommissie**

**6.6.1** Die Sinode neem kennis van Besluite 14 en 15/SDK/09/2026 en keur goed dat die samestelling van die Sinodale Dienskommissie uitgebrei word om verteenwoordiging uit elke ring te verseker, ooreenkomstig die voorgestelde wysiging van die sinodale bepalings soos in **Bylaag 6.1** uiteengesit.

Ds. Jeanine Stoffberg
Aktuarius en Voorsitter
Sinodale Regskommissie

# Bylaag 6.1

## Bepalings – Wysigings

In die dokument hieronder is die wysigings van die Bepalings in rooi. Die bestaande bepalings is in blou. Die Artikels verwys na die Artikels van die Kerkorde van 2023.

| |
|---|
| **Artikel 1 en 2** Geen |
| **Artikel 3** |
| ~~*Vergelyk Reglement 4 – Reglement van Orde (Kerkorde AS 2019:32 e.v.)*~~<br>~~*en Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 2: Beginsels, Besluite, Riglyne en Handleidings. (Kerkorde AS 2019: 164 e.v.)*~~ |
| **Artikel 4 en 5** Geen |
| **Artikel 6** |
| *Vergelyk*:<br>~~*Reglement 9 – Algemene Taakspan Predikantesake (ATP)*~~<br>~~*Reglement 10 vir die Algemene Kuratorium (AK)*~~<br>~~*Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante*~~<br>~~*Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti*~~<br>~~*Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*~~<br>~~*Reglement 14 vir Voltydse Predikantsposte*~~<br>~~*Reglement 15 vir Deeltydse Predikantsposte*~~<br>~~*Reglement 16 vir Tentmakerposte*~~<br>~~*Reglement 17 vir Vastetermynpredikantsposte*~~<br>~~*Reglement 18 vir Brugbediening*~~<br>~~*Reglement 19 vir Standplaas- en Diensleraarposte*~~<br><br>• **Reglement 9: Reglement vir die Algemene Kuratorium; en**<br>• **Reglement 10: Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante.**<br><br>*(Kerkorde AS 2019:47-99)*<br>*en Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 8: Legitimasie met Beperkte Opdrag (Kerkorde AS 2019:169)*<br>*Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal het 'n eie reglement wat aandui dat die NG Kerk Sinode Hoëveld vier verteenwoordigers daarop aanwys. Hierdie reglement is beskikbaar by die Kuratorium.*<br><br>**Bepaling 6.1: Die Kuratorium vir die Teologiese Fakulteit Pretoria**<br>**Die Kuratorium vir die Teologiese Fakulteit Pretoria funksioneer ooreenkomstig Reglement 9 vir die Algemene Kuratorium en sy eie reglement, soos deur die deelnemende sinodes ooreengekom. Die verteenwoordiging van die Sinode Hoëveld op die Kuratorium word ooreenkomstig Bepaling 35.3.5 gereël.** |
| **Artikel 7** |
| *Vergelyk*<br>~~*Reglement 8 vir die Algemene Taakspan Regte (ATR), (Kerkorde AS 2019:46)*~~<br>~~*Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti (Kerkorde AS 2019:66-77)*~~<br>~~*en Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 13.1: Jaarlikse aanmelding. (Kerkorde AS 2019:176)*~~<br>**Reglement 11: Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti.** |
| **Artikel 8** |
| Vergelyk |

| |
|---|
| ~~• Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti, (Kerkorde AS 2019:54 e.v.)~~<br>~~• Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante (Kerkorde AS 2019:66 e.v.)~~<br><br>~~En *Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig*~~<br>~~• *5: Predikant: Beroepsbrief en Prosedures by Beroeping (Kerkorde AS 2019:168)*~~<br>~~• *6: Beroepbaarheid van Predikante Binne die Familie van NG Kerke (Kerkorde AS 2019:168)*~~<br>• **Reglement 11: Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti;**<br>• **Reglement 12: Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante; en**<br>• **Besluit: Beroepbaarheid van Predikante Binne die Familie van NG Kerke.** |
| **Artikel 9 en 10** Geen |
| **Artikel 11** |
| Vergelyk: ~~Reglement 17.7 vir Vastetermynpredikantsposte (Kerkorde AS 2019:93)~~<br>**Reglement 16: Reglement vir Vastetermynpredikantspos** |
| **Artikel 12** |
| **Vergelyk:**<br>• **Reglement 11: Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti;**<br>• **Reglement 12: Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante;**<br>• **Reglement 21: Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge by Ongeskiktheid en Onvermoë; en**<br>• **Reglement 22: Reglement vir Tug en Vermaning.** |
| **Artikel 13** |
| *Vergelyk Reglement 20* ~~*vir die Verlof van Predikante*~~ **Reglement vir die Verlof van Predikante en diensleraars** ~~*(Kerkorde AS 2019:99-102)*~~<br><br>*Aanvullende bepalings van Hoëveld:*<br>*Bepaling 13*<br>*13.1 Wanneer die Verantwoordelikheid begin*<br>*13.1.1 Alle verpligtinge van 'n gemeente teenoor 'n leraar, met insluiting van verlof, moet by die datum van demissie afgehandel wees.*<br>*13.1.2 Die verantwoordelikheid van die beroepende vergadering begin vanaf die datum van die leraar se demissie uit sy vorige werkkring. Dit geld ook in geval van die afsterwe van* **'n predikant, diensleraar of standplaasleraar voordat hy/sy bevestig kon word (vergelyk Reglement 12 punt 13).**<br>*13.1.3 Die bevestiging van die leraar in die nuwe werkkring geskied so gou doenlik, maar hoogstens een maand nadat hy demissie ontvang het, tensy verlof van die beroepende vergadering en die betrokke ringskommissie verkry is.*<br><br>~~*13.2 Waarin die Verantwoordelikheid bestaan*~~<br>~~*Elke leraar mag aanspraak maak op 'n lewensonderhoud volgens die sinodale skaal plus 'n vry woning of 'n behuisingstoelaag met gebruiklike toelaes, vrye vervoer in sy ampswerk, sowel as 'n jaarlikse verlof volgens die verlofreglement (kyk Reglement vir die verlof van Predikante en Sinodale amptenare), gereël in oorleg met die kerkraad of kommissie onder wie se toesig hy/sy werk.*~~<br><br>**13.2 Lewensonderhoud en diensvoordele**<br>**Die lewensonderhoud, vergoeding en diensvoordele van 'n predikant, diensleraar of standplaasleraar word in die diensooreenkoms vervat, met inagneming van Artikel 13, Reglement 12, Reglement 20, die toepaslike pensioen- en fondsreëls en die geldende beleid en riglyne van die Sinode Hoëveld.** |

**Vergelyk:**

- **Reglement 12: Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante;**
- **Reglement 20: Reglement vir die Verlof van Predikante; en**
- **die toepaslike A tot Z- en sinodale vergoedingsbeleid.**

**Artikel 14**

*Vergelyk*

~~*Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti (Kerkorde AS 2019:66-77)*~~
~~*Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante (Kerkorde AS 2019:77-85)*~~
~~*Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig*~~
~~*10: Bediening in Buitengewone Omstandighede (Kerkorde AS 2019: 175)*~~
~~*14: Predikant: Aftreeouderdom (Kerkorde AS 2019:177)*~~

- **Reglement 11: Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti;**
- **Reglement 12, punte 12 en 13;**
- **Reglement 16: Reglement vir Vastetermynpredikantsposte; en**
- **Riglyn 5: Predikant, aftreeouderdom.**

*Aanvullende bepalings van Hoëveld:*
*Bepaling 14*

*14.1* ***Emeritering en uittrede uit die bediening***

*14.1.1 'n Predikant*, **diensleraar of standplaasleraar** *wat wil emeriteer (sien Reglement vir die* ~~*reëling van die*~~ *bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti) of as 'n leraar van die gemeente wil uittree, gee van sy/***haar** *voorneme aan die kerkraad en ringskommissie skriftelik kennis. Eersgenoemde beslis oor die aanvraag.*

*14.1.2 Die kerkraad win voor die verlening van demissie eers van die Hoofbeampte van die Predikante Pensioenfonds inligting in oor die vraag of die aftredende leraar geregtig is op pensioen volgens die bepalinge van die bestaande reglement vir die pensioenfondse, en doen daaroor 'n verklaring by die uitreiking van die akte van demissie.*

*14.1.3 Die predikant*, **diensleraar of standplaasleraar** *word deur die kerkraad van sy/***haar** *betrekking tot die gemeente onthef nadat daar op twee agtereenvolgende Sondae 'n aankondiging daaroor geskied het. Aan die aftredende leraar word 'n akte van demissie gegee volgens die voorgeskrewe vorm, ingerig na die eis van omstandighede.*

*14.1.4 Die skriba van die kerkraad gee van alle gevalle van emeritering kennis aan die Algemene Kantoorbestuurder van die Kerkkantoor, sodat hy/***sy** *die Departement van Binnelandse Sake daarvan kan verwittig. Dieselfde moet ook geskied in alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van status.*

*14.1.5 Die aftredende leraar stel onverwyld die Algemene Kantoorbestuurder van die Kerkkantoor in kennis of hy/***sy** *langer as huweliksbevestiger wil aanbly of nie.*

*14.1.6 Die aftree-ouderdom van alle leraars van gemeentes, predikante in sinodale diens en aan inrigtings verbonde word op 65 jaar gestel. 'n Leraar wat die ouderdom van 65 bereik, mag hoogstens ses maande na bereiking van sy 65ste verjaardag en met toestemming van die betrokke kerkvergadering/kommissie in diens aanbly. Die Ring moet toesien dat gemeenteleraars binne ses maande na bereiking van die ouderdom van 65 jaar, aftree.*

*14.2* ***Pensioen en Versorging van Weduwees en Wese van Leraars****.*

*14.2.1 Elke kerkraad of kommissie wat 'n predikant beroep/benoem, is verplig om voorsiening te maak vir pensioenvoorregte volgens die bepalinge van die reglement.*

*14.2.2 As 'n evangeliedienaar wat aan 'n gemeente verbonde is te sterwe kom en 'n weduwee en/of afhanklike kinders nalaat, het hulle die reg op 'n bedrag wat gelykstaande is aan*

*die volle lewensonderhoud en alle toelaes wat ~~ses maande~~* **drie maande** *lank aan die predikantepos verbonde sou wees, sowel as bewoning van die pastorie vir ~~ses maande~~* **drie maande** *lank* ***(vergelyk Reglement 12 punt 13)***

*Vanaf 1 April 1996 moet alle leraars in die Sinode Hoëveld lid wees van 'n verpligte Groeplewensversekeringskema waardeur voorsiening gemaak word vir die versorging van afhanklikes van leraars wat in die bediening te sterwe kom. Die voordele wat deur so 'n skema uitbetaal word, mag nooit minder wees as 'n bedrag wat gelykstaande is aan die volle lewensonderhoud en alle toelaes wat ses maande lank aan die predikantepos verbonde sou wees, sowel as die kontantvoordeel van die bewoning van die pastorie vir ses maande lank nie. Die premie van hierdie skema word volledig deur die werkgewer betaal.*

Artikel 15

*Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:*
*Bepaling 15*

***15.1 Deur wie die Verkiesing geskied***

*15.1.1 Die verkiesing van kerkraadslede geskied in bestaande gemeentes deur 'n kerkraadsvergadering.*

*15.1.2 Die verkiesing van kerkraadslede in nuutgestigte gemeentes geskied deur 'n vergadering van lidmate wat twee weke tevore in Die Kerkbode opgeroep is deur die ringskommissie en onder sy toesig gehou word. Op hierdie vergadering, wat gelyktydig met die stigtingsvergadering van die gemeente gehou mag word, is alle belydende lidmate wat binne die grense van die nuwe gemeente val, en wie se lidmaatskapsertifikate by die gemeente(s) waarvan afgestig word, ingedien is, stemgeregtig.*

***15.2 Wie as Kerkraadslede mag dien***

*15.2.1 Tot kerkraadslede mag slegs belydende lidmate, wat ooreenkomstig die eise van die Skrif onberispelik is in leer en wandel, met inagneming van die betrokke sinodale besluite, verkies word.*

*15.2.2 Niemand mag as kerkraadslid bevestig word voordat die attestaat of bewys van lidmaatskap by die gemeente ingedien is nie.*

***15.3 Hoe die Verkiesing plaasvind***

*15.3.1 By die verkiesing van kerkraadslede mag daar geen afspraak gemaak word nie. Die kerkraad het die reg om 'n kommissie vir preadvies te benoem wat name op die groslys kan plaas.*

*15.3.2 Die verkiesing van kerkraadslede vind, behalwe in die geval van die eerste kerkraadslede van 'n pasgestigte gemeente, met geslote stembriefies plaas, en wel soos volg:*

*15.3.2.1 'n Groslys word gevorm waarop elke lid en die preadvies-kommissie volgens oortuiging name kan plaas.*

*15.3.2.2 Besware teen persone wat genomineer word, mag nie op die verkiesings-vergadering behandel word nie, maar moet, indien die persoon verkies word, volgens Bepaling 15.5 behandel word.*

*15.3.2.3 Indien daar net soveel name of minder op die groslys verskyn as die getal wat gekies moet word, word oor elkeen gestem, en diegene wat 'n volstrekte meerderheid van stemme verkry, is verkies.*

*15.3.2.4 Indien daar meer name op die groslys verskyn as die getal wat gekies moet word, mag elke lid soveel name op die stembriefie plaas as wat verkies moet word. Die verlangde getal persone wat die meeste stemme en 'n volstrekte meerderheid van stemme verkry het, is verkies. As die stemme by die finale stemming staak, beslis die lot wie verkies is.*

*15.3.2.5 Die kerkraad mag desverkiesend vir elke vakature wat gevul moet word afsonderlik kies.*

*15.3.2.6 Elke lid van die vergadering moet stem tensy die kerkraad toestemming verleen om buite stemming te bly.*

| |
|---|
| *15.3.3* ***Die verkiesing van kerkraadslede vir pasgestigte gemeentes geskied soos volg:***<br>*15.3.3.1 Die gemeentevergadering bepaal die aantal kerkraadsposte.*<br>*15.3.3.2 Die gemeentevergadering vorm 'n groslys deur middel van nominering van persone.*<br>*15.3.3.3 Daar word met die opsteek van hande vir elke persoon gestem.*<br>*15.3.3.4 Diegene wat die meeste stemme kry, is verkies.*<br><br>***15.4 Die Dienstyd***<br>*15.4.1* ~~*Alle kerkraadslede word vir vier jaar gekies. Daarna is hulle herkiesbaar. Elke kerkraadslid se dienstyd word bereken vanaf die datum van sy/haar bevestiging.*~~ **Die kerkraad bepaal die dienstyd van ouderlinge en diakens.**<br>*15.4.2* ~~*Kerkraadslede bly in diens totdat hulle plaasvervangers bevestig is. Dit geld egter nie van kerkraadslede wat bedank het en wie se bedanking deur die kerkraad onvoorwaardelik aanvaar is nie.*~~ **Die kerkraad tref hul eie reëlings in verband met die verstryking van dienstyd van ouderling en diakens**<br>*15.4.3* ~~*In die geval van die eerste kerkraadslede wat in 'n pasgestigte gemeente gekies word, tree die helfte van diegene wat verkies word aan die einde van die eerste jaar af. Hulle word deur die lot aangewys.*~~ **'n Ouderling of diaken dien 'n bedanking skriftelik by die voorsitter van die kerkraad in. Die bedanking tree in werking wanneer dit deur die kerkraad aanvaar word, of op 'n latere datum wat in die bedanking vermeld en deur die kerkraad aanvaar is.**<br><br>***15.5 Goedkeuring, Besware en Bevestiging***<br>*15.5.1 Die gemeente se goedkeuring word verkry deur die name van die verkosenes op twee agtereenvolgende Sondae by die openbare erediens aan te kondig indien daar geen beswaar ingedien word nie.*<br>*15.5.2 Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het reg om voor of op die dag van die tweede afkondiging teen een of meer van die verkosenes skriftelik by die voorsitter van die kerkraad beswaar te maak.*<br>*15.5.3 As 'n beswaar teen een of meer van die verkosenes by die voorsitter van die kerkraad ingedien word, belê hy so spoedig moontlik 'n kerkraadsvergadering om dit te oorweeg. Vind die kerkraad die beswaar gegrond, verval die verkiesing van die persoon en word so spoedig moontlik 'n ander in sy/haar plek gekies. Indien die beswaar ongegrond bevind word, mag die bevestiging van die betrokke persoon plaasvind, behalwe wanneer appèl aangeteken word.*<br>*15.5.4 In die geval van die eerste kerkraadslede van 'n pasgestigte gemeente geskied bevestiging sonder enige afkondiging. Indien daar beswaar gemaak word teen die verkiesing van een of meer van die verkose kerkraadslede, word hulle bevestiging uitgestel totdat die kerkraad geleentheid kry om dit te oorweeg.*<br>*15.5.5 Lidmate wat bereid is om hulle verkiesing as kerkraadslede te aanvaar en teen wie daar geen besware ingekom het nie, moet binne een week na die tweede afkondiging van hulle naam skriftelik antwoord of hulle die verkiesing aanvaar en hulle moet so gou as moontlik bevestig word.*<br>*15.5.6 Die bevestiging geskied deur die voorsitter van die kerkraad, die konsulent of deur 'n predikant wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is.*<br>*15.5.7 Kerkraadslede wat herkies word, moet weer bevestig word.* |
| **Artikel 16 en 17 -** Geen |
| **Artikel 18** |
| *Vergelyk* ~~*Reglement 4 – Reglement van Orde (Kerkorde AS 2019:32-40)*~~<br>**Reglement 3: Reglement van Orde (Kerkorde 2023)**<br>*en Aanvullende bepalings van Hoëveld: Bepaling 25* ~~*(p. 143 e.v.)*~~ |
| **Artikel 19** |
| *Vergelyk*<br>~~• *Reglement 4 – Reglement van Orde (Kerkorde AS 2019:32-40)*~~ |

- ~~Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir predikante by ongeskiktheid en onvermoë (Kerkorde AS 2019: 103-109)~~
- ~~Reglement 22 vir Tug en vermaning (Kerkorde AS 2019:109-117)~~
- ~~Reglement 23 vir Hersiening (revisie, Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en prosedurele Beswaar. (Kerkorde AS 2019: 117-126)~~
- **Reglement 21: Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante/Diensleraars by Ongeskiktheid en Onvermoë**
- **Reglement 22: Reglement vir Kerklike Tug en Vermaning.**
- **Reglement 23: (spesifiek revisie) Reglement vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele beswaar**

**Artikel 20 en 21** Geen

**Artikel 22**

*Vergelyk* ~~*Reglement 4 – Reglement van Orde (Kerkorde AS 2019:32-40)*~~
**Reglement 3: Reglement van Orde (Kerkorde 2023)**

**Artikel 23**

**Kerklike appèl, gravamen (beswaarskrif) en hersiening (revisie)**

*Vergelyk:*

- *Reglement 23 vir hersiening (revisie), appèl,* ~~*beswaarskrif (gravamen)*~~ ***gravamen (beswaarskrif)*** *en prosedurele beswaar* ~~*(Kerkorde AS 2019:117-126)*~~
- ~~*en Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 2: Beginsels, Besluite, Riglyne en Handleidings. (Kerkorde AS 2019:166)*~~
- **Riglyne wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig punt 1: Beginsels, besluite, riglyne en handleidings**

**Artikel 24**

**Artikel 25**

*Vergelyk* ~~*Reglement 4 – Reglement van Orde (Kerkorde AS 2019:32-40) )*~~ **Reglement 3, Reglement van Orde (Kerkorde 2023)**
*Aanvullende bepalings van Hoëveld:*
<u>*Bepaling 25*</u>
<u>***Ordereëls vir kerkvergaderinge***</u>
*Die volgende ordereëls geld vir alle kerkvergaderinge en, waar dit van toepassing mag wees, vir alle vergaderinge van kerklike kommissies.*

~~*25.1 Alle vergaderinge word met oop deure gehou as daar nie anders besluit word nie, behalwe kerkraadsvergaderinge wat geslote is tensy die kerkraad anders besluit. Alle Tugondersoeke is ook geslote vergaderings.*~~

**25.1 Oop en geslote vergaderings**
25.1.1 Kerkraadsvergaderings is gewoonlik geslote, tensy die kerkraad anders besluit.
25.1.2 Ander kerkvergaderinge word met oop deure gehou, tensy die vergadering anders besluit.
25.1.3 Die geslotenheid van tugondersoeke en die persone wat daarby teenwoordig mag wees, word deur die toespaslike reglement gereël.
25.1.4 'n Lid wat 'n direkte persoonlike, familie-, finansiële of ander wesenlike belang by 'n saak het, verklaar die belang voordat die saak behandel word. Die vergadering bepaal, sonder die deelname van die betrokke lid, of die lid aan die bespreking en besluitneming mag deelneem.

~~*25.2 Slegs die lede van die vergadering mag by 'n geslote vergadering teenwoordig wees. Die teenwoordigheid van noodsaaklike amptenare by 'n kerkraadsvergadering beïnvloed nie die geslotenheid van die vergadering nie.*~~

**25.2 Toegang tot 'n geslote vergadering**
25.2.1 'n Geslote vergadering is nie vir die publiek toeganklik nie.

25.2.2 Benewens die lede van die vergadering kan persone wie se teenwoordigheid vir die behoorlike behandeling van 'n saak nodig is, met toestemming van die vergadering vir die duur van hulle deelname toegelaat word.

25.2.3 Alle persone wat 'n geslote vergadering bywoon, is gebonde aan die toepaslike vereistes van vertroulikheid.

**25.3** *Alle lede is verplig om die vergadering by te woon en om, as hulle nie ~~verskyn~~* ***bywoon*** *nie, betyds kennis te gee met opgawe van redes.*

**25.4** ***Kworum***

25.4.1 *Die volstrekte meerderheid van die lede van 'n vergadering vorm 'n kworum.*

25.4.2 *In die geval van 'n kerkraadsvergadering is daar die volgende uitsondering: Die ring kan op grond van 'n gemotiveerde aansoek deur 'n kerkraad besluit op 'n redelike kworum vir die vergadering vir die duur van buitengewone omstandighede*

**25.5** *Lede mag nie die vergadering verlaat sonder verlof van die voorsitter nie.*

**25.6** *Na die opening van die vergadering word die sakelys vasgestel. Daarna kan byvoegings slegs met verlof van die vergadering geskied.*

**25.7** *Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde, en wel in die volgorde wat vir hom of haar die geskikste voorkom. ~~Hy of sy verstrek alle nodige inligting en doen, as die saak dit vereis, wenke aan die hand om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom.~~* **Wanneer die voorsitter aan die bespreking van 'n saak wil deelneem of 'n persoonlike standpunt daaroor wil stel, neem die ondervoorsitter of 'n ander lid deur die vergadering aangewys, vir die duur van daardie saak as voorsitter waar.**

**25.8** *Wanneer twee of meer lede om 'n spreekbeurt vra, bepaal die voorsitter die volgorde van die spreekbeurte. Geen lid mag meer as twee maal oor dieselfde saak praat nie, en op sinodale vergaderinge nie meer as een maal nie, behalwe as hy of sy die voorsteller is wat reg op repliek het.*

**25.9** *'n Ordemosie mag te enige tyd gedurende die voortgang van die bespreking ingedien word, en is een van die volgende:*

- *'n Voorstel oor die volgorde waarin sake ter tafel moet kom.*
- *'n Voorstel dat die bespreking van 'n bepaalde punt beëindig word.*
- *'n Voorstel dat van 'n bepaalde saak afgestap word.*
- *'n Voorstel dat die saak verwys word.*

**25.10** *Dit word aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as hy of sy meen dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.*

**25.11** *In die bespreking wend elke lid hom of haar tot die voorsitter en spreek hom of haar aan as Voorsitter. Elke lid onthou hom of haar van alles wat met die waardigheid van 'n kerkvergadering in stryd is.*

**25.12** ***'n Voorstel***

25.12.1 *Oor 'n saak wat aan die orde is, kan net een voorstel op 'n keer voor die vergadering dien. Amendemente op die voorstel kan ingedien word en het te doen met die wysiging van, 'n byvoeging tot of 'n weglating uit die voorstel.*

25.12.2 *Voorstelle en amendemente moet skriftelik, deur die voorsteller en sekondant onderteken, ingedien word. By kerkraadsvergaderings kan voorstelle en amendemente mondeling ingedien word.*

25.12.3 *'n Voorstel mag nie deur 'n voorsitter ontvang word voordat hy of sy die saak aan die orde stel nie.*

25.12.4 *'n Voorstel wat reeds ter tafel is, kan nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie. As die voorstel teruggetrek word, verval al die amendemente wat daarvan afhanklik is.*

**25.13** *Kerkvergaderings kan, waar van toepassing, van kleingroep-besprekings gebruik maak.*

**25.14** *Die stemming verloop soos volg:*

25.14.1 *Oor alle sake, wat nie algemene instemming ontvang nie, word daar gestem of deur opsteek van hande, of in die geval van kontensieuse sake op 'n geslote stemwyse*

~~indien die voorsitter so reël~~ **indien die vergadering so besluit.** *Die meerderheid van stemme bepaal die besluit.*

25.14.2 *In die geval van voorstelle en amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement gewysig.*

~~.15 Geen lid mag sonder verlof van die vergadering buite stemming bly nie. Die voorsitter bring sy stem die laaste uit en as die stemme staak, gee hy 'n beslissende stem. Persone wat die vergadering met adviserende stem bywoon, het die reg om aan die bespreking deel te neem, maar mag nie stem nie. Dit staan enige lid vry om sonder of met 'n saaklike opgawe van redes te laat aanteken dat hy teen 'n bepaalde voorstel of amendement gestem het, of dat hy nie teenwoordig was toe 'n bepaalde besluit geneem is nie.~~

**25.15 Deelname aan stemming wanneer oor sake gestem word**

25.15.1 **Geen stemgeregtigde lid mag sonder verlof van die vergadering buite stemming bly nie.**

25.15.2 **Die voorsitter het 'n gewone, maar nie 'n beslissende stem nie.**

25.15.3 **Indien die stemming oor 'n saak staak, is die voorstel nie aanvaar nie. Die vergadering kan besluit om die saak vir verdere oorweging terug te verwys.**

25.15.4 **Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, kan met toestemming van die vergadering aan die bespreking deelneem, maar mag nie stem.**

25.15.5 **'n Lid kan, met of sonder 'n saaklike opgawe van redes, laat aanteken dat die lid teen 'n bepaalde voorstel of amendement gestem het.**

**25.16** ~~*Die verkiesing van persone geskied op 'n geslote stemwyse soos volg:*~~ **Deelname aan stemming wanneer oor persone gestem word**

25.16.1 *'n Groslys word gevorm (behalwe by die verkiesing van die moderatuur).*

25.16.2 *Elke stemgeregtigde het soveel stemme as die getal persone wat verkies moet word.*

25.16.3 *Persone word met 'n volstrekte meerderheid van stemme verkies.*

25.16.4 *Indien niemand 'n volstrekte meerderheid verkry nie, word tussen die persone wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstrekte meerderheid stemme het, gekies.*

25.16.5 *Indien die stemme daarna op enige stadium van die verkiesing staak, beslis die lot.*

**25.17** ***Buitengewone stemming: Sinodale Dienskommissie~~/~~ en Moderatuur.***

~~*In spoedeisende en uitsonderlike gevalle waaroor die Sinodale Dienskommissie /moderatuur oordeel, kan nie-kontensieuse sake per omskrywe of telefonies hanteer word. Hierdie beslissing word op die volgende vergadering amptelik bekragtig.*~~

25.17.1 **In spoedeisende en uitsonderlike gevalle kan die Sinodale Dienskommissie of moderatuur 'n saak deur middel van 'n elektroniese of telefoniese vergadering, of by wyse van elektroniese stemming, beslis.**

25.17.2 **Alle lede moet dieselfde tersaaklike inligting ontvang en 'n redelike geleentheid kry om aan die besluitneming deel te neem. Die gewone vereistes betreffende kworum en meerderheid geld.**

25.17.3 **Die deelname, stemuitslag en besluit word genotuleer en die notule word by die volgende gewone vergadering bekragtig.**

**25.18** ***Kommissies***

*Kerkvergaderinge kan kommissies benoem om hulle te adviseer of om besluite en opdragte uit te voer.*

25.18.1 *Kerkraad*

- *Permanente kommissies word jaarliks deur die kerkraad ingevolge Bepaling 28.3 gekies.*
- *Tydelike kommissies kan, indien nodig, vir 'n spesifieke doel aangewys word.*

25.18.2 *Ring*

- *Tydelike kommissies word op voordrag van die ringskommissie deur die ringsvergadering benoem.*
- *Permanente kommissies (Bepalinge 31.3.2, 31.3.3, 31.3.4) word op voordrag van 'n kommissie vir kommissies benoem.*
- *Die ringskommissie word ingevolge Bepaling 31.3.1 gekies.*

25.18.3 *Sinode*

- *Tydelike kommissies word op voordrag van die ~~kommissie van orde~~* ***Ontwerpspan*** *deur die vergadering benoem. ~~Die benoeming van tydelike kommissies gedurende die sitting van die sinode word op voordrag van die moderatuur, deur die vergadering benoem.~~*
- *Permanente kommissies word deur die vergadering benoem op voordrag van 'n tydelike kommissie waarop die assessor as voorsitter, die skriba as skriba, en die skribas van die ringe dien.*

**25.19** ***Hersiening*** ***~~van 'n besluit geskied~~*** **revisie) van besluite geskied ooreenkomstig Artikel 23 en Reglement 23.**

~~*25.19.1 in die geval van 'n kerkraad, na aanleiding van 'n onbestrede voorstel of 'n voorafgaande kennisgewing by 'n vorige vergadering, en*~~

~~*25.19.2 in die geval van ring en sinode, na aanleiding van 'n gepubliseerde agenda of 'n onbestrede voorstel of na voorafgaande kennisgewing by 'n latere geleentheid, met goedkeuring van die vergadering, tydens dieselfde vergadering*~~ **(**

**25.20** *Die notule van kerkvergaderinge word soos volg gelees, goedgekeur en onderteken:*

25.20.1 *Die notule van 'n kerkraadsvergadering word op die volgende vergadering goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken.*

25.20.2 *Die notule van 'n ringsvergadering word by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. Die notule van die laaste sitting word deur die ringskommissie goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken.*

25.20.3 *Die notule van die sinode word by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. Die notule van die laaste sitting word deur die Sinodale Dienskommissie/ moderatuur goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken.*

25.20.4 *Die notule van die laaste vergadering van 'n kommissie van die sinode voor die volgende sinodesitting, word deur die dagbestuur behandel en na goedkeuring deur die voorsitter en skriba onderteken.*

**Artikel 26**

~~*Eenwording en Samesmelting van Gemeentes. (Kerkorde AS 2019:155-163)*~~
~~*en Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 24: Kerklike Lidmaatskap. (Kerkorde AS 2019:187-190)*~~
~~*Vergelyk Reglement 27 vir Vermeerdering, Kombinering,*~~

**Vergelyk:**

- **Reglement 27 vir Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes.**
- **Riglyne Wat Kerkorde Artikels En Reglemente Aanvul En Toelig: 8. Riglyne Vir Praktiese Hantering Van Lidmaatskap**

*Aanvullende bepalings van Hoëveld:*

*Bepaling 26*

***26.1 Lidmaatskap van 'n Gemeente***

*261.1* ***Wie aan 'n Gemeente behoort***

*Elke Nederduitse Gereformeerde gemeente bestaan uit:*

*26.1.1.1 die belydende lidmate wat binne die bepaalde grense, vir die gemeente deur die ring vasgestel, woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is. (Sien besluite van algemene aard oor prosedure m.b.t. lidmate wat buite gemeentegrense woon.*

*26.1.1.2 die belydende lidmate wat buite bepaalde grense, vir die gemeente deur die ring vasgestel, woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die betrokke kerkraad in*

*ooreenstemming met die Funksionele Beleidsbesluite van die Sinode daaromtrent erken en aangeteken is. (Sien: “Prosedure met betrekking tot lidmaatskap oor gemeentegrense.” asook die Besluite-register van die Sinode 1998: bl. 10, par. 7.11 en 7.12)*

*26.1.1.3 die dooplidmate, dit wil sê die gedoopte kinders van belydende lidmate wat ingevolge 26.1.1.1 en 26.1.1.2 as lidmate erken word en ander dooplidmate wie se domisilie in die gemeente is;*

*26.1.2 Verval van Lidmaatskap*

*Belydende en dooplidmate bly aan die betrokke gemeente behoort totdat hulle deur die kerklike tughandeling van die gemeente afgesny is, of totdat hulle skriftelik hulle betrekking tot die Kerk opsê, of mondeling voor twee kerkraadslede bevestig dat hulle die verband met die Kerk verbreek het, en dit deur die kerkraad bekragtig is.*

*Die kerkraad verklaar die lidmaatskap van sodanige persone formeel as vervalle, doen ’n afkondiging daaroor by die erediens en laat dit in die register aanteken.*

*As ’n lidmaat nie formeel van die Kerk afskei nie, maar hom tog skuldig maak aan godsdienstige bedrywighede wat volgens die oordeel van die kerkraad ’n verbreking van sy lidmaatsbelofte is, handel die kerkraad met hom volgens die voorskrifte van die kerklike tug.*

*26.1.3 Terugkeer of Oorkoms na die Kerk*

*Beslissinge oor lidmaatskap met betrekking tot terugkeer of oorkoms na die kerk berus by die kerkraad wat in ooreenstemming met die besluite van die Algemene Sinode oor erkende kerke in elke voorkomende geval handel.*

*26.1.4 Doop- en lidmateregister*

*26.1.4.1 Die kerkraad sorg vir ’n behoorlike doop- en lidmateregister in elke gemeente.*

*26.1.4.2 In die behartiging van die gemeentelike argief word gehandel volgens die Argief- en Museumreglement.*

*26.1.5 Bewyse van Lidmaatskap*

*26.1.5.1 ~~Lidmate wat nie onder tug staan nie en in die buiteland op reis gaan, kan aansoek om ’n reisattestaat doen.~~*

*26.1.5.2 As ’n bewys van lidmaatskap verlore raak, kan ’n duplikaat deur die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat laaste geregistreer was, uitgereik word met aantekening dat dit ’n duplikaat is.*

*26.1.5.3 Sodra ’n lidmaat uit die gemeente vertrek, verval sy lidmaatsregte in daardie gemeente tensy daar gehandel word ooreenkomstig besluite van die Algemene Sinode .*

*26.1.5.4 Geen lidmaat wat onder kerklike tug staan of teen wie ’n amptelike tugondersoek reeds aan die gang is, het die reg om ’n bewys van lidmaatskap op te eis nie.*

*Lidmate wat ’n bewys van lidmaatskap opeis met die doel om hulle van die kerk af te skei, word op die voorgeskrewe vorm voorsien van ’n blote verklaring dat hulle lidmate van die kerk was, en afkondiging daarvan geskied by ’n erediens.*

*Met gebruikmaking van die bewys van lidmaatskap in tuggevalle word ’n begeleidende brief aan die betrokke kerkraad geskryf.*

*26.1.5.5 ’n Persoon wat lidmaat van ’n ander Nederduitse Gereformeerde gemeente was en hom in die gemeente kom vestig, maar wat weier om sy bewys van lidmaatskap by die kerkraad in te dien, se bewys van lidmaatskap mag deur die kerkraad aangevra word van die vorige gemeente, en na ontvangs daarvan sal die kerkraad hom as lidmaat behandel, tensy hy te kenne gee dat hy hom van die kerk wil afskei.*

*26.2 Nuwe Gemeentes en hul stigting*

*Voorbereidende stappe met die oog op die stigting van ’n nuwe gemeente word getref wanneer:*

*26.2.1 Lidmate van een of meer gemeentes die behoefte voel aan die stigting van ’n nuwe gemeente en hul kerkraad of kerkrade in verband daarmee nader; of*

*26.2.2 Die kerkraad of kerkrade self die noodsaaklikheid van die afstigting van ’n nuwe gemeente aanvoel; of*

26.2.3 *Die ring by ’n kerkraad of kerkrade daarop aandring om in verband met die afstigting van ’n nuwe gemeente werk te maak. Laasgenoemde kan onder andere ook gebeur as die versoek van lidmate, soos onder Bepaling 26.2.2 bedoel, deur die kerkraad geweier word en hulle hul daarna tot die ring wend, en die ring oordeel dat daar voldoende redes vir sodanige versoek bestaan.*

26.3 *Voorbereidende Stappe*

26.3.1 *'n Afstigting word voorberei wanneer ’n kerkraad verlof gee aan lidmate wat die versoek tot afstigting aan hom gerig het, om die nodige afstigtingsvorms te laat voltooi deur belanghebbende gemeentelede (kyk Bepaling 26.1.1). Die kerkraad kan die afstigtingsvorms self ook laat voltooi.*

26.3.2 *Indien dit blyk dat die nuwe gemeente moet bestaan uit gedeeltes van meer as een bestaande gemeente, nader die kerkraad by wie die saak aanhangig gemaak is die kerkrade van die ander betrokke gemeentes regstreeks en vra hulle medewerking.*

26.3.3 *Indien dit vir die betrokke kerkrade uit die ingekome stigtingsvorm mag blyk dat daar voldoende steun vir die stigting van ’n nuwe gemeente bestaan, stel hulle aanbevelings in verband met die stigting van die nuwe gemeente op, soos byvoorbeeld oor die voorgestelde grense, die voorwaardes vir die afstigting, die naam van die nuwe gemeente en enige ander saak wat van belang mag wees, en lê die stukke aan die ring voor. In gemeentes met meer as een predikant mag dit, indien nodig, in die voorwaardes opgeneem word dat alle skenkings aan die nuutgestigte te worde gemeente opgeskort word tot tyd en wyl een van die predikantsposte in die moedergemeente verval.*

26.4 *Aandeel van die Ring*

26.4.1 *Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van ’n nuwe gemeente beoordeel die ring die ingekome stukke en, indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente finansieel in staat sal wees om te bestaan, word verlof tot afstigting gegee.*

26.4.2 *Die ring dra dit aan die ringskommissie op om die stigting van ’n nuwe gemeente te lei, en in besondere gevalle mag die ring, indien hy oordeel dat hy oor genoegsame inligting beskik, sy bevoegdhede insake die stigting van ’n bepaalde gemeente van wie die vereiste stukke nog nie voor die ring kon dien op sy vergadering nie, aan die ringskommissie oordra.*

26.4.3 *As die gemeente wat gestig moet word, moet bestaan uit gedeeltes van gemeentes wat onder meer as een ring ressorteer, moet die betrokke stukke aan al die ringe voorgelê word. Die ringe besluit onderling watter ring verder die leiding met die afstigting neem en die ander ring(e) verleen aan hierdie ring skriftelike verlof tot die stigting van die gemeente.*

26.5 *Grense*

26.5.1 *Die ringskommissie stel die grense van die nuwe gemeente noukeurig vas op grond van die aanbevelings wat van die kant van die kerkraad of kerkrade gedoen word, en wel so dat daar onder geen omstandighede ’n deel van ’n aangrensende gemeente by ’n nuwe gemeente gevoeg mag word as daar geen afstigtingsvorm uit daardie gemeente ontvang is of as die kerkraad van daardie gemeente verklaar dat die meerderheid van die lidmate in die betrokke gedeelte teen insluiting by die nuwe gemeente is nie.*

26.5.2 *By die vasstelling van die grense van die nuwe gemeentes word geen lynplase genoem nie.*

26.5.3 *Die ringskommissie beskrywe die grense van die nuwe gemeentes, sowel as die grense van die bestaande gemeentes by verandering daarvan noukeurig. Behoorlike kaarte van die nuwe en bestaande gemeentes moet opgestel word. Na goedkeuring deur die ring moet afskrifte vir veilige bewaring na die kerkargief gestuur word.*

26.5.4 *Wanneer die grense van gemeentes eenmaal vasgestel is, word wysiginge nie sonder gegronde redes aangebring nie. Voorstelle vir veranderinge van grense moet eers deur die betrokke kerkrade goedgekeur , en dan aan die ringskommissie voorgelê word, wat dit goedkeur en in triplikaat aan die skribaat van die sinode berig stuur oor die grensverandering om deur die skribaat in Die Kerkbode gepubliseer te word.*

26.5.5 *Waar 'n groep lidmate om gegronde redes aansoek doen om deur grenswysiginge by 'n naburige gemeente ingeskakel te word en die betrokke kerkraad of kerkrade dit weier, het hulle reg op verdere appèl.*

26.6 *Die Stigting van 'n nuwe Gemeente* ***(Reglement 27)***

26.6.1 *Die stigting van 'n nuwe gemeente vind plaas op 'n vergadering van lidmate wat binne die voorgestelde grense woon en wat twee weke tevore in Die Kerkbode deur die skriba van die ring opgeroep word.*

26.6.2 *Op hierdie vergadering word finaal besluit oor die naam van die nuwe gemeente, en die ringskommissie doen 'n aankondiging oor die afstigtingsvoorwaardes en watter leraar tot konsulent van die nuwe gemeente deur die ringskommissie benoem is. In die reël word die eerste kerkraadslede van die nuwe gemeente by dieselfde geleentheid in ooreenstemming met Bepaling 25 gekies.*

26.6.3 ***numering)*** *Van die stigting van die nuwe gemeente gee die skriba van die ring in triplikaat aan die skribaat van die sinode kennis van die naam, stigtingsdatum, konsulent en vermelding van die grenslyne met die oog op publikasie daarvan in Die Kerkbode. Op grond van die publikasie in Die Kerkbode gee die Algemene Kantoorbestuurder aan die registrateur van aktes kennis van die stigting van die nuwe gemeente.*

26.6.4 *Die skriba van die ring verskaf aan die kerkraad van die nuwe gemeente 'n uittreksel uit die notule van die ringskommissie, waarin al die besonderhede in verband met die afstigting vermeld word.*

26.6.5 *Die naam van die gemeente word aangedui as: Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ... (NN). Eiendomme moet op die naam van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ...(NN) geregistreer word.*

26.6.6 ***Wysiging van die naam van 'n gemeente:***
*Die naam van 'n gemeente word nie sonder gegronde redes gewysig nie. Voorstelle vir naamsverandering moet eers deur die betrokke kerkraad/rade goedgekeur word. Daarna word dit aan die ring/ringskommissie voorgelê wat dit na goedkeuring aan die skribaat van die sinode stuur met die oog op publikasie daarvan in die Kerkbode. Op grond van die publikasie gee die Algemene Kantoorbestuurder aan die registrateur van aktes daarvan kennis. Die kerkraad is dan verder verantwoordelik vir alle noodsaaklike naamsveranderinge.*

26.7 *Geskille by Afstigting*

26.7.1 *Geskille wat by die stigting van 'n gemeente tussen gemeentes onderling of tussen kerkrade en die ringskommissie, of tussen die afstigtende gemeentes en die ringskommissie ontstaan, word voor die ringsvergadering gebring vir beslissing. Appèl mag na die sinode of sinodale kommissie geskied.*

26.7.2 *Geskille wat tussen ringe by die stigting van nuwe gemeentes mag ontstaan, word na die sinodale kommissie vir beslissing verwys.*

**Artikel 27**

*Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:*

*Bepaling 27*

***Samestelling van die Kerkraad.***

*Die kerkraad, saamgestel soos voorgeskryf in Artikel 27 van Die Kerkorde, moet bestaan uit minstens vyf lede. Die kerkraad bepaal verder self hoeveel kerkraadslede daar moet wees. Die ouderlingsposte mag nie minder as die diakensposte wees nie.*

**Artikel 28**

*Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:*

*Bepaling 28*

***28.1 Vergadering van Kerkraad***

***28.1.1*** *Gewone vergaderinge van die kerkraad geskied na afkondiging by die openbare erediens op minstens twee agtereenvolgende Sondae.*

|  |  |
|---|---|
| ***28.1.2*** *Buitengewone vergaderinge van die kerkraad word opgeroep deur die voorsitter met kennisgewing aan al die lede wanneer by hom deur minstens drie lede van die kerkraad skriftelik daarom aansoek gedoen word met opgawe van redes of wanneer hy dit self nodig ag.*<br>***28.2*** ***Die Konsulent***<br>***28.2.1*** *Die kerkraad van 'n vakante gemeente sorg vir vervoer, huisvesting en billike vergoeding aan die konsulent.*<br>***28.2.2*** *Die konsulent doen aan die ring verslag van sy/haar optrede in 'n vakante gemeente.*<br>***28.3*** ***Huishoudelike Bepalinge van die Kerkraad***<br>*Die kerkraad* ***kan*** ~~*stel*~~ *huishoudelike bepaling**s** op**stel** vir sy vergaderinge, werksaamhede en vir dié van amptenare en kommissies wat deur hom aangestel word. Sodanige bepalinge mag nie in stryd wees met die Woord van God, die Kerkorde en die sinodale besluite nie.* |
| **3.2.2 Die ring** |
| **Artikel 29** |
| *Vergelyk* Aanvullende bepalings van Hoëveld:<br>*Bepaling 29*<br>***29.1*** ***Die indeling en herindeling van die Ringe***<br>*29.1.1 Die samestelling van ringe vind tydens 'n vergadering van die sinode plaas.*<br>*29.1.2 Indien daar 'n nuwe indeling van gemeentes in ringe plaasvind vergader die betrokke ringe tydens die vergadering van die sinode om die kommissies van die ringe aan te wys.*<br>*29.1.3 Vir vergaderinge tydens die sinodesitting, sowel as vir 'n daaropvolgende buitengewone vergadering(e) van die sodanige nuutsaamgestelde ring(e) tot met die volgende gewone ringsvergadering, tree die afgevaardigdes na die sinode as die wettige lede van die ringsvergadering op.*<br>*29.1.4* **Wanneer die herindeling van ringe tot die ontbinding, samesmelting of vorming van 'n ring lei, kom die betrokke ringe, vóór die datum waarop die herindeling in werking tree, skriftelik ooreen oor die verdeling of oordrag van hulle bates, fondse, regte, verpligtinge, laste, lopende administratiewe rekords en onafgehandelde sake. Afgeslote argivalia word ooreenkomstig die toepaslike kerklike argief riglyne by die aangewese argiefbewaarplek ingelewer. Die ooreenkoms is onderworpe aan goedkeuring deur die Sinodale Dienskommissie. Indien die betrokke ringe nie tot 'n ooreenkoms kan kom nie, beslis die Sinodale Dienskommissie die aangeleentheid nadat die ringe geleentheid ontvang het om vertoë te rig.** |
| **Artikel 30** |
| *Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:*<br>Bepaling 30<br>*30.1* *Ouderling/diakens op die Ring.*<br>30.1.1 ~~*Na die vergadering van die ring, saamgestel volgens artikel 30 van Die Kerkorde, mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens met sekundi afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is.*~~ **In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad een ouderling/diaken, met sekundus, afvaardig vir elke predikants-, diensleraars- of standplaasleraarpos in die gemeente.**<br>30.1.2 *'n Primarius- en sekundus-*~~*ouderling/diaken*~~ *mag, met die verlof van die vergadering* **mekaar gedurende die vergadering vervang** ~~*by die gewone werksaamhede die een die ander se plek in die vergadering inneem.*~~ **behalwe tydens die behandeling van 'n tug- of appèlsaak.**<br>30.1.3 *Die afgevaardigdes na die gewone vergadering van die ring tree ook gedurende die reses as afgevaardigdes na buitengewone vergaderings van die ring op en of die primarius- of sekundus-ouderling/diaken mag verskyn, al na gelang dit vir hulle moontlik is. As albei verhinder word, word 'n ander ouderling/diaken met 'n sekundus deur die kerkraad aangewys om die gemeente te verteenwoordig.* |
| **Artikel 31** |
| *Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:* |

*Bepaling 31*

**31.1 Konstituering en Ampsdraers**

**31.1.1** ~~Die voorsitter van die ringskommissie neem die opening van die ringsvergadering waar; hy roep die afgevaardigdes van die verskillende gemeentes in volgorde op om hulle geloofsbriewe in te dien. Indien dit blyk dat 'n volstrekte meerderheid van die lede van die ring teenwoordig is, word verklaar dat die ring wettig gekonstitueer is.~~ **Die voorsitter van die ringskommissie neem die opening en konstituering van die ringsvergadering waar en laat die geloofsbriewe van die afgevaardigdes ondersoek. Indien 'n volstrekte meerderheid van die afgevaardigdes teenwoordig is, verklaar die voorsitter die ring wettig gekonstitueer. Indien die voorsitter afwesig of verhinder is, neem 'n ander lid wat deur die ringskommissie daartoe aangewys is, die opening en konstituering waar.**

**31.1.2** ~~Die ring kies na sy konstituering op elke vergadering 'n voorsitter en skriba uit sy lede. Dieselfde persone mag nie vir meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings tot voorsitter en skriba van die ring gekies word nie.~~ **Die ring kies ná sy konstituering by elke gewone vergadering 'n voorsitter en skriba uit sy lede.**

**31.2 Pligte van die Skriba**

*Behalwe die gewone funksie van die skriba, soos aangedui in Artikel 25 van Die Kerkorde, moet die skriba van die ring/ringskommissie ook die volgende opdragte behartig met verslag aan die volgende gewone vergadering van die ring:*

**31.2.1** ~~Hy/sy~~ **Die skriba** *stuur beskrywingspunte van die ring na die skriba van die sinode deur.*

**31.2.2** ~~Hy~~ **Die skriba** *besorg binne twee maande na afloop van die vergadering 'n kopie van die handelinge van die ring tesame met alle bylaes wat daarby behoort en al die verslae wat voor die ring gedien het, aan die argivaris van die sinode.*

**31.2.3** *Onmiddellik na afloop van die vergadering stuur* ~~hy~~ **die skriba** *alle nodige besonderhede aan die hoofkompilator van Die Jaarboek.*

**31.2.4** *So spoedig moontlik na die vergadering van die ring gee* ~~hy~~ **die skriba** *kennis aan die kerkrade binne die ringsgebied van al die besluite wat op hulle betrekking het.*

**31.2.5** ~~Hy~~ **Die skriba** *stuur so spoedig moontlik na die vergadering van die ring 'n afskrif van die notule en besluite van die ring aan Sinodale kerkkantoor.*

**31.2.6** ~~Hy~~ **Die skriba** *voer uit wat aan hom opgedra word in Bepalinge 7.8, 8.2 en 8.3 en gee in gevalle van skorsing of uittrede uit die bediening van bedienaars van die Woord kennis aan die scriba synodi.*

**31.2.7** ~~Hy~~ **Die skriba** *stel die scriba synodi onverwyld in kennis van sy verkiesing, asook die name van die sameroepers van die kommissies van die ring.*

**31.2.8** ~~Wanneer daar 'n vakature ontstaan met betrekking tot die ring se verteenwoordigers (primarius of sekundus) in 'n kommissie van die sinode stel hy/**sy** die skriba van die sinode onverwyld van die aanbeveling van die ring/ringskommissie in kennis (kyk Bepaling 35.2.2.6).~~ **Wanneer 'n vakature ontstaan ten opsigte van 'n primarius- of sekundusverteenwoordiger van die ring in 'n sinodale kommissie, stel die skriba die skriba van die sinode onverwyld daarvan in kennis en besorg die aanbeveling van die ring of ringskommissie aan hom/haar.**

**31.3 Ringskommissies**

**31.3.1** *Voor die verdaging van die gewone vergadering van die ring word 'n ringskommissie gekies, wat bestaan uit die skriba van die ringsvergadering en twee ander lede van die ring met die sekundi wat, indien nodig, in volgorde opgeroep word. Hierdie kommissie kies sy eie voorsitter en voer al die opdragte van die ring uit, hanteer voorlopig spoedeisende sake totdat die ring dit in behandeling kan neem; tref reëlings vir die voortgang van die werksaamhede indien die skriba nie sy***/haar** *funksie kan vervul nie en verrig al die werksaamhede wat in Bepalinge 7, 11, 13, 26.4, 26.5 en 26.6 aan hom***/haar** *opgedra is, met verslag aan die volgende gewone vergadering van die ring.*

**31.3.2** *Met die oog op die behartiging van die werksaamhede volgens Kerkorde Artikel 31 aan die ring toegesê, benoem die ring op elke gewone vergadering permanente kommissies* ***of taakspanne****, soos wat die ring nodig ag om sy werksaamhede te behartig. Hierdie*

*kommissies bevorder in die nouste samewerking met die ooreenkomstige kommissies van die sinode die belange van die onderskeie terreine waarvoor hulle benoem word binne die ringsgebied, en rapporteer daaroor, sowel as oor die stand van hierdie werksaamhede in die onderskeie gemeentes, aan die volgende gewone vergadering van die ring.*

***31.3.3*** ~~*Die ring benoem op elke gewone vergadering 'n argiefkommissie wat aan die ring verslag doen oor die korrektheid van die afskrifte van die dooplidmateregisters wat deur die verskillende kerkrade vir opsending na die kerkargief gereed gemaak is, sowel as oor die toestand van die kerklike registers, notuleboeke en argiefstukke in die gemeente waar die ring vergader, sowel as die ringsargief en die kerklike registers van gemeentes wat gedurende die afgelope ringsjaar gestig is.*~~ ***Die ring wys 'n argieftaakspan of gevolmagtigde aan wat:***

***31.3.3.1*** ***toesien dat die ring se notules, korrespondensie, finansiële dokumente en ander argivalia behoorlik versorg en volgens die toepaslike kerklike voorskrifte by die aangewese argiefbewaarplek ingelewer word;***

***31.3.3.2*** ***gemeentes begelei en, waar nodig, toesig hou oor die behoorlike byhou, bewaring en inlewering van registers, notules en ander argivalia; en***

***31.3.3.3*** ***aan elke gewone vergadering van die ring verslag doen.***

***31.3.4*** *Die ring benoem op elke gewone vergadering 'n ringskommissie vir fondse wat aan die ring verslag doen oor die finansiële state van al die gemeentes in die ressort, sowel as oor die toestand van die boeke van die gemeentes wat gedurende die afgelope ringsjaar gestig is, en die boeke van die gemeente waar die ring vergader. Hierdie kommissie is voorts behulpsaam met die verkryging van finansiële steun vir behoeftige gemeentes.*

***31.3.5*** *Die ring benoem 'n konsulent vir elke gemeente binne sy gebied.*

***31.4*** ***Kerkvisitasie***

***31.4.1*** ***Skriftelike verslag***

*Elke kerkraad dien jaarliks 'n skriftelike kerkvisitasieverslag by sy ring in soos deur die betrokke ring voorgeskryf.*

***31.5*** ***Ander Sake wat die Ring behandel***

***31.5.1*** *Die ring neem verder alle sake in behandeling wat deur kerkrade binne die gebied, deur lede van die ring en lidmate van die gemeentes aan die ring voorgelê word. Die ring gee veral aandag aan sake rakende die tug wat direk of by wyse van appèl voor hom gebring word, en tree dan op in ooreenstemming met wat verder daaroor bepaal is in die bepalinge wat handel oor die tug.*

***31.5.2*** *Die ring is bevoeg om enige werksaamheid te onderneem en daarvoor kommissies aan te stel en, indien nodig, selfs ampsdraers te benoem vir sy werksaamhede, en om vir al die werksaamhede wat hy onderneem en die kommissies wat hy benoem, bepalinge op te stel, solank dit nie in stryd is met die Woord van God, die Kerkorde of die besluite van die sinode nie.*

31.6 ~~***Konferensie met die Gemeente***~~

~~*In verband met die vergadering van die ring word, indien so verkies, 'n konferensie met die gemeente gehou deur die lede van die ring, met die doel om die onderlinge belangstelling in die welsyn van die Kerk aan te kweek. Die onderwerp van bespreking en die tyd van die konferensie word deur die ringskommissie in oorleg met die plaaslike leraar gereël.*~~

**3.2.3 Die sinode**

**Artikel 32**

*Aanvullende bepalings van Hoëveld:*

*Bepaling 32*

*32.1* ***Vergaderinge van die Sinode***

*32.1.1 Die Sinode, saamgestel volgens Artikel 32 van die Kerkorde en wat die afgevaardigde ouderlinge/ diakens betref in ooreenstemming met wat bepaal is in Artikel 33.1.2 van die Kerkorde, vergader soos deur die Sinode vasgestel op 'n tyd en plek soos deur die Sinode/Sinodale Dienskommissie/ Moderatuur vasgestel.*

*32.1.2 'n Primarius- en sekundus-~~ouderling/diaken~~ mag, met die verlof van die vergadering, by die gewone werksaamhede, die een die ander se plek in die vergadering inneem. Dit geld nie by die behandeling van* **tug- en appèlsake** *nie.*

*32.1.3 In dringende gevalle wat nie voorsien is nie, het die Sinodale Diens-kommissie/Moderatuur die reg om die sinode uit te stel of om 'n buitengewone sinode byeen te roep met skriftelike kennisgewing van drie weke aan al die kerkrade.*

*32.1.4 Gewone vergaderings van die sinode word twee maande tevore opgeroep deur 'n skriftelike kennisgewing van die skriba aan alle kerkrade asook amptelike 'n kennisgewing in Die Kerkbode.*

**Artikel 33**

*Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:*
*Bepaling 33*

***33.1*** ***Konstituering en Kworum***

***33.1.1*** *Na die vergadering van die sinode, saamgestel volgens Artikel 33.1.2 van die Kerkorde, mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens met sekundi afvaardig as wat daar predikantsposte* ***predikants-, diensleraars- en standplaasleraarsposte*** *in die gemeente is.*

***33.1.2*** *Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad namens die kerkraad onderteken, moet ten minste 3 weke voor die vergadering aan die skriba van die sinode gestuur word met 'n begeleidende skrywe om te meld wie sal verskyn.*

***33.1.3*** *Die skriba stel die presensielys uit die ingekome stukke op en lê dit by die aanvang van die sitting ter tafel. Die skriba is op die oggend van die eerste sitting tot een uur voor die aanvang van die sitting beskikbaar om wysiginge van en toevoegings tot die presensielys te ontvang.*

***33.1.4*** *Die vergadering word met die personeel soos aangeteken op die presensielys, gekonstitueer, mits dit minstens die meerderheid van die getal waaruit die sinode ingevolge Bepaling 33.1.1 bestaan, bevat.*

***33.1.5*** *Persone wie se name nie op die presensielys verskyn nie, mag nie aan die verrigtinge deelneem, voordat hulle geloofsbriewe by die skriba ingedien en by die aanvang van 'n sitting aangekondig is nie.*

***33.1.6*** *Van die getal op die presensielys vorm 'n volstrekte meerderheid 'n kworum.*

***33.1.7*** *Amptenare in sinodale diens en diegene wat in ooreenstemming met Artikel 33.2 van die Kerkorde die teologiese opleiding verteenwoordig het sitting met adviserende stem.*

**Artikel 34 Geen**

**Artikel 35**

*Vergelyk Aanvullende bepalings van Hoëveld:*
*Bepaling 35*

***35.1*** ***Die Moderatuur***

***35.1.1*** ***Verkiesing***

**35.1.1.1** *~~Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is,~~* ***Die voorsitter van die Moderatuur*** *neem die opening van die vergadering waar.*

**35.1.1.2** *Die voorsitter van die Moderatuur neem die leiding by die konstituering totdat die* ***nuwe*** *moderator gekies is.*

**35.1.1.3** *Na die konstituering van die vergadering word die moderatuur op 'n geslote stemwyse gekies sonder dat 'n nominasielys vooraf gevorm word.*

**35.1.1.4** *Onder leiding van die moderator word 'n assessor, aktuarius en skriba gekies wat saam met die moderator die moderatuur vorm.*

**35.1.1.5** *Die moderator en assessor mag slegs vir een gewone vergadering in die pos verkies word. Die skriba en aktuarius kan vir twee agtereenvolgende vergaderings in die dieselfde pos verkies word.*

***35.1.2*** *Die Moderatuur sorg vir die ordelike verloop van die vergadering.*

*35.1.3* *Na afloop van die sinode vorm die Moderatuur die dagbestuur van die Sinodale Dienskommissie. Die Algemene Kantoorbestuurder van die Sinodale Kerkkantoor kan deur die dagbestuur op die dagbestuur gekoöpteer word met adviserende stem.*

*35.1.4* ***Die Skriba***

**35.1.4.1** *Die werk van die skriba:*

***35.1.4.1.1*** *Die skriba teken die handelinge van die vergadering op en voer die opdragte uit.*

***35.1.4.1.2*** *Die skriba publiseer die handelinge van die sinode en dien die oorspronklike handelinge met al die bylaes wat daarby hoort by die kerkargief in.*

***35.1.4.1.3*** *Die skriba doen wat aan hom opgedra word in al die Artikels en Bepalinge van die Kerkorde.*

***35.1.4.1.4*** *Die skriba doen aan die volgende sinode van die uitvoering van al sy pligte verslag.*

*35.1.5* ***Die Aktuarius***

**35.1.5.1** ***~~Hy/sy~~ Die aktuarius*** *verstrek gedurende die reses, op aanvraag, advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde en sinodale bepalinge.*

**35.1.5.2** ***~~Hy/sy~~ Die aktuarius*** *doen van sy werksaamhede aan die volgende sinode verslag.*

**35.1.5.3** ***~~Hy/sy~~ Die aktuarius*** *dien 'n afskrif van elke skriftelike advies wat deur hom/haar gegee word by die kerkargief in.*

**35.1.5.4** ***~~Hy/sy~~ Die aktuarius*** *is voorsitter van die regskommissie.*

*35.1.6* **Vakatures in die Moderatuur en Dagbestuur**

**35.1.6.1** **Indien die posisie van voorsitter Sinodale Dienskommissie en sy Dagbestuur (moderator) tussen sinodesittings vakant raak, tree die ondervoorsitter (assessor) as waarnemende voorsitter van die Sinodale Dienskommissie en sy Dagbestuur op totdat die sinode 'n nuwe moderator verkies.**

**35.1.6.2** **Indien die posisies van moderator en assessor gelyktydig vakant is, wys die Sinodale Dienskommissie uit sy stemgeregtigde lede 'n waarnemende voorsitter van die Sinodale Dienskommissie en sy Dagbestuur aan. Die waarnemende voorsitter dien totdat die sinode 'n nuwe moderator verkies.**

**35.1.6.3** **Indien 'n vakature in die posisie van skriba of aktuarius ontstaan, wys die Sinodale Dienskommissie 'n bevoegde persoon aan om die betrokke funksies te verrig totdat die sinode die vakature vul.**

**35.1.6.4** **Wanneer 'n vakature in die Moderatuur ontstaan, kan die Sinodale Dienskommissie een van sy stemgeregtigde lede as ~~'n bykomende lid~~ ondervoorsitter van die Dagbestuur aanwys totdat die sinode die vakature vul.**

**35.1.6.5** **'n Persoon wat ingevolge 35.1.6.2, 35.1.6.3 of 35.1.6.4 aangewys word, het vir die duur van die aanwysing stemreg in die Dagbestuur.**

35.2 ***Die Sinodale Dienskommissie***

35.2.1 ***Samestelling van die Sinodale Dienskommissie***

**35.2.1.1** *Voor die verdaging van* **elke gewone vergadering van** *die Sinode word 'n Sinodale Dienskommissie saamgestel, wat bestaan uit die Moderatuur, ~~'n aantal~~* **die** *Portefeulje-leiers soos deur die Sinode bepaal, ~~plus~~ drie ouderlinge of diakens wat nie bevoegdheid as bedienaar van die Woord het nie* **en die verdere lede wat nodig is om te verseker dat minstens een lid uit elke ring op die Sinodale Dienskommissie dien.**

*Die Algemene Kantoorbestuurder van die NG Kerk van Hoëveld het sittingsreg met adviserende stem op die Sinodale Dienskommissie. Vir die verkiesing van die portefeuljeleiers word 'n groslys gebruik wat saamgestel is deur middel van 'n nominasievorm.*

**35.2.1.2** *Indien 'n verkose lid van die SDK gelyktydig ook 'n betaalde amptenaar van die Sinode is, is sy/haar sittingsreg op die SDK adviserend (na analogie van Bepaling 35.2.1.1).*

***Vakatures by portefeuljeleiers... koöpteer met stemreg***

**35.2.1.3** **Wanneer 'n vakature tussen gewone vergaderings van die sinode ontstaan, vul die Sinodale Dienskommissie die vakature vir die onverstreke gedeelte van die termyn. 'n Vakature in 'n ringsplek word gevul uit persone wat deur die betrokke ring genomineer is. 'n Vakature in 'n portefeulje word gevul met inagneming van die aard en vereistes van die betrokke portefeulje. 'n Persoon wat aldus aangewys word, het volle sitting- en stemreg in die Sinodale Dienskommissie.**

*35.2.2* ***Opdrag***

**35.2.2.1** *Die uitvoering van opdragte wat deur die Sinode aan hom gegee is, asook besluite van die Sinode wat nie onder die opdragte van ander kommissies ressorteer nie.*

**35.2.2.2** *Die koördinering, toesighouding en organisering van die werksaamhede van alle kommissies van die Sinode binne die beheer- en bestuurs-raamwerk soos bepaal deur die Sinodale Dienskommissie.*

**35.2.2.3** *In spoedeisende gevalle mag die Sinodale Dienskommissie opdragte aan ander kommissies uitbrei om te sorg dat die besluite van die Sinode effektief uitgevoer word, of om te sorg dat pro-aktief opgetree word in terme van die roeping en diensrigtings van die Sinode.*

**35.2.2.4** *Doen aanbevelings aan die Sinode met betrekking tot die roeping van die Sinode en die* ***diensrigtings*** *waarop die Sinode fokus.*

**35.2.2.5** *Die Sinodale Dienskommissie mag taakgroepe saamstel wat uitvoering gee aan die spesifieke opdragte van die Sinode of die Sinodale Dienskommissie. Hierdie taakgroepe word ad hoc saamgestel en doen aan die Sinodale Dienskommissie, of 'n spesifieke kommissie van die Sinode, verslag. Van hierdie sake word ook aan die Sinode verslag gedoen.*

**35.2.2.6** ***Vakatures***

*35.2.2.6.1 Die aanvulling van vakatures wat in die kommissies van die sinode mag ontstaan, indien moontlik en waar van toepassing op aanbeveling van ringe/rings-kommissies. Die Sinodale Dienskommissie mag die samestelling van kommissies uitbrei deur lede met spreekstem te koöpteer. Die Sinodale Dienskommissie mag lede in die Sinodale Diens-kommissie met spreekstem koöpteer.*

*35.2.2.6.2* **Die Sinodale Dienskommissie kan 'n vakature in die posisie van 'n portefeuljeleier vul deur 'n persoon vir die oorblywende gedeelte van die termyn as portefeuljeleier aan te wys. (Indien 35.2.1.3 geld, is hierdie onnodig)**

35.2.2.7 *Die aanstelling van amptenare in sinodale diens.*

35.2.2.8 *Die aanwysing van persone om by afwesigheid van die skriba en aktuarius van die sinode die opdragte soos Bepaling 35.1 omskrywe, uit te voer.*

35.2.2.9 *Die sameroeping van 'n buitengewone vergadering van die sinode wanneer dit noodsaaklik mag blyk.*

35.2.2.10 *In die geval van 'n kandidaat wat beoog om colloquium doctum af te lê, 'n ondersoek te doen met betrekking tot die wedergeboorte deur die Heilige Gees, die persoonlike ondervinding van die genade van God en geestelike geskiktheid vir die evangelie-bediening.* ***Reglement 10 7.2.2 nuwe woorde***

35.2.2.11 *Die Sinodale Dienskommissie wys 'n leraar/s aan om as Pastor/es Pastorum na die pastorale sorg van leraars in die sinodale gebied om te sien.*

35.2.2.12 *Die kommissie doen van al sy werksaamhede aan die sinode verslag.*

*35.2.3 'n Gesamentlike kommissie wat namens die sinodes van Transvaal kan optree. Indien 'n skaakmatposisie bereik word as gevolg van teenstrydige besluite van die sinodes van Transvaal met betrekking tot aangeleenthede wat gesamentlik beheer word, of indien daar in die tydperk tussen sinodesittings 'n saak na vore kom wat 'n gelykluidende besluit vereis, word die volgende prosedure gevolg:*

35.2.3.1 *Die dagbesture/ moderature van die sinodes/ sinodale kommissies vergader met die doel om 'n gelykluidende besluit te neem.*

35.2.3.2 *Die dagbesture/moderature doen verslag met aanbeveling(s) aan die onderskeie sinodes/ sinodale kom-missies. Indien die aanbeveling(s) deur die sinodes/sinodale kommissies aanvaar word, is dit die geldende besluit.*

35.2.3.3 *Indien een of meer sinode/sinodale kommissie die aanbeveling(s) nie goedkeur nie, word dit na die dagbesture/moderature met aanbevelings terugverwys.*

35.2.3.4 *Nuwe aanbevelings word aan die sinodes/ sinodale kommissies gemaak.*

35.2.3.5 *Indien die aanbevelings nie eenvormig goedgekeur word nie, word 'n gesamentlike vergadering van die sinodale kommissies belê, elk met 20 lede, om deur meerderheidstem 'n bindende besluit te neem.*

*35.3* ***Ander kommissies van die sinode***

*In verband met die behartiging van die werksaamhede in Artikel 35 van die Kerkorde aan die Sinode toegesê, benoem die Sinode vir 'n dienstyd van vier jaar die volgende:*

35.3.1 *'n Regskommissie, wat uit* ***tussen 6 en*** *10 lede bestaan, waarvan die aktuarius lid en voorsitter is en die regsadviseur van die sinode in adviserende hoedanigheid dien.* **Vakatures wat tussen gewone vergaderings van die sinode ontstaan, word deur die Sinodale Dienskommissie op aanbeveling van die Regskommissie vir die onverstreke gedeelte van die termyn gevul.**

35.3.1.1 *Bestudeer alle voorstelle oor wysiging van die sinodale bepalinge in verband met die Kerkorde, adviseer die sinode daaromtrent, sorg vir die korrekte rangskikking van die bepalinge en publiseer dit daarna.*

35.3.1.2 *Dien kerkvergaderinge en ampsdraers met voorligting met betrekking tot sake rakende die kerkreg en die staatlike reg, veral in gevalle waar hulle op grond van die uitvoering van hulle ampspligte in 'n regsproses betrokke mag raak. Die kommissie sorg dat geen saak waarvan die koste uiteindelik op rekening van die sinode mag kom, ligtelik in die hof aangegaan of verdedig word nie.*

35.3.1.3 *Die Regskommissie tree op as gevolmagtigde appèlliggaam van die sinode.*

35.3.1.4 *Indien 'n aangeleentheid na vore kom wat na die oordeel van die aktuarii ingrypende regsimplikasies vir die Transvaalse Sinode het, kan 'n gesamentlike vergadering van verteenwoordigers uit die verskillende regskommissies/ kerkordekommissies byeengeroep word.*

35.3.1.5 *Elke regskommissie stuur na hierdie vergadering drie verteenwoordigers en tesame met die regsadviseurs van die verskillende sinodes word besin met die oog op advies aan die betrokke kerkvergaderinge of instansies.*

35.3.2 ***Kommissies***

35.3.2.1 *'n Sinodale Kommissie vir Fondse en 'n Sinodale Kommissie vir Diens-verhoudinge. Die ander werksaamhede wat in Artikel 35 van die Kerkorde beskryf word, word aan die onderskeie Portefeuljes oorgedra. Die werksaamhede van die portefeuljeleiers word bepaal deur die strategiese bedieningsareas soos vervat in die Strategiese Plan.*

35.3.2.2 *Hierdie kommissies in oorleg met die betrokke Portefeuljeleiers, help die Sinode om sy roeping, waarop die Sinode besluit, te realiseer. Die kommissies ontvang sy opdragte van die Sinode of in spoedeisende gevalle van die Sinodale Dienskommissie.*

35.3.2.3 *Die Sinodale kommissies doen in oorlegpleging met die Sinodale Dienskommissie, oor hulle werksaamhede sowel as toekomstige uitdagings verslag by elke vergadering van die Sinode.*

35.3.2.4 *Die kommissie vir Fondse word saamgestel uit een verteenwoordiger uit elke ring, met net soveel sekundi, en ander persone deur die Sinode benoem. Alle ander kommissies, bestaan verkieslik uit ongeveer 5 of minder lede, en word saamgestel op aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Kommissies saamgestel met inagneming van die taak van die kommissies en die gawes van die lede.*

35.3.2.5 *'n Sinodale kommissie het die bevoegdheid om 'n lid wat in die Algemene Sinode se ooreenstemmende kommissie dien as adviserende lid te koöpteer.*

35.3.3 *Die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge administreer en voer die beleid uit oor die diensverhoudinge van die personeel in diens van die NG Kerk van Suid Transvaal. Die Kommissie verskaf ook, indien nodig, advies vir die bestuur van diensverhoudinge.*

35.3.4 *'n Tydelike Regskommissie wat gedurende elke gewone sinodesitting funksioneer en die sinode van die raad bedien oor alle sake wat aan hom opgedra word, vernaamlik oor tugsake en kerklike geskille wat direk of by wyse van appèl voor die sinode kom.*

35.3.5 *Lys van verteenwoordigers met sekundi wat verkies moet word om namens die Sinode in die volgende te dien:*

1) *Kuratorium, Teologiese Fakulteit, Pretoria (vier lede).*
2) *Proponentskommissie, Teologiese Fakulteit, Pretoria (vier lede) (Aanbeveling by die Kuratorium, Pretoria).*
3) ~~*Kieskollege, Teologiese Fakulteit, Pretoria (Sien Bep. 5.2.1)*~~
4) *Kuratorium, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch (een lid).*
5) *Proponentskommissie, Teologiese Kweekskool, Stellenbosch (een lid) (Aanbeveling by die Kuratorium, Stellenbosch).*
6) *Kuratorium, Proponentskommissie en ~~Kieskollege,~~ Teologiese Fakulteit, Bloemfontein (een lid).*
7) *Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (een lid).*
8) *Bybelgenootskap van Suid Afrika (twee lede).*

35.3.6 *Die verteenwoordigers van die sinode volgens Bepaling 35.3.5 moet van hul werksaamhede aan die volgende sinode verslag doen. Indien daar nie verslag gedoen word nie, heroorweeg die sinode die aanwys van verteenwoordigers in die betrokke kommissies/liggame.*

35.3.7 *Afgevaardigdes na die volgende Algemene Sinode.*

35.3.8 *Enige ander kommissies van tydelike of permanente aard wat die sinode nodig mag ag, waaronder In Memoriam kommissie (drie lede).*

35.4 *Dieselfde persone mag nie vir meer as agt jaar aaneenlopend as voorsitter en ondervoorsitter van dieselfde kommissie dien nie.*

35.5 ***Sake vir behandeling deur die Sinode***

35.5.1 *Sake vir behandeling deur die sinode moet ses (6) weke voor die tyd in die hande van die skriba wees en mag ingedien word deur leraars, kerkrade, ringe en kommissies van die sinode. Lidmate van gemeentes binne die gebied mag hulle by wyse van versoekskrif tot die sinode wend. Die sinode besluit of laat ingekome stukke behandel sal word.*

35.5.2 *Minstens tien weke voor die tyd moet daar by die skriba ook verslae van die Skriba, die Aktuarius, die Algemene Kantoorbestuurder, die Sinodale Dienskommissie, moderatuur, die portefeuljeleiers en alle ander kommissies deur die sinode benoem, ingedien word.*

35.5.3 *Die skriba laat al die stukke onder Bepalinge 35.5.1 en 35.5.2 genoem, druk, nadat die Sinodale Dienskommissie geleentheid gehad het om 'n insae te kry in die stukke waaroor hulle die sinode moet adviseer. Die skriba versprei die agenda van die sinode betyds onder die afgevaardigdes.*

35.6 ***Besondere verrigtinge gedurende die vergadering van die Sinode***

35.6.1 *Die sinode word met Skriflesing en gebed begin en afgesluit.*

35.6.2 *Die nagmaal word indien moontlik, op uitnodiging van en saam met een van die plaaslike gemeentes gevier.*

35.7 *Die sinode besluit op die roeping en strategiese bedieningsareas van die sinode na aanleiding van 'n aanbeveling van die Sinodale Dienskommissie.*

*Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 26: Riglyne vir Vergoeding aan Werkgewers.*

**Artikel 36**

*Vergelyk Reglement 24 vir Kerklike Goedere*

**Artikel 37**

*Vergelyk*
*Reglement 24 vir Kerklike Goedere*

*Reglement 27 vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes*

**3.2.4 Die Algemene Sinode**

**Artikel 38**

**Samestelling en frekwensie van vergaderings**

Vergelyk Reglement 1 vir die Funksionering van die Algemene Sinode

*Vergelyk*
~~*Reglement 1 vir die Funksionering van die Algemene Sinode*~~
~~*Reglement 2 vir die Algemene Sinodale Moderamen*~~
**Reglement 3: Reglement van Orde, punt 1, opening en konstituering**

**Artikel 40**

*Vergelyk Reglement 2 vir die Algemene Sinodale Moderamen*

**Artikel 41** Geen

**Artikel 42**

*Vergelyk*
*Reglement 1 vir die Funksionering van die Algemene Sinode*
*Reglement 2 vir die Algemene Sinodale Moderamen*

**Artikel 43**

*Vergelyk*
*Reglement 1 vir die Funksionering van die Algemene Sinode*
*Reglement 2 vir die Algemene Sinodale Moderamen*

**Artikel 44 tot 47** Geen

**Artikel 48**

Vergelyk
~~Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti~~

- **Reglement 11: Reglement vir die bevoegdheid van predikante, diensleraars, standplaasleraars, proponente en emeriti**
- Reglement 26**: Reglement** vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe

Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig:
~~1.1: Skrifgebruik en Skrifgesag~~
~~1.2: Nuwe Bybelvertalings~~
~~12: Riglyne vir Bedienaars (Ouderlinge en Diakens met bevoegdheid)~~
~~22: Kerklied~~
~~23: Outeursreg en Sangbundels~~

- **Besluit 1: Bybel, in besonder 1.1 Skrifgebruik en Skrifgesag en 1.2 Nuwe Bybelvertalings.**
- **Riglyn 4: Riglyne vir Bedienaars (Ouderlinge en Diakens met Bevoegdheid**
- **Besluit 9: Kerklied**
- **Besluit 10: Outeursreg en Sangbundels**

**4.2 Die sakramente**

**Artikel 49**

*Vergelyk:*
*Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti*
*Reglement 26 vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe.*

*Aanvullende bepalings van Hoëveld:*
*Bepaling 49.*

***Bepaling 49.1 Die Heilige Doop.***

*Die heilige doop word aan kinders van belydende lidmate van die gemeente (kyk Bepaling 26.1) bedien. Indien ouers verlang om hulle kinders in 'n ander gemeente as die waarvan hulle lidmaat is, te laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van die kerkraad van hulle eie gemeente of sy gemagtigde kommissie (kyk Bepaling 49.2.1) verkry.*
*Die ~~leraar~~* **predikant, diensleraar, standplaasleraar of proponent** *van die gemeente wie se kerkraad toestemming aan ouers gee om in 'n ander gemeente hul kind te laat doop, moet die dooponderhoud met die ouers voer voordat verlof gegee word.*
*Die doop mag by wyse van hoë uitsondering bedien word aan die kinders van lidmate van erkende protestantse kerke, mits hulle daartoe skriftelik verlof ontvang van hulle eie leraar of die verantwoordelike verteenwoordigers van hulle gemeente.*
*Doopseëls word by geleentheid van die bediening van die doop aan die ouers oorhandig.*

*Aanmelding vir Doop*
*Ouers wat die doop vir hulle kinders verlang, moet hulle persoonlik aanmeld by die ~~leraar~~* **predikant, diensleraar, standplaasleraar of proponent** *wat hulle tesame met een of meer ouderlinge gesamentlik en/of afsonderlik ontmoet om met hulle oor die erns en betekenis van die doop 'n samespreking te hou.*
*Indien die ~~leraar~~* **predikant, diensleraar, standplaasleraar of proponent** *persoonlik of die ~~leraar~~* **predikant, diensleraar, standplaasleraar of proponent** *tesame met die ouderlinge om een of ander rede beswaard voel oor die bediening van die doop in bepaalde gevalle, mag die doop uitgestel word om die mening van die kerkraad in te win.*

***49.2. Die Heilige Nagmaal.***

*Die heilige Nagmaal word deur die ~~bedienaar van die Woord~~* **predikant, diensleraar, standplaasleraar of proponent** *in 'n erediens bedien.*
*Belydende lidmate van die gemeente word tot die heilige Nagmaal toegelaat. Gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor. 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik, mag ook tot die nagmaal toegelaat word.*
*Besoekers van ander gemeentes en lidmate van ander protestantse kerke mag die nagmaal gebruik nadat hulle vooraf by die leraar of 'n ouderling van die gemeente waarin hulle die sakrament wil gebruik aangemeld het om verlof daartoe te ontvang, of nadat hulle namens die kerkraad van die kansel uitgenooi is.*

*Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig:*
*17: Doop*
*18: Doop en nagmaal: Samehang van die Sakramente in Verbonds-Teologiese Perspektief*
*19: Nagmaal*
*~~20: Riglyne vir die Bediening van die Nagmaal Buite die Erediens~~*
**Riglyne wat Kerkorde, Artikels en Reglemente Aanvul en Toelig:**
- **Riglyn 7: Riglyne vir die Bediening van die Nagmaal Buite die Erediens**

**4.3 Die jeugbediening**

**Artikel 50**

Aanvullende bepalings van Hoëveld:
Bepaling 50.
50.1 Voorbereiding tot **openbare** Geloofsbelydenis
50.1.1 ~~In elke gemeente word kategese gehou en godsdiensonderrig gegee ter voorbereiding tot die openbare belydenis van geloof. Vir die toelating tot belydenis van geloof word vereis 'n behoorlike kennis van die Woord van God, sy ontstaan en boodskap; die leer van die kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte; die hoofsake van die algemene- en vaderlandse kerkgeskiedenis; die betekenis van die erediens; die kerkregering; sekere afwykende beskouings; die pligte van die lidmate.~~

~~50.1.2 Die kategese staan direk onder beheer en toesig van die kerkraad wat verantwoordelik is vir alle interne organisasie in verband daarmee.~~

~~Die kerkraad is verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van die kategeseskool(e), sowel as vir die aanstelling van die onderhoofde, sekretaris(se) en kategete.~~

~~Op die ouderlinge rus die besondere plig van "medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys" (Artikel 16). Senior kategete word eerstens gesoek by die ouderlinge. Dit is die kerkraad se plig om kategete te keur en toesig te hou oor hulle lewens en die gehalte van die kategeselesse.~~

~~50.1.3 Die belydenisklas word deur die leraar waargeneem. Hy/**sy** voer ook persoonlike gesprekke met elke katkisant oor geloofsekerheid, persoonlike toewyding en moontlike vrae en probleme.~~

~~50.1.4 As handleiding in die kategetiese onderrig word die hand- en/of leerboeke gebruik wat uitgegee word in opdrag van die Algemene Sinode.~~

~~Alleen in uitsonderlike gevalle mag die kerkraad toestemming gee dat afgewyk word van die leerplan soos deur die Algemene Sinode aangebied.~~

~~50.1.5 Die kerkraad behandel jaarliks ’n verslag oor die kategetiese arbeid en rapporteer daaroor aan die ring.~~

~~50.1.6 Kinders ontvang kategetiese onderrig in die gemeente waar hulle gewoonlik hul naweke deurbring.~~

**50.1 Voorbereiding tot openbare geloofsbelydenis**

**50.1.1 In elke gemeente word geloofsvorming en kategese aangebied ter voorbereiding op openbare geloofsbelydenis. In die voorbereiding word aandag gegee aan die Woord van God en sy boodskap; die leer van die kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte; die betekenis van die erediens en sakramente; die kerkregering; en die roeping en verantwoordelikhede van lidmate.**

**50.1.2 Die kategese staan onder beheer en toesig van die kerkraad, wat verantwoordelik is vir die organisasie daarvan, die aanstelling van geskikte kategete en die gehalte van die kategetiese onderrig.**

**50.1.3 Die belydenisklas word deur die leraar of ’n ander geskikte persoon wat deur die kerkraad aangewys is, waargeneem. Pastorale gesprekke word met elke kandidaat gevoer oor geloof in Jesus Christus, persoonlike toewyding en enige geloofsvrae of probleme.**

**50.1.4 Die kerkraad bepaal watter geskikte handboeke, leerprogramme en ander hulpmiddels vir die kategetiese onderrig gebruik word, met inagneming van materiaal wat deur die Algemene Sinode ontwikkel of goedgekeur is.**

**50.1.5 Die kerkraad evalueer jaarliks die gemeente se geloofsvorming en kategetiese bediening.**

**50.1.6 Kinders en jongmense ontvang normaalweg kategetiese onderrig in die gemeente waar hulle woon of gereeld inskakel. Waar omstandighede dit vereis, kan die betrokke kerkrade in onderlinge oorleg ander reëlings tref.**

50.2 Die duur van die kategetiese onderrig.

~~50.2.1 Die junior kategese strek normaalweg oor ses jaar vanaf die kind se eerste skooljaar.~~

~~50.2.2 Die senior kategese strek normaalweg oor vier jaar vanaf die kind se sewende skooljaar.~~

~~50.2.3 Die belydenisklas wat deur die leraar self waargeneem word, duur ten minste een volle jaar na voltooiing van die volle leergang van die junior- en senior kategese.~~

~~50.2.4 Kinders wat die skool verlaat voordat die volle leerplan deurloop is, mag ingeskakel word by die belydenisklas mits die leraar toesien dat die leerstof van die volle leerplan in hoofsaak met hulle behandel word.~~

~~50.2.5 In die geval van volwassenes (buitekerklikes, ens.) wat belydenis wil aflê, moet hulle inskakel by die belydenisklas tensy die kerkraad op versoek besluit op die vorming van ’n~~

~~buitengewone klas. Ook in so 'n geval behoort die klas nie minder as 'n jaar te duur nie, tensy buitengewone omstandighede dit onmoontlik maak.~~

**50.2.1 Die kerkraad bepaal die duur en plaaslike inrigting van die junior en senior kategese, met inagneming van die ouderdom, ontwikkeling en besondere omstandighede van die kinders en jongmense.**

**50.2.2 Voorbereiding op openbare geloofsbelydenis duur lank genoeg om die kerkraad in staat te stel om verantwoordelik oor die kandidaat se gereedheid te oordeel.**

**50.2.3 'n Kandidaat wat nie die gemeente se gewone kategetiese program voltooi het nie, kan tot die belydenisklas toegelaat word indien die kerkraad oortuig is dat voldoende aanvullende voorbereiding voorsien kan word.**

**50.2.4 Volwassenes wat openbare geloofsbelydenis wil aflê, ontvang toepaslike voorbereiding soos deur die kerkraad bepaal, met inagneming van hulle kennis, geloofsontwikkeling en besondere omstandighede.**

50.3 Kandidate vir die Geloofsbelydenis.

~~50.3.1 Kandidate met die oog op belydenis van geloof moet die ouderdom van 16 jaar bereik voordat hulle tot die finale ondersoek na hul geloofsrypheid toegelaat word.~~

~~50.3.2 Katkisante katkiseer en lê belydenis van geloof af in die gemeente onder wie se toesig hulle staan kragtens hulle voltydse verblyf aldaar (vakansies tel nie), en in geval van studente en skoliere wat naweke huis toe gaan, in hulle tuisgemeentes kragtens die toesig en verantwoordelikheid van die verbondouer. Uitsonderings mag, na onderlinge oorlegpleging tussen die betrokke kerkrade, gemaak word.~~

~~50.3.3 Redelike versoeke om in 'n ander gemeente belydenis van geloof af te lê as dié waarin die toelating tot belydenis geskied, word simpatiek oorweeg~~.

**50.3.1 Kandidate word tot die finale ondersoek toegelaat wanneer die kerkraad, met inagneming van hulle voorbereiding en geloofsontwikkeling, oordeel dat hulle daarvoor gereed is.**

**50.3.2 Kandidate ontvang normaalweg hulle voorbereiding en lê openbare geloofsbelydenis af in die gemeente onder wie se kerklike toesig hulle staan. Waar 'n kandidaat by 'n ander gemeente inskakel, tref die betrokke kerkrade in onderlinge oorleg die nodige reëlings.**

**50.3.3 'n Kandidaat kan met die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke kerkrade openbare geloofsbelydenis in 'n ander gemeente aflê as die gemeente wat die kandidaat daartoe toegelaat het.**

50.4 Vereistes vir Geloofsbelydenis.

~~50.4.1 Die ondersoek na die geloofsrypheid geskied deur die kerkraad, of 'n kommissie van die kerkraad, onder leiding van die leraar of konsulent of 'n ander leraar van die ring.~~

~~50.4.2 Vir toelating tot belydenis word 'n behoorlike kennis van die Woord van God en van die leer van die Kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte, van die hoofsake van die algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis en van enige ander leerstof wat die kerkraad mag voorskryf, vereis.~~

~~50.4.3 Besondere nadruk word op die noodsaaklikheid van die bekering tot God, die persoonlike sekerheid van die genade van Christus en die persoonlike toewyding aan Christus as vereiste tot lidmaatskap van die kerk, gelê.~~

**50.4.1 Die ondersoek na die kandidaat se gereedheid vir openbare geloofsbelydenis geskied deur die kerkraad of 'n kommissie wat deur die kerkraad daartoe aangewys is, onder leiding van die leraar, konsulent of 'n ander bevoegde leraar.**

**50.4.2 Die kandidaat moet voldoende begrip toon van die Woord van God, die leer van die kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte, die betekenis van die erediens en sakramente, en die roeping en verantwoordelikhede van lidmate.**

**50.4.3 Die ondersoek geskied as 'n pastorale geloofsgesprek waarin die kandidaat geleentheid kry om geloof in Jesus Christus te bely en bereidheid toon om as lidmaat volgens hierdie belydenis te leef.**

50.5 Belydenis van Geloof.

| |
|---|
| ~~50.5.1 Die openbare belydenis van geloof geskied in ’n erediens onder leiding van die predikant of die konsulent of ’n evangeliedienaar wat predikantsbevoegdheid het wat deur die kerkraad daartoe versoek is.~~<br>**50.5.1 Openbare geloofsbelydenis geskied tydens ’n erediens, met gebruikmaking van die goedgekeurde formulier, onder leiding van ’n persoon wat ingevolge die Kerkorde daartoe bevoegd is en deur die kerkraad aangewys is**~~.~~<br>50.5.2 Voor die ondersoek deur die kerkraad van ’n katkisant met die oog op aflegging van belydenis, moet bevestiging verkry word of die betrokke katkisant gedoop is deur seker te maak dat hy/sy as dooplidmaat van die gemeente ingeskryf is. Indien dit nog nie die geval is nie, moet ’n bewys van Dooplidmaatskap betyds aangevra en deur die katkisant ingelewer word.<br>50.5.3 ~~Dooplidmate~~ **Gedoopte kandidate** lê belydenis van hulle geloof af deur ~~indiwidueel hardop~~ **persoonlik** bevestigend op die vrae van die formulier te antwoord.<br>~~50.5.4 Ongedoopte katkisante word deur die doop by die Kerk ingelyf nadat die Formulier vir die Doop aan Volwassenes aan hulle voorgehou is en hulle hardop bevestigend op die vrae geantwoord het. Die vrae van die Formulier vir Openbare Belydenis word nie weer aan hulle gevra nie.~~<br>**50.5.4 ’n Ongedoopte kandidaat word met gebruikmaking van die goedgekeurde Formulier vir die Doop aan Volwassenes gedoop. Die kandidaat se bevestigende antwoorde op die vrae van hierdie formulier dien ook as openbare geloofsbelydenis, en die vrae van die Formulier vir Openbare Geloofsbelydenis word nie herhaal nie.**<br>50.6 Jeugwerk in Sinodale verband.<br>Die sinode, ring en kerkraad besluit telkens om na gelang van behoefte diensgroepe / kommissies daar te stel en om spesifieke opdragte rakende die jeugwerk aan hulle oor te dra.<br>• Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 17.1: Bediening van dooplidmate in skoolkoshuise. |
| **4.4 Die herderlike sorg** |
| **Artikel 51** |
| Vergelyk ~~Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante.~~<br><br>**Besluit 34: Selfdegeslagverbintenisse en Besluit 35: Huwelik en Saamwoon.** |
| **4.5 Gemeentebediening** |
| **Artikel 52** |
| Vergelyk Reglement 25 vir Gestuurdheid van die NG Kerk.<br>Aanvullende bepalings van Hoëveld:<br>Bepaling 52.<br>Gemeentebediening in Sinodale verband.<br>Die sinode, ring en kerkraad besluit telkens om na gelang van behoefte diensgroepe/ kommissies daar te stel en om spesifieke opdragte rakende die gemeentebediening aan hulle oor te dra.<br><br>Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig:<br>22: Kerklied<br>23: Outeursreg en Sangbundels<br>24: Kerklike Lidmaatskap<br>25: Kerklike Media |
| **4.6 Gestuurdheid *(Missio Dei)*** |
| **Artikel 53** |
| Vergelyk Reglement 25 vir Gestuurdheid van die NG Kerk.<br><br>Aanvullende bepalings van Hoëveld:<br>Bepaling 53 |

Die sinode, ring en kerkraad besluit telkens om na gelang van behoefte diensgroepe/ kommissies daar te stel en om spesifieke opdragte rakende die gemeentebediening aan hulle oor te dra.

Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig:
28: Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -Vryhede
30: Bediening van Bevryding
31: Ekologie

**4.7 Diens van barmhartigheid**

**Artikel 54**

Vergelyk:
Aanvullende bepalings van Hoëveld:
Bepaling 54

54.1 Elke gemeente onderneem haar roeping tot diens van barmhartigheid (missionale diakonaat) en struktureer die bediening na gelang van die bepaalde konteks en bedieningsbehoeftes in die gemeente.

54.2 Ten einde die barmhartigheidsbediening (missionale diakonaat) binne ringsverband te koördineer, maak die Ring gebruik van die geregistreerde welsynsorganisasie(s) (NWO) waarvan hy 'n stigterlid, en die ringsgemeentes lede is. Die Ring ontvang jaarliks verslag van die welsynsorganisasie(s) oor die stand van die diens van barmhartigheid (missionale diakonaat) in die verskillende ringsgemeentes. Waar die konteks en bedieningsbehoeftes dit vereis, geskied die werk in samewerking met ander ringe en ander kerkgenootskappe.

54.3 Om die bediening op hierdie terrein binne die hele sinodale gebied te organiseer, inspireer en koördineer, maak die sinode dmv sy toegewysde struktuur (portefeulje) gebruik van die welsynsorganisasie waarvan hy die stigterslid is. Hierdie welsynsorganisasie (Tutela) verrig sy werksaamhede met verslag aan die sinode. Hierdie welsynsorganisasie (Tutela) gee aandag aan die lewering van die nodige barmhartigheidsdienste (missionale diakonaat) deur middel van gesinsorgdienste, bejaardesorg, die residensiële versorging van kinders, spesialisdienste en ontwikkelingsprogramme. Die Welsynsorganisasie (Tutela) dien as skakel tussen die Kerk en staat in belang van maatskaplike welsynsdienste, beheer fondse aan hom toegeken en bevorder die opleiding van maatskaplike en ander diensberoepe wat in diens van die Kerk gebruik kan word. Tutela tree ook as Provinsiale kantoor op, met die toepaslike ondersteuningsfunksies aan ander kerklike welsynsorganisasies binne die sinodale gebied. (Sien bv 54.2.)

54.4 Die Uitvoerende Komitee van Tutela vorm, saam met die portefeuljeleier, die sinodale portefeuljekomitee vir Diensgetuienis (missionale diakonaat). Die portefeulje word na gelang van die bedieningsbehoeftes uitgebrei met kundige lede waar nodig.

**Artikel 55 Geen**

**Artikel 56**

Vergelyk
~~Reglement 6 vir die Algemene Taakspan Bybelvertaling, - verklaring en –verspreiding (ATBV)~~
~~Reglement 22 vir Tug en Vermaning~~
~~Reglement 26 vir Gestuurdheid van die NG Kerk~~

Aanvullende bepalings van Hoëveld:
Bepaling 56
~~Die sinode, ring en kerkraad besluit telkens om na gelang van behoefte diensgroepe/ kommissies daar te stel en om spesifieke opdragte rakende die Leer en Aktuele Sake aan hulle oor te dra~~

**Die sinode, ringe en kerkrade kan, binne elkeen se bevoegdheid en na gelang van behoefte, diensgroepe, taakspanne of kommissies aanwys om leerstellige en aktuele sake te ondersoek, daaroor advies te gee en besluite en opdragte van die betrokke**

**kerkvergadering uit te voer. Sodanige strukture handel volgens 'n bepaalde opdrag en doen verslag aan die kerkvergadering wat hulle aangewys het.**

Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig:
1: Bybel
2: Beginsels, Besluite, Riglyne en Handleidings
3: Geloofswaarhede
4: Belydenis van Belhar
34: Selfdegeslagverbintenisse
35: Huwelik en Saamwoon

**4.10 Rentmeesterskap**

**Artikel 57[2]**

Vergelyk:

- Reglement 5 vir die Algemene Taakspan Argief (ATA)
- Reglement 7 vir die Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB)
- Reglement 24 vir Kerklike Goedere.

Aanvullende bepalings van Hoëveld:
Bepaling 57

57.1 Gemeentelike Fondse en Eiendomme.

57.1.1 In ooreenstemming met ~~die "Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse"~~ **Reglement 24 vir Kerklike Goedere** en die fidusêre vereistes van 'n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) soos geregistreer by die Belastingvrystellingseenheid van die SAID, berus die volle verantwoordelikheid vir die administrasie en beheer van die gemeentelike fondse en bates by die kerkraad. Alle ~~gemeentelike eiendomme word getransporteer in die naam van die gemeente.~~ **eiendom word in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam van gemeente] geregistreer**. Die kerkraad is ook verantwoordelik vir die insameling en besteding van al die gelde wat vir die gemeentelike lewe noodsaaklik is. **Vergelyk in besonder Reglement 24.4.4.3 vir die vervreemding van gemeentelike eiendom.**

57.1.1.1 Die ~~Wet op Nasionale Gedenkwaardighede~~ **Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999** vereis dat ~~toestemming van die betrokke provinsiale owerhede~~ **'n permit van die betrokke provinsiale erfenishulpbronowerheid** verkry moet word voordat ~~herstelwerk of aanbouings aan 'n huis of ander gebou~~ **'n struktuur of gedeelte van 'n struktuur** ouer as 60 jaar ~~gedoen word~~ **verander of gesloop word**. "Verandering" sluit selfs blote pleisterwerk**, verfwerk** of die aanbring van versierings in.

57.1.2 Die ~~geouditeerde kasboek, grootboek, inkomste- en uitgawestaat~~ **goedgekeurde finansiële state** en die begroting vir die volgende boekjaar wat deur die kerkraad goedgekeur is, moet ~~voor die volgende kerkraadsvergadering~~ **jaarliks** op 'n geskikte plek **of wyse** vir al die lidmate van die gemeente ter insae wees.
Enige besware ten opsigte van hierdie state moet skriftelik by die kerkraad ingedien word vir behandeling.

57.2 Indiening van jaarlikse Vorm 15

57.2.1 Die kerkraad moet jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar wat strek van 1 Maart tot 28 (29) Februarie 'n oorsig van die gemeentelike finansies gee volgens die nuutste voorgeskrewe Vorm 15 en die riglyne bevat in die meegaande jaarlikse Handleiding ter voorlegging aan die ring en Sinodale Kantoor.

57.2.2 Die sperdatum vir die indiening van die volledig voltooide Vorm 15 by die Sinodale Kantoor is voor of op die einde Junie van elke jaar.

57.2.3 Die kerkraad moet jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar, wat strek van 1 Maart tot einde Februarie, 'n oorsig [d.w.s. dat behoorlike finansiële boekhouding van alle geldelike aktiwiteite en fondse wat in die gemeente bestuur word, volgens erkende

[2] Hierdie *Artikel* moet saam gelees word met *Reglement 24 vir Kerklike Goedere.*

rekenkundige beleid plaasgevind het en aan die vereistes van ‘n Openbare Weldaadsorganisasie voldoen] oor die gemeentelike finansies en die begroting vir die volgende boekjaar op ‘n voorgeskrewe vorm vir voorlegging aan die ring volgens die jaarlikse sperdatum saamstel. Hierdie state moet deur die voorsitter en skriba van die kerkraad **en die drie aangewese fidusiêr verantwoordelike persone** onderteken word**.** ~~en moet daarbenewens gesertifiseer word deur 'n ouditeur (CA/GR) of ‘n professionele rekenmeester (CFA of CMA) wat amptelik by hul onderskeie beheerliggame (control bodies) soos IRBA, SAICA, IFAC, SAIPA, of CIMA geregistreer is. Die ouditeur/professionele rekenmeester moet onafhanklik wees en kan dus nie ‘n lid van die betrokke kerkraad wees nie~~. **Die voorgeskrewe onafhanklike finansiële verifiëring moet gedoen word deur ’n ouditeur wat kragtens die Wet op die Ouditprofessie 26 van 2005, soos gewysig, geregistreer is, of deur ’n professionele rekenmeester wat by ’n erkende professionele liggaam geregistreer is en aan die vereistes van die jongste Vorm 15 en die meegaande jaarlikse handleiding voldoen.**

Alle sinodale bydraes (soos sinodale aandeel en gemeentelike deuroffers wat vir instansies ingesamel word) en bydraes wat verband hou met die personeel van die gemeente (soos pensioen- en mediese fonds premies) is ʼn verpligting wat elke kerkraad as deel van die kerkverband moet nakom

57.2.4 Elke bladsy van Vorm 15 moet geparafeer word deur die ouditeur/professionele rekenmeester, die voorsitter en skriba van die kerkraad en die drie fidusiêre verantwoordelike persone.

57.2.5 Enige verslag of opmerkings deur die ouditeur/professionele rekenmeester, addisioneel tot sy verslag oor die geouditeerde finansiële state, moet by Vorm 15 aangeheg word.

57.2.6 Die ouditeur/professionele rekenmeester moet ook elke jaar die Verslagdoeningsvorm vir die Onafhanklike Ouditeur/Professionele Rekenmeester voltooi en by Vorm 15 aanheg.

57.2.7 Die kerkraad is verantwoordelik om sy verpligtinge in verband met die befondsing van die sinodale en ringswerksaamhede na te kom.

57.2.8 Die kerkraad mag volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels geen fondse van watter aard ook al anders hanteer as deur die kerkraad se rekeningkundige stelsel wat opgestel en bedryf word nie.

57.3 Rings- en ander Fondse

57.3.1 Die ring administreer, behalwe ’n ringsadministrasiefonds waartoe al die gemeentes op ’n eweredige basis bydra, ook die fondse wat noodsaaklik is vir die werksaamhede wat deur hom onderneem word..

57.3.2 Alle fondse onder beheer van die ring word jaarliks deur 'n **onafhanklike** bevoegde persoon, deur die ring aangewys, nagesien met verslag aan die ring. Hierdie verslag word as deel van die Rings~~finansiële~~**fondse** Kommissie se verslag aan die ring voorgelê.

57.3.3 Waar twee of meer gemeentes saam ’n bepaalde werksaamheid onderneem, administreer die betrokke kommissie, wat belas is met die beheer oor die werk, die fondse wat daarvoor nodig is, en doen sorgvuldig verslag daarvan. Vaste eiendomme word geregistreer in die naam van die ring.

**57.4. Sinodale Fondse**

57.4.1. Daar is sinodale fondse wat deur die Sinodale Kommissie vir Fondse geadministreer word om te voorsien in die uitgawes van die sinode, verpligte bydraes binne die kerkverband, mediese subsidies en die administrasie daarvan, administratiewe kostes verbonde aan die sinodale vergaderinge, die instandhouding van die Sinodale Sentrum, die salarisse van die amptenare en personeel, amptelike reiskoste van afgevaardigdes na die sinode en van lede van kommissies/werkgroepe/taakspanne/komitees en diensgroepe.

57.4.2. Fondse word deur die sinode vir die onderhoud van die verskillende werksaamhede van die sinode soos volg voorsien:

57.4.2.1. Die verskillende kommissies/werkgroepe/ taakspanne/komitees en diensgroepe wat belas is met die toesig oor die sinodale werksaamhede, lê jaarliks via hulle onderskeie Portefeuljeleiers of voorsitters ’n begroting van die fondse wat benodig word vir hulle arbeidsterrein, aan die Sinodale Kommissie vir Fondse voor vir bestudering en aanbeveling aan die SDK/sinode.
Die Begroting van die sinode word volgens die Sinodale Begrotingsriglyne in Oktober tot November van elke jaar saamgestel.

57.4.2.2. Begrotingsbeheer word gereeld uitgeoefen deur die nagaan van die werklike uitgawes van die portefeuljes in vergelyking met die begrote bedrae.

57.4.2.3. Aansoeke vir begrotingsaanpassing vanweë onvoorsiene omstandighede word deur die verskillende portefeuljeleiers aan die Sinodale Kommissie vir Fondse voorgelê word vir aanbeveling aan die Sinodale Dienskommissie.

57.4.2.4. Die fondse wat so benodig word, word deur die sinode volgens ’n goedgekeurde persentasie-verdeling van die gemeentes gevorder.

57.4.2.5. Batige saldo's word aan die einde van die finansiële jaar in die sinodale reserwefonds(e) oorbetaal. .

57.4.3. Daar kan sinodale studiefondse, wat beheer word in ooreenstemming met die reglemente wat daarvoor opgestel en deur die sinode goedgekeur is, ingestel word.

57.4.4. In ooreenstemming met die ~~“Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse”~~ **Reglement 24 vir Kerklike Goedere** en die fidusêre vereistes van ’n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) soos geregistreer by die Belastingvrystellingseenheid van die SAID, berus die volle verantwoordelikheid vir die administrasie en beheer van die sinodale fondse en bates by die sinode/SDK.

57.4.5. Alle fondse en bates van die sinode moet jaarliks deur ’n onafhanklike ouditeur, wat kragtens die Wet op die Ouditprofessie, Wet 26 van 2005 (soos gewysig) geregistreer is, geoudit word. Die geouditeerde finansiële state van die sinode word jaarliks deur die SDK op aanbeveling van die Ouditkomitee goedgekeur en aan die daaropvolgende sinode voorgelê.

**57.5. Sinodale eiendomme**

57.5.1. By die oprigting of verkryging van administrasie of soortgelyke eiendomme in Transvaal het ’n sinode/ die Sinodale Dienskommissie ’n keuse wat die registrasie betref. Dit kan geskied of in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal ingevolge die Akte van verdeling in 1961 en die toepassing daarvan tot dusver, of in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Transvaal ingevolge ~~die Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse.~~ **Reglement 24 vir Kerklike Goedere.**

57.5.2. Bogenoemde keuse word bepaal deur die vraag of die sinode/sinodale dienskommissie verlang dat die eiendom onder die beheer en administrasie van die Sinodale Kommissie vir Fondse moet wees of dat die sinode sy eie reëlings in hierdie verband tref.

57.5.3. Alle eiendomme wat tans geregistreer is in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, wat as regspersoon bly voortbestaan, bly aldus geregistreer **tensy dit regsgeldig anders getransporteer word.** Hierdie eiendomme word deur die Sinodale Kommissie vir Fondse in ooreenstemming met die bepalinge en die besluite van die betrokke sinodes geadministreer.

57.5.4. Alle eiendomme wat **uitdruklik** ~~geskenk of bemaak word~~ aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal **geskenk of bemaak word,** moet ook aldus (in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal) geregistreer en geadministreer word.

57.5.5. Geboue en ander vaste eiendom wat vir die doeleindes van die Diens van Barmhartigheid gebruik word, word soos in die verlede, in die naam van Pro Ekklesia NPC geregistreer.

**57.6. Argief**

57.6.1. Al die gemeentes, ringe, kerklike instansies en kantore [dit sluit ook alle argiefskeppende instansies in soos kampterreine, kinderhuise, CMR-kantore] moet uitvoering te gee aan die vereistes van Wet 2 van 2000 (soos gewysig): Elke gemeente en ring moet verseker dat hulle die voorgeskrewe Inventarisvorm voltooi en dit jaarliks aan die Argief te Stellenbosch stuur.

57.6.2. Al die gemeentes, ringe, kerklike instansies en kantore moet op hoogte bly met die Bewaringswetgewing, Wetgewing Ten Opsigte Van E-Kommunikasie En Transaksies (Wet 25 van 2002 (soos gewysig)) en die **vereiste tydperke vir die bewaring van rekords** asook die **wetlike voorskrifte vir die bewaring van rekords**.
Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 23: Riglyne vir vergoeding aan werkgewers.

**4.11 Diensverhoudinge**

**Artikel 58**

Vergelyk:

- ~~Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti~~
- ~~Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante~~
- ~~Reglement vir 14 Voltydse Predikantsposte~~
- ~~Reglement vir 15 Deeltydse Predikantsposte~~
- ~~Reglement 16 vir Tentmakerposte~~
- ~~Reglement 17 vir Vastetermynpredikantsposte~~

- **Reglement 11: Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Diensleraars, Standplaasleraars, Proponente en Emeriti**
- **Reglement 12: Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante, Diensleraars en Standplaasleraars**
- **Reglement 13: Reglement vir Voltydse Predikantsposte**
- **Reglement 14: Reglement vir Deeltydse Predikantsposte**
- **Reglement 15: Reglement vir Tentmakerposte**
- **Reglement 16: Reglement vir Vastetermynpredikantsposte**
- **Reglement 17: Reglement vir Brugbediening**
- **Reglement 18: Reglement vir Standplaas- en Diensleraarposte**
- **Reglement 19: Reglement vir Gekoppelde Predikantsposte**
- **Reglement 20: Reglement vir die Verlof van Predikante**
- **Reglement 21: Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante en Diensleraars by Ongeskiktheid en Onvermoë**

**Artikel 59**

**Doel en voorskrifte**

**Vergelyk die Gedragskode vir Predikante van die NG Kerk en Reglement 22 vir Tug en Vermaning.**

**Artikel 60**

**Kerklike opsig en tug**

Vergelyk:

- Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë
- Reglement 22 vir Tug en Vermaning

- Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 24: Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille.

**Artikel 61**

**Tugwaardige sondes**

Vergelyk:

- Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë
- Reglement 22 vir Tug en Vermaning

**Artikel 62**

**Lidmate, ampsdraers, gelegitimeerdes en werknemers**

Vergelyk:
- Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë
- Reglement 22 vir Tug en Vermaning

**Artikel 63**

**Kerklike dissipline**

Vergelyk:
- Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë
- Reglement 22 vir Tug en Vermaning

**Artikel 64**

**Tug- en dissiplinêre maatreëls**

Vergelyk
- ~~Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë~~
- Reglement 22 vir Tug en Vermaning
- **Reglement 23: Reglement vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele beswaar**

**Artikel 65**

**Appèl**[3]

Vergelyk:
- Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante/**Diensleraars** by Ongeskiktheid en Onvermoë
- Reglement 22 vir **Kerklike** Tug en Vermaning
- Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele beswaar

**Artikel 66**

**Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls**

Vergelyk:
- ~~Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë~~
- Reglement 22 vir **Kerklike** Tug en Vermaning
- Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele beswaar

**HOOFSTUK 6**

**BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE**

**6.1 Kerk en staat**

**Artikel 67**

**6.2 Kerk, maatskappy en vrye vereniging**

**Artikel 68**

**6.3 Kerk en onderwys**

**Artikel 69**

**6.4 Kerk en ekumeniese betrekking**

---

[3] Vergelyk *Reglement 23 vir Hersiening (Revisie), Appèl, Gravamen (Beswaarskrif) en Prosedurele beswaar.*

| | 
|---|
| **Artikel 70**[4] |
| Vergelyk:<br>• Reglement 26: Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe<br>• ~~Besluite wat Kerkorde Artikels en Reglemente aanvul en toelig 6: Beroepbaarheid van Predikante Binne die Familie van NG Kerke~~ |
| **Artikel 71 en 72** Geen |

[4] Vergelyk *Reglement 26 vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe.*

# 7. Verslag van die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal[5] by die Universiteit van Pretoria aan die Noordelike Sinodes

## 1. AGTERGROND

### 1.1 Noordelike Sinodes[6] en Teologiese Opleiding

Die NG Kerk van Transvaal het op 9 Desember 1937 vier persone genomineer om deur die Raad van die Universiteit van Pretoria as dosente in teologie aangestel te word. Die vier dosente het in 1938 begin om studente by die Universiteit van Pretoria voor te berei vir die Evangeliebediening in die NG Kerk. Omdat die Nederduitsch Hervormde Kerk reeds in 1917 met teologiese opleiding by UP begin het, het dit as Fakulteit Teologie Afdeling A en die NG Kerk se opleiding het bekend gestaan as Fakulteit Teologie Afdeling B.

Die opset by die Fakulteit het na 1994 verander. Die twee afdelings het saamgesmelt en die Fakulteit is in 2000 in 'n veel-kerklike fakulteit verander.

### 1.2 Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal

Die NG Kerk van Transvaal het nie net teologiese opleiding vir die NG Kerk by die Universiteit van Pretoria geïnisieer nie, maar hou van vroeg af deur middel van 'n kuratorium toesig oor teologiese opleiding. Mettertyd, toe die NG Kerk van Transvaal verdeel het in vier sinodes, is die samestelling van die Kuratorium so verander dat elk van die sinodes ewe veel verteenwoordigers daarin het. Tans kan elk van die vier sinodes vier lede (met sekundi) aanwys. Vakatures word aangevul soos nodig. Die vier sinodes is:

- die Noordelike Sinode (vroeër die NG Kerk Noord Transvaal),
- die Oostelike Sinode (vroeër die NG Kerk Oos-Transvaal),
- Sinode Hoëveld (vroeër die NG Kerk Suid Transvaal) en
- Sinode Goudland (vroeër die NG Kerk Wes-Transvaal).

Ander Sinodes van die NG Kerk kan ook op eie koste een verteenwoordiger elk aanwys. Die volgende Sinodes is tans betrokke:

- Sinode Suid en Weskaap
- Sinode Noordkaap
- Sinode Vrystaat
- Sinode KwaZulu-Natal.

Die Voorsitter van die Dosenteraad (of 'n sekundus) en die Voorsitter van die Proponentskommissie is lede van die Kuratorium. Die Hoof Kerklike Opleiding en die Hoof Excelsus (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) is adviserende lede van die Kuratorium.

Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal vervul sy funksies volgens sy eie reglement en Reglement 10 van die Algemene Sinode (Kerkorde 2023), *Reglement vir die opleiding en legitimasie van predikante*, *diensleraars en standplaasleraars*. Benewens ondersteuning van Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Pretoria hou die Kuratorium toesig oor, begelei en ondersteun studente. Die Hoof Kerklike Opleiding en die Hoof Excelsus is onderskeidelik verantwoordelik vir die aanbied van die programme vir Kerklike opleiding en vorming en die aanbied van die programme vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling.

### 1.3 Die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria

---

[5] Hoewel die provinsie Transvaal sedert 1994 nie meer bestaan nie, bestaan die NG Kerk van Transvaal steeds as 'n regspersoon.

[6] Die naam Noordelike Sinodes word as 'n versamelnaam gebruik vir die vier sinodes wat uit die NG Kerk van Transvaal ontstaan het.

Die Noordelike Sinodes het ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria gesluit wat sedert 8 Julie 2009 van krag is. Hoewel die ooreenkoms bepaal het dat die vier noordelike sinodes van die NG Kerk 30% van tien dosente se salarisse bydra, dra die Kuratorium tans net by tot sewe dosente se salarisse.

Die Fakulteit van Teologie se naam het op 1 Januarie 2018 verander na die Fakulteit van Teologie en Religie. Dit is 'n veel-kerklike Fakulteit en die kerklike vennote is tans die NG Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die VGKSA, die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa (UPCSA) en die United Congregational Church of Sout Africa (UCCSA).

## 2. DEPARTEMENTE EN SENTRA BY DIE FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE EN UNIVERSITEIT

Hoewel hierbo reeds na die naamsverandering verwys is, het ander veranderings ook die afgelope paar jaar plaasgevind. Baie persone wat by die Fakulteit Teologie gestudeer het, onthou ses departemente in die Fakulteit. Reeds in 'n vorige verslag van die Kuratorium is aangedui dat daar tans net 5 departemente is.

### 2.1 Vyf departemente

Die Fakulteit huisves die volgende vyf departemente:

- Departement Sistematiese en Historiese Teologie (Departementshoof – Prof. Tanya van Wyk);
- Departement Religie (Departementshoof – Prof. Jaco Beyers)
- Departement Ou Testamentiese en Hebreeuse Literatuur (Departementshoof – Prof. Dirk Human)
- Departement Nuwe Testament en verwante literatuur (Departementshoof – Prof. Chris van Wyk)
- Departement Praktiese Teologie en Missiologie (Departementshoof – Prof. Christo Lombard).

### 2.2 Sentra

Die Fakulteit huisves ook twee sentra:

- Die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap met prof. Stefan de Beer as direkteur;
- Oxford (UP) Centre for Religion, Public Life and Security in Africa met prof. Maniraj Sukdaven as Direkteur.

### 2.3 Personeel van die Fakulteit

Prof. Rantoa Letsosa het in 2023 prof. Jerry Pillay as Dekaan van die Fakulteit Teologie en Religie opgevolg. Prof. Jaco Beyers (Leer en onderrig) en prof. Dirk Human (Navorsing en Nagraadse Studente) is die adjunk-dekane. 29 dosente is verbonde aan die Fakulteit.

#### 2.3.1 NG Kerk Dosente

Daar was 'n wisseling van NG Kerk dosente. Sommige het die diens van die Universiteit verlaat:

- Dr. H (Han) Janse van Rensburg (2023) – Nuwe Testament – verlaat diens;
- Prof. DP (Danie) Veldsman (2025) – Sistematiese en Historiese Teologie – emeritaat;

Nuwe aanstellings:

- Dr. Annette Potgieter (2023) – Nuwe Testament en verwante Literatuur;
- Prof. Manitza Kotze (2026) – Sistematiese en Historiese Teologie.

Benewens die twee bogenoemde dosente is die ander kerklike[7] dosente:

- Prof. DJ (Dirk) Human – Ou Testament en Hebreeuse geskrifte;
- Prof. JM (Johan) van der Merwe – Sistematiese en Historiese Teologie;
- Prof. EE (Sias) Meyer – Ou Testament en Hebreeuse geskrifte;
- Prof JJ (Hannes) Knoetze – Praktiese Teologie en Missiologie;
- Dr. Dieter de Bruin – Praktiese Teologie en Missiologie.

Prof. Hannes Knoetze is die voorsitter van die Dosenteraad van die NG Kerk. Hy het prof. Danie Veldsman opgevolg wat voorsitter was tot met sy emeritaat. Die Dosenteraad is 'n komitee van die Kuratorium. Al bogenoemde dosente, ander dosente verbonde aan die Fakulteit wat ook lidmate van die NG Kerk is, die Hoof van Kerklike Opleiding, die Hoof van Excelsus en 'n verteenwoordiger van die Dagbestuur van die Kuratorium is lede van die Dosenteraad.

Hoewel die Kuratorium probeer om jaarliks gesprek te voer met lede van die Dosenteraad, was dit nie in 2025 en 2026 moontlik nie. Prof Hannes Knoetze en dr. Annette Potgieter wat gereeld die vergaderings van die Kuratorium bywoon maak skakeling met die dosente moontlik.

### 2.4 Internasionale en plaaslike skakeling

Die Fakulteit Teologie en Religie geniet wye internasionale en plaaslike erkenning en het aktiewe ooreenkomste met soortgelyke instellings in Afrika en internasionaal.

Die dosente woon plaaslike en internasionale konferensies by, lewer referate en publiseer boeke en artikels in plaaslike en internasionale akademiese tydskrifte. Danksy die ooreenkomste besoek buitelandse dosente en navorsers ook die Fakulteit Teologie en Religie.

### 2.5 Studente

Die studente van die NG Kerk wat by die Fakulteit Teologie en Religie studeer, registreer hoofsaaklik vir 'n 4 jaar B.Div met Grieks 2 en Hebreeus 2, 'n 1 jaar M.Div en doen 'n Gemeentejaar. Dit was aanvanklik gekoppel aan 'n Nagraadse Diploma maar is later omgeskakel na 'n BTh Hons.

Soos die getalle hieronder aandui is die NG Kerk studente deel van 'n groter groep studente wat aan die Fakulteit studeer Vir 2026 was die getalle soos volg:

#### 2.5.1 Voorgraads

- BDiv 48
- BTh 180
- Dip 224
- Totaal 452
- Nie graad doeleindes 22

#### 2.5.2 Nagraads

- Honneurs 75
- Meesters 126
- Doktoraal 157

Die totale getal studente in die Fakulteit is 832.

## 3. KERKLIKE OPLEIDING

[7]Kerklike dosente is persone wat aangestel is in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Universiteit van Pretoria. Daar is ook ander gelegitimeerdes van die NG Kerk wat akademiese personeel van die Fakulteit Teologie en Religie is.

In die tabel hieronder word die studentegetalle aangedui van ingeskrewe studente wat voorberei vir bediening in die NG Kerk:

| Jaar | 2023 | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|---|
| **1 – B.Div.** | 5 | 3 | 7 | 8 |
| **2 – B.Div** | 3 | 5 | 3 | 7 |
| **3 – B.Div** | 3 | 3 | 5 | 3 |
| **4 – B.Div** | 11 | 3 | 2 | 4 |
| **5 – M.Div** | 11 | 11 | 3 | 4 |
| **6 – BTH Hons** | 5 | 8 | 9 | 3 |
| **Kandidate vir diensleraars** | | 6 | | 4 |
| **Artikulasie** | | | | 9 |
| **Hugenote 1jrs** | | | 16 | 7 |
| **Hugenote 2jrs** | | | | 17 |
| **Hugenote 3 jrs** | | | | 8 |

Dr. Kobus (JA) Myburgh wat die Hoof Kerkeie Teologiese Opleiding was, het September 2024 geëmeriteer en die Kuratorium het dr. Wicus (JL) van der Merwe benoem om hom op te volg.

Die Kuratorium kom sy verantwoordelikheid vir kerklike opleiding na binne die raamwerk wat gestel is die dokument *Geroep, gevorm, gestuur* wat in 2022 deur die Algemene Kuratorium daargestel is. Nie alleen beskryf dit die roetekaart vir Teologiese Opleiding in die NG Kerk nie, maar dui aan aan watter aspekte aandag gegee moet word:

- Etos (Wie ek is en word)
- Logos (wat en hoe ek glo)
- Patos (wie en hoe ek dien).

Onder elk van die aspekte is daar bepaalde bedieningskapasiteite wat ontwikkel moet word onderskeidelik vir persone wat as hulself wil bekwaam om as bedienaars, diensleraars en leraars in die NG Kerk wil dien.

Die Hoof Kerklike Opleiding maak gebruik van verskeie persone om hom by te staan in die proses van Kerklike opleiding van studente. Voordat studente gelegitimeer word om beroepbaar te word om as diensleraars of leraars in die NG Kerk te dien, evalueer die Proponentskommissie die studente.

Die Proponentskommissie is ook verantwoordelik vir die afneem van die colloquium doctum van persone wat hul bevoegdheid verloor het en wil terugkeer na die bediening in die NG Kerk.

Sedert 2025 neem die Kuratorium ook verantwoordelikheid vir studente wat by Hugenote Kollege studeer, maar wat in die sinodale gebiede van die Noordelike Sinode, Goudland Sinode, Oostelike Sinode en Hoëveld Sinode woon. Dit het meegebring dat die Hoof Kerklike Opleiding en sy kantoor verantwoordelik is vir meer studente as tevore en ook moet skakel met die personeel van Hugenote Kollege.

## 4. BEDIENINGSONTWIKKELING – EXCELSUS

Dr. André Bartlett wat sedert 2012 Hoof Excelsus was, het Februarie 2024 geëmeriteer en die Kuratorium het dr. Tom Smith aangewys as sy opvolger.

Dr. Smith het nie net die werk wat Excelsus oor die jare heen ontwikkel het, voortgesit nie, maar werk aktief mee aan die Algemene Taakspan vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling se ontwikkeling van programme. Die jaarlike Lentekonferensie is met groot vrug aangebied in

2024 en 2025, maar het nie in 2026 plaasgevind nie as gevolg van die Predikante Saamkoms. Excelsus se aanbod van programme en kursusse werk saam om gelegitimeerdes se kennis te verdiep, hulle Bedieningsvreugde en geestelike groei te bevorder en te verdiep. Dit slyp hul bedieningsvaardighede en help hul om getrou te bly aan ons gereformeerde tradisie en teologie.

## 5. FINANSIES

Hoewel die Kuratorium betrokke is by die opleiding van persone om as leraars en diensleraars in die hele NG Kerk te dien, maak die vier Noordelike Sinodes deur hul maandelikse bydraes die grootste deel van die Kuratorium inkomste uit. Gesamentlike Fondsekommissie van die Noordelike Sinodes bepaal die bydraes wat deur die Sinodes gemaak moet word. Die Kuratorium dank die Sinodes vir hul bydraes tot die vorming en opleiding van studente en die voortgesette bedieningsontwikkeling van leraars en diensleraars.

Ander bronne van inkomste is 'n maandelikse toekenning uit die De Jager Steynfonds. Die De Jager Steynfonds bewillig die geld vir teologiese opleiding. Ander donateurs sluit in individue en die Hartmann Trust. In die verlede is versoek dat gemeentes jaarliks 'n kollekte opneem vir Teologiese Opleiding, maar dit blyk dat daar nie aan die versoek gehoor gegee word nie.

Die Kuratorium is ten volle verantwoordelik om die salarisse van die personeel, die koste van die kantoor en die dienste wat Kerklike Opleiding en Excelsus lewer te betaal. Die Kuratorium se finansiële verantwoordelikheid sluit ook verder die betaling in van 30% van vergoeding van die 7 dosente kragtens die vier Noordelike Sinodes se ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria.

## 6. BEURSLENINGS

Studente wat by die Kuratorium aanmeld vir teologiese opleiding kan jaarliks aansoek doen vir beurslenings. Die beurslenings word toegeken uit die geld wat van die De Jager Steynfonds ontvang word. Studente onderneem om 50% van die beurslenings wat ontvang word aan die Kuratorium terug te betaal.

Daar is ook ander beurse beskikbaar wat onder andere deur die Universiteit bestuur wrod.

## 7. ALGEMENE KURATORIUM

Benewens die feit dat elke Sinode 'n lid op die Algemene Kuratorium kan aanwys, is die Kuratorium van die Noordelike Sinodes (die NG Kerk van Transvaal) 'n lid van die Algemene Kuratorium. Die gesprekvoering en die voortgaande besinning oor teologiese opleiding en voortgesette bedieningsontwikkeling is onontbeerlik vir die Kuratorium.

In die afgelope vier jaar is begin met 'n besinning oor die volhoubaarheid van teologiese opleiding. Die Algemene Kuratorium sal DV by die Algemene Sinode van 2027 verslag gee van sy werksaamhede.

## 8. DANKIE

Die Kuratorium bedank die dekaan, prof. Rantoa Letsosa en sy voorganger, prof Jerry Pillay, vir hul hartlike samewerking en bereidheid om die Kuratorium en sy personeel te betrek by aksies en funksies van die Fakulteit.

Die Kuratorium bedank die dosente. Dankie aan prof. Danie Veldsman en dr. Han Janse van Rensburg vir hulle toewyding nie net aan die Fakulteit nie, maar ook aan die NG Kerk. Dankie aan die huidige dosente vir die goeie gesindheid en samewerking met die Kuratorium.

Dankie aan dr. Bartlett en dr. Myburgh wat in 2024 geëmeriteer vir hul diens aan die Kuratorium en die NG Kerk. Dankie aan die personeel van die Kuratorium: dr. Tom Smith, dr. Wicus van der Merwe, me. Lizette van der Kooi en me. Rika van Rensburg.
Dankie aan almal wat tussen 2022 en 2026 lede van die Kuratorium en die Proponentskommissie was.

Die verslag is opgestel deur ds. JH Windell (voorsitter) namens die Kuratorium.

# 8. Verslag oor die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat

## 1. Verteenwoordiging en opdrag

Die Sinodale Dienskommissie het my op 19 Junie 2023 as sekundus van die Sinode Hoëveld se verteenwoordiger op die Vrystaatse Kuratorium en Proponentskommissie aangewys. Dr. Jannie Theron kon weens beserings wat hy in 'n ongeluk in Februarie 2023 opgedoen het, nie medies geskik verklaar word om na die bediening terug te keer nie. Ek het gevolglik die verteenwoordiging namens Hoëveld opgeneem. Hiermee doen ek verslag oor die Kuratorium se werksaamhede gedurende die tydperk waarin ek as Hoëveld se verteenwoordiger gedien het.

Hiermee doen ek verslag oor die werk en ontwikkelinge wat ek gedurende my dienstyd kon volg. Die Kuratorium se opdrag sluit akademiese opleiding, kerklike vorming, begeleiding en evaluering van mense in wat hulle vir verskillende vorme van bediening in die NG Kerk voorberei. Hoëveld se verteenwoordiging bied die geleentheid om eerstehands by hierdie werk betrokke te wees.

## 2. Die mense wat die opleiding dra

Die Kuratorium word gelei deur sy voorsitter, ds. Jan Lubbe, saam met die dagbestuur, steunspanne en verteenwoordigers uit die Vrystaat en ander sinodes. Dr. Johan Nel dien as bestuurder van die Seminarium. Me. Anelia van den Blink is die administratiewe beampte vir opleiding en ontwikkeling. Hulle werk word aangevul deur aanbieders van kerklike programme, mentors, begeleierpredikante en opleidingsgemeentes.

Aan die akademiese kant is die verhouding met die Universiteit van die Vrystaat se Fakulteit Teologie en Religie van besondere belang. Prof. John Klaasen het in 2024 as dekaan begin. Die Kuratorium se 2025-dokumentasie noem onder meer prof. Lodewyk Sutton, dr. Nina Müller van Velden en dr. Anneli Machen in die Bybelwetenskappe; prof. Henco van der Westhuizen in Historiese en Konstruktiewe Teologie; en prof. Juanita Meyer, dr. Martin Laubscher en dr. Lyzette Hoffman in Praktiese Teologie en Missiologie. Ander predikante en akademici dra deeltyds by.

Opleiding word deur mense en verhoudings gedra. Dosente en die kerk moet oor akademiese inhoud kan praat; mentors en gemeentes begelei studente oor jare; en die Seminarium help om studie, roeping, geloofsvorming en gemeentepraktyk met mekaar te verbind.

## 3. Akademiese opleiding en kerklike vorming

Die Vrystaatse Kuratorium beskryf die opleiding as twee verweefde spore: akademiese teologiese opleiding, hoofsaaklik aan die Universiteit van die Vrystaat, en kerklike en konfessionele vorming deur die Seminarium, mentors en gemeentes. Die Seminarium se programme gee aandag aan die NG Kerk se belydenis en identiteit, spiritualiteit, persoonlike ontwikkeling en die praktyk van bediening.

Die kerklike begeleiding eindig nie by legitimasie nie. Die Vrystaatse Kuratorium beklemtoon verdere vorming in die eerste bedieningsjare en voortgesette bedieningsontwikkeling daarna. Die kerk se verantwoordelikheid vir 'n nuwe leraar duur dus ná die voltooiing van formele studie voort.

## 4. Studentegetalle en die toekomstige aanbod

Die Seminarium het die volgende getalle vir die baan na volle leraarsbevoegdheid

gerapporteer:

| Jaar | Studente in dié baan | Eerstejaars | Finale kerklike opleidingsjaar |
|---|---|---|---|
| 2023 | 16 | 1 | 3 |
| 2024 | 16 | 3* | 0 |
| 2025 | 16 | 4 | 2 |

*Die samestelling van die 2024-eerstejaarsgroep het gedurende die jaar verander.

Die totaal het gedurende die drie verslagjare op 16 gebly. Dit is ’n klein groep, en ’n konstante totaal waarborg nie ’n konstante aantal nuwe leraars per jaar nie. Jaargroepe verskil, en studente se akademiese vordering en roetes wissel. Die verandering van die nagraadse opleidingsmodel het ook die samestelling van die finale groep beïnvloed.

Die Algemene Kuratorium se landwye opname vir 2024 gee vir die UV 27 studente in verskillende voor- en nagraadse kategorieë aan. Dié syfer en die Seminarium se 16 meet verskillende groepe. Dieselfde opname meld 126 studente oor die onderskeie opleidingsinstellings landwyd, met ’n verdere 40 persone in bedienaarsopleiding wat nie by dié totaal ingesluit is nie.

Die Vrystaatse Kuratorium se verslag aan sy Sinode in 2026 vermeld 12 persone in opleiding vir diensleraarsbevoegdheid: vyf studeer by Hugenote Kollege, drie volg die UV se nagraadse diploma en vier beskik reeds oor voldoende akademiese kwalifikasies. Hierdie groep moet nie as deel van die gewone sesjarige baan na volle leraarsbevoegdheid beskryf word nie.

Vir sinodale beplanning moet ons onderskei tussen die getal mense wat studeer, dié wat hulle opleiding voltooi, dié wat met elke bevoegdheid gelegitimeer word en dié wat uiteindelik beskikbaar is om beroep te word. ’n Enkele studentetal antwoord nie op al hierdie vrae nie.

## 5. Opleidingsroetes en legitimasie

Die gewone voltydse roete na volle leraarsbevoegdheid by die UV bestaan uit ’n vierjarige BDiv en ’n tweejarige MTh, tesame met die Seminarium se kerklike programme en praktiese vorming. Ander kandidate bring vorige studie of bedieningservaring saam en volg, na gelang van hulle omstandighede en die bevoegdheid waarvoor hulle voorberei, ander roetes.

Die Kuratorium hanteer ook opleiding en evaluering vir diensleraars en bedienaars met erediensbevoegdheid. Hierdie bane skep geleenthede vir bediening en verdere artikulasie, maar gemeentes moet helder weet watter opleiding en bevoegdheid aan elke baan verbonde is. Die Algemene Kuratorium het die moontlike vervloeiing van bedieningsbane self vir verdere kerklike besinning geïdentifiseer.

Kandidate word nie bloot op grond van ’n akademiese kwalifikasie aanbeveel nie. Hulle kerklike vorming, praktiese ervaring, mentorsverslae en persoonlike ontwikkeling word oorweeg. Voor legitimasie voer lede van die Kuratorium evaluerende gesprekke met die kandidate.

Die Algemene Kuratorium se verslag, opgestel vóór die legitimasiegeleentheid van November 2025, het vier kandidate vir volle leraarsbevoegdheid by die Vrystaatse Kuratorium voorsien: een student uit die gewone opleidingsbaan, een diensleraar wat artikuleer en twee kandidate ná colloquium doctum. Die getal persone wat volle bevoegdheid ontvang, is dus nie vanself

die jaarlikse uitset van die sesjarige baan nie.

## 6. Finansiële volhoubaarheid

Volgens die Vrystaatse Kuratorium se 2026-verslag beloop die UV se registrasie- en klasgelde vir die volledige vierjarige BDiv R208 630 en vir die tweejarige MTh R67 280. Die akademiese roete beloop dus R275 910 volgens die vermelde bedrae, voordat verblyf, vervoer, lewenskoste en die kerk se vormingskoste in berekening gebring word.

Volgens die Algemene Kuratorium se ondersoek van Mei 2025 het die Vrystaatse Seminarium se werk daardie jaar ongeveer R1,6 miljoen gekos. Die Kuratorium se 2025-agenda meld dat ’n bykomende R500 000 uit die Bufferfonds vir daardie jaar se begroting benodig is weens die uitbreiding van noodsaaklike programme. Dit is verskillende finansiële maatstawwe en moet nie sonder ’n volledige rekonsiliasie bymekaar getel word nie.

Die Algemene Kuratorium het ’n proses begin om die volhoubaarheid van gereformeerde teologiese opleiding oor die kerkverband heen te ondersoek. Dit raak beursfondse, die verdeling van koste tussen sinodes, die verskillende instellings en nuwe opleidingsmodelle. Die Vrystaatse Sinode het in Junie 2026 besluit dat teologiese opleiding voortaan as ’n selfstandige sinodale bediening binne die NG Kerk Vrystaat sal funksioneer.

## 7. Betekenis vir die Sinode Hoëveld

Kandidate wat deur die Vrystaatse Kuratorium opgelei word, kan later in die breër NG Kerk dien. Hoëveld se verteenwoordiging op die Kuratorium is daarom waardevol, maar ons moet ook ons eie toekomstige bedieningsbehoeftes ondersoek. ’n Verantwoordelike beoordeling sal die ouderdom en verwagte uittrede van leraars, gemeentes se vermoë om poste te finansier, die aard van nuwe poste en die verskillende bevoegdhede in berekening bring.

Werwing begin dikwels in ’n gemeente wat ’n lidmaat se roeping herken, aanmoedig en gedurende opleiding bly begelei. Die gemeente word dan deel van die vorming van ’n toekomstige bedienaar. Die vraag aan Hoëveld is watter bedienaars ons gemeentes oor die volgende jare nodig sal hê en watter verantwoordelikheid ons nou vir hulle werwing, opleiding en voortgesette begeleiding aanvaar.

**AANBEVELINGS**

1. Die Sinode Hoëveld neem kennis van die verslag.
2. Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor die Kuratorium, Seminarium, Fakulteit Teologie en Religie, personeel, dosente, mentors en opleidingsgemeentes wat by teologiese opleiding betrokke is.
3. Die Sinode neem kennis van die Algemene Kuratorium se voortgaande ondersoek na die volhoubaarheid van teologiese opleiding en bevestig Hoëveld se belangstelling in samewerking tussen sinodes oor hierdie saak.

Ds. Jeanine Stoffberg
Verteenwoordiger van die Sinode Hoëveld op die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat.

# 9. Verslag oor die Kuratorium van Wes-Kaapland

## 1. Groei, snoei, voed en vrugdra

**Tuinmaak** as tema het as raamwerk gedien vir die vergadering van die Kuratorium van Wes-Kaapland wat 25 en 26 November 2026 plaasgevind het. Die tema is gekies in aansluiting by 'n referaat van 1989 van prof. Hennie Rossouw, die filosoof, oor die toekoms van teologiese opleiding wat hy so afgesluit het:

> "Al ons besinning en beplanning, al ons programme en perspektiewe is uiteindelik tevergeefs indien ons God nie deur die gebed die geleentheid gee om sy ***vormingswerk*** (*eie beklemtoning*) self te doen nie… Daarom is dit [...] my wens dat die Kweekskool ook in die toekoms Godgeleerdes in die diepste en volste sin van die woord sal oplewer – nie soseer mense wat saaklik veel oor God geleer het nie, maar eerder mense wat persoonlik deur God self geleer is."

Met die beeld van *tuinmaak* het die Kuratorium besin oor wyses waarop ons as medewerkers van God kan deelneem en meewerk aan die vorming van die studente onder ons sorg. Die raamwerk bied 'n goeie terugblik oor die tydperk November 2022 tot September 2026.
Elkeen wat hom of haar bekwaam vir die bediening stel hom- of haarself tot God se beskikking vir 'n proses van lewenslange leer en vorming. Dit is 'n lewenslange proses van groei en vrugdra, maar ook van snoei en voed. Elkeen wat hom of haar in die bediening bevind neem deel aan die vorming van ander in hulle lewenslange proses van groei en vrugdra en dra by tot die snoei en voeding van ander.

## 2. Samestelling en vergaderings

Die Kuratorium van Wes-Kaapland onder die voorsitterskap van ds. Peet Bester bestaan hoofsaaklik uit verteenwoordigers uit die Sinode Wes-Kaapland. Die ander Sinodes van die NG Kerk onder andere Hoëveld Sinode wys ook verteenwoordigers aan op die Kuratorium en die meeste van die verteenwoordigers woon die jaarlikse vergadering in November by of skakel aanlyn daarby in. Die voorsitters van die NG Kerk Dosenterade by die Universiteit van Stellenbosch en Hugenote Kollege is lede van die Kuratorium en hulle en ander dosente van beide instansies woon die vergaderings by soos moontlik.

Hoewel die Begeleidingskommissie deurentyd kontak en interaksie het met studente wat gereed maak om as kandidate vir die diensleraarsamp of proponente gelegitimeer word, word daar ook tyd tydens die twee dae van die vergadering geskep vir lede van die Kuratorium om individueel met die studente gesprekke te hê en word kontakgeleenthede met die groep studente ook gehou.

Tydens die vergaderings gee die Akademiese Opleidingsvennote nie net verslag van hul werksaamhede en die programme wat aangebied word nie, maar daar is ook ruim geleentheid vir interaksie van die kant van die Kuratorium met die onderskeie dosente. As verteenwoordiger van Hoëveld Sinode het ek veral waardering daarvoor dat die verskillende Departemente van die Fakulteit Teologie by Stellenbosch jaarliks beurte neem om meer gedetailleerd insae te gee in die kurrikulum en programme wat aangebied word.

## 3. Personeel

Na die aftrede van dr. Pieter van der Walt wat 'n paar jaar lank onder andere as skriba vir die uitvoerende leiding en die koördinering van die Kuratorium verantwoordelik was, is die taakomskrywing van dr. Marnus Havenga sodanig verander dat hy sedert 2025 oorhoofs verantwoordelik is vir Teologiese Opleiding en Navorsing. Sy verantwoordelikheid vir

teologiese opleiding sluit in dat hy Kuratorium- en Seminarium-werksaamhede bestuur. Dr. Siegfried Louw wat die Wes-Kaapse PSD Predikantebegeleiding is, neem ook verantwoordelikheid vir VBO en die Begeleidingskommissie.
Riata Nel, Amanda van Niekerk, DJ Muller en Bridget Leibbrandt is verantwoordelik vir die administratiewe en ander ondersteuning van Teologiese Opleiding, VBO en die Begeleidingskommissie.

## 4. Akademiese Opleidingsvennote

Die Kuratorium van Wes-Kaapland is betrokke by studente wat akademies gevorm word (akademiese opleiding ontvang) vir die drie opleidingsbane:

- Predikante
- Diensleraars
- Bedienaars.

Die Kuratorium van Wes-Kaapland is betrokke by studente van by twee Akademiese Opleidingsvennote: Fakulteit Teologie by die Universiteit van Stellenbosch en die Skool vir Teologie en Bediening by Hugenote Kollege.

Die getal studente wat vanjaar voltyds by die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf is, is:

| | |
|---|---|
| BDiv I tot IV | 20 |
| MDiv | 2 |
| Nagraadse diploma (Christelike bediening) | 9 |

Die klasgroepe waarvan hierdie studente deel is sluit studente in van die VGKSA en die Lutherse Kerk.

Daar is ook tweede loopbaan-studente wat 'n Nagraadse Diploma in Teologie doen om hulle as kandidate te bekwaam vir diensleraarskap of wat besig is met 'n MTh-graad (Bedieningspraktyk of Gestruktureerd) met die oog op predikantskap:

| | |
|---|---|
| Nagraadse Diploma (Teologie) | 8 |
| MTh (Bedieningspraktyk of Gestruktureerd) | 7 |

Die Kuratorium is saam met die VGKSA en die Lutherse Kerk deel van die vernuwingsproses van die MDiv.

Hoewel dit nie aanvanklik deel was van die taak van die Wes-Kaapse Kuratorium nie, word kennis geneem van die studente wat by Hugenote Kollege die Kerklik Geakkrediteerde Sertifikaat in Teologie (KAST) volg. Die Kollege het die sertifikaatprogram ontwikkel om lidmate – maar veral kerkraadslede – te bemagtig om sekere bedieningstake in gemeentes te kan verrig. Die Kuratorium besin tans oor maniere om die bedieningsbaan binne die strukture van die Wes-Kaapse Kuratorium en die Seminarium te akkommodeer.

## 5. Seminarium / Program vir Bedieningsvernuwing

Die Seminarium wat by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch in samewerking met die VGKSA en die Lutherse Kerk gestig is, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die kerklike en bedieningsvorming van studente wat by die Fakulteit studeer. By Hugenote Kollege vind die programme vir kerklike en bedieningsvorming plaas in samewerking met die Seminarium van die Vrystaatse Sinode en die Kantoor vir Kerklike Opleiding van die Transvaalse Kuratorium.

Kerklike en bedieningsvorming geskied aan die hand van die 16 bedieningsvaardighede wat

in die drie kategorieë – Etos, Patos en Logos – gegroepeer word. Daar is egter gesprekke aan die gang saam met die ander opleidingsentra om die programme te belyn en te vereenvoudig.

## 5. Clairvaux Netwerk vir Teologiese Navorsing

Dr. Pieter van der Walt se pos het 'n navorsingskomponent ingesluit. Dié portefeulje word ook deur dr. Marnus Havenga behartig onder die vaandel van die Clairvaux Netwerk vir Teologiese Navorsing. Die skepping van 'n navorsingshub word in die vooruitsig gestel wat 'n netwerk wil vorm saam met die akademiese vennote en die VBO-kantoor om geleenthede te skep vir teologiese besinning waar akademiese instellings en kerklike praktyk mekaar kan ontmoet.

Die Netwerk wil voortgaan met Leergemeenskapsdae en geleenthede waar predikante, diensleraars, bedienaars en lidmate saam kan dink en leer oor relevante temas in die bediening. Daar sal ook voortgegaan word met die *Stellenbosch Teologiese Refleksie*-**reeks**.

## 6. Aanbevelings

6.1 Die Sinode Hoëveld neem met dank kennis van die Kuratorium van Wes-Kaapland se betrokkenheid by en toesig oor die akademiese vorming van studente aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch en die Skool vir Teologie en Bediening aan Hugenote Kollege.

6.2 Die Sinode Hoëveld neem met dank kennis van die Kuratorium van Wes-Kaapland se kerklike en bedieningsvorming deur middel van die Seminarium by die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Stellenbosch en samewerking in die verband met die Seminarium van die Vrystaatse Sinode en die Kantoor vir Kerklike Opleiding van die Transvaalse Kuratorium.

Ds. JH Windell
Sinode Hoëveld se verteenwoordiger op die Kuratorium en Proponentskommissie by die Kuratorium van Wes-Kaapland

## 10. Beskrywingspunte

Die Sinode het net een beskrywingspunt ontvang van die NG Gemeente Standerton-Suid. Hieronder is die reaksie op die beskrywingspunt:

Die Regskommissie het gedurende die verslagperiode die dokument van NG Standerton-Suid ontvang wat as 'n beskrywingspunt aangebied is. Ná beoordeling aan die hand van Reglement 3, punt 7.1, van die Kerkorde van 2023 is bevind dat die dokument in die vorm waarin dit ingedien is, nie die verlangde wysiging van beleid soos vervat in die artikels van die Kerkorde voldoende duidelik formuleer nie.
Die voorlegging bevat verklarings, versoeke om kennisname en versoeke rakende uittrede en hergroepering, sonder om voldoende te onderskei tussen die toepassing van bestaande kerkordelike bepalings, die wysiging daarvan en moontlike vrystelling daarvan. In die besonder word artikel 37 as grondslag vir gemeentes se uittrede en hergroepering aangevoer, terwyl die ATR se interpretasie, soos in voetnota 20 by dié artikel aangeteken, bepaal dat artikel 37 nie op gemeentes van toepassing is nie. Die voorlegging formuleer nie duidelik watter wysiging aan hierdie kerkordelike reëling verlang word nie.
Die dokument is gevolglik nie in sy huidige vorm ontvanklik nie.

## 10.1 Beskrywingspunt 1

**NG KERK STANDERTON-SUID**
**Posbus 276, Standerton, 2430.**
**Kerkkantoor tel.no: 0832074060**

| | | |
|---|---|---|
| Leraar | Vakant | |
| Leierouderling | A Cawood | 0824112806 |
| Saakgelastigde | T Gie | 0832074060 |


03 Maart 2026

WIE DIT MAG AANGAAN

Hiermee stel ons die Hoëveld Sinode in kennis van die besluit geneem op die Kerkraadsvergadering van 19 Oktober 2025.

"Die Kerkraad van die NG Kerk Standerton-Suid is in beginsel ten gunste daarvan dat die Hoëveld Sinode uit die verband met die Algemene Sinode moet tree. Ons begryp dat ons gemeente ons naam, eiendom behou indien die Hoëveld Sinode uit die Algemene Sinodale verband tree".

Die Kerkraad besluit ook op bogenoemde vergadering om die N G Kerk Standerton-Suid se doleringsproses verder te voer, deur ons finansiële sinodale bydraes te staak, met onmiddellike effek.

Die Kerkraad beskou hierdie besluit as 'n tydelike maatreël, totdat die Hoëveld Sinode aan die volgende versoek voldoen:

N G Kerk Standerton-Suid versoek die Hoëveld Sinode om dringend uit verband te tree met die Algemene Sinode, as gevolg van Artikel 37 van die Kerkorde, wat soos volg lui:

"Dit staan die samestellende kerke (streeksinodes) vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoort, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."

Opgawe van beweegredes:

1. N G Kerk Standerton-Suid betreur die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslag-verhoudinge, verbintenisse en verwerp dit in sy geheel.
2. N G Kerk Standerton-Suid verwerp die gedagte dat 'n "vasgelooptheid" bereik is ten opsigte van ons Skrifhantering en Skrifuitleg, wat dit aan willekeur oorlaat dat elke gemeente en lidmaat nou self kan besluit watter sonde nie meer as sonde gereken word nie, spesifiek seksuele-oriëntasie in die geval. Die feit dat respek vir mekaar se uiteenlopende Skrifbenaderings swaarder weeg as die waarheid van God se Woord. Die feit dat die konteks van die gemeente die maatstaf vir die waarheid en nie God se Woord as die enigste onfeilbare waarheid gehandhaaf word nie.
3. N G Kerk Standerton-Suid verwerp die gedagte dat die eenheid met Christus nie verbrokkel wanneer ons met mekaar verskil oor Skrifhantering en Skrifuitleg nie. Die Skrif is juis die Woord van Christus aan sy kerk wat absolute gehoorsaamheid van ons vra.
4. N G Kerk Standerton-Suid verwerp die besluit dat mense in die ampte kan dien ongeag hulle seksuele-oriëntasie, terwyl die Woord duidelike vereistes vir al die ampte stel. Dit gaan hieroor die LGBTIQ + leefstyle in sy wydstes in wat in die Skrif as sedeloosheid aandui en ten sterkste afgewys word.
5. N G Kerk Standerton-Suid verwerp die gedagte dat daar ruimte geskep moet word vir almal om in hierdie opsig volgens sy eie oortuigings te kan optree. Daardeur word 'n diversiteit omhels ten koste van die waarheid van die Woord.
6. Die N G Kerk Standerton-Suid verwerp die besluit om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van sogenaamde burgerlike verbintenisse wat aan hom seksuele verhouding en kerklike sanksie wil gee.

7. Die N G Kerk Standerton-Suid verwerp die besluit om verskoning aan te bied aan gay lidmate en hulle families vir die pyn wat hulle in die kerk sou beleef het, asook die waardering wat in die besluit uitgespreek word vir die gay lidmate wat volgehou het met hullle waagmoedige optredes in die kerk.
8. N G Kerk Standerton-Suid verwerp die besluit om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit. N G Kerk Standerton-Suid het geen vertroue meer in sommige teoloë wat die kerk voortdurend met onbybelse studiestukke wil konfronteer nie.
9. N G Kerk Standerton-Suid distansieer hulle in die geheel van die besluit van die Algemene Sinode 2019 rakende selfdegeslagverhoudinge.

Bybelse Regverdiging:

Gen 19: 3 – 5 "Voor hulle die aand gaan slaap het, het die mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel. Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: "Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê."
Nou weet ons tog almal dat God hierdie stad verwoes het vanweë hul sonde."

Lev 20: 13 "Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde."

1 Kor 6: 9 – 10 "Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die Koninkryk van God nie? Moenie julle self mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaar of egbrekers of mense wat homosekualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die Koninkryk van God nie."

Rom 1: 26 – 27 "Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikehede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit."

Die uwe

.................................
A Cawood
(Voorsitter Kerkraad)




**NG KERK STANDERTON-SUID**
**Posbus 276, Standerton, 2430.**
**Kerkkantoor tel.no: 0832074060**

| | | |
|---|---|---|
| Leraar | Vakant | |
| Leierouderling | A Cawood | 0824112806 |
| Saakgelastigde | T Gie | 0832074060 |


03 Maart 2026

WIE DIT MAG AANGAAN

**BESKRYWINGSPUNT: VOORSTEL AANGAANDE 'N WELWILLENDE WYSE WAAROP DIE ALGEMENE SINODE TALLE GEMEENTES KAN HELP WAT LOSMAKING VAN ALLE DIREKETE EN/ OF INDIREKTE VERBINTENISSE MET DIE ALGEMENE SINODALE STRUKTUUR.**

Die kerkraad van NG Kerk Standerton-Suid wil graag, soos talle ander gemeentes, losgemaak word van enige verbintenis met die Algemene Sinode. Die kerkraad het besluit om nie die Hoëveld Sinode te versoek om as streeksinode uit die Algemene Sinode verband te tree nie. Die kerkraad stel voor dat die talle gemeentes wat tans versoek om losgemaak te word van enige verbintenis met die Algemene Sinode, op die volgende wyse gehelp kan word om dit te doen:

Die kerkraad versoek die Hoëveld Sinode daarom om die aanbevelings wat volg goed te keur as 'n weg van wedersydse welwillendendheid tussen die verskillende streeksinodes, asook die Algemene Sinode van die NG Kerk, waarop gemeentes losgemaak word van enige verbintenis met die Algemene Sinode:

AANBEVELINGS:

1) Die Hoëveld Sinode aanvaar dat daar 'n vasgelooptheid van Skrif verstaan binne die NG Kerk bestaan.

2) Die Hoëveld Sinode neem met sorg kennis daarvan dat ongeveer 100 NG Gemeentes formeel doleer, terwyl talle ander gemeentes hulle informeel distansieer van daardie besluite van die Algemene Sinode wat ruimte skep vir verskillende soorte Skrif verstaan binne die NG Kerk.

3) Die Hoëveld Sinode neem kennis dat hierdie gemeentes – regtens of verkeerdelik – oortuig is dat hierdie besluite van die Algemene Sinode bots met die Skrif en Belydenisskrifte van die NG Kerk.

4) Die Hoëveld Sinode aanvaar ook die hartseer werklikheid dat hierdie gemeentes nie langer bereid is om binne enige direkte of indirekte verbintenis of verband met die Algemene Sinode te bly nie.

5) Die Hoëveld Sinode neem kennis dat baie NG Gemeentes hulle distansieer van die NG Kerk se voortgaande kontrakte vir teologiese opleiding met die universiteite van Stellenbosch, Pretoria asook die Vrystaat. Hierdie gemeentes verkies dat teologiese opleiding voortaan by ander teologiese opleidingsentra sal plaasvind waar, na hul mening, Skrifgetroue opleiding verskaf sal word.

6) Die Hoëveld Sinode neem kennis daarvan dat, behalwe die Hoëveld Sinode, die Namibiese, die Vrystaatse, die Oostelike asook die Goudlandse Sinode tans op verskillende wyses besin oor die voortgaande kerkverband met die Algemene Sinode.

7) Die Hoëveld Sinode neem kennis van die tragiese hofgedinge oor eiendom wat in die Hervormde Kerk plaasgevind het weens 'n stryd met gemeentes wat uit die verband met hul Algemene

Kerkvergadering getree het, sodat dieselfde soort hofgedinge oor eiendom nie toekomstig ook in die NG Kerk sal realiseer nie.

8) Die Hoëveld Sinode neem kennis dat die Algemene Sinode of die ASM in 'n posisie is om ruimte te skep vir hierdie gemeentes om sonder hofgedinge uit enige verbintenis of verband met die Algemene Sinode te kan tree:

   a) Die Hoëveld sinode neem kennis daarvan dat die Algemene Sinode of die ASM volgens Kerkorde Artikel 32 by magte is om in samewerking met verteenwoordigers van streeksinodes 'n hergroepering van gemeentes goed te keur, sodat daar ruimte geskep kan word vir sulke gemeentes om as 'n heringedeelde streeksinode uit die verband met die Algemene Sinode te tree.

   b) Die Hoëveld Sinode neem kennis daarvan dat daar reeds talle presedente in die geskiedenis van die NG Kerk bestaan waar gemeentes, ringe en sinodes heringedeel is ten spyte daarvan dat dit nie oor geografiese redes gegaan het – soos Kerkorde Artikel 32 bepaal – nie.

9) Die Hoëveld Sinode erken dat, 'n gedwonge verbintenis of verband met die Algemene Sinode nie versoenbaar is met die Skrif wat gelowiges roep tot eenheid in liefde en waarheid nie.

10) Die Hoëveld Sinode versoek die Algemene Sinode om dit op 'n welwillende wyse maklik te maak vir hierdie gemeentes om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts,uit enige verbintenis of verband met die Algemene Sinode te tree.

11) Die Hoëveld Sinode versoek die Algemene Sinode om sodanige gemeentes toe te laat om heringedeel te word binne een bestaande sinodale verband wat dan toegelaat kan word om in terme van Artikel 37 uit die verband met die Algemene Sinode te tree. Gemeentes wat deel vorm van hierdie streeksinode wat uit die verband met die AS wil tree, word dan toegelaat om hergroepeer te word by ander streeksinodes voor daardie streeksinode uit die Algemene Sinode verband tree.

12) As alternatief tot herindeling by 'n bestaande streeksinode versoek die Hoëveld Sinode die Algemene Sinode om 'n elfde sinode goed te keur wat die behoudende gemeentes en lidmate kan akkommodeer.

13) Die HS besluit daarom om reeds in beginsel dit goed te keur dat gemeentes uit die Hoëveld Sinode wat hulle wil voeg by 'n streeksinode wat uit die verband met die AS wil tree, toegelaat word om dit te doen.

| VOORSTELLER | SEKONDANT |
|---|---|
| A Cawood | JD Gie |
| (Voorsitter Kerkraad) | Ouderling |